University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

# Die plaaslike missionêre gemeente in transformasie-

Met besondere verwysing na die kleingroep as voertuig vir die bevordering van koinonia

***deur***

**Hermanus Bernardus Olivier**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Doctor Divinitatis

in die Fakulteit Teologie

**Universiteit van Pretoria**

Oktober 2004

**Studieleier:** Prof JJ Kritzinger

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

**HOOFSTUK 1: INLEIDING ........................................................... 15**

**1.1 RELEVANSIE VAN DIE STUDIE................................ 15**

1.1.1 `n Beweging na die kleingroep .................................... 16
1.1.2 Wêreldwyd is daar transformasie in die kerk................ 18
1.1.3 Plaaslike transformasie ............................................... 19
1.1.4 Individualisme wil gemeenskap oorbodig maak ........... 22
1.1.5 Leraars en lidmate beleef dat daar `n transformasieproses is ............................................... 24
1.1.6 Herontdekking van die plaaslike gemeente se missionêre verantwoordelikheid .................................. 24
1.1.7 Samevattend ............................................................... 25

**1.2 FOKUS.................................................................. 25**

**1.3 HIPOTESE EN DOELSTELLING ................................ 26**

**1.4 NAVORSINGSMETODIEK ......................................... 27**

1.4.1 Literatuurstudie ........................................................... 27
1.4.1.1 Literatuursoektogte............................................ 27
a) Universiteit van Pretoria .............................................. 27
b) Bibilioteek Fuller Theological Seminary ....................... 27
c) Voorgeskrewe literatuur vir die bywoning van `n seminaar................................................................... 27
1.4.2 Empiriese ondersoeke.................................................. 28
1.4.2.1 Besoek aan die VSA .......................................... 28
a) Gemeentes Besoek..................................................... 28
b) Seminare oor die implementering van die Kleingroepbediening..................................................... 29
1.4.2.2 Besoek VSA Mei 2001 ....................................... 29
a) Besoek Saddleback Community Church...................... 29
1.4.2.3 Besoek VSA Mei 2004 ....................................... 29
a) Besoek Windsor Crossing Community Church op uitnodiging ................................................................. 29
1.4.2.4 Rede vir buitelandse navorsing ........................... 30

**1.5 PERSOONLIKE RELEVANSIE EN BETEKENIS VAN DIE NAVORSING.................................................. 30**

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

1.5.1 Verrykende reis met die navorsing - `n Wyer visie op persoonlike verstaan van kerkwees ............................ 30
1.5.2 Drieledige persoonlike groei ........................................ 32
1.5.3 Positiewe gevolge van die navorsing vir eie bediening 33
a) Toerusting in eie gemeente ........................................ 33
b) Toerusting in Namibië en RSA .................................... 33
c) Swakop River Community Church .............................. 33
d) Die G.A.T. (G.A.T. staan vir "God Altyd Teenwoordig, God Always There") .................................................. 34
e) Gevolg van die navorsing ........................................... 34

**1.6 'N VOORUITSKOUIING VAN DIE VOLGENDE HOOFSTUKKE ........................................................ 35**

**HOOFSTUK 2: BYBELSE EN TEOLOGIESE FUNDERING VIR GEMEENSKAP ................................................ 37**

**2.1 INLEIDEND ............................................................... 37**

2.1.1 Die behoefte aan gemeenskap .................................. 37
2.1.2 Die oordrewe klem op individualisme .......................... 41
2.1.3 Die kerk en individualisme .......................................... 44
2.1.4 Gemeenskap - waarom is dit noodsaaklik? ................. 44

**2.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE OP GEMEENSKAP ........................................................ 46**

2.2.1 God is `n God van gemeenskap ................................. 47
2.2.1.1 God het gemeenskap ***in die lewe geroep*** .......... 47
2.2.1.2 Gemeenskap - Twee of meer persone is nodig... 49
2.2.1.3 God beleef gemeenskap sonder die mens .......... 51
2.2.1.4 God se Name beskryf ook Sy gemeenskapskarakter ........................................ 53
2.2.1.5 Samevattend ..................................................... 54
2.2.2 Die mens is geskape vir gemeenskap ......................... 55
2.2.2.1 Die menslike behoefte aan gemeenskap ............ 55
a) Die mens is geskape na die beeld van God ................. 56
i) Die mens - anders as die diere ........................... 56
ii) Die mens is die kroon van die skepping .............. 57
iii) Die mens as verhoudingswese is een aspek ...... 58

iv) Man en vrou is hulle geskape ..... 59
b) God het die gemeenskapskarakter van die mens bevestig ..... 60
i) `n Ingeskape menslike behoefte ..... 60
ii) Gemeenskap met God en mense - nooit opsioneel ..... 62
iii) Gemeenskap - `n algemene skeppingsbeginsel . 63
2.2.3 Die gebrokenheid van gemeenskap ..... 64
2.2.3.1 Die beeld van God in die mens word beskadig ... 65
a) Die beeld van God in die mens is onvernietigbaar ..... 65
b) Die mens is nie meer wat God bedoel het nie ..... 66
2.2.3.2 Die sondeval veroorsaak `n gebrokenheid in die verhouding van die skepsel met sy Skepper ..... 67
2.2.3.3 Die sondeval veroorsaak `n gebrokenheid in gemeenskap met medeskepsele ..... 69
a) `n Emosie van skaamte wat gemeenskap vertroebel (`n Interpretasie van Gen 3:7) ..... 70
b) Genesis 3:7 tot Genesis 11:32; `n Donker tyd in die verhoudingslewe van die mens (die gevolge van die sondeval) ..... 74
2.2.3.4 Hoe word God geken in Genesis 3-11? ..... 76
2.2.3.5 Samevattend ..... 77
2.2.4 Die tydelike herstel van die Godbedoelde gemeenskap in die Ou Testament ..... 78
2.2.4.1 Die noodsaaklikheid van herstel ..... 78
2.2.4.2 Die eerste tree in die herstel van die Godbedoelde gemeenskap ..... 79
a) Die menslike poging na herstel van gemeenskap met God... ..... 79
b) God se antwoord op die menslike behoefte aan gemeenskap ..... 81
i) God se bedoeling met die mens gaan nie verlore nie ..... 81
ii) Abraham se roeping tot voordeel van almal ..... 83
2.2.5 Die Teologie van Vriezen en die gemeenskapskarakter van die Ou Testament ..... 84

**2.3 CHRISTUS - HERSKEPPER VAN DIE GODBEDOELDE GEMEENSKAP ..... 88**

2.3.1 Inleidende opmerkinge ..... 88

2.3.2 Christus die herskepper van die beeld van God in die mens 90
2.3.2.1 God se doel met die mens is in Christus verwesenlik ........ 90
2.3.2.2 Christus, die konstituerende waarborg vir die herstel van gemeenskap ........ 93
2.3.2.3 Die vryheid wat in Jesus Christus ontvang en beleef word, maak `n lewe in `n nuwe gemeenskap moontlik ........ 94
a) Rom 5:12-21 getuig van twee gemeenskappe ........ 95
i) Die gemeenskap van Adam ........ 95
ii) Die gemeenskap van Christus ........ 96
2.3.2.4 Die vryheid in Christus maak `n nuwe gemeenskap moontlik ........ 97
2.3.2.5 Samevattende opmerkinge oor die vryheid in Christus ........ 98
2.3.3 Gemeenskap (koinonia) in Nuwe Testamentiese perspektief ........ 100
2.3.3.1 Die voorkoms en betekenis van koinonia in die Nuwe Testament ........ 100
a) Die voorkoms en betekenis van koinonia by Paulus .. 100
i) Die gebruik van koinonia - `n religieuse betekenis ........ 100
ii) Die Christosentriese klem van die gemeenskapsbelewenis ........ 101
b) Die voorkoms en betekenis van koinonia in Handelinge 2:42 ........ 103
c) Die voorkoms en betekenis van koinonia in 1 Johannes... ........ 104
2.3.3.2 Samevattende opmerkinge oor die voorkoms en betekenis van koinonia in die Nuwe Testament 106
2.3.4 Die voorbeeld van Jesus in die Nuwe Testament lê klem op die sentrale rol van koinonia ........ 107
2.3.4.1 Die transformering van die verhouding met die Vader ........ 108
2.3.4.2 Die transformering van onderlinge menslike verhoudinge ........ 108
2.3.4.3 Jesus se voorbeeld - die konstruering van `n gemeenskapsparadigma ........ 110
a) Jesus se keuse - `n kleingroep (Die Twaalf) ........ 110

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)


i) Mense is sy metode om die wêreld met die evangelie te bereik ........................................ 110
ii) Jesus se keuse - Hy konsentreer op `n klein groepie ........................................ 112
iii) `n Leier wat `n onverbeterlike voorbeeld stel..... 114

**HOOFSTUK 3: MISSIONÊRE GEMEENTEWEES - `N TRANSFORMASIEPROSES ........................... 116**

**3.1 INLEIDEND ........................................ 116**

3.1.1 `n Aansluiting by hoofstuk 2 ........................................ 116
3.1.2 `n Transformasieproses is besig om plaas te vind ..... 118

**3.2 SIGBARE AANDUIDINGS VAN DIE TRANSFORMASIEPROSES ........................................ 119**

3.2.1 Sigbare faktore wat `n aanduiding van die transformasieproses gee ........................................ 120
3.2.1.1 Aanduidings ten opsigte van transformasieproses in Die Kerkbode ........................................ 120
a) Gemeente-ontwikkeling -en vernuwing ..................... 120
b) Advertensies ten opsigte van vakatures in gemeentes in die NG Kerk ........................................ 122
c) Artikels in Die Kerkbode ........................................ 123
d) Kerkbodes van 2003 ........................................ 124
3.2.1.2 Boeke wat sedert 1991 verskyn het dui op die transformasieproses ........................................ 125
a) Suid-Afrikaanse Boeke ........................................ 125
b) Boeke vanuit die Oorsese mark ................................ 126
3.2.2 Samevattende stellings ten opsigte van paragraaf 3.2........................................ 128

**3.3 `N WÊRELDWYE TRANSFORMASIEPROSES IN *MISSIONÊRE GEMEENTEWEES* IS BESIG OM PLAAS TE VIND ........................................ 128**

3.3.1 `n Beskrywing van die transformasieproses binne die wêreldwye konteks ........................................ 129
3.3.1.1 Primêre faktore wat aanleiding tot die transformasieproses gegee het ........................ 129

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)


a) `n Nuwe era van missionêre gemeentewees ............. 129
i) Die Apostoliese Era (30 - 313nC)...................... 130
ii) Die Christendom Era (313nC - 1963)................ 131
iii) Die tussentydse era (1963 ev)........................... 133
3.3.1.2 `n Periode van krimpende lidmaatgetalle .......... 135
3.3.1.3 Wêreldwye tendense wat `n bevestiging is van die transformasieproses en behoefte daaraan noodsaaklik maak............................................ 136
a) Uitbreiding van `n gesekulariseerde samelewing....... 136
b) Nuwe vorme van geordende leierskap....................... 137
c) Die "lay person" van die negentiger jare .................... 137
d) Nuwe patrone van finansiële bydraes ........................ 138
e) `n Nuwe Missionêre dimensie .................................... 139
f) `n Dringendheid om te vereenvoudig .......................... 141
g) Die behoefte en soeke na gemeenskap..................... 141
h) Nuwe patrone van lering en groei .............................. 143

**3.4 `N TRANSFORMASIEPROSES - MOONTLIKE REAKSIES OP SIGBARE VERANDERINGE............ 144**

3.4.1 Herontdek die verlede ................................................ 145
3.4.2 Hou vas aan die bestaande....................................... 146
3.4.3 Die beweeg na die nuwe paradigma van missionêre gemeentewees ......................................................... 147

**3.5 DIE MISSIONÊRE GEMEENTE WAT IN DIE TRANSFORMASIEPROSES IS, ONTDEK OPNUUT: *"SOOS DIE VADER MY GESTUUR HET, STUUR EK JULLE OOK"* ........................................................ 148**

3.5.1 God Die Vader as Die Een wat Stuur......................... 148
3.5.1.1 Die Vader is die Een wat ***liefhet***, wat ***gee***, en wat ***stuur*** ........................................................... 148
3.5.2 Die Christologie van die Johannes Evangelie............ 150
3.5.2.1 Jesus as die gestuurde van die Vader .............. 150
3.5.3 As Gestuurde is daar reaksie op Jesus se Sending... 155
3.5.3.1 Positiewe aanvaarding van Jesus se sending... 155
3.5.3.2 Die verwerping van Jesus se sending............... 157
3.5.4 Die Voortsetting van Jesus se Sending deur die optrede van die Parakleet....................................................... 158
3.5.4.1 Die funksie van die Parakleet............................ 158
3.5.5 Die voortsetting van Jesus se werk deur die wat gestuur word............................................................................ 160

3.5.5.1 Gestuur soos Jesus gestuur was ...................... 160
a) Johannes 17:18........................................................ 161
b) Johannes 20:21........................................................ 164
c) Algemene beginsels vanuit Johannes 17:18 & 20:21 166
3.5.6 Gestuur soos Jesus gestuur is - Motiveringe vir die kerk van vandag ........................................................... 167
3.5.6.1 Gestuur soos Jesus gestuur is .......................... 167
**3.6 SAMEVATTING – MISSIONÊRE GEMEENTE IN DIE PROSES VAN TRANSFORMASIE........................... 171**

**HOOFSTUK 4: MISSIONÊRE GEMEENTEWEES - DIE PLAASLIKE GEMEENTE AS 'N DOELGEDREWE GEBALANSEERDE GEMEENTE..................... 173**

**4.1 INLEIDEND ............................................................ 173**
4.1.1 Sake wat aandag kry in die Agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk 1998 .................................... 175
4.1.1.1 Verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening: ....................................... 175
4.1.1.2 Verslag van die Algemene Sinodale Sending Kommissie ........................................................ 176
4.1.1.3 Verslag van die Algemene Kommissie vir Erediens ..................................................................... 176
4.1.1.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van bogenoemde sake ..................................................................... 177
4.1.2 Sake wat aandag kry in die Agenda Algemene Sinode van die NG Kerk 2004 ............................................. 177
4.1.2.1 Nuwe manier van vergader .............................. 178
**4.2 HERONTDEKKING VAN DIE PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENTE...................................... 179**
4.2.1 Die vernuwing moet van "onder" kom en nie van "bo" nie.................................................................................. 179
4.2.1.1 Herontdek die missionêre wese van die gemeente ..................................................................... 180
a) Sending as Missio Dei............................................... 181

b) Sending deur die gemeente (missionêre gemeente) na die wêreld ... 182
c) Die plaaslike missionêre gemeenskap word deur die getuienis van die gewone gelowige gedra ... 184
d) Onderrig ... 187
e) Belê tyd en geld in die plaaslike gemeente ... 188
f) Moedig kreatiwiteit in die plaaslike gemeente aan ... 189

**4.3 WAT "DRYF" DIE PLAASLIKE GEMEENTE? ... 190**

4.3.1 Gemeentes gedryf deur tradisie ... 191
4.3.2 Gemeentes gedryf deur 'n persoonlikheid ... 192
4.3.3 Gemeentes gedryf deur finansies ... 193
4.3.4 Gemeentes gedryf deur Programme ... 193
4.3.5 Gemeentes gedryf deur geboue ... 194
4.3.6 Gemeentes gedryf deur Geleenthede ... 194
4.3.7 Gemeentes gedryf deur mense wat soekend is ... 194
4.3.8 `n Gemeente gedryf deur `n skuldkompleks ... 195

**4.4 DIE SLEUTEL VIR GEMEENTEWEES IN TRANSFORMASIETYE ... 196**

4.4.1 `n Doelgedrewe gemeenskap ... 196
4.4.1.1 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van kerugma ... 198
4.4.1.2 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van diakonia ... 199
4.4.1.3 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van leitourgia ... 200
4.4.1.4 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van koinonia ... 201
4.4.2 `n Gebalanseerde gemeenskap ... 204
4.4.2.1 "The Soul Winning Church" (Warren 1995:122, 123) ... 205
4.4.2.2 "The Experiencing God Church" (Warren 1995:123) ... 205
4.4.2.3 "The Family Reunion Church"( Warren 1995:123) ... 205
4.4.2.4 "The Classroom Church" (Warren 1995:123) ... 206
4.4.2.5 "The Social Conscience Church" (Warren 1995:124) ... 206
4.4.2.6 Meeste kerke is geneig om net op een doel te fokus ... 207

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

a) Daar is balans tussen die vyf doelwitte van die kerk.. 208
4.4.3 Die kerk as alternatiewe missionêre gemeente.......... 210
4.4.3.1 Die kerk as alternatiewe gemeenskap - ja of nee? ........ 213
4.4.3.2 Gevare vir die kerk om as alternatiewe missionêre gemeenskap te leef ........ 215

**4.5 SAMEVATTENDE OPMERKINGE TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 4 ........ 216**

**HOOFSTUK 5: DIE KLEINGROEP, `N PRIORITEIT BINNE TRANSFORMERENDE GEMEENTES............ 217**

**5.1 INLEIDEND ........ 217**

5.1.1 Transformasie is nie iets nuuts nie........ 217
5.1.2 Die behoefte na liefde en verhoudings in `n kleingroep verband is ook nie iets nuuts nie ........ 219
5.1.2.1 Die mens is `n kleingroep wese........ 219
5.1.2.2 Die “kaalvoet” dokter ........ 221
5.1.2.3 Die Jetro-beginsel ........ 221
5.1.2.4 Die leraar alleen is nie die oplossing nie ........ 222
5.1.3 `n Definisie van ware kleingroep gemeenskappe....... 223
5.1.3.1 `n Doelbewuste byeenbring op `n gereelde grondslag........ 224
5.1.3.2 Van aangesig-tot-aangesig........ 225
5.1.3.3 Drie tot twaalf mense........ 225
5.1.3.4 `n Gemeenskaplike doel........ 225
5.1.3.5 Die sleutel elemente van kerkwees moet hier na vore kom........ 226
5.1.3.6 Hierdie groep is deel van die groter doel van plaaslike gemeentewees in totaliteit........ 226
5.1.3.7 Christus-gelykvormigheid is die eindproduk (om soos Jesus te wees)........ 226

**5.2 DIE VERSKUIWING VAN ‘N TRADISIONELE GEMEENTE NA ‘N KLEINGROEP GEMEENTE....... 227**

5.2.1 Tradisionele Kerk ........ 227
5.2.2 Oorgangs kerk/gemeente........ 228

5.2.3 Transformerende kerk/gemeente ............................ 229

**5.3 DIE VOORDELE EN WAARDES VAN DIE KLEINGROEPBEDIENING ................................... 230**

5.3.1 `n Kleingroep voorsien die ideale omgewing vir optimale lewensverandering ................................................ 231
5.3.2 Die kleingroepbediening is gevestig op outentieke verhoudings ........................................................... 232
5.3.3 Die kleingroep is die plek waar die Waarheid die lewe ontmoet................................................................. 234
5.3.4 Die kleingroep is `n Matteus 18 koinonia ................. 235
5.3.5 Die kleingroep is die plek waar “herderskap” hanteer behoort te word....................................................... 239
5.3.6 Die kleingroep is die plek waar gawes ontdek, bevestig en uitgeleef word .................................................. 242
5.3.7 Die kleingroep is die plek waar toekomstige leiers geïdentifiseer en opgelei word................................. 245
5.3.8 Die kleingroep is die plek waar nuwe lidmate toegelaat behoort te word....................................................... 246

**5.4 BASIESE SAKE WAT DEURDINK MOET WORD VIR DIE FASILITERING VAN ‘N GESONDE, GEBALANSEERDE KLEINGROEPBEDIENING ...... 247**

5.4.1 Sleutel leierskap binne die hele kleingroepbediening 247
5.4.2 `n Span benadering................................................ 248
5.4.3 Waarom die kleingroepbediening?.......................... 250
5.4.3.1 Die mens het dit nodig.................................... 251
5.4.3.2 Koinonia realiseer die beste in die kleingroep... 255
5.4.4 Die gevare van die kleingroepbediening .................. 256
5.4.4.1 `n Klaar verpakte model ................................. 257
5.4.4.2 Die ontkenning van bestaande groepe.............. 258
5.4.4.3 Die oorgangsproses word nie bestuur nie......... 258
5.4.4.4 Swak kontrole ................................................ 259
5.4.4.5 Geografiese groepering van groepe.................. 260
5.4.4.6 Onbuigsame programinhoude .......................... 261
5.4.4.7 `n Terapeutiese groep ..................................... 262
5.4.4.8 Die kleingroepbediening is te groot begin ......... 262
5.4.5 Vrae wat oordink behoort te word in die implementering van die kleingroepbediening.................................. 263
5.4.5.1 Gaan hierdie `n gemeente met groepe of `n kleingroep gemeente wees?............................ 263

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)


5.4.5.2 Hoe sal die hele kleingroepbediening inpas by dit wat reeds in die gemeente bestaan en gebeur? 264

a) Die belangrike eerste stap om samewerking te bewerkstellig ........ 265

b) Die volgende stap in die oorgangsproses ........ 265

i) Implementering van die kleingroepbediening .... 265

a) Die Modellerings-fase ........ 266

b) Die Turbo-fase ........ 268

c) Die Eksperimenterings-Fase ........ 269

d) Die Begin-fase ........ 270

e) Publieke-Fase ........ 271

5.4.5.3 Wat is die oorhoofse doel en doelwitte van die kleingroepbediening in hierdie gemeente? ........ 272

a) Oorhoofse doel vir die kleingroepbediening ........ 272

b) Doelwitte vir die kleingroepbediening ........ 273

i) Vyf doelstellings van enige kleingroepbediening 274

5.4.5.4 Watter tipe groepe sal gebruik word? ........ 275

a) Vyf Hoof Tipes Groepe ........ 276

5.4.5.5 Hoe gaan die opleiding van leiers gedoen word? ........ 277

5.4.5.6 Watter tipe toerekening sal van die leiers vereis word? ........ 277

5.4.5.7 Hoe sal hierdie groepe met mense gevul word? 277

5.4.5.8 Hoe sal die groei van hierdie bediening verseker word? ........ 278

5.4.5.9 Hoe gaan die unieke potensiaal van hierdie bediening met potensiële leiers en lede gekommunikeer word? ........ 279

**5.5 ‘N SUKSESVOLLE KLEINGROEPBEDIENING EN LEIERSKAP IS INTERAFHANKLIK ........ 279**

5.5.1 Die Kleingroepbediening vereis dat Leierskap- en die ontwikkeling daarvan `n prioriteit is ........ 280

5.5.2 Wat is leierskap? ........ 282

5.5.2.1 Leierskap is nie gelyk aan `n persoon se posisie nie ........ 283

5.5.2.2 Wie kwalifiseer dan as leiers? ........ 284

5.5.2.3 Watter tipe leiers wil die kerk gebruik en ontwikkel? ........ 285

a) Leierskap en die lig wat die Woord daarop laat val .... 286

b) Kenmerke van hierdie Bybelse leierskap ........ 289

i) Dienskneg leierskap ........................................ 289
ii) Bybelse leierskap vermenigvuldig die bediening in die lewe van ander ........................................ 294
iii) Bybelse leierskap bepaal prioriteite.................. 297
5.5.3 Karaktertrekke van suksesvolle leierskap ................ 300
5.5.4 Effektiewe Kleingroep Leierskap ............................... 301
5.5.4.1 Handhaaf `n persoonlike verhouding met Jesus Christus ........................................................ 301
5.5.4.2 Die vermoë om mense vir Christus te beïnvloed. ......................................................................... 302
5.5.4.3 Is verbind tot persoonlike groei........................ 302
5.5.4.4 Lewe onder die beherende invloed van die Heilige Gees................................................................ 303
5.5.4.5 Bereken die koste van sy verbintenis en is gewillig om die prys te betaal ....................................... 303
5.5.5 Motiewe vir Kleingroep Leierskap ............................. 304
5.5.5.1 Die regte motiewe .......................................... 304
5.5.5.2 Verkeerde motiewe ........................................ 304

**5.6 JESUS, DIE TWAALF DISSIPLES, EN DIE KLEINGROEPBEDIENING - 'N PATROON OM NA TE VOLG .................................................................. 305**

5.6.1 Jesus – die middelpunt van alles wat in `n groep gebeur 306
5.6.2 Missionêre bemiddeling van die kleingroepbediening 307
5.6.3 `n Strategie om kleingroepe missionêr gerig te hou... 310
5.6.4 `n Beplanningstrategie vir missionêre betrokkenheid. 312
5.6.4.1 Fase I: Voortdurende Reflektering................... 313
5.6.4.2 Fase II: Geduldige Beplanning ........................ 314
5.6.4.3 Fase III: Versigtige Handelinge ....................... 314
5.6.4.4 Fase IV: Gereelde en vinnige evaluering ........ 314
5.6.5 Die bediening van gebed is onontbeerlik in die missionêre bemiddeling........................................... 315
5.6.6 Die groep as `n alternatiewe lewenstyl teen die strukture van die wêreld ........................................................ 315

**HOOFSTUK 6: DIE REPRISTINERING VAN DIE PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENSKAP – SAMEVATTENDE OPMERKINGE EN RIGLYNE ........ 317**

**6.1 INLEIDEND ........ 317**

**6.2 WAAROM IS DAAR `N DRINGENDE BEHOEFTE AAN GEMEENSKAP IN `N PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENSKAP? ........ 319**

6.2.1 Begin by die BEGIN ........ 319
6.2.1.1 God is `n God van gemeenskap ........ 319
6.2.1.2 Die mens is geskape met die ingebore behoefte aan gemeenskap ........ 320
6.2.1.3 Die donker tyd van gemeenskap ........ 320
6.2.1.4 Die tydelike herstel van gemeenskap in die Ou Testament ........ 321
6.2.1.5 Christus is die konstituerende waarborg vir die herstel van gemeenskap ........ 322

**6.3 DIE GEMEENTE AS MISSIONÊRE GEMEENSKAP IS MIDDE-IN `N TRANSFORMASIEPROSES ........ 322**

6.3.1 Veranderinge in die NG Kerk as missionêre gemeenskap is sigbaar en onomkeerbaar ........ 323
6.3.1.1 `n Transformasieproses vind plaas ........ 323
a) Advertensies in die amptelike koerant van die kerk, Die Kerkbode ........ 323
b) Nuwe boeke dui ook daarop ........ 323
c) Daar is `n wêreldwye transformasieproses ........ 324
6.3.2 Die kerk ***is*** soos Jesus ***gestuur*** ........ 325

**6.4 `N GEBALANSEERDE MISSIONÊRE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES ........ 326**

6.4.1 Verandering “van onder” en nie “van bo” ........ 327
6.4.2 `n Herontdekking van die waarde van die ***plaaslike gemeente*** as missionêre gemeenskap ........ 327
6.4.3 Gemeentes gedryf of doelgedrewe ........ 329

**6.5 DIE KLEINGROEPBEDIENING IS DIE BESTE VOERTUIG VIR DIE REALISERING VAN KOINONIA EN DIE BEVORDERING VAN BALANS .................. 331**

6.5.1 Wat is die praktiese implikasie van bogenoemde argument? .................................................. 331

6.5.1.1 Verandering .................................................. 331

6.5.1.2 Die verstaan van koinonia ................................ 332

a) Bestudeer en implementeer die Ou en Nuwe Testamentiese gegewens oor koinonia (Hoofstuk 2) . 332

b) Begin met wat daar is ................................................ 333

i) Wat het ons alreeds? ...................................... 334

c) Begin die bediening aangesien elkeen dit self nodig het ................................................................. 335

**6.6 DIE SKEP VAN GESELLIGHEID ............................ 336**

**6.7 \`N LAASTE WOORD ................................................ 337**

**BIBLIOGRAFIE ................................................................ 338**

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 RELEVANSIE VAN DIE STUDIE

John Kenneth Galbraith (Soos aangehaal in Bridges 1991:IX) sê: "Faced with the choice between changing one's mind and proving that there is no need to do so, almost everybody gets busy on the proof".

Dit is ook waar van enige verandering wat binne `n gemeente of `n kerklike struktuur moet plaasvind. Aangesien dit nie altyd maklik is om verandering te hanteer nie, word daar maklik probeer om die teendeel te bewys, met ander woorde dat verandering nie werklik nodig is nie. Die oomblik wanneer `n gemeente dit dan wel waag om te verander, dan begin ander om te bewys dat dit nie nodig is om te verander nie.

In enige veranderingsproses ontstaan daar dus altyd `n spanning tussen dié wat wil verander en dié wat nie oortuig is dat verandering nodig is nie. Dit lei dikwels tot konflik. Indien sodanige konflik positief hanteer word, kan dit die veranderings proses binne `n gemeente bevorder. Indien konflik nie hanteer word nie, sal dit die veranderingsproses belemmer en verhinder.

Dit gebeur in die kerk, meer as op enige ander plek, dat strukture wat daargestel is om aan die evangelie diensbaar te wees, later verhef word tot "evangelie". Strukture word "idols", sê Mead (1994:100). "We became fundamentalists about the forms by which we do what we do." Die kerk raak soms fundamentalisties oor wie en wat `n leraar is, oor hoe `n gemeente georganiseer moet word, oor kategese, die erediens, die opleiding van leraars en...

> The forms become holy, and anyone who suggests changes in those structures is seen as a heretic (Mead 1994:100).

Daar is `n duidelike gevaar wanneer ***`n vorm*** in `n kerk ***die norm*** word. Die een wat dan waag om aan hierdie ***vorm*** te verander ervaar dan gewoonlik teëspoed en konflik met die res van die kerk.

Maxwell (Aangehaal in Towns 1990:31) sê mense sal wel verander wanneer hulle:

- Hurt enough that they have to change;
- Learn enough that they want to change;
- Receive enough that they are able to change.

Die navorser is oortuig dat dit nou `n unieke periode in die geskiedenis van die kerk is, `n tyd ***van verandering***, `n ***nuwe paradigma***. Die navorser se oortuiging is verder dat daar `n ***definitiewe denkverandering*** in die kerk besig is om plaas te vind, veral as die literatuur oor gemeentewees vandag bestudeer word. Daarin word die ***verandering*** telkens genoem en bevestig.

### 1.1.1 `n Beweging na die kleingroep

In die literatuur oor gemeentewees word daar gedurigdeur van hierdie nuwe paradigma gepraat, en veral oor die rol wat die kleingroep in hierdie nuwe paradigma speel en gaan speel. Icenogle (1994:9,10) sê:

> We live during a unique period in history when large bureaucratic institutions are downsizing and integrating intentional face-to-face circles of empowerment and ownership. Top-down systems are giving way…. The ***major themes*** (eie kursivering) of business and the institutional church have been "management" and "control".

In hierdie nuwe paradigma word mag en gesag gedeel, en word die werk gedoen deur vennootskappe en netwerke van kollegas en medewerkers, die lidmate in kerklike taal.

Sleutelwoorde wat in hierdie nuwe paradigma gehoor word, is ***leierskap*** en ***bemagtiging***. Mense raak weer belangrik, dalk belangriker as produktiwiteit.

> Small group, hands-on, human connections and communications are the order of business, education, government and the church. We are moving quickly into the age of small group empowerment. We have moved from the pyramid to the circle, from power down to power around, from bureaucracy to organic structures that enable a group to serve one another as well as the world (Icenogle 1994:10).

Burger en Simpson (1996:15) bevestig ook die verandering wanneer hulle sê dat die sosiale lewe van die moderne mense in die VSA en in Europa het ingrypend verander het.

> Veral mense se gevoel van verbondenheid aan middelgrootte instansies het skade gelei, word gesê. In die plek daarvan het `n binding aan makro- en mikroverbande gekom.
>
> Ek meen dat `n mens dit ook hier by ons sien. Die middelgrootte verbande herinner aan die dorpslewe wat party nog geken het met sterk lojaliteit teenoor plaaslike instansies soos die kerk en skool, plaaslike gebruike en “feeste” en selfs teenoor plaaslike sakeondernemings. Ook hier by ons voel mense minder lojaal teenoor middelgrootte instansies en is hulle sterker aangetrokke tot groter instansies. Dit gaan gewoonlik gepaard met `n verbondenheid aan kleiner groepe vriende of werkgenote. Dis byna asof die massabenadering van die makro-instansies vra om gebalanseer te word deur `n sterker persoonlike groep of groepe.

Dit alles dui op `n beweging na die kleiner groep. Die verandering dui daarop dat mense net nie meer tevrede is dat die erediens die enigste plek is waar gemeenskap met God, mekaar en mede-gelowiges belewe kan word nie. Bybelstudies, gebedsbyeenkomste in die kleingroep, self-help groepe soos Alkoholiste Anoniem, terapie groepe en groepe vir alle soorte behoeftes het die afgelope tyd geweldig gegroei (Wuthnow 1994,b:ix).

### 1.1.2 Wêreldwyd is daar transformasie in die kerk

In sy boek “Congregational Megatrends” sluit Woods aan by die bogenoemde deur daarop te wys dat daar `n verskuiwing in die kerk vandag is. Hy noem hierdie beweging “Megatrends” (1996:10). Hoe het hierdie “megatrends” ontstaan?

> A paradigm shift generated the megatrends. The order went something like this:
>
> * A paradigm began to shift.
> * Due to the paradigm shift, the church began to recognize that many of the old methods aimed at accomplishing traditional church tasks were no longer working.
> * The church tried new methods of accomplishing its age-old purposes.
> * Principles underlying notable new methods emerged.
> * Underlying principles - megatrends.

Woods (1996:viii) sê verder dat die “megatrends” die manier waarop evangelisasie, dissipelskap en bediening gedoen word, herdefinieer. Nuwe metodes is nodig om `n veranderende wêreld te bereik, maar dit beteken nie dat `n nuwe inhoud nodig is nie. Die evangelieboodskap bly dieselfde, dit is net die manier hoe dit oorgedra word wat nodig het om te verander en aanpassings te maak.

Hy noem sewe "Megatrends:”

> * a shift from mass evangelism to relational evangelism
> * a shift from tribal education to immigrant education
> * a shift from surrogates mission to hands-on mission
> * a shift from reasonable spirituality to mysterious spirituality
> * a shift from official leadership to gifted leadership
> * a shift from segmented programming to holographic programming
> * a shift from secondary planning to primary planning (:vii-viii).

In kort kan oor die “megatrends” gesê word dat dit in geheel dui op die behoefte wat daar by mense (lidmate van die kerk) is om gemeenskap te ervaar en te

beleef, om persoonlik betrokke te wees in `n kleingroep verband. Die neiging is weg van die institusionele na `n verhoudingsgebaseerde bediening wat volgens die navorser die beste in `n kleingroep sal realiseer, natuurlik binne `n gebalanseerde program van `n plaaslike gemeente.

### 1.1.3 Plaaslike transformasie

Hierdie veranderinge vind nie net plaas in die kerk in Amerika nie, maar ook in die kerk in Suid-Afrika. Daarom is hierdie navorser oortuig, en sluit daarmee aan by (Burger 1995:9):

> Ten eerste, dat die kerk in Suid-Afrika (en met name die NG Kerk) voor `n langer, moeiliker en ingrypender oorgangsituasie staan as wat die meeste van ons tans besef.
>
> Ten tweede, dat daar juis in sò `n tyd, by al die onsekerheid en ontwrigting en pyn wat so `n oorgangstyd meebring, ook geweldige geleenthede en unieke moontlikhede vir diepgaande vernuwing loskom.
>
> Ten derde, dat die benutting van die geleenthede moontlik is, maar nie vanselfsprekend nie. Dit kan gebeur dat die geleentheid onbenut verbygaan. As ons wil leer en wil groei deur hierdie tye heen, sal ons moet reoriënteer; ons sal moet herfokus en ons lense moet skoonmaak sodat ons die werklike uitdagings en moontlikhede helder kan sien.

Die NG Kerk in Suid-Afrika besef al meer dat ons in tye van transformasie lewe.

Soms word daar met groot ongemak en onsekerheid na verandering gekyk soos wat Maxwell (1993a:125) sê: “The world hates change, yet it is the only thing that brings progress.” Dit is nodig dat veranderinge nie as `n bedreiging vir die Gereformeerde karakter van die kerk gesien moet word nie, maar juis as `n uitdaging om te bly reformeer. Natuurlik is verandering ter wille van verandering net so gevaarlik as geen verandering nie. Die navorser sal daarom in die laaste hoofstuk aandag gee aan die oorgangsproses wat juis bestuur moet word, sodat veranderinge sinvol geïmplementeer kan word, met die

minste moontlike ontwrigting.

In die NG Kerk hoef daar nie ver gekyk te word om veranderinge raak te sien nie. Daar word geskryf en gepraat oor gemeentebou, evangelisasie, lofprysing in die erediens, kerkeenheid, homoseksualisme en hoe dit hanteer behoort te word en die doopviering (Algemene Sinode 2004). Daar word ook nog gepraat en geredeneer oor kleingroep/selgroepe/huiskerke en die vernuwing wat die kleingroepe kan bring in gemeentes. Daar word selfs gevra of die kleingroep nie "gemeente" is nie. Kan alles wat in die "tradisionele gemeente" gebeur, nie maar netso in die "selgemeente" plaasvind nie?

Van Niekerk (2004:13) bevestig bogenoemde wanneer hy oor die Algemene Sinode 2004 sê:

> Ondanks die kritiek het myns insiens op Hartenbos die hergeboorte van die NG Kerk plaasgevind. Natuurlik bring hernuwing pyn mee en die leiers sal dit sensitief moet bestuur.

Verandering en sprake van veranderinge is dus `n realiteit, iets wat nie weggeredeneer, weggewens of wegbeplan kan word nie. Daarom is die navorser oortuig dat dit nou `n unieke geleentheid in die kerk is om oor hierdie veranderinge (veral ten opsigte van die roep na die koinonia, en koinonia se voertuig: die kleingroep) na te vors, in diskussies daaroor te gaan en bevindinge op skrif te stel.

In hierdie veranderingsproses waaroor daar nagevors, gepraat en geskryf word, is die navorser oortuig dat ***die kleingroep*** `n sentrale rol gaan speel as voertuig vir die skep van koinonia binne die plaaslike missionêre gemeenskap (die gemeente). Kleingroepe het oor jare heen alreeds `n sentrale rol gespeel in die bediening van `n plaaslike gemeente, maar hierdie rol sal net groter en al hoe meer belangrik word.

Tydens die NG Kerk se Algemene Sinode van 2004 te Hartenbos het die

bespreking in die kleingroep juis `n belangrike rol gespeel. Tydens sekere sessies wat wegbreeksessies genoem is, is ook in kleingroepe debat gevoer, en is debatvoering in die groot Sinode byeenkoms tot die minimum beperk, totaal anders as vorige Sinodes.

Navorsing maak dit juis duidelik (dit sal verder in die relevante hoofstukke bespreek word) dat die belangrikheid van gemeenskap (koinonia) wêreldwyd herontdek word - in die kerk, maar ook in die werkplek,. Die rol wat die kleingroep in die herontdekking en belewing van gemeenskap speel, word duidelik, en daarom word daar `n al hoe groter plek aan die kleingroep in die belewing van gemeenskap toegeken. Kleingroepe is die voertuig vir sinvolle gemeenskapsbelewing, maar nie noodwendig die enigste plek waar dit beleef kan word nie.

Hierdie word nie net in die kerke bespreek en geïmplementeer nie, maar ook in die besigheidswêreld, waar kleingroepe ook `n sentrale rol begin speel in die tye van verandering. In die besigheidswêreld word gemeenskap (community, fellowship) deur middel van kleingroepe gebou en gevorm, ter wille van besigheids -en finansiële vooruitgang.

Dit is egter `n onvolmaakte gemeenskap. Gemeenskap soos God dit bedoel vind die beste plaas binne die geloofsgemeenskap, daar waar mense ja geantwoord het op die genade van God wat in Jesus Christus is[1].

Hierdie wêreldwye honger na gemeenskap maak die navorser opgewonde. Die kerk het ***dit*** waarna die wêreld soek, maar nie volkome vind nie, en dit is die lewensveranderende blye boodskap (evangelie), die evangelie wat gemeenskap skep tussen God en mens, en mense onderling.

Juis omdat daar so `n ***wêreldwye beweging*** is in die rigting van gemeenskap,

---

[1] Dieselfde probleem kan aangemeld word met die begrip "ubuntu". Hierdie "medemenslikheid", soos wat dit tradisioneel in Afrika bestaan, moet nie verwar word met koinonia nie.

omgee en liefde, sal die kerk met groot erns geleenthede moet daarstel waar mens die liefde, omgee en ondersteuning kan beleef in die geloofsgemeenskap. Alhoewel dit nie die enigste plek is nie, word die kleingroep algemeen gesien as die voertuig waarmee en waardeur daar die beste uitdrukking gegee kan word aan gemeenskap. Nog-nie-gelowiges kan dit juis hier op `n nie–bedreigende manier ervaar en beleef.

### 1.1.4 Individualisme wil gemeenskap oorbodig maak

Gemeenskap word juis nou so beklemtoon omdat die tyd eensydige individualisme waarin ons nou lewe die mens se Godgegewe behoefte aan gemeenskap relativeer. Daarom word daardie honger nie bevredig nie. “Elkeen vir homself, en die duiwel vir die res” is aan die orde van die dag.

Hierdie individualisme, sê Gareth Icenogle (The Church in Ministry Through Small Groups CF711:1996), is die gevolg van die nadraai van die "Verligting". Dit is `n oorbeklemtoning van individualisme wanneer die belangrikste vraag word: "Ken jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker?" en word daar dus `n ***oordrewe*** klem op persoonlike bekering gelê. Die ***tweede*** en meer belangrike vraag is wat Icenogle (The Church in Ministry Through Small Groups CF711:1996) so verwoord: "Waar gaan jy die res van jou lewe hier op aarde deurbring, indien jy in Jesus Christus as Verlosser glo? " Hier speel die gemeenskap van gelowiges dus `n belangrike rol. Indien die oordrewe klem net op persoonlike bekering val, word die gemeenskap van gelowiges op die agtergrond geskuif.

Wuthnow (1994,b:ix) sluit by die oordrewe klem op individualisme aan deur te sê:

> As children, we were taught to be independent. We learned about rugged pioneers who went off to seek their fortunes. Later, we learned that our social fabric was breaking down, that families were eroding, that communities were dying, and that more and

> more people were facing life on their own, heroically insisting on their independence and remaining uncommitted to anybody but themselves.

In ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis, van die Afrikaner veral, is daar ook die pioniers, die "Voortrekkers" wat hulle "eie ding" gedoen het. Hulle wou onafhanklik wees van die Britse regering van hulle tyd. In ons eie bloed is daar ook dus hierdie begeerte na onafhanklikheid van alles en almal, en so word die kinders van vandag ook grootgemaak. "Onthou jy moet op jou eie bene staan, niemand sal vir jou sorg nie." Dit is `n kontra-Bybelse boodskap. Die boodskap van die evangelie is juis een van "dra mekaar se laste, en gee op hierdie manier uitvoering aan die wet van Christus" (Gal 6:2).

Van der Merwe (1995:1) bevestig die belangrikheid om die Bybelse lewenswyse na te jaag wanneer hy sê:

> We live in a time which is commonly regarded as being dominated by materialism and secularism. In addition, it is a time when many believers are drifting away from their close relationship with God. The Christian Church cannot afford to ignore ***the plan God has chosen for the renewal of society*** (eie kursivering en beklemtoning). God's plan, which was to change the history of the world in a way that has never been equaled, started in an astonishingly "simple" way. In the words of the Fourth Evangelist, God sent his Son to draw to himself a small band of disciples. For the best part of three years he probably lived with them, set them an example, taught them, corrected them, forgave them, trusted them and loved them to the end. The disciples, on their part, sometimes failed him, disappointed him, and sinned against him. Yet never once did he withdraw his love from them. And later, empowered by the Holy Spirit, this group of trained disciples, continued with the mission started by Jesus.

Hierdie was `n gemeenskap wat vergader was in die teenwoordigheid van Jesus Christus, en dit is juis die klem van enige kleingroepbediening. Hulle vergader in die teenwoordigheid van Jesus Christus: "Waar twee of drie in My Naam vergader is daar is ek in hulle midde" .

### 1.1.5 Leraars en lidmate beleef dat daar `n transformasieproses is

Die veranderinge en die belangrikheid daarvan wat in die vorige paragrawe bespreek is, laat die navorser aansluit by Woods (1996:13) wat sê:

> I have not talked to one pastor who has not experienced some sense of a major transformation in his or her congregation. Pastors feel a new church is beginning to emerge from under their feet.

Die navorser self het in talle gesprekke met leraars en lidmate in Suid-Afrika, Namibië en ook in die VSA dieselfde ervaring gehad. Daar is `n groeiende besef by leraars dat hulle nie voort kan stu sonder enige veranderinge in die plaaslike gemeente se bediening nie. Die lidmate weet verandering moet plaasvind en hulle wag op die leraars om leiding te neem.

Aan die ander kant is daar by almal `n onsekerheid oor watter veranderinge wel moet plaasvind, en hoe en wanneer dit moet gebeur, want soms wil voorstanders van veranderinge alles oorboord gooi wat reeds in `n gemeente gebeur, asof alles van die verlede nikswerd is nie.

### 1.1.6 Herontdekking van die plaaslike gemeente se missionêre verantwoordelikheid

Saam met die beklemtoning van die kleingroep is daar ook die hernude besef dat dit die plaaslike gemeente se verantwoordelikheid is om missionêr betrokke te wees, en nie net die Sinodale Sending Kantore nie. Juis in die transformasieproses word beleef dat gemeentes hulle verantwoordelikheid begin besef en ook nakom. Sinodes wentel dan ook die verantwoordelikheid af, en plaas dit terug waar dit hoort, naamlik by die plaaslike gemeente. Gemeentelede wil juis bewus wees van wat met hulle geld gebeur, veral ook waar dit by sending kom.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 1.1.7 Samevattend

Op grond van die vorige paragrawe is die navorser oortuig van die relevansie van hierdie onderwerp. Die plaaslike gemeente, genoem in hierdie studie, ***die plaaslike missionêre gemeenskap***, is in `n transformasieproses, binne `n wêreld wat al hoe vinniger verander. Die kleingroep kan juis die plaaslike missionêre gemeenskap help om drie maal ja te sê:

***Ja;*** vir God
***Ja;*** vir die familie (gemeenskap) van God
***Ja;*** vir diens in en aan God se wêreld.

## 1.2 FOKUS

My belangstelling is in die missionêre gemeente. Hierdie wil dus `n missiologiese studie wees. My oortuiging is egter dat vir die missionêre bestaan van `n gemeente die teologiese dimensie van koinonia (gemeenskap) van die grootste belang is. Die vind en bevordering van gemeenskap – veral deur middel van die ontwikkeling van `n kleingroepbediening - lê dan,naby die kern van hierdie studie.

Hierdie studie spreek dus sake soos die volgende aan:

i) Die denke van die tyd is so individualisties dat die kerk, wat onbewustelik deel daarvan is, lei daartoe dat die gemeenskapskarakter wat God in gedagte het nie korrek verstaan word nie. Hoe kan gemeenskap se waarde herontdek word binne die kerk?

ii) Wêreldwyd vind transformasie teen `n hoë tempo plaas; die hoofstroom kerk pas nie vinnig genoeg aan by hierdie veranderende omstandighede nie;

iii) Die hoofstroom kerk is te veel na binne gekeer, probeer getalle hoog te hou deur standaarde vir lidmaatskap te verlaag, maar verloor nog steeds

lidmate;

iv) Die kerk is nie gebalanseerd in terme van God se doelwitte vir die plaaslike missionêre gemeenskap nie, maar lê gewoonlik klem op een of twee aspekte (hoofstuk 4);

v) Die kleingroepbediening, as voertuig vir die realisering van gemeenskap, en om die gemeente te help om missionêr gefokus te wees, is eerder die uitsondering as die reël;

vi) Daar is heelwat onnodige misverstande aangaande die kleingroepbediening;

vii) Daar ontstaan spanninge tussen die plaaslike gemeente en die kleingroep veral wanneer daar na die kleingroep as `n selkerk verwys word. Die kleingroep word dan `n kerkie binne die kerk.

## 1.3 HIPOTESE EN DOELSTELLING

Indien die bogenoemde probleme in ag geneem word, kan as navorsingshipotese gestel word:

> Die kleingroep speel `n definitiewe bemiddelingsrol in die herontdekking van gemeenskap en die missionêre gerigtheid van die plaaslike gemeente wanneer:

- Koinonia reg verstaan en Bybels geïnterpreteer word;
- Transformasie erken en reg bestuur word;
- Daar balans in die gemeente is;
- Daar `n breër verstaan van die kleingroepbediening is;
- Leierskap om die bogenoemde te bestuur, ontwikkel word.

## 1.4 NAVORSINGSMETODIEK

### 1.4.1 Literatuurstudie

#### 1.4.1.1 Literatuursoektogte

Waar het die navorsing vir die studie plaasgevind?

a) Universiteit van Pretoria

`n Literatuur soektog is reeds deur Me Thea Heckroodt gedoen rondom die volgende sleutelwoorde: Missionêre gemeente, kleingroep(e), selgroep(e), selkerke, "base communities", basis gemeenskappe, koinonia, missionêre gemeenskap.

Die soektogte op CD-Rom is afgehandel op die volgende:
i) die databasis van die Universiteit van Pretoria;
ii) Sabinet
iii) RGN
iv) en Atla se Religion Databasis.

b) Bibilioteek Fuller Theological Seminary

Navorsing is ook vir een week by die biblioteek van Fuller Theological Seminary gedoen tydens die navorser se besoek aan die VSA (5 September tot 16 November 1996).

c) Voorgeskrewe literatuur vir die bywoning van `n seminaar

Ter voorbereiding van die bywoning van `n seminaar deur die navorser oor “The Church in Ministry Through Small Groups (CF711)”, aangebied deur Fuller Theological Seminary as deel van hulle D.Min program te Atlanta (4-15

November 1996), is 4 500 bladsye verpligte studie van aanbevole boeke oor die onderwerp gedoen (ongeveer 15 boeke).

`n Literatuurlys van 5 bladsye van aanbevole boeke rondom kleingroepe en groepsdinamiek, is ook van Fuller Theological Seminary ontvang vir verdere navorsing. Die meeste van hierdie boeke was op daardie stadium nog nie in die biblioteke van Suid-Afrikaanse Universiteite beskikbaar nie. Die navorser het wel van die boeke bekom terwyl hy in die VSA was vir navorsing.

### 1.4.2 Empiriese ondersoeke

#### 1.4.2.1 Besoek aan die VSA

Die navorser het vanaf 5 September 1996 - 15 November 1996 navorsing in die VSA gedoen deur: a) Gemeentes te besoek en b) Seminare oor die implementering van `n kleingroepbediening by te woon.

#### a) Gemeentes Besoek

Die volgende gemeentes en instansies is deur die navorser besoek, waartydens daar ook onderhoude met leraars en gemeentelede gevoer is oor die implementering van `n Kleingroepbediening binne die gemeente:

i) Seven Rivers Presbyterian Church - Crystal River (Florida)
ii) First Baptist Church - Inverness (Florida)
iii) Campus Crusade for Christ - Orlando (Florida)
iv) Bellevue Baptist Church - Memphis (Tennessee)
v) Focus on The Family - Colorado Springs (Colorado)
vi) New Hope Community Church - Portland (Oregon)
vii) Church on the Way - Van Nuys (California)
viii) Saddleback Community Church - Saddleback (California)
ix) Lake Avenue Congregational Church - Pasadena (California)
x) Willow Creek Community Church - South Barrington (Illinois)
xi) Perimeter Presbyterian Church - Atlanta (Georgia).

### b) Seminare oor die implementering van die Kleingroepbediening

i) `n Eendag seminaar is by Seven Rivers Presbyterian Church bygewoon oor `n kleingroepbediening binne `n plaaslike gemeente.

ii) Die volgende seminare is by Willow Creek Community Church bygewoon:

- Developing Small Groups (22 Oktober 1996);
- Launching Seeker Small Groups (23 Oktober 1996);
- Church Leadership Conference (24 - 26 Oktober 1996);

Die seminaar wat Fuller Theological Seminary aangebied het as deel van hulle D Min program, "The Church in Ministry through Small Groups - CF711, is bygewoon vanaf 4-15 November 1996 te Atlanta.

## 1.4.2.2 Besoek VSA Mei 2001

### a) Besoek Saddleback Community Church

Die volgende seminare is by Saddleback Community Church in Los Angeles in 2001 bygewoon:

- Discover your Life Ministry;
- Purpose Driven Church Conference;

## 1.4.2.3 Besoek VSA Mei 2004

### a) Besoek Windsor Crossing Community Church op uitnodiging

Hierdie gemeente is finansieel betrokke by die bediening van Die G.A.T (vergelyk paragraaf1.6.2.3). Al die vergaderings van die gemeente, die erediens beplanning en bespreking, bestuur, jeug en toekomsbeplanning is

bygewoon.

#### 1.4.2.4 Rede vir buitelandse navorsing

Die vraag kan gevra word: Waarom al die buitelandse navorsing, en dan spesifiek Amerika?

Tydens die voorbereiding vir die doktorale eksamens het ek as navorser diep onder die volgende indrukke gekom:

- Die kerk van ons oorsprong as Gereformeerde kerk, met ander woorde die kerk vanuit Europese afkoms, is nie meer werklik so aktief en evangelies soos wat dit oorspronklik was nie;
- Indien die geskiedenis van die kerk, soos in "Aan God die Dank, Deel 1 & 2," nagevors word, is daar `n bewuswording van die NG Kerk wat sy sendingroeping in Afrika ontsettend ernstig opgeneem het. Daar is talle en talle stories, van ontberinge, uitdaginge en geleenthede wat aangegryp is in `n tyd toe die kerk baie armer as vandag was.
- Die Europese kerk, waar baie goeie teoloë gevind word, mis iets van die praktyk van kerkwees;
- Die Amerikaanse kerk verstaan iets meer van die praktyk van kerkwees;
- Daar is `n lewenskragtige, aktiewe, evangeliese kerk wat vir die kerk hier te lande geweldig kan motiveer tot missionêre gerigtheid.

## 1.5 PERSOONLIKE RELEVANSIE EN BETEKENIS VAN DIE NAVORSING

### 1.5.1 Verrykende reis met die navorsing - `n Wyer visie op persoonlike verstaan van kerkwees

- Ek het binne die milieu van die NG Kerk grootgeword. In die NG Kerk is ek gevoed met die Gereformeerde teologie. My studies is voltooi aan `n NG

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, met Prof Mias de Klerk wat `n onuitwisbare indruk gemaak het.

- My verwysingsraamwerk was dié van die NG Kerk. Die gemeentes wat besoek is, tydens vakansies en by ander geleenthede, was NG Kerk gemeentes.

- Tydens die begin van my studies aan die Universiteit van Pretoria, Afdeling B is ek gekonfronteer met boeke wat my gedwing het om uit my gemaksone te kom. My verwysingsraamwerk is verbreed deur `n wye verskeidenheid van literatuurstudies tydens voorbereiding vir tentamens, met boeke wat nooit persoonlik gekoop sou gewees het nie.

- `n Nuwe wêreld het vir my begin oopgaan. Persoonlik is tot die besef gekom:

  ***Daar is lewe in die kerk van Jesus Christus regoor die wêreld heen.***

- Die literatuur wat die meeste motivering ingehou het, was dié wat daarop gedui het dat daar gemeentes en kerke in die wêreld is wat geweldige groei belewe. Al die literatuur het dan verwys na gemeentes in die VSA;

- Daar het `n begeerte ontstaan om navorsing by gemeentes in die VSA te doen en sodoende te probeer vasstel waarom daar wel groei is.

- Die studie het my met ander oë na die NG Kerk laat kyk; nogal met `n kritiese gesindheid. Die kritiese gesindheid het geneig om `n wegbeweeg te veroorsaak van die kerk waarbinne ek die wyer visie ontdek het.

- Vrae het ontstaan oor die kerk en sy missionêre betrokkenheid. Almeer is

tot die besef gekom dat die NG Kerk besig is met sending ver in die vreemde, maar die uitdagings wat die tweede Carnegie verslag oor armoede, (Uprooting Poverty) oopgebreek het, het agterweë gebly.

- Hierdie kritiese gesindheid het egter mettertyd oorgegaan in `n herontdekking van die geïnspireerdheid (deur die Gees van God) en diep teologiese waarde van Gereformeerdwees. Dit het alles gebeur deurdat die studies nie oornag afgehandel is nie, maar die afgelope twaalf jaar vasgegroei het en ingewortel is binne my bestaan.

### 1.5.2 Drieledige persoonlike groei

- Persoonlike groei;
  - Sluit in geestelike;
  - Verstandelike;
  - Emosionele.

- Teologiese groei;
  - `n Verbreding in die verstaan van Gereformeerd wees, aangevul deur die wyer ekumeniese kontak nadat die studies begin is.
  - My Godsbegrip het verbreed deurdat besef is ons eie verstaan is nie volmaak nie, maar met die lig wat ander gelowiges, ander kultuur- en taalgroepe, en selfs ander vreemdelinge op God werp, help ons om hier te lande as Gereformeerdes self ook God beter te verstaan.
  - Wyer siening oor die plaaslike missionêre gemeente as God se antwoord vir die nood van die wêreld. Hier val die klem op die missionêre wat wyer is as die "wen van siele," maar selfs wanneer jy ` "glas koue water" in Jesus se Naam aanbied, dan is jy besig met "sending," missionêr gerig wees.

- Groei in persoonlike betrokkenheid in die wyer gemeenskap van Swakopmund en Namibië. (Breedvoerig in die volgende punt bespreek.)

### 1.5.3 Positiewe gevolge van die navorsing vir eie bediening

#### a) Toerusting in eie gemeente

i) Begin van en toerusting aan lidmate vir Kleingroepbediening;

ii) Toerusting met "Becoming a Contagious Christian," `n vriendskaps-georiënteerde evangelisasie kursus; en

iii) Toerusting met "Netwerk." Dit handel oor die ontdekking van elke lidmaat se ***Passie, Gawes*** en ***Persoonlike Styl*** vir die bediening binne die plaaslike gemeente;

#### b) Toerusting in Namibië en RSA

Binne die kerke in Namibië is verskeie gemeentes bedien met een of meer van die bogenoemde kursusse.

Tydens `n gesprek op 3 Oktober met `n leraar waar die kursus, "Netwerk," in `n gemeente in Suid-Afrika aangebied is, is sy kommentaar: "Nou eers begin ons die vrugte pluk van die seminaar. Daar is lidmate wat drie jaar gelede die kursus bygewoon het, hulle Passie, Gawes en Persoonlike Styl ontdek het, wat nou die verskil in die gemeentebediening begin maak."

#### c) Swakop River Community Church

Die navorsing het my persoonlik daartoe gemotiveer om drie jaar gelede betrokke te raak by `n gemeente wat besig was om dood te loop. `n Visie is aan hulle voorgehou van wat hulle kan wees, maar dat dit van hulle sou vra om uit hulle gemaksone uit te beweeg. Die leierskap het dit aanvaar, en drie jaar later het die gemeente ontwikkel in `n gesonde, gebalanseerde missionêre gemeente, `n gemeente wat iets weerspieël van al die kulture wat op hierdie stadium in Swakopmund aanwesig is.

### d) Die G.A.T. (G.A.T. staan vir "God Altyd Teenwoordig, God Always There")

Dit het begin met die droom van `n "cool" uithangplek vir die jeug in Swakopmund. Die "wêreld" bestee miljoene dollars (Namibiese Dollars) om ons kinders (by wyse van spreke) op die weg na die hel voor te berei, maar dat ons as kerk, wat na binne gekeer is, nie altyd die geleentheid aangryp nie.

So het "Die G.A.T" ontstaan, as so `n droom, vir die jeug, maar God het dit meer laat word. Daagliks van 9:00 tot 17:00 is dit `n plek waar die armstes van armes in Swakopmund kitskoffie, halwe brode en `n mooi plek tot hulle beskikking het. `n Plek van beskerming teen die wind en die weer. Hulle ontvang meer, want daar is `n voltydse pastoor, wat nie net die koffie en die halwe brode bedien nie, maar veral ook die evangelie aan dié wat nood het. Verskeie keer reeds het `n hopelose daar hoop, kos en sy Verlosser gevind.

Vrydag- en Saterdagaande kom kuier die jeug daar, en is daar weer `n jeugwerker wat hulle bedien met meer as koffie.

Gemeentes van die dorp, veral van die armer gemeenskap, gebruik hierdie fasiliteite ook as `n seminaarsentrum oor naweke. Hier bied hulle seminare aan vir hulle lidmate in `n omgewing wat geskik is, maar ook beter ingerig is as in hulle eie gemeenskappe.

### e) Gevolg van die navorsing

Paragrawe a tot d is vir my die persoonlike gevolg, hoogtepunt en betekenis van die navorsing. Dit het die navorsing vir my praktiese grond en voete laat kry. Gemeentewees het vir my begin sin maak op `n vlak wat ek persoonlik nooit te vore sou raaksien nie. Ek het iets verstaan van missionêre

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

gemeentewees en die verantwoordelikheid wat `n leraar het, nie net om te praat nie, maar ook om soms die voorbeeld te stel in die praktiese uitreik in die gemeenskap.

## 1.6 ‘N VOORUITSKOUIING VAN DIE VOLGENDE HOOFSTUKKE

In hoofstuk 2 word die saak aangespreek dat daar vandag gelewe word in `n stukkende wêreld, natuurlik as gevolg van die sondeval.  Die sondeval het die gemeenskapsverhouding wat daar tussen God en die mense bestaan het, verbreek.  Hierdie gebroke gemeenskapsverhouding word deur Christus aangespreek, en op grond van sy soenverdienste aan die kruis is daar nou weer gemeenskap tussen God en die mens moontlik, en tussen die mense onderling.

In hoofstuk 3 word daar na die plaaslike gemeente as missionêre gemeenskap verwys.  Die missionêre gerigtheid van `n plaaslike gemeente lê nie net altyd in die ondersteuning van `n “sendeling” daar ver in die vreemde nie.  In hierdie hoofstuk word daar juis klem gelê op die feit dat die gemeente in sy omgewing moet leef as `n na buite gerigte gemeenskap, wat aan God, mekaar en God se wêreld diensbaar is, deur die doodgewone uitlewing van die evangelieboodskap.

Die klem in hoofstuk 4 val daarop dat die plaaslike gemeente `n gebalanseerde gemeente behoort te wees wat aandag gee aan die vyf doelwitte wat daar vir enige gemeente is: a) koinonia; b) onderrig; c) evangelisasie; d) diens en e) aanbidding.

In hoofstuk 5 word daarop gewys dat die kleingroep `n definitiewe rol te vervul het in die herontdekking, maar ook in die uitlewing van die gemeente as missionêre gemeenskap. Die kleingroep as voertuig in die bemiddeling van gemeenskap en die missionêre gerigtheid van die gemeente is onontbeerlik.

Indien daar nie leierskapsontwikkeling binne `n plaaslike gemeente plaasvind nie, sal daar ook nie `n sinvolle en missionêr gerigte kleingroepbediening binne `n plaaslike gemeente moontlik wees nie.

Die laaste hoofstuk, hoofstuk 6, is `n samevatting van die hele studie en praktiese riglyne oor hoe die kleingroepbediening binne die plaaslike missionêre gemeenskap geïmplementeer kan word.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

# HOOFSTUK 2: BYBELSE EN TEOLOGIESE FUNDERING VIR GEMEENSKAP

## 2.1 INLEIDEND

### 2.1.1 Die behoefte aan gemeenskap

In hierdie hoofstuk word die belangrikheid van die Bybelse en Teologiese Fundering van gemeenskap (koinonia) uitgelig as grondslag vir `n gesonde missionêr-gerigte kleingroepbediening binne `n plaaslike gemeente. Dit is geweldig belangrik dat die beginsels wat agter gemeenskap lê Bybels verstaan en teologies beoordeel sal word, want as daar `n begrip van die belangrikheid van gemeenskap ontbreek, kan dit die funksionering van `n kleingroepbediening binne `n plaaslike gemeente beïnvloed.

Hendriks (1996:142) sê in sy algemene samevatting van die interpretasie van die statistieke van Kerkspieël IV:

> Denominasionele gebondenheid en invloed neem af. Die fokuspunt, die groeipunt van kerkwees is die plaaslike geloofsgemeenskap. Denominasionele strukture en teologiese inrigtings vertraag heel dikwels die uiters noodsaaklike aanpassings en teologiese heroriëntering.... Die kwyn van gevestigde denominasies is te wyte aan `n gebrek aan aanpassingsvermoë, dinamiese leierskap en visioenering. Die geheim van groei lê in die ‘empowerment’ van "gewone" lidmate.

Deur die interpretasie van hierdie statistieke wil Hendriks daarop wys dat die mense vandag tog teruggryp na die kerk, en dan veral sekuriteit vind in

verhoudings met, en die ondersteuning deur mede gelowiges, want, sê hy, die "modernisme met sy klem op die individualisme het `n verhoudingsvakuum geskep. Ongelukkig het die afgelope vier eeue se teologie, onder die invloed van die tydsgees, eensydig opgegaan in die kognitiewe en dogmatiese" (Hendriks 1996:143).

Die gevolg was dat daar `n ongebalanseerde klem op die suiwerheid van die leer gelê is en die verhoudingsaspek van Christenwees op die agtergrond geskuif is.

Die mens het met die klem wat op die individue geval het, vereensaam, want die kerk het `n plek geword "where you put on your best clothes; you sit in Sunday school, you worship, you have potluck dinner together - but you don't bring your life! You leave behind all your pain, your brokenness, your hopes, even your joys" (Larson 1994:14).

Die mens van vandag is saam in die kerk, maar eensaam in sy nood. Hulle ken mekaar op die naam, maar is onbewus van die uitroep van nood in die hart van `n medereisiger op die lewenspad. Die mens was nog nooit so naby aan mekaar nie das gevolg van ons nuwe moderne kommunikasie sisteme en die nabyheid van ons wonings. Tog was die mens nog nooit so ver van sy medemens gewees nie, sê Van Duinen (aangehaal deur Noordegraaf 1980:100).

Die prestasies van die mens van hierdie eeu is net absoluut ongelooflik, dit hou net nie op nie. Dit gaan van krag tot krag, maar benede al hierdie groot prestasies van ons tyd, is daar `n groot mate van moedeloosheid en `n wanhoop.

> While efficiency and control are the great aspirations of our society, the loneliness, isolation, lack of friendship and intimacy, broken relationships, boredom, feelings of emptiness and depression, and a deep sense of uselessness fill the hearts of

> millions of people in our success-orientated world (Nouwen 1989:21).

Ongelukkig kon die mens nie altyd sy lewe en sy nood na die kerk gebring het nie, aangesien daar nie genoeg klem op gemeenskap (die verhoudingsaspek tussen God en mens, en mens en mens onderling) gelê is nie, want ongelukkig het die kerk in baie gevalle `n "museum" (Larson 1994:15) geword, waar `n lewe van oorwinning ten toon gestel is.

> We keep spotlighting people who say, "I've got it made. I used to be terrible, but then I met Jesus, got zapped by the Spirit, get into a small group, got the gifts and the fruit of the Spirit......"

Die implikasie hiervan is dat mense "`n sondaar emeritus" is, met ander woorde hulle worstel glad nie meer met die sonde nie. Hulle is dus "meer geestelik" as die "ander" wat nog met die sonde worstel ten spyte van 1 Joh 1:8 "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie."

Daarom is daar nie plek vir die een wat regtig worstel met die sonde nie. `n Sondaar word amper nie aanvaar nie. `n Sondaar moet uit die gemeenskap van die gelowiges verwyder word. Dit was dan ook in baie gevalle so in die kerk se geskiedenis, veral wanneer die sewende gebod oortree is deur `n jongmeisie. Sy moes dan in `n tehuis van ongehude moeders as't ware weggesteek word, haar baba afteken, en dan was daar weer vir haar ruimte in die gemeenskap van die gelowiges, soms met baie verwyte en protestering.

Bonhoeffer (1954:110) sluit aan by die feit dat daar nie altyd vir `n "sondaar" plek was in die vergadering van die "oorwinnaars" nie wanneer hy sê:

> He who is alone with his sin is utterly alone. It may be that Christians....may still be left to their loneliness. The final break-through to fellowship does not occur, because, though they have fellowship with one another as believers and as devout people, they do not have fellowship as the undevout, as sinners. The

> pious fellowship permits no one to be a sinner. So everybody must conceal his sin and himself from fellowship. We dare not to be sinners. ***Many Christians are unthinkably horrified when a real sinner is suddenly discovered among the righteous*** (eie kursivering). So we remain alone with our sin, living in lies and hypocrisy.

In `n gemeente (Willow Creek Community Church) wat die navorser in die VSA besoek het, is telkens die refrein gehoor "Lost people matter to God, therefore they matter to us."

King (aangehaal deur Dudley & Hilgert 1987:117) sluit by laasgenoemde aan wanneer hy sê: "While abhorring segregation, we shall love the segregationist. It is the only way to create the beloved community."

Sondag vir Sondag is daar mense in die kerk wat met allerhande krisisse in hulle lewe worstel, maar wat alleen daarmee moet worstel. Hulle het niemand om mee saam die krisis of sonde te hanteer nie, niemand met wie hulle dit wat hulle ervaar met vrymoedigheid kan deel nie.

Die kerk van Jesus Christus sal `n gemeenskap moet word waarbinne daar nie plek is vir die vereensaming, verstoting, verwerping en veroordeling wat so deel is van die gemeenskappe waarbinne ons lewe nie. Die kerk moet `n plek wees waar die Goddelike bedoeling vir gemeenskap en veral vir die geloofsgemeenskap opnuut ontdek en herontdek word.

Natuurlik is dit waar dat wanneer daar sonde in die lewe van die gelowige is, dit die gelowige van die gemeenskap van gelowiges weerhou . Sonde is selfveroordelend. Dit gebeur dat gelowiges `n oordeel uitspreek oor `n mede-broer, in plaas daarvan dat daar binne `n geloofsgemeenskap ruimte gemaak word vir "Bely julle sonde eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word" (Jak 5:16), en ook "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in `n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom" (Gal

6:1).

Die mens is maar net so siek soos wat sy diepste geheimenisse is. Die mens wat sy diepste geheimenisse met iemand anders kan deel “begin to divide the pain and the shame” (Baker 1994:2).

### 2.1.2 Die oordrewe klem op individualisme

Individualisme lei tot die ondermyning van gemeenskap soos wat God dit in die Woord bedoel het om te wees. Die klem val deesdae op die individu, en daarom op individualisme. Die mens se verhouding met God word ook in individualistiese terme gesien. Dit is “meism” (Gorman 1993:57) wat op die voorgrond tree. Dit is vandag die tyd van die selfgemaakte individualis, “I did it my way”. “Ek het my bekeer”, en “ek het my sonde bely” en het daarom niemand anders nodig om reg te maak waar ek verbeur het nie.

Individualisme word as `n sentrale eienskap gesien en as deugsaamheid beskrywe. Mense en gemeenskap word gesien as dinge om te gebruik vir individuele satisfaksie en groei. Selfs vriendskap word gesien vir dit wat in die persoonlike individu se behoeftes kan voorsien. Vriendskappe word gesluit ter wille van werksbevordering, ter wille van moontlike kontrakte, dus ter wille van die bevoordeling van die individu se eie behoeftes.

Huwelike word dan ook gesluit om in die individu se behoeftes te voorsien en wanneer daar nie meer in die behoeftes voorsien word nie, dan lei dit tot egskeiding. Juis sedert die sewentiger jare is daar `n geweldige verhoging in die egskeidings syfer. Sosioloë sê dat een van die hoofredes hiervan is:

> ....persons who were unhappy increasingly turned to divorce as a way to remove themselves from their past and to find happiness. Since they believed that they had a right to personal happiness,

> this value took precedence over commitment to the sanctity of marriage as an institution (Balswick & Balswick 1994:85).

Individuele geluk in die huwelik word dan belangriker as die verbintenis van permanente trou in die huwelik as instelling van God beskou. Indien een van die vennote in die huwelik dan nie meer gelukkig is nie, word die huwelik ontbind sodat verder na geluk gesoek kan word.

Hierdie huwelik word `n oop huwelik genoem. Daardeur wil hulle sê dat daar nie `n onderskeiding van die rol van die man en die vrou in die huwelik is nie, maar dat verskeie take en rolle wat daar in die huwelik vervul moet word, gedoen word op die basis van "...social exchange....This system is based on the simple assumption that all relationships involve costs and rewards (:85)."

Die klem in die bogenoemde aanhaling belig steeds die begeerte na die bevrediging van die individu se behoeftes. Ek wil meer uit die verhouding kry as wat ek insit, anders is die winsgrens te klein. Gorman (1993:58) sê dat `n passie vir self-vervulling "....at any cost has accentuated our need for personal autonomy and separateness. We can decide on our own. Nobody tells us what to do. We can also drop out if that is what is required to insure our freedom."

Mense los huweliksmaats, kinders en verantwoordelikhede agter in hierdie soeke na vryheid en self-vervulling of self-handhawing, wanneer die wins in verhoudings met ander te klein is. Die individu se reg word verhef om te doen wat hy ook al wil en die wêreld van die media steun hierdie boodskap deur te sê: "Jy kan alles kry wat jy wil, alles wat jy droom, dink en begeer is binne jou bereik".

Die persoonlike keuse is die belangrikste, dit wat jy glo wat goed en reg is en die moeite werd om na te jaag. Hierdie individualisme sluit natuurlik ook "materialisme, hedonisme, rekreasionisme, konsumerisme en talle ander" (Du Toit 1995:477) in. Du Toit (1995:477) gaan verder om te sê: "Die volgroeide

vrug daarvan is die moderne sekularisme (wat eintlik ook die agtergrond vorm van die sosiologiese navorsing), naamlik die afwysing van God se bestaan en heerskappy. Daarom is die grondtoon van al hierdie -ismes op horisontale vlak dié van individualisme en selfsentreerdheid. So vorm sekularisme en individualisme saam die verskriklike teëbeeld van die dubbele liefdesgebod. Die stryd van die moderne gelowige is juis dat hulle soos alle ander mense onder die suigkrag van hierdie tendense kom en nie altyd weet hoe om dit te hanteer nie."

Dit wat hierbo uitgelig is as individualisme is niks anders nie as "a distortion of the biblical view of the sacredness of the person. It is a perversion of God's intentions in fashioning us as unique created beings, no two alike" (Gorman 1993:61).

Die self word in die middelpunt van die mens se wêreld geplaas. Dit is juis waarteen Paulus waarsku wanneer hy sê: "Hulle vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen" (Rom 1:26b).

Die basis van individualisme soos dit hier bo geteken is, is nie Bybels nie, want die mens is nie gemaak om `n enkeling te wees nie, maar, sê Dyrness (aangehaal deur Gorman 1993:62), dat die mens "geskep is vir verhoudings". Juis wanneer die mens in verhoudings is, reflekteer hy die beeld van Sy Skepper. Later in die hoofstuk sal hierdie punt in detail bespreek word.

Menswees is "....geen eenzaam avontuur...." (Noordegraaf 1980:100) nie. Dit is ook die oortuiging van die navorser, en daarom wil hierdie hoofstuk juis weer die waarde en fundering van Bybelse gemeenskap laat herleef, want individualisme het nie alles tot stand gebring wat dit belowe het nie. Die mens is definitief nie gemaak om alleen te wees nie.

### 2.1.3 Die kerk en individualisme

Die kerk het ook nie die invloed van die individualisme vrygespring nie. Die toenemende vlaag van individualisme en sekularisme, wat sosiologies en teologies gesproke hand aan hand loop, kan bestry word.

> Dit kan slegs slaag as die kerk voluit as lewende liggaam van Christus sal funksioneer, ten volle bewus en oortuig van sy roeping en getuienis in hierdie wêreld, kragtig in sy uitvoering daarvan, sy lidmate van kindsbeen opvoed, saamtrek en betrokke maak in die lewende, missionêre, groeiende en dinamiese gemeenskap van gelowiges wat nie aan die suigkrag van die individualisme toegee nie, maar grondig oortuig is van en besiel deur die meerwaarde van huwelik, gesin en gemeenskap, en die verbrokkeling daarvan met persoonlike en gesamentlike inset sal beveg (Du Toit 1995:478-479).

Die rol wat die kleingroep in die realisering van die bogenoemde speel is vir die navorser belangrik, en sal mettertyd in die hele studie uitgewys word. Die bogenoemde lewensbeginsels kan nie regtig in die gemeente in `n groot groep alleen aangeleer en uitgelewe word nie.

### 2.1.4 Gemeenskap - waarom is dit noodsaaklik?

Ek sluit hierdie paar inleidende paragrawe af met `n aanhaling van Kraus (aangehaal deur Gorman 1993:23):

> The most conspicuous weakness of evangelical Protestant theology has been its lack of understanding and witness to authentic community as the fulfillment of the believer's personal relation to God.

Juis aangesien dit `n algemene leemte in evangeliese Protestantse teologie is, waar die klem op leer suiwerheid val, is dit dringend noodsaaklik dat daar in

hierdie hoofstuk besin sal word oor die belangrikheid van die Bybelse en Teologiese klem op gemeenskap as ***fundering vir `n kleingroepbediening*** binne `n plaaslike gemeente.

Die tyd van sekularisme en, individualisme maak dit dringend noodsaaklik om die vraag en soeke na die God bedoelde gemeenskap te ondersoek en te implementeer.

Daar is `n soeke na gemeenskap deur die mense van vandag. Ons leef nie meer in `n “home-base time” (Callahan 1990:105) nie, maar in `n pelgrimstyd. “Home-base time”, beteken die huis is die sentrum waarom alles gedraai het, maar die huis van vandag is meer `n plek waar die mens kom rus na `n bedrywige dag op `n ander plek.

Die mens van vandag is gedurig op pad. Die huis is nie meer altyd die middelpunt van familielewe soos vroeër, waar groot families bymekaar gewoon het, en so vir mekaar omgegee het nie. Die mens is altyd op pad iewers heen en die uitdaging is dan om `n huis langs die pad te vind.

Die soeke na gemeenskap is `n soeke na “sharing and caring” (Callahan 1990:105) te midde van die verwydering en individualisme van die tyd. Dit is `n soeke om liefde te ontvang, maar tog ook om liefde te gee. Mense wil deelneem aan hierdie “sharing and caring” en wil nie net ontvang nie, want die implikasie daarvan is `n eensydige verhouding. Die mense skram hiervan weg, want dit plaas hulle in `n staat van afhanklikheid.

Callahan (1990: 106) sê:

> At the same time, people search for relationships of mutuality in which they can both give and receive sharing and caring. They want to share mutually, collegially with the other persons in the grouping. They want to care deeply, fully and wholly, for and with other persons in the grouping.

In die inleidende paragrawe van hierdie hoofstuk wou ons dus die vraag beantwoord: Waarom is dit belangrik om oor die Bybelse en Teologiese Fundering vir gemeenskap te besin?

Dit is duidelik dat die tyd waarin ons lewe, een van sekularisme en individualisme, self daarna vra. Die gevolge van die oordrewe klem op individualisme in die Westerse wêreld laat `n behoefte aan die herontdekking van gemeenskap ontstaan, en dit is juis wat hierdie hoofstuk wil weergee.

## 2.2 OU TESTAMENTIESE PERSPEKTIEWE OP GEMEENSKAP

Waarom begin die fundering vir gemeenskap by die Ou Testament?

In aanluiting by die vraag sê Gerstenberger (2002:13):

> … those who define themselves only in terms of the present will be able neither to understand nor correct themselves… the study of biblical theology functions for us as illumination and critisism…the Old Testament/Hebrew Bible contains such mixture of human self-knowledge and such crituque of both society and relegion, which is still not exhausted, that time and time again repeated reading can only prove life-giving.

Gemeenskap ontstaan uit God en word deur God geïnisieer. Wanneer daar in hierdie studie gehandel word oor gemeenskap, en die rol wat die kleingroep speel in die vervulling daarvan, is dit belangrik om te onthou dat ***God die ware subjek is***, en nie die kleingroep nie. Dit gaan nog altyd oor God, want sonder Hom sou daar geen gemeenskap en geen kleingroepe moontlik gewees het nie. Gemeenskap is `n gawe van God, `n kleingroepbediening is net `n middel daartoe.

Die kleingroep is `n middel waardeur die mensdom God se wil vir gemeenskap in die lewe van elke dag kan realiseer. Gemeenskap ontstaan in `n gedissiplineerde samekoms van mense waar God die middelpunt is, met ander woorde, in die teenwoordigheid van God. Die bymekaarwees van mense ***as sodanig***, waarborg nie noodwendig gemeenskap nie, maar om die dissipline van saamwees in die teenwoordigheid van God te beoefen, ***kan*** lei tot gemeenskap. Daar kan ook geen sprake wees van die ontwikkeling van gemeenskap sonder `n gedissiplineerde samekoms nie.

Dit maak nie saak hoe individualisties `n persoon is nie, die een of ander tyd sal hy deel van `n groep moet wees waardeur een of ander saak aangeraak sal word, hetsy werks- of persoonlike omstandighede. Daarom is dit belangrik dat ons gemeenskap in die lig van die Skrif sal ondersoek, en in die navorsing ook by God as die gemeenskap - skeppende en -soekende God sal begin.

Gemeenskap gebeur nie maar net vanself nie. Dit het ook nie in die skepping van die mens per abuis ontstaan nie.

Gemeenskap is daar, want:

### 2.2.1 God is `n God van gemeenskap

#### 2.2.1.1 God het gemeenskap ***in die lewe geroep***

Die Ou Testament handel nie oor die Godsgemeenskap sonder om daarmee na Hom te verwys wat die gemeenskap in die lewe geroep het nie. God is die inisieerder van gemeenskap. Gemeenskap het nie eers by God se roeping van Abraham begin nie. In die besinning oor God as `n gemeenskapskeppende -en soekende God, is dit belangrik om by die skepping te begin.

Stott (1984:15-16) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die fout gemaak word om God uitsluitlik as die God van die verbond te sien. Israel het ook die fout gemaak. Dit is `n groot waarheid wat God aan Abraham sê: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7b). Dit is `n halwe waarheid wanneer dit so oorbeklemtoon word asof God net die God van Israel alleen is. Indien die waarheid oorbeklemtoon word, dan beperk dit die Lewende God.

> They reduce him to the status of a tribal deity, a petty godling. He became Yahweh of the Israelites, more or less on par with Chemosh the God of the Moabites and Milcom the God of the Ammonites. They also forgot the other nations, or simply despised and rejected them (Stott 1984:15-16).

Die Bybel begin egter met die nasies en nie met Israel nie. Die Bybel begin met Adam en nie met Abraham nie. Die Bybel begin met die skepping en nie met die verbond nie. Die skepping alreeds is `n motivering dat God `n God is van gemeenskap, wat ook gemeenskap geskep het.

Een alleen kan egter nie gemeenskap hê nie, want met wie sal dit gebeur? Sweet (aangehaal deur Icenogle 1994:20) sê: "One is nothing. Two is everything. One is not even a number. Two is the beginning of all numbers. ...Plurals are basic to all that God creates.... Unitariness was the first thing God didn"t like."

God is volgens hom van die begin af teen ene gekant, want God self is `n God van gemeenskap. Gen 1:26 sê:

> Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde en al die diere wat op die aarde kruip.'

Heyns (1978:48) sê van die Ons dat dit nie op `n majesteitsmeervoud dui nie. God spreek ook nie hier deur "....die engele of in `n politeïstiese sin ander gode

as medeskeppers aan nie....maar dit dui op die volheid van lewe wat God in Homself besit en in gemeenskap met Homself deel".

Hierdie gemeenskap is gemeenskap tussen die Drie-Eenheid wat alreeds in die begin by die skepping saam aan die werk is. Die wêreld begin "by the divine word of a personal, communicating God" (Kaiser 1978:72). Die teks bevestig tien keer "Toe het God gesê...." (Gen 1:3; 6, 9, 11, 14, 20, 24, 26, 29; 2:18).

Dit word in die kerk se liedere gesing, en dit is diep ingebed in die belydenisskrifte van die kerk: "God in three Persons, blessed Trinity" (Gorman 1993:24). God is `n Persoon wat in `n verhouding met Homself staan. Hy kommunikeer. Hy skep persoonlike gemeenskap. Hierdie Skepper God is nie maar net `n mag, `n beginsel of `n onpersoonlike dinamiek nie. Hy is `n Persoon wat dit geniet om verhoudings na te strewe. Die hele Skrif is `n bevestiging van God se verbintenis om verhoudings met sy skepsele daar te stel.

### 2.2.1.2 Gemeenskap - Twee of meer persone is nodig

Gemeenskap is alleenlik moontlik wanneer daar meer as een persoon in `n verhouding met `n ander persoon betrokke is en daar sprake van kommunikasie is. `n Mens kan nie met `n onpersoonlike mag of krag gemeenskap hê of kommunikeer nie. God openbaar Homself van die begin af as Iemand wat in gesprek is met die mens wat Hy gemaak het (Vgl Kaiser hierbo: "Toe het God gesê").

Hierdie gemeenskap tussen die Drie-Eenheid, wat reeds by die skepping sigbaar is, word vanuit `n Nuwe Testamentiese perspektief verder belig, verklaar en bevestig. Dit is belangrik om daarop te wys dat die Drie-Eenheid nie slegs `n Nuwe Testamentiese gegewe is nie, maar dit is tog so dat dit nie so

duidelik in die Ou Testament aangetref word as in die Nuwe Testament nie. Die Drie-Eenheid het net duideliker na vore gekom in die Nuwe Testament. God was egter nie net `n Drie-Enige God van die Ou Testamentiese of Nuwe Testamentiese tyd af nie, Hy is van ewigheid al die Drie-Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees (Heyns 1978:48).

Uit die navorsing is dit duidelik dat teoloë deur die bank konsensus oor die bogenoemde het: dat God as God Drie-Enig die God van gemeenskap is. Dit is reeds duidelik van die begin van die Bybel af en sal altyd so wees.

Hebr 1:1&2 bevestig dat God Iemand is wat van die begin af met die mense wat Hy gemaak het gekommunikeer het: "In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak ."

Hy is dan ook Een Wese, maar Drie-Persone, daarom is daar sprake van gemeenskap in die Drie-Eenheid. Daar kan alleenlik sprake van gemeenskap en kommunikasie wees wanneer daar persone by betrokke is. Daar kan geen sprake wees van eenheid, selfs in die Drie -Eenheid sonder gemeenskap nie. Die eenheid van God word gevind in die enkelvoudige karakter van gedeelde gemeenskap.

Moltmann (aangehaal deur Gorman 1993:25-26) sê:

> The three divine persons are not there simply for themselves. They are there in that they are there for one another. They are persons in social relationship. The Father can be called Father only in relationship with the Son; the Son can be called Son only in relationship with the Father. The Spirit is the breath of the one who speaks. The breath goes out from the Father in the eternal moment in which the Father speaks the Word, which in another relationship is called the Son.... Being-a-person (Personsein) means "being in relationship.

### 2.2.1.3 God beleef gemeenskap sonder die mens

Daar word soms beweer dat God die mens gemaak het aangesien hy alleen was en `n behoefte aan gemeenskap met ander persone gehad het. Indien dit waar sou wees, dan sou dit beteken dat God afhanklik van Sy skepping is. Dit sal beteken dat God mense moes skep om werklik gelukkig te wees, of volkome vervul in sy eie bestaan.

God was en is selfgenoegsaam in Sy eie verhoudings lewe. Joh 17:5 en in Joh 17:24 wys egter dat die argument in die vorige paragraaf onakkuraat is. Joh 17:5 sê: "Verheerlik U My ook nou by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."

"Here is an indication that there was a sharing of glory between the Father and the Son before creation" (Grudem 1994:161). In Joh 17:24 sê Jesus verder: "Vader, Ek wil graag hê dat waar ek is, hulle wat U my gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U my gegee het omdat U my al voor die skepping van die wêreld liefgehad het." "There was love and communication between the Father and the Son before creation" (Grudem 1994:161).

Hierdie gedeeltes dui eksplisiet op die aanvaarding dat daar tussen die Persone van die Drie-Eenheid van alle ewigheid perfekte liefde, gemeenskap en kommunikasie was. Dit is wel so dat daar sonder liefde en kommunikasie geen sprake van gemeenskap kan wees nie. Weereens: daar kan net sprake van gemeenskap tussen persone wees wat met mekaar kommunikeer. Die feit dat God drie persone is, maar een God, dui daarop dat God nie eensaam was nie, en dat daar nie `n behoefte by God ontstaan het aan gemeenskap met mense nie.

> In fact, the love and interpersonal fellowship, and the sharing of

> glory, have always been and will always be far more perfect than any communion we as infinite human beings will ever have with God (Grudem 1994:161).

God het natuurlik nie enige deel van die skepping nodig om te bestaan of om gemeenskap te ervaar nie, want sonder die skepping sal God nog steeds bestaan as oneindig liefdevol, regverdig, ewig, alomteenwoordig, `n Drie-Eenheid tussen wie daar gemeenskap en kommunikasie is.

Tog is dit so dat, alhoewel God nie ons, of die skepping nodig het nie, ons en die res van die skepping Hom tog kan en behoort te verheerlik en so vir Hom blydskap verskaf.  Jes 42:7 sê ook dat elke mens geskep is vir Sy eer, en ons moet Hom prys (Ef 1:11,12) en besef dat Hy waardig is “om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep” (Open 4:11).

Dit is belangrik om aan die Drie-Eenheid op so `n manier te dink dat die realiteit van die Drie Persone gehandhaaf word, en dat elke persoon “is seen as relating to the other as an ‘I’ (a first person) and a ‘you’ (a second person) and a ‘he’” (a third person) (Grudem 1994:254).

Die enigste manier waarop dit moontlik is, is om te sê dat die onderskeiding tussen die persone nie een van wese is nie, maar `n verskil in verhouding.

> This is something far removed from our human experience, where every different human "person" is a different being as well. Somehow God’s being is so much greater than ours that within his one undivided being there can be an unfolding into interpersonal relationships, so that there can be three distinct persons (Grudem 1994:254).

Die verskil tussen die Vader, Seun en Heilige Gees lê dus in die wyse waarop hulle in `n verhouding met mekaar en met die skepping staan.  Die ***unieke kwaliteit*** van die Vader bestaan in die wyse waarop Hy, as Vader,  in verhouding met die Seun en die Heilige Gees, staan.  Die ***unieke kwaliteit*** van

die Seun bestaan in die wyse hoe Hy in verhouding met Sy Vader en die Gees staan. Die Gees se **unieke kwaliteit** lê ook in die wyse waarop Hy weer in verhouding met die Seun en die Vader staan.

Dit is belangrik om te sê dat die Vader, Seun en Heilige Gees nie as individue gesien moet word nie, maar hulle is `n interafhanklike eenheid. `n Verdere element wat die gemeenskapskarakter van God Drie-Eenheid bevestig is die name wat gebruik word om God te beskrywe.

### 2.2.1.4 God se Name beskryf ook Sy gemeenskapskarakter

> Using a more technical term, we can say that all that Scripture says about God uses anthropomorphic language - that is, language that speaks of God in human terms (Grudem 1994:159).

Die Skrif gee nie hierdeur vir die mens `n verkeerde en `n onvoldoende prentjie van wie God is nie, maar wys dan juis vir die mens daarop dat God gekies het om Hom op hierdie wyse in terme wat vir die mens verstaanbaar is, uit te druk. Vroom mense het nie die name van God ontdek of uitgedink nie, maar dit is deel van God se openbaring van Homself in Sy Woord. "Daarom openbaar die eie naamgewing sowel as die bekendmaking daarvan, fundamentele waarhede ten opsigte van *God*, die *mens* en hul *verhouding tot mekaar*" (Heyns 1978:55).

Heyns gaan verder om te sê die feit dat God Homself name gegee het, verder daarop dui, en `n bevestiging is, dat Hy `n persoon is. Sy verskillende name is `n aanduiding van die volheid en rykdom van sy persoon en daarom sou een naam alleen nie die volheid en rykdom van God kon uitdruk nie.

Daar is `n sinvolle bedoeling in die naamgewing opgesluit: God maak Homself "toeganklik deur middel van sy Name, want in sy Name is Hyself teenwoordig" (Heyns 1978:56). Hierdie naamgewing van God geskied natuurlik nie ter wille

van Homself nie, maar ter wille van die mens. Sodoende verstaan die mens iets meer van God. Die naamgewing is geleë in die verhouding met die mens wat dit uiteindelik moontlik moes maak.

God se naamgewing wys en bevestig juis Sy andersheid, aangesien afgode se name deur die mens self gekies word. God neem egter self die inisiatief, bevestig daarmee dat Hy `n Lewende God is in die verhouding wat daar tussen Hom en die mense, Sy volk, tot stand kom.

> God se Naam is in wese God self soos Hy in sy selfopenbaring onder sy bondsvolk teenwoordig is en steeds bekend wil wees. Daarom is sy Naam nie net die waarborg vir sy teenwoordigheid nie, maar tipeer tegelyk ook sy persoonlike handelinge met sy volk in genadevolle roeping en regverdiging, heiliging, en liefde (Lev 18:21, 20:3, 22:2; Amos 2:7; Miga 5:3; Eseg 36:23) (Heyns 1978:56).

Naamgewing deur God, is `n ***“gemeenskapstigtende*** (eie kursivering) daad van God” (Heyns 1978:56), en dit rig `n appèl tot die mens, en ***vra*** sodoende reaksie. Die kennis van die Naam is die grondslag van gemeenskap tussen God en die mens.

Die Naam van God dui dus vir die navorser op die feit dat ***God*** `n God van ***gemeenskap*** is, `n ***gemeenskap-skeppende*** en ***-soekende*** God.

### 2.2.1.5 Samevattend

Die bogenoemde kan saamgevat word deur te sê dat God beskrywe kan word as `n ***Goddelike gemeenskap*** in ***dialoog*** met mekaar.

- God is dus `n God van gemeenskap.
- Gemeenskap in die Drie-Eenheid is `n realiteit.
- Die Drie-Eenheid kan bestaan sonder die gemeenskap met die skepsele,

maar tog het God `n keuse gemaak om die mens te skep en te laat deel in sy gemeenskapsoekende karakter.

- Die mens is daarom ook geskep vir gemeenskap.

### 2.2.2 Die mens is geskape vir gemeenskap

Wanneer hierdie gemeenskap-skeppende en -soekende God egter die mens skep, skep hy die mens met ***die behoefte aan gemeenskap*** met Sy Skepper en met sy mede-skepsel.

#### 2.2.2.1 Die menslike behoefte aan gemeenskap

***Die volgende vrae kan tereg gevra word:***

- Waarom is daar by die mens `n behoefte aan gemeenskap?
- Indien God nie die mens nodig het vir gemeenskap nie, waarom het mense dan mekaar nodig?

> `n In homself opgeslote, selfgenoegsame, selfonderhoudende en geïsoleerde wese, is die mens nie. Dat die mens `n ek is, en hoe hy `n ek is, is trouens nie onafhanklik van die verhoudinge waarin hy staan nie. Volgens die Skrif is die mens so seer oop en onaf, dat hy eers in verhoudinge tot sy eie identiteit kom en sy bestemming as mens bereik (Heyns 1978:128).

Hoekom wil Heyns beweer dat die mens “eers in verhoudinge tot sy eie identiteit kom en sy bestemming as mens bereik”? Waarom is die mens eers volledig mens binne `n verhouding met ander mense?

Die skepping van die mens maak dit duidelik waarom die mens `n behoefte aan `n gemeenskapsverhouding met ander het om werklik sy Godgegewe potensiaal te bereik. Die volgende beginsels, vanuit die skepping van die

mens, dien as motivering waarom die mens `n gemeenskapswese is wat in gemeenskap met ander sy bestemming as mens bereik:

## a) Die mens is geskape na die beeld van God

### i) Die mens - anders as die diere

Uit al die geskape wesens wat God gemaak het, is dit ***net van die mens*** wat God in Sy beplanning van hulle skepping gesê het: "Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip'" (Gen 1:26).

God het die mens nie net na Sy beeld beplan nie, maar: "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het hy hulle geskep, man en vrou het Hy hulle geskep" (Gen 1:27).

Die woorde ***beeld*** en ***gelykenis*** (1953 Afrikaanse vertaling) is "prakties as sinonieme op te vat" (Heyns 1978:125). Vriezen (1974:447) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die woord "gelykenis" net `n nadere omskrywing van "beeld" is en nie `n ander betekenis inhou nie.

Die betekenis van die mens wat na die beeld van God geskape is, is dat die mens soos God is en Sy verteenwoordiger hier op aarde is. Daardeur word nie gesê dat God nie op aarde teenwoordig is nie, want die Bybelse God is juis die Alomteenwoordige en Lewende God. Verder is God ook nie vir sy teenwoordigheid op aarde van die mens afhanklik nie.

Die Hebreeuse woord vir beeld (tselem) en die Hebreeuse woord vir gelykenis (demût) verwys na iets wat dieselfde is, maar nie identies aan dit wat dit verteenwoordig nie (Grudem 1994:442). Die mens is dus God se

verteenwoordiger hier op aarde, met ander woorde God word in en deur die mens sigbaar teenwoordig.

> Die kosmos is nie deursigtig sodat iets verder, dieper of hoër gesien kan word nie.  Maar die mens - as beeld van God - is wel deursigtig.  Wie na die mens kyk, sy handelinge sien en sy woorde hoor, kyk as't ware deur die mens, en kyk vas en word herinner aan `n ander werklikheid, naamlik God (Heyns 1978:125).

Die mens ***is dus anders*** as die diere, maar aan die ander kant is die mens ook nie dieselfde as God nie.  Die mens is `n "heenwyser na, verteenwoordiger van, ambassadeur en saakgelastigde vir God, en bondgenoot van God, op aarde" (:125).

## ii)  Die mens is die kroon van die skepping

Wanneer die mens as "beeld" en "gelykenis" van God beskrywe word, dan is daar al baie pogings aangewend om `n spesifieke, of `n paar spesifieke karaktertrekke uit te sonder in die mens waarin die beeld van God duidelik na vore kom.  Karaktertrekke wat uitgelig is, is dat die mens as beeld van God veral verwys na die intellektuele vermoëns van die mens.  Ander wys weer op die vermoë wat die mens het om morele besluite te neem, of om `n eie wil te hê.  Die skepping van die mens as man en vrou en sy opdrag om oor die skepping te heers, word ook uitgelig en beklemtoon.

Grudem (1994:443) sê tereg dat die woorde vir die oorspronklike lesers duidelik was.  Hy sê dan verder "When we realize that the Hebrew words for 'image' and 'likeness' simply informed the original readers that man was like God, and would in many ways represent God, much of the controversy over the meaning of 'image of God' is seen to be a search for too narrow and too specific meaning."

Vir die oorspronklike lesers het dit dan eenvoudig net beteken, "Laat Ons die mens maak om soos Ons te wees en om Ons te verteenwoordig." "Beeld" en "gelykenis" `is gekies om die onderskeid wat daar aan die een kant tussen God en die mens is, maar aan die ander kant die besondere noue verhouding wat daar tussen God en die mens bestaan, aan te dui (Vriezen 1974:189).

Wanneer daar gesê word die mens is na die beeld van God geskape en verteenwoordig Hom, dan is dit `n omvattende beskrywing van die mens en kan dit nie in `n enkele karaktertrek saamgevat word nie. Alhoewel dit dan moeilik is om die beeld van God in ons te definieer in `n spesifieke karaktertrek, kan daar vele aspekte genoem word waarin die mens in sy bestaan die beeld van God vertoon, anders as die res van die skepping.

Vir die doel van hierdie studie is dit nie nodig om al die aspekte uit te lig nie, een aspek wat die navorser hier ter wille van die studie wil beklemtoon, is in die ***verhoudingsaspek*** van die beeld van God wat ook in die mens na vore kom. Vriezen (1974:187-188) noem dat die sekerheid van die "gemeenskap van die heiliges" en die van God met die mens bestaan in "de voorstelling van de mens als imago Dei."

Hierdie woord, sê hy verder, kan `n "kritsich-teologiseh" begrip genoem word, en daarmee wil hy sê dat dit aan die een kant `n direkte positiewe gemeenskap moontlik maak, maar aan die ander kant die gelykheid tussen die twee lede in die verhouding uitsluit.

### iii) Die mens as verhoudingswese is een aspek

Om na die beeld van God geskep te wees, het dus nie slegs betrekking op die mens as `n verhoudingswese, wat in `n verhouding met God en met sy medemens staan nie. Na die beeld van God geskape te wees verwys na die totale menswees, en die mens in gemeenskapsverhoudinge is maar een aspek

wat hier uitgelig word ter wille van die beklemtoning van die mens ***ook as gemeenskapswese***.

Dit word dus nie in hierdie navorsing as die Alfa en Omega van die beeld van God in die mens geïmpliseer nie, maar net ter wille van die gemeenskapsgedagte uitgelig.

Westermann (1981:99) sê dat die mens as beeld van God, nie primêr `n uitspraak oor die mens nie, maar dit dui op die ***skepping van die mens*** deur God.  Die skepsel wat God van plan was om te maak, moes met Hom in `n verhouding tree, moes na God lyk sodat daar iets tussen die mens en God kon gebeur, sodat God met hom kon praat en die mens kan antwoord.

Daar is dus sprake van ***gemeenskap*** en ***kommunikasie*** tussen God en die mens.

### iv) Man en vrou is hulle geskape

Die voorstelling dat God twee definitief onderskeibare persone geskep het as man en vrou, is juis `n verdere bevestiging van die feit dat die mens na die beeld van God geskape is.  Die pluraliteit, man en vrou, is juis `n verwysing na die pluraliteit wat daar ook in die Drie-Eenheid is.

Die eerste eksplisiete aanduiding van die pluraliteit in God, word gesien in "Toe het God gesê:  "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers...." (Gen 1:26).  Hier is `n ooreenkoms tussen die mens en God.

> Just as there was fellowship and communication and sharing of glory among the members of the Trinity before the world was made (see John 17:5, 24), so God made Adam and Eve in such a way that they would share the love and communication and mutual giving of honor to one another in their interpersonal

> relationship. Of course such reflection of the Trinity would come to expression in various ways within human society, but it would certainly exist from the beginning in the close interpersonal unity of marriage"(Grudem 1994:455).

Anderson (aangehaal deur Icenogle 1994:22) sê dat die beeld van God nie in die individu alleen teenwoordig is nie, maar eerder in die "co-humanity." Die mens as individu kan ***nie regtig*** die volle beeld van God ten toon stel nie. Die mens, geskape as man en vrou is eerder `n reflektering van die beeld van God. Dit is dus `n verdere motivering dat die mens nie alleen ***moet*** wees nie, maar juis die beeld van God reflekteer wanneer die mens in gemeenskap met ander verkeer deur sy verhoudinge.

"As menswees beteken om iemand te wees, en met name iemand wat God op aarde verteenwoordig, dan is menswees ewe fundamenteel ook om ***in verhoudinge*** (eie kursivering) te lewe" (Heyns 1978:127-128). Aangesien God dan liefde is, en hy ons na sy beeld gemaak het, het die mens dan ook die vermoë om lief te hê, maar ook om liefde te ontvang. God het dus bedoel dat die mens in gemeenskap moet lewe, en nie in afsondering nie.

### b) God het die gemeenskapskarakter van die mens bevestig

#### i) `n Ingeskape menslike behoefte

Dit wat Heyns sê (aangehaal in die laaste paragraaf), beklemtoon die algemene skeppings beginsel wat vanuit Gen 2:18 na vore kom: "Verder het die Here God gesê: "Dit is ***nie goed*** dat die mens ***alleen is nie***. Ek sal vir hom ***iemand*** maak wat hom kan help, sy gelyke" (eie kursivering).

In die mens se naamgewing van die diere het daar by hom `n behoefte ontstaan: "Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie `n helper, `n gelyke gekry nie" (Gen 2:20).

Die mens ervaar dat daar in homself die behoefte is na `n iemand met wie hy in gemeenskap kan tree.  Die mens het die diere waargeneem, hy het hulle in kategorieë geplaas, hy het vir elkeen van hulle name gegee, maar hy het nie in hulle `n iemand gevind met wie hy kon kommunikeer nie.  Geeneen van hulle was geskik of genoegsaam om te voldoen aan die Godbedoelde soeke na gemeenskap, wat daar in hom as beeld van God was nie.  Nie een van hierdie diere was ook na die "beeld van God" geskape nie.

> The Creator God must fashion one of like flesh, yet differentiated. In loving response He made and presented the work of His hands to the creature.  The hunger that the Creator had put into the heart of the creature was met...., he recognized the likeness to himself and exulted by naming her accordingly, 'Woman - a like part of me - bones like my bones and flesh like my flesh' (Gen 2:23).  And God had created two who together as male and female reflected His own differentiated being.  Now Adam would know community with co-humanity and with God as ,'we'  (Gorman 1993:30).

Die soeke wat daar in Adam was na `n "helper, `n gelyke" is ingebore in elke geskape wese.  `n Behoefte in elke mens om in `n verhouding met God en in gemeenskap met mekaar te staan.  Dit is die ***bestemming*** van die mens wat die beeld van God reflekteer.  Die mens se honger na God kan onderdruk word, maar nooit uitgewis word nie.

Die behoefte na gemeenskap met ander, die behoefte om te ken en geken te word, om lief te hê en liefde te ervaar is ***ingegraveer*** in die ***beeld*** van God ***binne-in*** elke mens.

Wanneer God dan liefde is, reflekteer die mens wat Hy na Sy beeld gemaak het ook hierdie liefde.  Die mens kan dus liefde gee, maar ook liefde ontvang. Wanneer daar kommunikasie, gemeenskap en die deel van heerlikheid tussen die lede van die Drie-Eenheid is, dan reflekteer die mens dit ook in sy verhoudinge, aangesien hy na die beeld van God, as God se verteenwoordiger geskep is.

### ii) Gemeenskap met God en mense - nooit opsioneel

Gemeenskap met God en met andere is dus nooit opsioneel nie, maar dit is `n noodsaaklikheid, want dit is hoe God in Sy beplanning, ontwerp en die uitvoering daarvan die behoefte na gemeenskap in die skepping van die mens tot stand gebring het. Die eerste mens in die paradys het gemeenskap met sy Skepper ervaar, maar dit was nie hoe God die mens bedoel het om te wees nie. Daar was by die mens ook die Godbedoelde behoefte aan iemand met wie hy as mens in gemeenskap kon gaan. In gemeenskap met ander was die Skepper tevrede dat die mens geword het dit wat Hy wou hê die mens moes wees. Die behoefte is `n algemene skeppingsbeginsel: "Dit is nie goed om alleen te wees nie."

Die mens is nie volledig mens, as hierdie mens nie in `n gemeenskapsverhouding met ander mense staan nie. Hieruit kom dit duidelik na vore dat die mens as mens anders is as die diere van die skepping. Daar is ander behoeftes by die mens wat daar nie by die diere is nie. Diere het tog sonder twyfel `n soort van `n gemeenskapsbelewenis met mekaar, maar op `n totaal ander vlak as die mens. Diere kan ook sekere emosies toon, soos onder andere blydskap, hartseer, toegeneentheid tot eienaar, vrees, woede as `n ander dier hulle gebied oortree.

Die diepte van die interpersoonlike harmonie en emosies wat daar ervaar en beleef word in die menslike huwelik, familie en sosiale (verhoudings) lewe "when it functions according to God's principles, and in a church when a community of believers is walking in fellowship with the Lord and with each other, is much greater than the interpersonal harmony experienced by any animals. In our family relationships and in the church, we are also superior to angels, who do not marry or bear children or live in the company of God's redeemed sons and daughters" (Grudem 1994:447).

### iii) Gemeenskap - `n algemene skeppingsbeginsel

Dit is nie goed om alleen te wees nie, want God het die mens as `n sosiale wese geskape.

In die ***eerste plek*** staan die mens in `n verhouding met Hom as die Skepper van die mens. Die mens kan alleenlik gedefinieer word in verhouding met God, want sonder God hou die mens op om werklik mens te wees soos wat God bedoel het dat hy moet wees (Stott 1984:35-36). Die mens wat volgens God se wil en na sy beeld gemaak is, wat insluit rasionele, morele en geestelike kwaliteite, onderskei die mens dus van die diere en maak dit vir die mens moontlik om in `n verhouding met God te staan.

In die ***tweede plek*** is die mens ook geskape om in `n verhouding met sy medemens te staan. Dit ontstaan vanuit die feit dat ons na Sy beeld geskape is, man en vrou geskape is. Die mens is dus nie deur God geskape om geïsoleerde mense, afgesonderd van ander te wees nie. Hy het die mens op so `n wyse na Sy beeld gemaak sodat die mens interpersoonlike eenheid op `n verskeidenheid van wyses kan ervaar. Hierdie interpersoonlike eenheid word veral in familieverhoudinge in diepte ervaar, maar ook in die mens se geestelike familie, die kerk.

In die ***derde plek*** is die mens ook geskape om in verhouding met homself te staan.

In die ***vierde plek*** is die mens geskape om in verhouding met die skepping (plante en diereryk) te staan, dit te bestuur en te onderhou.

### 2.2.3 Die gebrokenheid van gemeenskap

Die sondeval het duidelik gevolge ingehou vir gemeenskap tussen God en die mens, die mens en God, die mens met homself en ook die mens met God se skepping.

God is `n gemeenskapskeppende en -soekende God. Die Drie-Eenheid is `n bevestiging daarvan, maar ook die soeke wat daar in die mens (Adam) was na iemand wat hom kon help, sy gelyke (Gen 2:18), bevestig die behoefte wat daar by die mens is na gemeenskap. Hierdie soeke kan nie anders as `n God gegewe, geskape, ingegrafeerde behoefte in die mens wees nie.

In die paradys het die mens in noue gemeenskap met hulle Skepper gelewe. Wat is dan die gevolge van die sondeval?

Die sondeval verbreek die gemeenskap tussen God en die mense: “Independence, self-centeredness, separation, death resulted because the image-bearers chose to believe the ephemeral promise of the serpent. His enticing words broke up their community - "You will be like God" (Gen 3:5) (Gorman 1993:30).

Die mens het die keuse gemaak om die tydelike belofte van die Versoeker te glo en na te volg. Alhoewel die mens na God se “beeld” en “gelykenis” gemaak is, het die man en die vrou die keuse gemaak om hulle verhouding met God te verander van `n verhouding van afhanklikheid van God, en interafhanklikheid van mekaar, na onafhanklikheid. Die Versoeker het die mens dus verlei om te glo dat hy op sy eie beter daaraan toe sal wees as om in afhanklikheid van God en in `n verhouding met hulle Skepper te lewe. Die Versoeker het aan die mens die geleentheid gebied om self-gesentreerd en onafhanklik te wees.

Die toegee van die mens (Adam en Eva) aan hierdie versoeking het geweldige

gevolge ingehou vir die mens se verhoudingslewe, met God, homself en sy medeskepsele hier op aarde. Die tuingemeenskap sou iets wees wat gou op die agtergrond sou verdwyn. Die gevolge, wat implikasies vir die mens se verhoudingslewe ingehou het, is as volg:

### 2.2.3.1 Die beeld van God in die mens word beskadig

### a) Die beeld van God in die mens is onvernietigbaar

Die vraag is natuurlik of die mens nog die beeld van God sou vertoon na die sondeval? Dit moet duidelik gestel word dat die beeld van God in die mens as gevolg van die sondeval geskend is, maar die beeld as sodanig is onvernietigbaar. Die mens het selfs na die sondeval na sy diepste wese nog beeld van God gebly.

Die mens het nie die beeld van God verloor as gevolg van die sondeval nie, "eenvoudig omdat hy nie die beeld van God het nie, maar die beeld is" (Heyns 1978:127). Dit is geweldig belangrik om dit wat Heyns hier sê, te begryp, want die beeld van God is nie maar net `n deel van die lewe van die mens nie. Die mens moes in sy menswees nie ook maar net `n gedeelte van die beeld van God op aarde vertoon nie. Die mens in sy lewe op aarde sou `n sigbaarmaking en verwysing na die beeld van God wees, aangesien die mens ten volle na die beeld van God geskep is. Die mens het nie gekies om `n beelddraer van God te wees nie, dit is die Lewende God wat die keuse gemaak het om die mens uit en uit na Sy beeld te skape.

Die beeld van God is dus nie iets wat die mens kan verloor nie, soos onder andere geld, besittings, vriendskappe, ens nie. Die mens is beelddraer van God, al word hy kruppel gelaat deur die sonde. Dit is daarom belangrik om daarop te wys dat die beeld van God nie `n "onaantasbare, nie-kwesbare en

onbereikbare kern van menswees" (Heyns 1978:127) is, wat die sonde vrygespring het nie. Die mens is in sy diepste wese deur die sonde aangetas, maar hy het mens gebly wat na die beeld van God gemaak is, maar "dan nie vanweë sy eie inherente deur die sonde onaantasbare kwaliteite nie, maar enkel alleen op grond van God se genade. Sy val na die dieptes van volledige verwoesting, is deur God self gestuit, en vanweë Gods bewarende en onderhoudende genade mag hy nog altyd mens wees" (Heyns 1978:127).

***Die mens het definitief nooit in `n duiwel verander nie.***

Genesis 9:6 is `n bevestiging dat die mens nie die beeld van God verloor het nie. Daar staan duidelik: "Hy wat die bloed van `n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak" (1933 vertaling). Vriezen (1974:447) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die Ou Testament niks daarvan weet dat die mens die beeld van God verloor het nie.

Alhoewel die mens sondaar geword het as gevolg van die sondeval, is hy nog steeds "beeld" van God en daarom moet die mens se lewe respekteer word. Wie die lewe van die mens nie respekteer nie en aanvalle loods op die lewens van mense "is to attack the part of creation that most resembles God, and betrays an attempt or desire (if one were able) to attack God himself" (Grudem 1994:444).

Die Nuwe Testament bevestig dit ook wanneer Jak 3:9 sê: "Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat ***as die beeld*** van God gemaak is" (eie kursivering).

## b) Die mens is nie meer wat God bedoel het nie

Dit is duidelik dat die mens nie die "beeld van God" verloor het nie, maar die sondeval het veroorsaak dat die mens nie meer die "beeld van God" vertoon

het, soos wat God dit bedoel het nie. Die mens het sy sondelose karakter verloor en sy sondige karakter na die sondeval reflekteer verseker nie die heiligheid van God nie. Die mens se verstand is verduister, en sy lewe en gesprekke verheerlik nie meer die Lewende God wat hom na Sy beeld gemaak het nie. Veral ook die mens se verhoudingslewe word nou beheer deur `n selfsugtige, self-gerigte en liefdelose manier van handel.

Potgieter (1990:39) beklemtoon dit wanneer hy sê: "Wat wel waar is, is dat bepaalde aspekte van die beeld van God in die mens - naamlik ***die verhoudingsaspek*** - erg geskend is deur die sondeval, sodat hy selfs sy ware bestemming verloor het tensy hy na die beeld van Christus herstel is" (eie kursivering). Sonde het die geneigdheid om die mens wat in sonde lewe weg te trek van die gemeenskap van God en medegelowiges.

Die gevolge van die destruktiewe krag wat na die sondeval aan die werk was, en die feit dat die beeld van God in die mens verduister is, is die ***disfunksionele*** en ***destruktiewe*** gemeenskap wat vanuit die sondeval gelanseer is.

#### 2.2.3.2 Die sondeval veroorsaak `n gebrokenheid in die verhouding van die skepsel met sy Skepper

Alhoewel God die mens na "Sy beeld" gemaak het, het die mens die keuse gemaak om die verhouding wat daar tussen die mens en God was te verander. Eva was verlei, maar Adam het `n bewustelike keuse gemaak om Eva in die sonde te volg (McGee 1985:18). Dit was `n verandering van `n afhanklike verhouding van God na `n onafhanklike verhouding en die gevolge daarvan was geweldig. Die gevolge was `n skeiding wat elke deel van die menslike bestaan sou aanraak. Die belangrikste was die geestelike dood wat `n ***skeiding van gemeenskap*** met God beteken het vir die beelddraer van God.

Sonde, sê Heyns (1978:173) "begin nie in die verhouding tussen Adam en Eva, met liefdeloosheid, onwaaragtigheid, diefstal of moord nie, ook nie in die verhouding van die mens tot die natuur as uitbuiting of besoedeling nie, maar begin ***in die verhouding tussen God en mens***, en brei daarvan verder uit" (eie kursivering).  Die mens se hele verhoudingslewe word aangetas vanweë hierdie feit dat sonde in die eerste plek skade berokken aan die mens se verhouding met sy Skepper.

Dit is dan ook die plek waar die Satan begin het (vgl Gen 3), waar hy in die vrou se hart twyfel saai "oor die juiste bewoording, twyfel insake die presiese strekking daarvan, en twyfel veral ook aan die billikheid en regverdigheid van die goddelike gebod" (Heyns 1978:173).  Die Satan het  het geweet: behaal hy sukses op hierdie gebied, sal dit die mens se hele verhoudingslewe aantas.

Die sonde van die sondeval is dan "enersyds, `n verwerping van God en Sy gesag, `n manipulering van sy Woord en `n verbreking van die volstrekte afhanklikheidsverhouding van Hom;  andersyds, `n volledig selfgenoegsame en outonome bestaan, waarin daar uiteraard vir God geen plek is nie en die lewe buite Hom gesoek word" (Heyns 1978:173).

Die mens wat so `n volledig selfgenoegsame en outonome bestaan wil voer, het dan nie, so dink hy, nodig om in `n verhouding met die Lewende God te staan nie.  Natuurlik veral ook aangesien die sonde veroorsaak dat die mens vir die Here God "weggekruip" het tussen die bome van die tuin (Gen 3:8).

Die ***wegkruip*** van die mens (Adam en Eva), is `n bevestiging van die feit dat sonde geweldige skade berokken het aan die mens en sy verhouding met sy Skepper.  "The tender intimacy of relationship with God was gone.  It was replaced by fear as the two acted out the separation they felt and hid among the trees that were the Creator's gift to them" (Gorman 1993:32).  Adam en Eva kruip weg vir God nie net as gevolg van vrees vir God nie, maar ook as gevolg

van skaamte.

Bradshaw (aangehaal deur Icenogle 1994:28) noem dit "Toxic shame... is an excruciatingly internal experience of unexpected exposure. It is a deep cut felt primarily from the inside. It divides us from ourselves and others. In toxic shame we disown ourselves. And this disowning demands a cover-up... It loves darkness and secretiveness".

Hierdie giftige skaamte berokken die mens en sy verhouding met sy Skepper geweldig skade. Skaamte het altyd `n invloed op die mens se verhoudingslewe. Indien die mens vir homself skaam is, dan beïnvloed dit noodwendig die mens se verhouding met ander, in hierdie geval dan met God. Indien die mens hom vir homself skaam dan sal die mens verhoudings vermy, en dit is presies wat hier met Adam en Eva gebeur het. As gevolg van hulle skaamte nadat hulle ontdek het hulle is naak, het dit onmiddelik hulle verhouding met God beïnvloed. Skaamte beïnvloed ook die mens se verhouding met sy medeskepsele. Dit word hier net genoem en in die volgende hoofstuk deeglik bespreek.

Die konsekwensie van ***die sondeval*** is dat dit die mens wegdryf van `n gemeenskapsverhouding met God. Die sonde lei tot `n bewuswording van die emosies van skaamte en vrees, wat nie net die mens se verhouding met God aantas nie, maar ook die mens se verhouding met sy medeskepsel.

### 2.2.3.3 Die sondeval veroorsaak `n gebrokenheid in gemeenskap met medeskepsele

Hierdie gebrokenheid in die verhoudingslewe van die mense word geïllustreer:

a) in `n interpretasie van Genesis 3:7 en b) deur daarop te wys dat Genesis 3:7

tot Genesis 11:32 `n duidelike resultaat is van die sondeval met die gepaardgaande ***donker tyd*** van die mens se verhoudingslewe wat hierdeur ingelei word:

## a) `n Emosie van skaamte wat gemeenskap vertroebel (`n Interpretasie van Gen 3:7)

Die mens se onmiddellike reaksie na die sondeval is die gewaarwording dat hulle naak is: "Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere" (Gen 3:7). Hulle eerste reaksie is dus `n gewaarwording van `n nuwe emosie waarvan hulle tot nou toe nog nie bewus was nie. Dit is die ***emosie van skaamte.***

Aangaande hierdie vers en die interpretasie daarvan sê Van Selms (1984:68) dat die "kennis" wat die slang aan Eva voorgehou het nie gerealiseer het soos wat hy gesê het nie, maar dat dit gelei het tot `n ontdekking van hulle naaktheid. Die kennis het uiteindelik gelei tot `n selfkennis. Hy sê verder dat hy oortuig is die skrywer hiermee `n "totale naaktheid" bedoel, om daardeur die "onbeskermde en beskamende" van hierdie ontdekking van hulle naaktheid te aksentueer. Vers 7 dui nie op `n skuldgevoel teenoor God nie. Dit realiseer eers in die volgende vers, maar dit dui vir Van Selms daarop dat man en vrou vervreemd van en vir mekaar raak.

Daar is by elkeen `n bewuswording dat hy/sy anders as die ander een is en dit wil hulle ten alle koste verberg. Hulle aanvaar mekaar dan nie meer sonder voorbehoud nie en kan daarom ook nie die self aanvaar nie. Hierdie nuwe selfkennis lei tot onsekerheid in hulle verhoudingslewe met mekaar. Die ander een is nie meer "een soos ek" (Gen 2:23) nie, maar is nou inderdaad iemand heeltemal anders, het nou `n vreemdeling geword. Wanneer die ander persoon nie "een soos ek" is nie dan tree oordeel en veroordeling in wat `n breuk in die verhoudingslewe veroorsaak.

Deur vir hulleself klere te maak om hulle “naaktheid” te verberg, herinner hulle hulself gedurigdeur daaraan dat hulle nou eintlik “vreemd” vir mekaar geword het. Hierdie vervreemding, as gevolg van die gewaarwording van skaamte hou natuurlik geweldige tragiese implikasies in vir die mens se verhoudingslewe. Hierdie skaamte “in the form of embarrassment and inhibition only penetrates the duality of man and woman as `n result of their mistrust towards God” sê Wolff (aangehaal deur Icenogle 1994:27).

Hierdie skaamte het natuurlik net ontstaan aangesien die vrou verlei is, en die man die keuse gemaak het om die verbode vrug te eet. Dit het `n gebroke verhouding met God laat ontstaan soos in die vorige paragraaf reeds duidelik bespreek is, wat lei tot `n gebroke verhouding met die ander.

Dit is uit die bogenoemde bespreking van Genesis 3:7 duidelik dat die emosie van skaamte `n invloed ***in alle verhoudings*** sal hê en ***daarin*** `n bepalende beïnvloedende rol sal speel.

Dit is duidelik dat daar as gevolg van die emosie van skaamte `n gesindheid van kritiek en oordeel ontstaan het. Hierdie gesindheid van kritiek is daar aangesien die mens tot `n kennis van homself gekom het en nou krities op homself, maar ook op andere geraak het. Hierdie kennis van homself waarvan die Versoeker gepraat het “maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken” (Gen 3:5), lei daartoe “that I become the center of judgement” sê Icenogle (1996:7). Die “kennis,” sê Icenogle verder, om “soos God te wees” is `n bewuswording van skaamte wat die gevolg het dat ek besluit jy is nie goed genoeg nie, maar ekself is in my eie oë ook nie goed genoeg nie (mens se verhouding met medeskepsel en homself wat aangetas is).

Die mens kyk na God, vergelyk homself met God en as gevolg van die sonde is dit `n “verhoudingsongeluk ,” want nou oordeel die mens homself en ander en

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

plaas ook die blaam ***op die ander***.

Die oomblik wanneer daar oordeel en kritiek vanuit `n emosie van skaamte ontstaan, verbreek dit gemeenskap tussen mense. Verhoudings kan nie sinvol bestaan wanneer daar hierdie emosie van skaamte met die ***gevolglike kritiek*** en oordeel aanwesig is nie. Dit is `n traumatiese gevolg van die sondeval vir die hele gemeenskapslewe van die mense.

Dit is ***menslike sisteme*** wat verlore gaan. God plaas `n uiters belangrike premie op gemeenskap. Die oomblik wanneer daar `n bewuswording is van hierdie emosie van skaamgevoel, veroorsaak dit dat die mens begin om te oordeel. Die oordeel lei tot `n verbreking van gemeenskap, wat `n Godgegewenheid is. Die mens word hierdeur "god" oor homself en oor ander, aangesien hy die mag van oordeel vir homself toeëien.

McGee (1985:23) sluit hierby aan wanneer hy sê: "One of the tragic implications of this event is that man lost his secure status with God and began to struggle with feelings of arrogance, inadequacy, and despair, valuing the opinions of others more than the truth of God."

Die emosie van skaamte as gevolg van die sondeval het dus die tragiese gevolg dat die mens nie net ***ander oordeel*** nie, maar ook ***self-veroordelend*** en ***self-krities*** raak. Dit het verreikende implikasies vir die mens se verhoudingslewe, want die mens spreek `n oordeel oor homself uit as die beelddraer van God. Die mens breek dit wat God goed gemaak het af. Dit word ook nie as goed genoeg aanvaar nie. Die mens is daarom altyd besig om homself met ander te vergelyk.

Die gevolg is dat die mens `n ***minderwaardigheidskompleks*** ontwikkel en dit beïnvloed onmiddelik weer sy verhouding met sy medeskepsele. "This has robbed the man of his true self-worth and has put him on a continual, but fruitless, search for significance through his success and the approval of others"

(McGee 1985:23). Die verhoudingslewe van die mens raak dan ongebalanseerd, want die waarde van die mens se lewe word nie meer bepaal deur die feit dat hy na die "beeld van God" gemaak is, en wat God van hom dink nie, maar word bepaal deur wat die mens van homself dink, of wat ander van hom sê.

McGee (1985:25) sê: "isn"t it amazing that we turn to others who have a perspective as limited and darkened as our own to discover our worth! Rather than relying on God's steady, uplifting reassurance of who we are, we depend on others who base our worth on our ability to meet their standards."

Die mens begin te lewe om ander in plaas van sy Skepper tevrede te stel, wat ander van hom sê en dink is belangriker as wat sy Skepper van hom in Sy Woord sê en dink. Dit is deel van die tragiese van die sondeval, want die oomblik wanneer die mens se waarde bepaal word deur wat `n medeskepsel van hom sê, dan raak `n verhouding ongebalanseerd en word dit op humanistiese sisteme en denkpatrone gevestig, en nie op dit wat ***God in Sy Woord oor die mens te sê het nie.***

Uit die interpretasie van Genesis 3:7 is dit duidelik dat alle verhoudinge van die mens besmet word, aangesien die belangrikste verhouding van die mens, die verhouding met sy Skepper, aangetas is. Dit lei tot die gepaardgaande gewaarwording van die emosie van skaamte. Die huweliksformulier druk dit so duidelik uit: "Wees daarop voorbereid dat die Satan ***nooit genoeë*** neem (eie kursivering) met wat mooi en goed is nie. Soos wat hy die dood en die ongeluk aan die begin in die wêreld ingebring het, so probeer hy deur die eeue om `n wig in te dryf tussen man en vrou, tussen egpare en hulle God" (Handboek vir die erediens 1988:101).

## b) Genesis 3:7 tot Genesis 11:32; `n Donker tyd in die verhoudingslewe van die mens (die gevolge van die sondeval)

Deurdat die mens die vrug van die verbode boom, "die boom van alle kennis" (Gen 2:17) geëet het, kom ***die natuurlike harmonie*** wat daar tussen mens en mens bestaan het, in gedrang. Dit is sigbaar in die skaamgevoel wat daar tussen die man en vrou ontstaan het, en ook in die disharmonie tussen God en die mens. `n Geestelike dood tree in na die sondeval, want daar vind `n skeiding plaas tussen die beelddraers en God as gevolg van die sondeval.

Die sondeval en God se oordeel oor die mens se sonde maak dat daar oor die mens gepraat word as iemand "dat begrensd is in zijn mogelijkheden; de dood is voor hem een grens en beperkt is hij ook doordat hij in gebreke blijft, iets verkeerd doet of rebelleert. Deze grens is voor de mens precies zo onoverkomelijk als de doodsgrens. Er zijn geen onberispelijke mensen" (Westermann 1981:120). Hierdie mens, juis as hy gesien word as skepsel van God, ***is beperk*** in sy verhouding met God, sy medeskepsel, maar ook homself.

Hierdie ***grense*** wat daar aan die mens as gevolg van die sondeval gestel is veroorsaak dan twee dinge volgens Westermann (1981:121):

Die ***eerste*** is dat hierdie grense eie is aan die ganse menslike bestaan. Daar is niemand wat al gelewe het, nou lewe of nog sal lewe wat kan sê hierdie grense het nie `n invloed op sy/haar lewe nie.

Die ***tweede*** is dat die mens iets of iemand kan bedreig, met ander woorde dat die mens as gevolg van die sondeval en hierdie grense wat aan hom gestel is `n verhoudingslewe kan najaag wat benadelend en selfs ook "gevaarlik" kan wees.

Hy gaan dan verder om te sê dat dit met `n verbasende breë visie is wat die

skrywer hier in Genesis 1-11 die fundamentele moontlikhede van die sonde sien wat die sonde teen God en teen sy broeder insluit, maar ook die moontlikheid van individuele en ook kollektiewe skuld. Aangesien die mens as gevolg van die sondeval gebreke gebly het om gestalte te gee aan dit waarvoor hy geskep is, en waardeur die vertroue van en die nabyheid van God en sy broer bedreig word (Genesis 3), lei dit volgens die navorser tot die ***donkerkant van die verhoudingslewe*** van die mens as gevolg van die sondeval.

Die sonde is "de wil tot eigenmachtigheid" (Vriezen 1974:448), wat die mens uit `n afhanklikheidsverhouding met God Sy Skepper losruk en wat dan ook `n breuk bring tussen mens en mens. In plaas daarvan dat die mens onskuldig en sonder sonde volgens God se bedoeling is, is die mens nou sondaar wat aan sy "eigenmachtigheid" (Vriezen 1974:449), dus aan homself oorgelate is. Die gevolg daarvan is dat daar sonde op sonde is.

Daar volg die moord op `n broer, waardeur iemand van sy lewe beroof word. Dit hou gevaarlike implikasies in vir die gemeenskap as geheel (Genesis 4). Moord maak `n onaangename breuk in die gemeenskap wat daar tussen God en die mens, maar ook tussen mense bestaan. Dit is egter maar net `n onwillekeurige gevolg van die sondeval en `n refleksie van die gebroke gemeenskap tussen God en mens en mens en mens. Waar daar oordeel is (in hierdie geval Kain wat `n oordeel oor sy broer uitspreek deur hom dood te maak), is daar geen sprake van gemeenskap nie, want oordeel vernietig gemeenskap. Die sonde lei Lameg om `n wraaklied te skryf (Gen 4:23-24), "`n loflied aan die haat en die stryd," sê Vriezen (1974:449).

Die donkerkant van die mens se verhoudingslewe gaan voort vanweë die veragting wat daar teenoor `n ouer ontstaan (Gen 9:20-27), dit bring dus ook die goeie verhouding wat daar tussen generasies moet wees in gedrang (Westermann 1981:121). Weer is daar hier sprake van oordeel van die een oor die ander, in hierdie geval die veroordeling wat `n seun teenoor sy vader uitspreek (Gen 9:22), en dit kan nie anders as om gemeenskap te verbreek nie.

Die donkerkant van die mens se verhoudingslewe in Genesis 3-11 word verder geteken in die mens wat hom kollektief daaraan skuldig maak om te probeer om die beperkinge wat God op hom gestel het, te wil ophef. Die "mens willen doorbreken in de richting van het bovenmenselijke (Genesis 6, 1-4: 11, 1-9). Dit bedreigt de mens in zijn mens-zijn en kan tot het verderf van hele generaties leiden (Gen 6-9), ja, het kan de oorzaak zijn van grote rampen" (Westermann 1981:121).

Die moord, geweld en die mens se begeerte om na die hemel toe deur te breek (waarvan Genesis 3-11 praat), is maar net `n demonstrasie van die donkerkant van die verhoudingslewe van die mens wat gevoed word deur die gebrokenheid wat daar as gevolg van die sondeval tussen God en die mens ontstaan het. Hierdie donkerkant het nie daar opgehou nie, dit gaan nog voort in elke groep en gemeenskap vandag, en kan net werklik in Christus verbreek word, en sal eers met die voleinding finaal verander word. Geweld en oorloë, gebroke huwelike en gesinne, moord en diefstal, dit alles is tekenend van `n mensdom verduister as gevolg van die sondeval. Genesis 3-11 is as't ware ***`n voorspelling*** van wat nog op die mens sou wag.

Is daar hoop?

### 2.2.3.4 Hoe word God geken in Genesis 3-11?

Genesis 1-11 beskryf verskillende aspekte van God se reaksie op die sonde van die mens. Westermann (1981:122) sê: "Aan de ene kant grijpt God in als rechter, als degene, die straft." God se straf oor die mens word uitvoerig in Genesis 3 en 4 vertel. In die verhaal van die sondvloed reageer God egter anders oor dit op die boosheid van die mens. Die vloed is wel `n straf van God op `n hele generasie waarvan Gen 6:11,12 sê: "Die aarde was korrup in die oë

van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot.” Wanneer die vloed egter aan `n einde kom dan verklaar die Skepper dat so `n verwoesting nie weer sal plaasvind nie.

> Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so `n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens slegte dinge, maar ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos ek gedoen het nie” (Gen 8:21).

Die Skepper God beloof hier aan die einde van die vloedverhaal die behoud van die mensewêreld, ondanks die neiging van die mens van sy jeug af om slegte dinge te doen en te bedink. God wil die mensewêreld bewaar soos wat dit is. Hier volg naas die straf van God teenoor die mens se boosheid ook “het geduldige verdragen van de mens, ook al hangt deze aan het boze” (Westermann 1981:122).

Westermann (1981:122) gaan voort om te sê dat God as gevolg van hierdie besluit nie “in aksie” sal kom teen die boosheid van enige mens of enige groep nie. Hy sê verder dit verklaar die feit waarom daar soveel booshede onder die mense plaasvind sonder dat daar enige straf van God daarop neerkom.

### 2.2.3.5 Samevattend

God se doel vir die skepping was geopponeer deur die mens se voortdurende verwerping van die Goddelike seën (Kaiser 1978:72). God se doel met die mens het na die sondeval nie verander nie. “God is ook nie onverhoeds betrap deur die mens se sonde nie. Sy plan met die mens word voortgesit, al is dit nou langs die weg van `n alternatief vir die mensdom...” (Potgieter 1990:39).

## 2.2.4 Die tydelike herstel van die Godbedoelde gemeenskap in die Ou Testament

### 2.2.4.1 Die noodsaaklikheid van herstel

Die sondeval het onaangename gevolge vir die mens en sy toekoms hier op aarde ingehou. Die mens het die onverhinderde gemeenskap wat daar in die paradys met sy Skepper, sy medeskepsel, maar ook met die res van die skepping was, verloor. Daar was nou `n behoefte aan herstel van hierdie gemeenskap, indien dit enigsins moontlik was.

Herstel was noodsaaklik veral as die gevolge van die sondeval en die gepaardgaande "donkertyd" (Gen 3-11) in die mens se verhoudingslewe, in oënskou geneem word.

Op grond van die keuse wat die mens gemaak het om die pad van ongehoorsaamheid te betree, is daar sekerlik genoeg rede dat God hom geheel en al aan die mens kon onttrek, en die mense so in `n verhoudingsmoeras kon gedompel het. Dit is egter nie in God se aard, en nie deel van God se plan, om die mens in totale chaos te dompel nie. Dit sou `n ***klad*** op die Naam van die Lewende Skepper God gewees het.

> After the Fall there could have been a cessation of community with humankind doomed eternally to hunger for relationships that could never be experienced. But isolation and alienation were never part of God's plan. God would not let His intention of community be destroyed. The image was still there and God was still God (Gorman 1993:33).

Daarom is daar `n weg van herstel, en hierdie weg van herstel is natuurlik uit en uit `n weg van genade, `n weg wat alreeds deur God in die paradys begin is:

> Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "*Waar is jy?"* (eie kursivering) (Gen 3:8,9).

Van Selms (1984:69) sê aangaande "Waar is jy?" die volgende: "God kom hier om te oordeel, tog behoort dit tot die wese van God om in Sy oordeel die mens te soek en ook te behou'" (eie vertaling). Hy sê ook verder dat dit telkens in die Woord teëgekom word dat God "genade in oordeel soek" (eie vertaling). Dit is deel van God se aard, want "God is liefde" (1 Joh 4:16), en kan dus nie anders as om vanuit hierdie liefde en genade ook in liefdevolle en genadige oordeel na die mens te kom nie.

### 2.2.4.2 Die eerste tree in die herstel van die Godbedoelde gemeenskap

#### a) Die menslike poging na herstel van gemeenskap met God

Icenogle (1994:33) beskryf die verskil tussen Genesis 11 en Genesis 12 as die verskil tussen die menslike poging tot `n verbond en die Goddelike manier.

Die sondeval het veroorsaak dat die mense in `n gebroke gemeenskap lewe. Sonde het veroorsaak dat die gemeenskap met God afgesny was. Die mens het nie meer in `n onafgebroke gemeenskap met God gelewe, soos wat dit in die paradys die geval was nie.

Die mense van Babel het dan ook geen verbondservaring met God gehad nie, hulle het afgesonder en afgesny van die gemeenskap met God gelewe, "so they expressed themselves their blurred covenant image in the building of things that showed themselves as gods. Rather than wait for God to come down from heaven to build a covenant with them, they said, "Let us build a tower that

reaches heaven"" (Icenogle 1994:33).

Hy gaan dan verder om te sê dat die menslike poging tot `n "verbondslewe" (`n lewe in `n verhouding met God) is van onder af, van die aarde na die hemel. Dit is met ander woorde `n menslike poging om by God uit te kom, die mens wat nie wil wag op die herstel wat van God se kant af moet kom nie, waar die mens en sy pogings in die middelpunt staan. God se uitdrukking van `n verbond ontstaan altyd van bo af (hemel) na onder (aarde).

Die humanistiese "countercovenant movement of humanity builds structure's, bricks, buildings, functions, hierarchies, pyramids, tyrannies or anarchies, but cannot build community. Community flows out of the very nature and presence of a covenant God, a God who convenes people into healing and intimate relationships" (Icenogle 1994:33).

Die mens kan sonder God bou en strukture daarstel, baie bereik, maar die mens kan nooit sonder God sê:

> Let us make community. Only God who exists as a covenantal community of being can create human community, for such community only flourishes in the intimate presence of a God who comes down to walk with humanity in the "cool of the day." Humanity can build only a faint replica of community, a pseudocommunity where God is not present, a community that shatters under the stress of construction, fragmenting and scattering people to four winds (Icenogle 1994:33).

Die mense het stede gaan bou - stede verbreek die gemeenskap. Die mense kan strukture daarstel, maar nie gemeenskap bou nie. Daarom is dit belangrik om daarop te wys: ***gemeenskap is nie natuurlik nie***. Daarmee word bedoel dat gemeenskap nie iets is wat die mens van sy kant af kan begin nie. Gemeenskap soos God dit bedoel het kan ook nie plaasvind waar Hy nie teenwoordig is nie.

## b) God se antwoord op die menslike behoefte aan gemeenskap

### i) God se bedoeling met die mens gaan nie verlore nie

Die mens is na die “beeld van God” geskape en die mens het nie die beeld van God verloor as gevolg van die sondeval nie, daarom kan dit nie anders dat daar by die mens `n honger na gemeenskap met God en met ander sal wees nie.

Die belangrikste is egter nie die mense se honger na gemeenskap nie, maar om te besef dat God nie Sy bedoeling ten opsigte van die mens en gemeenskap ten gronde sou laat gaan nie. Die mens se ingeskape behoefte en honger na gemeenskap en intimiteit, en die feit dat hy na die ***beeld van God*** geskape is, is natuurlik nie die eerste motivering waarom God die gemeenskap tussen Hom en die mens wou herstel nie, maar omdat dit in die ***aard van God*** is en aangesien dit Sy bedoeling is, wil Hy as Skepper nie sy bedoeling ten gronde laat gaan nie.

In die Bybel, Ou en Nuwe Testament, word God dus geteken as die Een wat die herstel van gemeenskap moontlik maak. Daarom kan die mens nie sê: “Kom ons maak gemeenskap moontlik” nie, want dit is iets wat God alleen kan doen. Die Bybel is nie `n “record of Abraham’s walk with God” (Blackaby & King 1990:27) nie, maar die fokus van die Bybel is God se handelinge met die mens. Dit is God wat die mens na die sondeval en regdeur die Bybel ***soek*** om gemeenskap met Hom en mekaar te herstel en nooit omgekeerd nie. Dit is God wat die gebroke gemeenskapsverhouding tussen Hom en die mens herstel.

In paragraaf 2.2.4.2 is daarop gewys dat die menslike poging in die soeke na herstel van gemeenskap met God en mekaar in `n sekere sin sigbaar geword het in:

> Toe sê hulle: "Kom ons bou vir ons `n stad met `n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons `n naam.

> Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie (Gen 11:4).

Die mens se manier was dus om strukture daar te stel om by God uit te kom en die antwoord van God op die menslike poging was:

> Kom laat ons afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie (Gen 11:7).

Die mens se ***inisiatief*** lei dus tot ***verwarring*** en ***verwydering***. Die antwoord van God lê opgesluit in die roeping van Abram en die belofte van seën wat dit vir sy nageslag sal inhou.

Nou, nadat die massas versprei is (vgl Gen 11), kom God en roep vir Abram:

> Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou `n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou `n man van groot betekenis maak, en jy moet tot `n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen 12:1-3).

Die roeping van Abram loop uit op die verbond wat God met hom gesluit het: "op daardie dag het die Here `n verbond met Abram gesluit...." (Gen 15:18a) en:

> Dit is my verbond met jou: jy sal die Vader wees van `n menigte nasies; jy sal nie meer Abram genoem word nie, jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou die Vader van baie nasies. Ek sal jou vrugbaar maak, Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. Ek bring `n verbond tot stand tussen my en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is `n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag (Genesis 17:4-7).

God se inisiatief lei dus tot `n ewige verbondsgemeenskap wat by die verkiesing en die roeping van Abram begin. “Abram is the leader called by God to gather and nurture God’s community, a contrasting action to humanity’s self-initiative”

(Icenogle 1994:34). Die roeping van Abram is nie net die roeping van `n individu nie, maar ook die roeping tot gemeenskap van `n Godgestigte gemeenskap.

### ii) Abraham se roeping tot voordeel van almal

Abraham was van die begin af geroep om `n gemeenskap saam met God te wees en om sodoende `n gemeenskap tot die voordeel vir alle mense te word. Wanneer God in die Woord iets daar wil stel begin Hy altyd met die roeping van `n leier (leierskap veral wat `n kleingroepbediening betref sal later in detail bespreek word), en om die leier vergader Hy vir Hom `n gemeenskap.

Uit die roeping van Abraham, en die verbond wat God met hom gesluit het, word dit duidelik:

> The individual is not called alone to become a new individual to impact the world with God, but is called to establish a new community. The lone Abram became the loved Abram. God's covenant community with Abram empowered Abram to become the initiator of a new covenant community. Abram's call was to lead a new community to a new place to begin a new ministry of God's visible presence in the world (Icenogle 1994:41).

Gorman (1993:35) sluit hierby aan wanneer sy argumenteer:

> While the covenant promise was personalized to Abraham, reference was always made of the covenant's relevance to the people who would issue from his life a people seen through the eyes of faith as existing already.

Die verbond wat dan met Abraham persoonlik gesluit is, is die begin van die herstel van God se bedoeling van gemeenskap tussen Hom as die Skepper met Sy skepsele. God wat roep is dan die een wat `n verbond sluit met diegene wat Hy roep. Die belofte van God en Sy verbond hou juis nie by Abrham op nie, maar is herbevestig van geslag tot geslag:

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

> The founding of the community of Israel was based on the redemptive act of God. It was at Sinai (after having been delivered by their God) that the covenant was renewed with the whole nation that had come out of bondage (Gorman 1993:35).

Die vereistes van hierdie verbond is niks anders as gehoorsaamheid aan die Een wat hierdie verbond tot stand gebring het nie.

> Verder het God vir Abraham gesê: "Jy moet my verbond nakom en jou en jou nageslag en al hulle geslagte" (Gen 17:9).

In hierdie verbondsgemeenskap was daar `n interafhanklikheid teenwoordig:

> God's desire for His covenant people was that they acknowledge a primary dependency upon Him alone. But he also mandated that they acknowledge an interdependency as individuals-in-community. The record of Scripture reveals how He structured Israel to call forth both dimensions. He did this by setting up distinctive requirements for His covenant community (Gorman 1993:37).

### 2.2.5 Die Teologie van Vriezen en die gemeenskapskarakter van die Ou Testament

Dit is onmoontlik om die herstelproses in die Ou Testament in detail te bespreek, maar wat vir die navorser belangrik is, is die gemeenskapskarakter wat in die Ou Testament na vore kom, en wat veral Vriezen in sy teologie duidelik uitlig. Juis aangesien gemeenskap, as die bedoeling van God, so `n sentrale tema in die Ou Testament is, word daar eers net `n breë oorsig van die "Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament" van C Vriezen gegee, aangesien hy geweldig klem lê op die gemeenskapskarakter van die Ou Testament. Hierdie bespreking van die Teologie van Vriezen, met byvoeging wat ander skrywers oor spesifieke sake sê, sal vir die leser `n baie duidelike prentjie van die gemeenskapskarakter in die Ou Testament gee.

Vriezen (1974:171) lê klem op die volgende:

> Die grondslag van Israel se geloof in God is die realiteit van `n direkte geestelike gemeenskap van God, die Heilige, met die mens en die wêreld (eie vertaling).

Die inhoud van Vriezen se teologie gaan dan daarom dat die Ou Testament `n weergawe is van Israel se gemeenskap met God. Vriezen sê dan verder dat die essensiële boodskap van die Ou Testament nie net die openbaring van God is nie, maar dat God se openbaring kom sê Hy maak dit vir die mense moontlik om in gemeenskap met Hom te lewe. Die middelpunt is dus God wat na die mens kom om gemeenskap moontlik te maak. Dit sluit aan by wat in `n vorige paragraaf gesê is: "Gemeenskap is nie `n natuurlike gebeure nie."

Dit staan vas dat die hele gemeenskapsverhouding tussen God en die mens die "...prinsipiële grondstruktuur van die Ou Testamentiese prediking is" (Vriezen 1972:174). Die kennis van hierdie verhouding berus alleen op die vrug van God se openbaring en die verhouding word alleen deur God se genade daargestel (Deutr 7:9). Die vorming van gemeenskap in die Ou Testament is die ***sentrale handeling van God*** (Gorman 1993:34).

Die beginpunt van Vriezen se beskouing ontstaan by ***die kennis van God***. Die kennis van God is vir hom meer as intellektuele kennis, maar raak die hele lewe van die mens. Kennis is`n wesenlike gemeenskap met God en daarom geloofsvertroue. Dit is `n kennis van die hart en dit vra liefde van die mens. Hierdie kennis van God maak `n appèl op die mens se hart en veronderstel daarom `n verhouding met God (Vriezen 1974:168).

Vriezen (1974:168) se definisie van kennis in die Ou Testament is:

> Kennis in die Ou Testament is: ***om in `n nabye verhouding met iemand te lewe. Die verhouding wat daaruit ontstaan, kan***

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

> ***gemeenskap genoem word*** (eie kursivering en vertaling).

"Om God te ken, is nie `n teorie oor God se wese nie, dus nie ontologies van aard nie, maar om te lewe in `n regte verhouding met God, is eksistensieel" (Vriezen 1974:169). Daarom sê hy dat die Ou Testament nie probeer om `n teologie te wees wat oor die wese van God se bestaan praat nie. Die Ou Testament ***gee `n getuienis deur aangaande God***, Sy Woord en Sy werk, sodat die mens daardeur `n aanwysing sou ontvang omtrent dit wat God in die wêreld doen en van die mens verwag.

In hierdie gemeenskap mag die mens inderdaad in `n persoonlike verhouding met God staan en met Hom praat, soos wat Hy met die mens praat. Die mens moet egter onthou dat sy gesprek nie sonder meer `n dialoog met God is nie en ***die*** mens moet nog steeds onthou dat Hy die Heilige is en die mens se woord tot God alleen maar in die vorm van `n gebed kan wees. Die mens het dan ook nooit die laaste woord in hierdie gesprek met God nie (Vriezen 1974:174). In die belewenis van hierdie gemeenskapsverhouding met God moet dit nog altyd `n erkenning van die afstand tussen die Skepper en die skepsel insluit, hetsy in `n belydenis van skuld (Jes 6), of as vrees (Gen 28:17; Eks 20:18vv) of as verwondering (Ps 8; Jes 28).

> Hierdie gemeenskapsverhouding is `n geestelike, deur God geopenbaarde kennis; iets wat Israel op `n besondere wyse deur die verbond met Jahwe ontvang het (eie vertaling) (Vriezen 1974:173).

Die ***formele uitdrukking van die gemeenskap*** van God met Israel in die Ou Testament word gevind in ***die verbond***, wat een van die invloedrykste gedagtes in die Ou Testament is. Hierdie verbond is uit vrye wil deur God met die mense gesluit. God het die afstand na die mense oorbrug, en nie omgekeerd nie.

In die Bybel is ***die verbond*** `n verhouding gedefinieer deur God. Dit is deel van

God se natuur om in gemeenskap te wees, en die verbond is hoe God wil hê dat hierdie gemeenskap moet lyk. Barth (aangehaal deur Icenogle 1994:37) sê die verbond is: "... the fellowship which originally existed between God and man, which was then disturbed and jeopardized."

Die bedoeling van die gemeenskap tussen God en Israel is natuurlik nie dat dit `n eksklusiewe karakter moet openbaar nie, maar Israel se verhouding met God moet ook die heil na die ander nasies bring. Vriezen (1974:186) sê "ook die nasies kan as mense voor God se aangesig saam met Israel opgeroep word om God se lof te besing" (vgl Ps 96&98).

Die fout wat Israel gemaak het, was om God as hulle God te beperk en te vergeet van de hele missionêre karakter van die verbond wat God met Abraham gesluit het. Dit is `n duidelike fout om God uitsluitlik as die God van die verbond, `n verbond net met Israel, te sien.

Israel het ook die fout gemaak. Dit is `n groot waarheid wat God aan Abraham sê: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7b), maar dit is `n halwe waarheid wanneer dit oorbeklemtoon word asof God net die God van Israel alleen is. Indien hierdie waarheid oorbeklemtoon word, dan beperk dit die Lewende God.

Die kultus van die Ou Testament is die manier wat God daargestel het waardeur die mens in staat sal wees om in `n verhouding met Hom as hulle God te lewe, die God van die verbond. Die hoofdoel van die kultus was om die gemeenskap tussen God en die volk te versterk of te herstel. Die kultus is nie iets wat die mense vir God doen om sodoende God tevrede te stel nie. Die kultus is ook nie iets wat die mens volbring om sodoende iets van God te ontvang nie. Die kultus is in Israel daar sê Vriezen (1974:275) "om die gemeenskap tussen God en mens te onderhou en suiwer te hou. Die kultus is die middel tot die integrasie van die God-mensgemeenskap. Die kultus is met ander woorde daar vir versoening" (eie vertaling).

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Die ***eskatologie*** by die gemeenskap bevestig die tydelike aard van hierdie herstelproses. Dit het by Abraham begin, maar het eintlik maar vooruitgewys na God se plan met sy Seun. Die Seun wys verder na ***die dag*** wanneer daar `n finale herstel van die gebroke gemeenskap sal wees tussen God en mens, die dag met Christus se wederkoms.

Daarom word daar nou oorgegaan na `n bespreking van die herstelproses soos dit in die Nuwe Testament gevind word.

## 2.3 CHRISTUS - HERSKEPPER VAN DIE GODBEDOELDE GEMEENSKAP

### 2.3.1 Inleidende opmerkinge

In die Ou Testament is God se doel vir gemeenskap tussen Hom en die mens, en die mense onderling, openbaar. Dit is `n verhouding met God en met diegene wat na Sy beeld geskep is.

> This divine schema is majestic in its outlines for it reflects the interdependence of the Godhead who in concert create a being to reflect in limited measure an image of the divine relationship. The pure reflections of this image results in harmonious dependency, intimacy, and open trust (Gorman 1993:42).

Die self-genoegsame individualisme, wat as gevolg van die keuse van Adam en Eva ingetree het, het hierdie interafhankliheid wat daar op grond van die skepping bestaan het, ontwrig. Die verhouding met God was nie heeltemal beëindig nie; alleenlik op grond van die genade van God wat nie wou toelaat

dat Sy doel met die mens heeltemal verlore gaan nie. Die mens het nie die ***beeld van God*** verloor nie, maar verwydering van God, self-gesentreerdheid en wantroue het veroorsaak dat die ***beeld van God*** in die mens verduister is en die verhouding met God en met mekaar skade gelei het.

Die onskuldige reinheid, soos wat God die mens geskape het, het verdwyn en so ook die paradys gemeenskap, die onverhinderde gemeenskap tussen God en die mens, die mense onderling en ook die verhouding met die skepping.

God het na die sondeval die verhouding tussen Hom en die mens behou deur die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en daaruit voortvloeiend die roeping van Israel. Die verhouding tussen God en Sy beelddraer het dus nie geëindig nie, maar het na die sondeval voortgegaan. Dit was uit en uit duidelik dat dit die werk van God en nie die werk van mense was nie. Die mens kom nooit sê: "Kom ons maak gemeenskap met God moontlik nie."

Dit word regdeur die Ou Testament duidelik dat die gemeenskap wat God in die Ou Testament moontlik gemaak het, net `n tydelike herstel was. Die tydelik herstel waarvan die Ou Testament praat, word in Hebreërs 10:11 duidelik beklemtoon:

> Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie.

Indien die sondes nie weggeneem kan word nie, is dit tog onmoontlik om in gemeenskap met die Skepper God te lewe. Dit is juis die keuse tot die sonde wat in die begin die verhouding tussen God en die mens verbreek het. Indien daar nie `n volkome en permanente betaling vir die sondes van die mense sou kom nie, sou permanente herstel van gemeenskap tussen God en die mens, en daarom ook tussen die mens en die mens net nie moontlik wees nie.

Gorman (1993:42) sluit hierby aan wanneer sy sê:

> But by the time of the Incarnation there were few who knew God intimately, some who knew of God conceptually or religiously, and many who struggled just to survive, looking for a temporal rescue from an impersonal God who was oblivious to their everyday existence. It was the 'religiosa' who kept God out of the reach of the ordinary individual. The code of commandments became arcane and absurdly complex.

Dit kan met vrymoedigheid gesê word dat die godsdiens vir die ***gewone man op straat*** nie veel beteken het nie. Verder was die verhoudingslewe korrup in die tyd voor die ***Vleeswording***. Daar was vooroordeel van die kant van die Jode teenoor die Samaritane. Vrouens en kinders was gedevalueer en verdruk. Slawerny was aan die orde van die dag, en die siekes en die armes was `n onnodige las op die samelewing.

Die herstel van die gemeenskap tussen God en mens, en die mense onderling, het `n dringende noodsaaklikheid geword.

## 2.3.2 Christus die herskepper van die beeld van God in die mens

### 2.3.2.1 God se doel met die mens is in Christus verwesenlik

Die volle wese van die mens as geskape na die ***beeld van God*** word nie in die lewe van Adam (geskape na die beeld van God), wat gesondig het, gesien nie. Dit word ook nie in die mens (geskape na die beeld van God) se lewe vandag gesien nie. Die Nuwe Testament teken die mens as ***erfgenaam van die gevolge*** van die sondeval:

> Verder nog dit: Deur die een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het (Rom 5:12).

Dit word verder bevestig deur 1 Korintiërs 15:48:

> Soos die stoflike mens was, so is ook die stoflike mense; en soos die hemelse mens was, so is ook die hemelse.

Die wonderlike belofte van die Nuwe Testament is dat die mens, soos wat hy na Adam geaard het (onderhewig aan sonde en dood), net soos Christus kan wees:

> Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees (1 Kor 15:49).

Die Nuwe Testament beklemtoon die feit "that God's purpose in creating man in his image was completely realized in the person of Jesus Christ" (Grudem 1994:445). Christus is die "beeld van God" (2 Kor 4:4); "Die Seun is die beeld van God wat self nie gesien kan word nie" (Kol 1:15a).

Niks is so bemoedigend vir die mens as om deur die Nuwe Testament te blaai en te ontdek dat die verlossing in Christus beteken "that we can, even in this life, progressively grow into more and more likeness to God" (Grudem 1994:445). Die weg van verlossing is `n proses van verandering tot gelykvormigheid aan die beeld van God, dit veronderstel sê Guthrie (1981:180) "that man apart from Christ does not reflect the image as he did before the fall." Daarom is dit in die herstelproses nodig dat die gelowige verander sal word na die ***beeld van God.***

Heyns (1978:127) sluit hierby aan wanneer hy sê: "Maar volledig mens na Gods bedoeling, onmiskenbaar in sy sigbare verteenwoordiging van God op aarde, kan hy nou alleen wees wanneer Hy in die geloof deel kry aan aan die versoening in Jesus Christus. Hy immers is die nuwe Mens, die ware Beeld van God (2 Kor 4:4; Kol 1:15) - die *sigbare Verteenwoordiger* van God op aarde".

In Jesus Christus word dus gesien hoe die beeld van God in die mens veronderstel was om te wees. Juis daarom behoort daar vreugde te wees, aangesien God die mens "wat Hy lank tevore verkies het, ook bestem het om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is" (Rom 8:29).

Deur in die geloof deel te kry aan die "versoening in Jesus Christus," is mense nie meer nakomelinge en erfgename van dit wat die deel was van die eerste Adam, as gevolg van die sondeval nie. Deur nou in Christus te glo, word die ***beeld van God*** al hoe meer sigbaar in mense en word hulle dit wat hulle bedoel is om te wees, en dit is ***beeld van God.***

Dit is dan juis die boodskap van Paulus in Kol 3:9b-10:

> Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper (eie kursivering) en tot volle kennis van God.

Deur die mens se hele lewe, soos wat al hoe meer tot volwassewording in Jesus Christus gegroei word (Kol 1:28 & Ef 4:13), word die mens al hoe meer na Sy beeld verander. Hierdie verandering, sê Brown (1992,2:288), is aan die een kant "a present happening (2 Cor 3:18; Col 3:10), and also as a yet future, eschatological event (1 Cor 15:49; Phil 3:21). Dit is soos wat Kittel (aangehaal deur Brown 1992,2:288) dit stel: "Like all the gifts in which Christians share, the *eikon* is an *aparche* (first fruits, -Sacrifice)... This means that it now is, and yet that it is still to be."

Juis wanneer Paulus sê: "leef nou die lewe van die nuwe mens" wat dan "al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper" is die klem van die gedeelte op die hier en die nou. Die vernuwing na die ***beeld van God*** is reeds in hierdie lewe `n werklikheid, alhoewel dit ook ***`n toekomstige dimensie*** het. Die implikasie van dit wat Paulus sê in Kolossense 3:10 is: ***lewe in `n nuwe***

***manier van gemeenskap met mekaar***:

> 12) Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13) Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14) Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind (Kol 3:12-14).

In Kolossense 3:15-17 kom die bogenoemde implikasie ook duidelik na vore. Hierdie verandering na die ***beeld van sy Skepper*** word dus sigbaar in die veranderde verhoudingslewe van die mens. Deur dus te groei na Christus-gelykvormigheid (Rom 8:29), beteken dan `n verandering in ons manier van lewe en in ons karakter. Om te groei in Christus beteken om al hoe meer ***te word*** wat ons in Hom reeds is.

> We must never forget that God wants His children to bear His image and to rule with Him. Adam's sin has had tragic consequences, but through God's plan of redemption we can still have the unspeakable privilege of relating to Him. God has provided the solution, but the question is this: 'Will we accept Christ's death as the payment for our sins and discover the powerful implications of our salvation, or will we continue to follow Satan's lies and deceptions?' (McGee 1990: 19).

Dit wat McGee sê is geweldig belangrik vir die ***vorming van die gemeenskap*** wat God bedoel, want die mens moet nog antwoord op die genade van God wat daar in Jesus Christus is. Dit is daarom belangrik om die volgende saak uit te lig:

#### 2.3.2.2 Christus, die konstituerende waarborg vir die herstel van gemeenskap

Du Rand (1985:55) sê:

> Gelowiges moet ***mekaar herontdek*** *(eie kursivering)* in die lig van die heilswerk van God in Jesus Christus. Ons ontdek mekaar ***in Hom*** wat die konstituerende waarborg vir die gemeenskap is. Die gelowiges het deel aan mekaar omdat hulle deel het aan Christus en daarom deel in die een geloof, een hoop, een liefde, een belydenis en een tafelgemeenskap met mekaar.

Die Vader het `n persoon die wêreld ingestuur, sodat ons weer kan ontdek en weet hoe lyk ware gemeenskap met Hom. "This Sent One didn't just talk about relating to God. He personified it... He lived it" (Gorman 1993:43).

Daar kan nie sprake wees van gemeenskap met `n konsep of `n iets nie. Gemeenskap word alleenlik ervaar met `n persoon. Dit is geweldig belangrik dat die mens mekaar in ***Hom wat die konstituerende waarborg vir gemeenskap is***, sal herontdek. Die maatstaf is dus Christus en nie die mens nie. Dit is Hy wat dit moontlik maak dat die mens weer in `n onverhinderde en onbelemmerde gemeenskap met God en daarom ook met mekaar kan lewe. Dit is Hy wat sê: `niemand kom na die Vader toe behalwe deur my nie."

Die oomblik wanneer die gelowige se pad kruis met `n ander gelowige, of selfs `n nog-nie-gelowige, moet onthou word dat Christus alleen die ***konstituerende waarborg van gemeenskap*** met hom is, maar ook met die ander een wat sy pad kruis. Die gelowige kan dit weet dat Christus die konstituerende waarborg van gemeenskap is aangesien hy in Christus alleen vrygemaak word tot `n nuwe lewe.

### 2.3.2.3 Die vryheid wat in Jesus Christus ontvang en beleef word, maak `n lewe in `n nuwe gemeenskap moontlik

> Daar is dus nou geen veroordeling meer vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat jou in Christus Jesus die

> lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom 8:1,2).

“Geen veroordeling” en ook “vrygemaak” veronderstel iets waarvan die mens vrygemaak moes word. Waarvan moes die mens vrygemaak word?

## a) Rom 5:12-21 getuig van twee gemeenskappe

In Rom 5:12-21 word dit duidelik dat daar sprake is van twee gemeenskappe.

### i) Die gemeenskap van Adam

Die een gemeenskap, die ***gemeenskap van Adam***, het ontstaan as gevolg van die ***eerste mens*** wie se mislukking veroorsaak het dat sonde begin het om invloed uit te oefen oor die lewe van die mens.

As gevolg van die mislukking van die ***eerste mens*** het die dood begin om sy abnormale invloed uit te oefen, want die dood het ***heerskappy*** oor die mense gevoer (Rom 5:12,14). Verder het dit nodig geword dat `n wet gegee moes word om die sonde te beheer (Rom 5:13). Dié wat aan die ***gemeenskap van Adam*** behoort het, op grond van geboorte, het op grond van die ***een*** se oortreding almal ***veroordeling*** ervaar (Rom 5:18). Almal wat aan die ***gemeenskap van Adam*** behoort het, het sondaars geword (Rom 5:19). In plaas daarvan dat Adam sou heers, het die dood en die sonde begin om heerskappy oor hom en oor almal wat uit Adam gebore is, te voer.

`n Kind van `n slaaf is `n slaaf. Adam was `n slaaf en almal wat uit hom gebore is (sy kinders) kon nie anders as om slawe te wees nie. Almal wat aan hierdie gemeenskap behoort, het dus slawe van die sonde geword.

Die sondeval het veroorsaak dat die mens in die slawerny van sonde gelewe het. Dit het sy hele lewe, maar ook sy verhoudingslewe, aangetas, aangesien

die mens deel was van die ***gemeenskap van Adam.*** Die mens het begin om homself krities aan te kyk en ook om `n oordeel oor ander uit te spreek. Die mens het gelewe vanuit sy sondige natuur as gevolg van die sondeval.

Paulus sê in Galasiërs 5:19-21a

> Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, 20) afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al derglike dinge.

Die ***praktyke van die sondige*** natuur se gevolge is duidelik vanuit hierdie verse. Elke woord kan dui op `n verhouding wat skade lei as gevolg van die sondige natuur. Dit is die verhouding tussen God en die mens, maar ook tussen die mense onderling wat skade lei. Die sondige natuur se gevolge is dus dat ***verhoudings duidelik aangetas*** word.

### ii) Die gemeenskap van Christus

"Daar is dus nou geen veroordeling meer vir die wat in Jesus Christus is nie" (Rom 8:1). Hier is sprake van die ***ander gemeenskap***. Die ***ander gemeenskap,*** of anders gestel die ***nuwe gemeenskap,*** word moontlik gemaak deur dit wat die "laaste Adam" (1 Kor 15:45), die "tweede mens" (1 Kor 15:47), aan die kruis gerealiseer het. "Through his obedience the trend initiated by the first member of the human race has been reversed (Banks 1994:17).

Op grond van dit wat Christus gedoen het, is die gevolge wat die mens behoort te ervaar, aangesien hulle aan die "gemeenskap van Adam" behoort het verander. Op die oordeel wat daar was as gevolg van die mens se oortredings, het "die genadegawe gevolg en dit het tot vryspraak gelei" (Rom 5:16). Die "vryspraak en lewe vir almal" (Rom 5:18) het gevolg op die straf van die ewige dood.

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

### 2.3.2.4 Die vryheid in Christus maak `n nuwe gemeenskap moontlik

Die wat ***in Jesus Christus*** is, ontdek dus dat hulle vrygemaak is. Hierdie vryheid, sê Paulus, moenie "misbruik word as `n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde" (Gal 5:13). Hierdie vryheid maak die ***nuwe gemeenskap*** moontlik, want die een vir wie hierdie vryheid deur die geloof in Christus `n werklikheid geword het "het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal" (Gal 5:24-25).

> Die vrug van die Gees daarteenoor is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie (Galasiërs 5:22,23.)

Daar is `n merkbare verskil tussen die verhoudingslewe van diegene wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, en diegene wat hulle lewe deur die Gees laat beheers. Die ***vrug van die Gees*** het definitiewe en duidelike positiewe verhoudings in gedagte. Die sondige natuur lei tot die verbreking en verskeuring van verhoudings. Dit is veroordeling van die self, maar ook veroordeling van ander. Aan die ander kant lei die "vrug van die Gees" in die lewens van gelowiges tot `n hernude ontdekking van gemeenskap tussen God en mens en die mense onderling, en daarom vryspraak van die ander.

Die gevolg van die sondeval en die sondige natuur van die mens is duidelik. Dit trek die mens weg van gemeenskap met God en medemens. Sonde het van die begin af ***die geneigdheid*** gehad om mense weg te neem van gemeenskap met God en van mede-gelowiges. Sonde het die mens in `n slawejuk ingedwing, verwyder van die gemeenskap van God en onder die "gemeenskap van Adam" geplaas.

Die vryheid in Christus lei tot die ***nuwe gemeenskap***. Banks (1994:15-16) sê:

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

"In fact, most of the different aspects of Paul's idea of community are related in some way to his understanding of freedom."  Paulus sien verlossing (vryheid) nie net as `n ***transaksie*** tussen `n individu en sy God nie, maar hulle versoening met God in Christus bring hulle in ***`n nuwe gemeenskap.***  "The new life is life lived at a new level, not as individual, but as community (Guthrie 1981:649).  Christus wil dus en het dan ook die ***God bedoelde gemeenskapsverhouding*** tussen Skepper, skepsel en skepping herstel.

### 2.3.2.5 Samevattende opmerkinge oor die vryheid in Christus

Hierdie vryheid wat in Christus beleef en ontdek word, kan vanuit Paulus se beredenering op die volgende wyse saamgevat word:

Diegene wat in die geloof aanvaar het dat Jesus Christus die oorwinning namens hulle en in hulle plek behaal het, en sodoende die Heilige Gees as gawe ontvang het, is in die ***eerste plek*** bevry ***van dit wat hulle in die slawejuk ingedwing het*** (Rom 6:7,22; 8:10-11; Ef 2:1-7).  Hulle is bevry van die innerlike dwang om te sondig en ook om op hulle eie morele en godsdienstige prestasies staat te maak (m a w om op die eie-ek te vertrou). Hulle is bevry daarvan om hulle lewe te laat beheers deur `n instinktiewe en eksterne morele kode (Gal 2:19-20; Rom 7:4-6; 8:1-4; Kol 2:16-23).  Hulle is bevry van die bande van die dood (Rom 6:23; 8:21) en ook van dit wat hulle vroeër verblind het en hulle vorige keuse beïnvloed het (Rom 8:38-39; Gal 4:8-11).

Hulle is in die ***tweede plek*** bevry ***vir ander***.  Wanneer Paulus in Gal 5:1 sê "Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees.  Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder `n slawejuk laat indwing nie," gaan hy voort om daarop te wys dat dié wat "in Christus is" nie net bevry is van sekere dinge nie, maar bevry is tot `n ***nuwe vorm van diens*** (Rom 6:13).   "He goes

on to explain that the positive expression of this independence leads, paradoxically, to a new form of 'service' (on a few occasions he even uses the term 'slavery'), though service of a qualitatively different kind to that experienced before" (Banks 1994:19).

Waar hulle ***in Christus*** dan nou bevry is ***van*** sekere dinge, en bevry is ***vir*** sekere dinge, lei dit tot `n ***nuwe afhanklikheid***. Dit is `n gelowige afhanklikheid van Christus wat `n einde gemaak het aan die juk van slawerny. Daar is ook `n afhanklikheid van die Heilige Gees wat juis vir hulle wat ***in Christus*** is lei om te ontdek:

> Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie weer tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16) Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17) En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus (Rom 8:15-17a).

Hierdie vryheid lei dan ook tot `n nuwe ***vryheid teenoor ander***. Dit sluit in, `n afwesigheid van `n vrees vir die oordeel van ander ("Daar is nou geen veroordeling meer vir die wat in Christus Jesus is nie"), en ook van `n persoon se eie pogings om andere te manipuleer (Rom 8:18-23; 2 Kor 4:11-9). Dit sluit ook in dat `n persoon vry is om sy gedagtes te kommunikeer, om sy emosies uit te druk, om sy lewe vir andere oop te maak, en ook om sy besittings te deel (2 Kor 3:12; 6:11; 7:4; 8:2 & 9:13). Hierdie vryheid lei dus tot interafhanklikheid tussen diegene wat ***in Christus*** hulle nuutgevonde vryheid ontdek het. Die vrywillige gee van jouself in diens aan ander is vir Paulus inderdaad die hart vir die een wat ware vryheid in Christus ontdek het.

Hierdie vryheid wat God uit genade geskenk het, "not only transfers men and women out of a broken relationship with God and a defective solidarity with others into a new community with God and others, but also inclines them to live the kind of life that will extend and deepen that new community itself" (Banks

1994:20). Daar is dus `n duidelike verband vir Paulus tussen vryheid in Christus en om deel te wees van `n nuwe gemeenskap.

### 2.3.3 Gemeenskap (koinonia) in Nuwe Testamentiese perspektief

Die motivering vir gemeenskap is reeds bespreek in die feit dat:

- God `n God van gemeenskap is;
- Die mens geskape is vir gemeenskap;
- Die sondeval verstoor gemeenskap;
- Christus is die een wat gemeenskap tussen God en mens herstel.

In die volgende paragrawe word die motivering vir gemeenskap nie bespreek nie, maar die voorkoms en betekenis van die woord in die Nuwe Testament en die voorbeeld van Jesus in `n gemeenskapslewe word nagegaan.

#### 2.3.3.1 Die voorkoms en betekenis van koinonia in die Nuwe Testament

Die woord koinonia kom 18 keer in die Nuwe Testament na vore en daarvan word dit 13 keer by Paulus aangetref. Daarom is dit noodsaaklik om te verstaan hoe Paulus die woord gebruik.

##### a) Die voorkoms en betekenis van koinonia by Paulus

##### i) Die gebruik van koinonia - `n religieuse betekenis

Dit is duidelik wanneer die gebruik van koinonia by Paulus nagegaan word dat hy nooit die woord in sy sekulêre betekenis gebruik het nie, maar altyd in `n

religieuse sin.  Brown (1992,1:643) wys daarop deur te sê "....koinonia refers strictly to the relation of faith to Christ: 'the fellowship of his Son' (1Cor 1:9), 'the fellowship of the Holy Spirit' (2 Cor 13:13), 'fellowship in the gospel' (Phil 1:5), 'fellowship of faith' (Phlm 6)."  Ook die voorkoms van koinonia in 1 Kor 10:16 beteken ***deelname*** aan die liggaam en die bloed van Christus en daarom `n vereniging met die verhoogde Christus.

Die gebruik van koinonia by Paulus toon dat hierdie gemeenskap (koinonia) met Christus ontstaan deur die "...creative intervention of God.  It happens through the transformation of man to the very roots of his being.  It is birth into a new existence, and can be expressed by the contrast of life and death" (Brown 1992, 1:643).

Hierdie "geboorte tot nuwe bestaan" is daar op grond van die feit dat die mens "saam met Christus gekruisig en begrawe is en opgestaan het tot `n nuwe lewe (Rom 6:5:11; Gal 2:19,20).  Hierdie "geboorte tot `n nuwe bestaan" beteken nie dat die gelowige se persoonlikheid verander of vernietig word nie, maar dit beteken `n nuwe, persoonlike verhouding met God wat gebaseer is op grond van die vergiffenis van sonde deur die soenverdienste van Sy Seun.

### ii) Die Christosentriese klem van die gemeenskapsbelewenis

In die voorkoms van koinonia word duidelik klem gelê op die ***Christosentriese lewe*** van die gelowige, maar dan nie die gelowige as individu alleenlik nie. Daar is altyd die gemeenskaplike "deelhê aan Christus met andere" (Du Rand 1985:59).

Die "deelhê aan Christus met andere" lei daartoe dat koinonia by Paulus `n sterk gemeenskapsgedagte wil beklemtoon.  Kirkpatrick (1995:5) ondersteun die gemeenskapsgedagte van koinonia wanneer hy sê:  "....the essence of authentic Christian community:  sharing their lives with one another and their

Lord."

Die ***soteriologiese*** aspek en die g***emeenskapsbelewenis*** word by Paulus met mekaar in verband gebring. Ware verlossing bestaan in gemeenskap met Christus en daaruit vloei die gemeenskap met mekaar na vore. Die mens ervaar die gemeenskap wanneer hy deur God ***geroep is***, deur die Heilige Gees ***beweeg*** word, en deur die geloof ***reagee***r en deelneem aan die verlossingsbrengende bloed en liggaam van Christus.

Die gemeenskap van Christus, die Gees en geloof word dan tegelyk `n samevoegende gemeenskap van alle gelowiges: "die gemeenskap van die liggaam van Christus" (Du Rand 1985:59).

Die gevaar van hierdie gemeenskapsbelewenis is dat die Christosentriese perspektief van koinonia verlore kan raak in `n ongebalanseerde oordrewe klem op die onderlinge gemeenskapsbelewenis. Hierdie Christosentriese voorvereiste vir gemeenskapsbelewenis word na die navorser se mening goed uitgelig in die eerste brief van Paulus aan die Korinthiërs.

Reeds in die begin van die brief lig Paulus die Christosentriese klem van die gemeenskapsbelewenis uit:

> God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met Sy Seun, Christus Jesus, ons Here (1 Kor 1:9).

Hier lê Paulus klem op die getrouheid van God wat die mense oproep om in gemeenskap met Jesus Christus te lewe. Om in gemeenskap met die Seun te lewe, bepaal dan die roeping van Christenwees in hierdie lewe. Die voorreg om in gemeenskap met die Seun te lewe is gemotiveer deur God's genade. Juis vanuit hierdie Christosentriese klem van die gemeenskap in 1 Korinthiërs kan Paulus dan verder in die brief die verhoudingsprobleme wat die gemeente ervaar, aanspreek. Indien die Christosentriese klem iewers verlore sou raak,

sou dit net soveel moeiliker wees om die verdeeldheid wat daar in die gemeente was aan te spreek.

### b) Die voorkoms en betekenis van koinonia in Handelinge 2:42

`n Verdere voorkoms van koinonia word in Handelinge 2:42 gevind. Dit is ook die enigste voorkoms van die woord in Handelinge. Hier in Handelinge druk koinonia iets nuuts en onafhanklik uit. “It denotes the unanimity and unity brought about by the Spirit” (Brown 1992,1:642).

Indien die parallelle gedeeltes in Handelinge, wat lig werp op die gebruike van die eerste Christelike gemeente (Hand 4:32-35 & 5:11-16), nagegaan word, is dit duidelik dat die onmiddelike verband van al drie hierdie gedeeltes die “manifestasie van die Heilige Gees” (Du Rand 1985:62) is.

Koinonia bevat hier `n duidelike geestelike dimensie as gevolg van die werk van die Heilige Gees, maar daarmee saam is daar die betrokkenheid van die eerste gelowiges by mekaar op horisontale vlak. Die omgee van die eerste gelowiges vir mekaar is daar as gevolg van die voortgaande werk van die Heilige Gees in die gemeenskap.

Koinonia in Handelinge, sê Du Rand (1985:64),

> ....is gefundeer in geloof en kom tot uitdrukking in die kultiese asook die konkrete realisering daarvan in die uitdeel van materiële middele. Op so `n wyse het koinonia nie maar net vervlak tot `n horisontale aktiwiteit nie, maar is dit `n konkrete uitdrukking van die diakonia wat weer `n sigbare uiting van marturia (getuienis) aangaande die verlossing is.

In Handelinge word dit elke keer duidelik dat kerugma, die verkondiging dat die Jesus Christus die Here is, oorgaan na koinonia. In hierdie koinonia ook word diakonia beleef, wat opsigself `n getuienis en bevestiging is van die

evangelieboodskap.

Dit is onmoontlik om die ***koinonia te beleef*** as dit nie oorgaan tot getuienis nie. Die ***missionêre karakter*** van die eerste gemeente was juis gemotiveer vanuit hierdie koinonia wat in Christus deur die werking van die Heilige Gees beleef is.

### c) Die voorkoms en betekenis van koinonia in 1 Johannes

Om koinonia in die Nuwe Testament te behandel, sonder om na die voorkoms en betekenis van koinonia in die eerste Johannese brief te verwys, is onmoontlik. Koinonia word heel aan die begin van die brief soos volg beklemtoon:

> Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus (1 Joh 1:3).

Uit hierdie gedeelte is dit interessant om daarop te let dat die

> ...doel van die verkondiging, naamlik gemeenskap (koinonia), verwerklik word ten opsigte van tweërlei objekte, naamlik met ons, dit is die verkondigers self, met die Vader, en dan sonder om koinonia te herhaal maar terwyl dit bygedink word, met die Seun, Jesus Christus (Du Rand 1985:69).

Die verkondiging het `n bepaalde doel. Die doel is koinonia. Die koinonia met mekaar is alleenlik moontlik vanuit die koinonia met die Vader en die Seun. Hierdie koinonia met die Vader en die Seun in 1 Johannes ontstaan deur in Jesus Christus as Gestuurde van die Vader te glo.

Daar kan ook `n versteuring van gemeenskap wees:

> As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie (1 Joh 1:6).

Wanneer 1 Johannes 1:6 onder oë geneem word, dan is dit duidelik dat sonde `n versteuring in gemeenskap tot gevolg het. Die mense wie se lewens iets van die duisternis weerspieël as gevolg van die sonde, se lewe is niks meer as `n leuenagtige lewe nie. Sonde het die verbreking van gemeenskap tot gevolg. Dit is ***in Christus*** nie meer nodig dat sonde `n bepalende faktor in gemeenskapsverhoudinge moet wees nie.

> Net soos wat sonde die gemeenskap verbreek, het die offerdood van die Here Jesus die gelowiges gereinig van die sonde wat volle koinonia (gemeenskap) verhinder het. Deur Jesus se sterwe het die gelowiges `n nuwe koinonia met die Vader en die Seun beleef (Du Rand 1985:71).

1 Johannes 1:7 lig die *herstel van die gemeenskap* in Jesus Christus pragtig uit:

> Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

Sonde versteur die gemeenskap. Dit is nie net die gemeenskap tussen God en die mense wat versteur word nie, maar ook die gemeenskap onderling. Om gemeenskap te belewe is dit daarom nodig dat daar `n erkenning van die sonde van mense sal wees en die wete dat die mens homself nie kan red nie. Die oomblik wanneer die mens nie sy sondigheid erken en bely nie is hy `n bedrieër en iemand wat nie volgens die waarheid sy lewe inrig nie (1 Joh 1:8). So `n mens kan ook nie werklik gemeenskap met God en met sy broer beleef nie (1 Joh 1:10).

### 2.3.3.2 Samevattende opmerkinge oor die voorkoms en betekenis van koinonia in die Nuwe Testament

Die volgende samevattende opmerkinge word net gemaak ten opsigte van die voorkoms van koinonia in die Nuwe Testament:

- Dit is duidelik dat koinonia in die Nuwe Testament gegrond is op die inisiatief wat God geneem het om Sy Seun na die aarde te stuur.
- Koinonia is alleenlik moontlik wanneer die mens radikaal verander word. Hierdie verandering vind plaas in die gelowige aanvaarding van God se verlossingsplan, en Sy verlossingsplan is deur Sy Seun.
- Koinonia het daarom `n duidelike Christosentriese klem in die Nuwe Testament. Indien die Christosentriese klem van koinonia ten koste van onderlinge koinonia onderbeklemtoon word, en indien die koinonia nie oorgaan tot getuienis (die missionêre) nie, dan verloor koinonia sy Bybelse perspektief.
- Dit is duidelik dat daar vir die versteurende effek van die sonde voorsiening gemaak is. In Christus is dit nie meer nodig dat sonde `n versteurende invloed op koinonia met God en mekaar uitoefen nie.
- Hierdie gemeenskap berus dus nie op onderlinge simpatie, gelykkluidende belange en belangstellings nie, maar op die gelowige aanvaarding van en deelname aan dieselfde evangelie.

Hierdie gedeelte word afgesluit met die omskrywing van die betekenis van koinonia in die Nuwe Testament deur Du Rand (1985:74):

> Nadat die voorkomste en gebruike van koinonia in die Nuwe Testament nagegaan is, is dit duidelik dat koinonia nie in die mens sy oorsprong het nie maar in God. Koinonia druk iets nuuts en dinamies in die vroeë Christelike gemeente uit. Dit vertolk die eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk is. Die individue het volledig opgegaan in hierdie gemeenskap. Dit is nie `n vrywillige samekoms van gewone mense omdat hulle gemeenskaplike belange besit nie. Dit is `n vergadering van hulle wat God geroep het tot koinonia met Homself deur Sy Seun en met mekaar.... Sowel by Paulus as in Handelinge is die goddelike inisiatief wat koinonia betref opvallend. God roep die mens, gee aan hom lewe

> en laat hom deur sy Gees deel hê aan Homself met mekaar deur koinonia.

### 2.3.4 Die voorbeeld van Jesus in die Nuwe Testament lê klem op die sentrale rol van koinonia

Jesus het nie net gepraat oor hoe dit is om in `n persoonlike verhouding met die Vader te lewe nie. Hy het hierdie lewe in verhouding met die Vader verpersoonlik. Hy het nie toegelaat dat dit `n koue en `n objektiewe waarheid bly nie. Hy het ***dit gelewe***. Gorman (1993:43) sê:

> When Martha in grief recited the cold objective truth, "I know [my brother] will rise again in the resurrection at the last day," Jesus turned the truth in personal reality - "I am the resurrection and the life" (John 11:24-25). Anyone who knew Jesus well knew that truth relationally. He, as a person, was that truth.

Dit is belangrik vir gemeenskap, want niemand kan `n persoonlike verhouding met `n konsep of met koue objektiewe waarheid hê nie. Met `n persoon kan daar gemeenskap beleef word. God word in die Bybel in taal gedefinieer (menslik verstaanbare taal), wat juis klem op die persoonlike aspek van God lê. Juis aangesien Hy Hom aan ons verstaanbaar bekendmaak, kan ons gemeenskap met Hom op `n persoonlike vlak beleef.

Gemeenskap ontstaan dus uit `n persoonlike verhouding. Hierdie persoonlike verhouding kommunikeer God in die lewe van Sy Seun. Deur die Seun het Hy kom doen wat die wet en die hele Ou Testament nie by magte was om te doen nie.

Daar het ***in Christus nuwe*** (oorspronklike bedoelde) ***gemeenskap moontlik*** geword met die Vader en met mekaar.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 2.3.4.1 Die transformering van die verhouding met die Vader

Jesus het met Sy koms `n heel nuwe verhouding met die Vader moontlik gemaak. Hy het gekom om die Vader as `n persoonlike Vader bekend te stel, `n Vader wat weet wat die mens nodig het nog voor hy vra (Matt 6:8), `n Vader met Wie die mens kan praat in gebed (Matt 6:9-13), `n Vader wat vergewe (Matt 6:14), `n Vader wat omgee vir Sy skepping en daarom nog soveel meer vir diegene wat na Sy beeld gemaak is (Matt 6:26-30), `n Vader wat weet hoe om goeie gawes aan Sy kinders te gee (Matt 7:11).

Hy het ook aan Sy volgelinge die liefde van Sy Vader getoon: "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief...."(Joh 15:9). Dit was dan `n oproep om God as Vader te vertrou (Joh 14:1).

Jesus het deur Sy voorbeeld `n intieme persoonlike verhouding met die Vader gedemonstreer. Diegene wat naby Hom gelewe het, het op Sy voorbeeld gereageer. Hulle kon daarom begin om die Vader lief te hê en te vertrou aangesien hulle Hom leer ken het deur in `n persoonlike lewende verhouding met Jesus Christus te staan.

### 2.3.4.2 Die transformering van onderlinge menslike verhoudinge

Dit is onmoontlik om die verkondiging van die evangelie te skei van die impak wat dit op persoonlike verhoudings het. In reaksie op die druk van sy eie familie het Jesus gereageer deur die volgende te sê:

> 33) Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?" 34) Hy het die mense aangekyk en gesê: "Hier is my moeder en my broers! 35) Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder (Mark 3:33-34) .

Jesus stel hier nuwe verhoudings daar. Dit is die gemeenskapsverhouding van die ewige familie met God as hulle Vader. Hierdeur lê Hy klem op die belangrikheid van die familie van God.

Hy lê ook verder klem op diensbaarheid wat die plek inneem van hiërargiese en dominerende sisteme. Om `n leier te wees, moet daar `n bereidwilligheid wees om diensbaar te wees (Mark 10:41-45). Ook die dominerende van partriargale leierskap word verander (Matt 28:8-10).

Die huweliksverhouding word gedefinieer met die vergelyking van die verhouding tussen Christus en Sy kerk (Ef 5:22-32). Daar word in die vader-kind verhouding klem gelê op wedersydse respek en begrip (Ef 6:1-4).

Die verhouding tussen `n slaaf en sy meester kan ook nie meer dieselfde wees nadat hulle in aanraking met Jesus Christus gekom het nie (Ef 6:5-9).

Belangrik rondom die ***nuwe verhoudings*** in die ***nuwe gemeenskap*** wat Christus moontlik gemaak het, is die verhoudinge met mense wat ***anders*** is.

Gorman (1993:45) sê:

> The natural boundaries of nationality, gender, age, economic status must no longer by divisive. Being in community with God means revolutionary rethinking in the arena of mutuality.

In Christus het daar dus `n ***verhoudingsrewolusie*** plaasgevind.

### 2.3.4.3 Jesus se voorbeeld - die konstruering van `n gemeenskapsparadigma

Jesus het nie alleen gemeenskap en die herstel van die verhouding met die Vader en met mekaar verkondig nie, Hy het dit gekonstrueer. Boff (aangehaal deur Gorman 1993:49) sê:

> Jesus did not select the Twelve as founders of future churches. Jesus established the Twelve as a community; as messianic, eschatological church. The apostles are not to be understood first and foremost as individuals, but precisely as the Twelve, as messianic community gathered around Jesus and his Spirit.

#### a) Jesus se keuse - `n kleingroep (Die Twaalf)

Die keuse wat Jesus gemaak het is `n strategiese keuse, `n keuse wat die begin van `n ***nuwe gemeenskap*** inlei, die onderlinge gemeenskap tussen Jesus en die Twaalf, maar ook die voorbeeld van gemeenskap wat Hy met die Vader gehad het. Wat uitstaan in hierdie keuse van Jesus is die volgende:

#### i) Mense is sy metode om die wêreld met die evangelie te bereik

Jesus het nie op programme gesteun wat die menigtes kon bereik nie, "....but men whom the multitudes would follow. Remarkable as it may seem, Jesus started to gather these men before He ever organized an evangelistic campaign or even preached a public sermon. Men were te be His method of winning the world for God" (Coleman 1963:22).

Goppelt (1982:4) sluit hierby aan: "Jesus did not dedicate himself to religious contemplation, but to ministry among people."

Dit is mense wat die boodskap gehoor het: "Kom hier! Kom saam met my, en

Ek sal julle vissers van mense maak" (Matt 4:19). Deur die roeping het Jesus verwag dat hulle hul self-gesentreerde lewenstyl sal laat vaar en hom sal volg. "In return, He gave meaning and purpose to their lives. He nurtured, trained and equipped them for a mission that was bigger than anything they could have imagined. What caused people to follow Christ? Two things: His vision and His example" (Donahue1996:37).

Goppelt (1981:208) sê:

> According to the discipleship stories, Jesus brought people together into an enduring life of fellowship through a unique command: "Follow me!"

Sy visie was dat Hy manne en vroue gesoek het wat bereid was om die wêreld in te gaan namens Hom (Matt 28:18-20; Hand 1:8). Hy was as mens nie in staat om die hele wêreld te bereik nie, en dit was ook nie Sy doel dat dit so moet geskied nie. "As long as Jesus was bound to time and space, the goal of his ministry could not be achieved within the givens of a historical setting...." (Goppelt 1981:210).

Hy het die mense gesien wat verwaarloos was en wat die behoefte gehad het aan iemand wat aan hulle die evangelie sou bring en daarom deel Hy sy visie in Matt 9:36-38:

> Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie `n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

In hierdie visie van Jesus, met die menigtes wat nood ervaar het, was een moontlikheid dat Jesus net by die menigtes en hulle nood betrokke sou raak. Jesus se keuse was om mense te gebruik om sy doel met die menigtes te bereik, en daarom:

### ii) Jesus se keuse - Hy konsentreer op `n klein groepie

Die vraag was watter effektiewe werkswyse die Verlosser kon volg terwyl Hy na sy menslike natuur beperk was. Hy kon net op een plek op `n slag wees, en daarom maak Hy `n keuse. Sy keuse was om die meeste van Sy tyd op aarde met `n klein groepie manne te spandeer, om sodoende ***deur hulle*** die wêreld te bereik.

Die Twaalf word dan ook gekies om in gemeenskap met Jesus te lewe. "The gospels show truth and life as seen through the eyes of the community in which He invested His life and energy. Who He was is revealed to them. How He taught and lived is experienced by them" (Gorman 1993:50).

Daarom dat dit nie net noodsaaklik was om `n klein groepie mense te kies nie, maar om hierdie groep klein genoeg te hou sodat Jesus ook effektief met hulle kon werk. Die groep van twaalf "....is a core value for the development of small group ministry - the calling together of a group to experience the intimacy of Jesus vulnerable relationship with Abba God. This molds a group to become a model of God's dwelling place on earth" (Icenogle 1994:117).

Die doel van die keuse van Jesus was definitief nie om die menigtes te verwaarloos nie. Hyself het nie die menigtes verwaarloos nie. Hy het voortdurend vir die menigtes wat Hom gevolg het die evangelie gebring. Hy het hulle gevoed, genees en duiwels uitgedrywe. Hy was oor hulle besorg en het hulle geleer. Hy het hulle kinders geseën en selfs met tye die hele dag aan hulle behoeftes aandag gegee sodat hy selfs nie eers tyd gehad het om te eet nie (Mark 6:31).

> In every way possible Jesus manifested to the masses of humanity a genuine concern. These were the people that He came to save - He loved them, wept over them, and finally died to save them from their sin. No one could think that Jesus shirked mass evangelism (Coleman 1963:28).

Jesus was `n realis.  Hy het die menslike natuur geken en was bewus van die Sataniese aanslag teen die massas.  Met hierdie kennis het Hy Sy plan vir die evangelisasie van die wêreld ontwerp, `n plan wat aan die behoefte kon beantwoord.  Juis die feit dat Hy die meeste van Sy tyd en energie op aarde aan die Twaalf spandeer het, is getuie hiervan.

Hy kon sekerlik `n ***makro-gemeente*** hier op aarde gebou het.  Die massa het Hom gevolg en was so beïndruk deur Hom dat hulle Hom met geweld wou koning maak (Joh 6:15).  Die Fariseërs het self erken dat die "hele wêreld" agter Hom aangegaan het (Joh 12:19).

> Had Jesus given any encouragement to this popular sentiment among the masses, He easily could have had all the Kingdoms of men at His feet.  All He had to do was to satisfy the temporal appetites and curiosities of the people by His supernatural power (Coleman 1963:29).

Dit was nie Sy doel om vir die ***paviljoen*** te speel nie, maar om te arbei in die Koninkryk.  Dit beteken dat Hy mense nodig gehad het wat die menigtes kon lei.  Dit sou geen doel dien indien Hy die "verleiding" van die massas aanvaar het en niemand toegerus het om voort te gaan met die werk wat Hy begin het nie.  Die menigtes kon maklik prooi vir verleiding geword het, want hulle was soos skape sonder `n herder (Mark 6:34; Matt 9:36; 14:14).  Hulle sal enige een volg wat `n charismatiese leier is, veral in die tyd van die Romeinse oorheersing van Israel.

Daarom is dit belangrik dat Jesus die keuse gemaak het om Sy tyd en energie in `n paar mense te belê wat bevoeg kon wees om Sy bekeerlinge te lei wanneer hy nie meer daar sou wees nie.  Coleman (1963:33) sê:

> His only hope was to get men imbued with His life who would do it for Him.  Hence, He concentrated Himself upon those who were to be the beginning of this leadership.  Though He did what he could to help the multitudes, He had to devote Himself primarily to a few men, rather than the masses, in order that the masses could at least be saved.  This was

> ***the genius*** (eie kursivering) of His strategy.

### iii) `n Leier wat `n onverbeterlike voorbeeld stel

Jesus het nie net `n duidelike visie gehad nie oor die nood van die mense wat Hy wou bereik nie. Hy het ook die voorbeeld gestel oor hoe om hierdie mense te bereik. Die mees duidelike voorbeel van almal was:

> 4)Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en `n handdoek gevat en om Hom vasgemaak. 5) Daarna het Hy water in `n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het (Joh 13:4-5).

> Why did Jesus do this menial task? To show us that leaders lead by example. Leaders serve those they are leading; no task is "beneath" a leader. In Mark 10:45, Jesus tells His disciples that He did not come to be served but to serve. This is a true shepherd (Donahue 1996:38).

In die gemeenskap saam met Jesus, en die voorbeeld wat die dissipels van Hom ontvang het, het Jesus hulle die geleentheid gegee “to remold old habit patterns and establish new ones. They experienced Him in relationship” (Gorman 1993:52).

Die evangelies is vol van voorbeelde dat daar `n voortdurende interaksie tussen Jesus en die dissipels was. Hy het saam met hulle geëet, met hulle geredeneer, in hulle geglo al het hulle Hom teleurgestel. Saam het hulle geleer om konflik te hanteer. Hy het gedurigdeur met hulle die doel van Sy koms gedeel. Hy het ook geweet dat hulle saamwees met Hom die basis sal wees van hulle getuienis wanneer Hy weg sou wees (Gorman 1993:52).

Soos wat die Twaalf saam met Hom gelewe het, het hulle Hom, Sy waardes, Sy verhouding met die Vader en Sy verhouding met ander leer ken. Hulle het gesien hoe ***elke*** individu vir Hom belangrik is, want Hy het nie in die algemeen by die massas stilgestaan nie, maar mense, individuele mense was vir Hom

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

belangrik. Sy dissipels het gesien en ervaar dat almal vir hom belangrik was. Vroue het Hy nie uitgesluit soos wat dit die gebruik in Sy tyd was nie. Die armes, sondaars, ***elke enkele persoon*** wat na die beeld van God geskape is, was vir Hom belangrik.

Juis met dit in gedagte kan die volgende hoofstukke benader word.

# HOOFSTUK 3: MISSIONÊRE GEMEENTEWEES - `N TRANSFORMASIEPROSES

## 3.1 INLEIDEND

### 3.1.1 `n Aansluiting by hoofstuk 2

- God is `n God van gemeenskap

Daar is duidelik aangetoon dat God `n God van gemeenskap is wat nie die mens nodig het om gemeenskap te ervaar nie. Daar was van alle ewigheid af 'n liefdesgemeenskap en kommunikasie tussen die Persone van die Drie-Eenheid. Sonder kommunikasie tussen twee of meer persone kan daar nie sprake wees van gemeenskap nie.

- Die mens is geskape met 'n ingebore behoefte aan gemeenskap

Die mens geskape na die beeld van God bevestig juis die gemeenskaps-karakter van die mens. Van die skepping van die mens word gesê:
"God het die mens as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep (Gen 1:27).

Vanaf die ontstaan van die mens het hulle in klein gemeenskappe gelewe, waar hulle gemeenskap met mekaar en met ander ervaar het. Dit is maar eers in die laaste 100 jaar wat groot stede die reël eerder as die uitsondering geword het (Johnson & Johnson 1994:5)

- Sonde verskeur die gemeenskap

Die mens se behoefte aan gemeenskap het nie verdwyn na die sondeval nie, maar dit is wel versteur. Die sondeval het `n negatiewe gemeenskap tot stand gebring, gekenmerk deur konflik, haat en verskeuring. Die behoefte aan gemeenskap as sodanig is egter nie weggeneem nie.

- Die tydelike herstel van gemeenskap soos verhaal in die Ou Testament

Die mense kan strukture daarstel, maar nie gemeenskap bou nie. Daarom is dit belangrik om daarop te wys dat gemeenskap nie 'n natuurlike eienskap is nie. Gemeenskap tussen God en mens is nie iets wat die mens van sy kant af kan begin nie. Gemeenskap, soos God dit bedoel het, kan ook nie werklik plaasvind waar Hy nie teenwoordig is nie.

*God antwoord deur die roeping van Abraham tot voordeel van almal*

Dit word regdeur die Ou Testament duidelik dat die gemeenskap wat God in daardie tyd moontlik gemaak het, net `n tydelike herstel was. Die tydelike herstel waarvan die Ou Testament praat, word in Hebreërs 10:11 duidelik beklemtoon:

> Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie.

Indien die sondes nie weggeneem kan word nie, is dit tog onmoontlik om in gemeenskap met die Skepper God te lewe. Dit is juis die keuse tot die sonde wat in die begin die verhouding tussen God en die mens verbreek het. Indien daar nie `n volkome en permanente betaling vir die sondes van die mense sou kom nie, sou permanente herstel van gemeenskap tussen God en die mens, en daarom ook tussen die mens en die mens net nie moontlik wees nie.

- Christus is die konstituerende waarborg vir die herstel van gemeenskap

Die gelowige moet onthou dat Christus alleen die konstituerende waarborg van gemeenskap met die Vader is, maar ook met die ander een wat sy pad kruis. Die gelowige kan dit weet, aangesien hy deur Christus alleen vrygemaak is tot die nuwe lewe wat hierdie nuwe gemeenskap moontlik maak. In Christus word die mag van die sonde en die dood vernietig. Dit is juis dit wat die struikelblok van gemeenskap sowel tussen God en mens as mens en mens is.

- Die gemeente, as die plek waar die Godbedoelde en in Christus herstelde gemeenskap moet realiseer, is midde in `n transformasieproses

Gemeenskap, en die behoefte daaraan, is deur `n skepping van God daargestel, deur die sonde verbreek, maar in die tydperk van die Ou Testament tydelik herstel. In Christus is gemeenskap met die Vader en mekaar herstel en is die gemeente die plek waar gemeenskap op verskillende vlakke moet realiseer.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die transformasieproses wat besig is om in gemeentewees plaas te vind.

### 3.1.2 `n Transformasieproses is besig om plaas te vind

In Suidelike Afrika en in die hele wêreld is `n sigbare transformasieproses ten opsigte van missionêre gemeentewees aan die gang. In hierdie hoofstuk word die transformasieproses (sommige noem dit `n paradigma skuif) wat in die kerk van Jesus Christus aan die gang is, en in plaaslike gemeentes sigbaar ervaar word, aangedui en verklaar.

Die **transformasieproses** word in hierdie hoofstuk vanuit `n positiewe benadering beskrywe, aangesien dit 'n aanduiding is van die 2000 jaar lange strewe om die Godbedoelde gemeenskap in die Christelike kerk te ervaar. Die boodskap van verlossing, die behoefte na hierdie Godbedoelde gemeenskap, bly dieselfde, maar die vormgewing daaraan kan verander. Die plaaslike gemeente is dan ook die plek waar die Godbedoelde gemeenskap vanaf die ontstaan van die Christelike kerk gerealiseer het en al meer sal moet realiseer.

Daar bestaan vanaf die begin van die Christelike kerk die voortgaande spanning tussen die ideale Christelike gemeenskap (die droom), soos wat God dit bedoel en in Christus herstel het, en Christelike gemeenskap soos wat dit in die gebroke sondige werklikheid, die praktyk van missionêre gemeentewees van elke dag ervaar word (die realiteit).

Indien die gaping tussen die droom van gemeenskap en die realiteit van 'n gebrek aan gemeenskap te groot word, lei dit tot 'n moedeloosheid en `n traagheid in gemeentewees. Wanneer die gaping tussen die droom en realiteit al hoe groter raak, is dit soos `n afvoerpyp waarin die ***vreugdewees van missionêre gemeentewees*** soos die Here dit bedoel het, wegvloei.

Die wêreldwye transformasieproses van missionêre gemeentewees, wat vanuit `n positiewe hoek in hierdie hoofstuk beskou word, wil juis die gaping verklein wat daar tussen die *droom* en die *realiteit* van gemeenskap bestaan in die plaaslike missionêre gemeentewees.

## 3.2 SIGBARE AANDUIDINGS VAN DIE TRANSFORMASIEPROSES

Gemeentewees is doodeenvoudig nie meer dieselfde nie. Ook in die NG Kerk verskil gemeentes radikaal van mekaar. Dit wat in die verlede gewerk het, werk nie meer nie. Evangelisasie is anders. Dissipelskap is nie meer dieselfde nie. Die eredienste en aanbiddingsgeleenthede verskil van gemeente tot gemeente. Die manier van beroeping van predikante is anders. Mense kom kerk toe vir ander redes as vroeër. Hulle het nie meer dieselfde lojaliteite teenoor `n denominasie as wat vroeër die geval was nie. "Things don't work like they used to..., everything in the church appears to be different (Woods 1996:5).

### 3.2.1 Sigbare faktore wat `n aanduiding van die transformasieproses gee

#### 3.2.1.1 Aanduidings ten opsigte van transformasieproses in Die Kerkbode

Enkele sake vanuit advertensies en artikels wat in *Die Kerkbode* oor die afgelope tyd verskyn het, word uitgelig om daardeur die transformasieproses te onderstreep.

#### a) Gemeente-ontwikkeling -en vernuwing

In Die Kerkbode van 6 Februarie 1998 verskyn die volgende advertensies:

- Die Gemeentevreugde-Konsultantegroep onder leiding van Dr Marius Potgieter bied vanjaar verskeie leraarsklinieke oor selgemeentes op George en Mosselbaai aan (Kerkbode 6 Februarie 1998:2)

- Die Buro vir Gemeente-ontwikkeling

  Help Leraars met:
  - die ontwikkeling van persoonlike leierskap
  - die verryking van kollegiale verhoudings

Help gemeentes met:

- leierskapsontwikkeling
- spiritualiteit in vergaderings
- die beroeping van leraars
- gemeente-analises
- langtermyn gemeente-ontwikkeling
- die verbintenis aan die omgewing deur `n gemeenskapsprojek

Help ringe met:

- situasie-analise
- beter bronbenutting
- spanbou tussen leraars (Kerkbode 6 Februarie 1998:7)

- Noord-Transvaal hou simposium oor die erediens
Pretoria: Die Noord-Transvaalse Sinode van die NG Kerk bied op 24 en 26 Februarie `n simposium oor die erediens aan. Die tema is: "Venster op die erediens: die gebruik van rituele en simbole...." Teoloë van verskillende denominasies sal as sprekers optree (Kerkbode 6 Februarie 1998:2).

- Afrikaanse Nasionale Selkerk Konferensie 25 tot 28 Maart 1998 NG Gemeente Ermelo-Oos (Selkerk) is `n plattelandse NG Gemeente wat tans in die proses is om van `n tradisionele program-gebasseerde bedieningstyl oor te skakel na `n volledige selkerk-bedieningstyl......(Die Kerkbode 6 Februarie 1998:13).

In Die Kerkbode van 3 April 1998 (:16) verskyn die volgende advertensie:

- "NG Gemeente Rant en Dal, Krugersdorp bied aan:
  - Twee seminare wat jou lewe en bediening kan verander
  - 25 - 27 April 98 Vernuwingskongres....
  - 24 - 26 Julie 98 Lofprysingseminaar....

In Die Kerkbode van die 24 April 1998 verskyn die volgende advertensies:

WEET JY WAT JOU GEMEENTE VERWAG?

*Organisasies beplan nie meer sonder dat behoorlike navorsing gedoen is nie.*

- Behoort gemeentes nie ook deeglike navorsing te doen voordat

strategies beplan word nie?

- Om die gemeente beter te bedien moet die gemeente immers beter verstaan word!

Ons kan help.
Ons is `n professionele navorsingspan.

Ons dienste sluit in:

- `n Onderhoud met u kerkraadskommissie ten einde u behoeftes te bepaal en aanbevelings te maak.
- Die opstel van `n gerekenariseerde vraelys volgens u behoeftes.
- Die verwerking van die voltooide vraelyste.
- `n Volledige verslag van die resultate waarin knelpunte/tendense belig word.
- `n Aanbieding in u gemeente waar die resultate bespreek word

Vir meer inligting, skakel **Gerhard Koen** by 082 850 5657 (:2).

## b) Advertensies ten opsigte van vakatures in gemeentes in die NG Kerk

In Die Kerkbode van 20 Februarie 1998 (:17) verskyn die volgende advertensies:

Vakature: Medeleraar NG gemeente Malelane

- Die volgende word aangehaal: "Pligte: Toegewyde, kreatiewe en dinamiese uitvoering van algemene pligte ingevolge "rtikel 9 van die Kerkorde.

- Ned Geref Gemeente Ermelo (Vakature: Medeleraar)
  Die volgende word aangehaal: "Leraar: Die gemeente benodig `n voltydse medeleraar....om te arbei binne die grense van "rtikel 9 van die kerkorde, en wat erns maak met die Woord, die belydenis en sinodale besluite (:17).

Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg-Gauteng:
Vakature Mede-Leraar: Bediening van kleingroepe en jeug is `n vereiste.
Die gemeente benodig `n voltydse mede-leraar....(:8).

- Vakature Leraarspos NG Gemeente Rynfield

  ....Leraarsprofiel
  Die suksesvolle kandidaat moet bereid wees om alle pligte volgens Artikel 9 van die kerkorde getrou uit te voer....(:12)

In Die Kerkbode van 15 Mei 1998 verskyn die volgende advertensie:

  Ned Geref Gemeente Aasvoëlkop
  kleingroepbediening, visionêre leiding, gemeentebou en uitreik sal as aanbevelings dien....(:12)

## c) Artikels in Die Kerkbode

In Die Kerkbode van 24 Januarie 1997 (:1) verskyn die volgende Artikel waarvan gedeeltes aangehaal word:

- Kerk sit met dilemma - In Nuwe SA tussen vure

  ....Suid-Afrika beleef tans sy derde monumentale verandering die eeu.... ook die kerk, word hierdeur geraak... In die veranderde Suid-Afrika bevraagteken mense die institusionele komponente van die samelewing. Die kerk het dus geen ander *keuse as om weer oor sy eie rol en plek na te dink. Die kerk kan nie met sy gevestigde gebruike voortgaan asof niks gebeur het nie (eie kursivering),* meen dr Du Plessis.... die huidige neiging is dat mense amper anti-institusioneel geword het. Vroeër jare.... vanselfsprekende lojaliteit. Deesdae vra mense eerder wat die kerk aan hulle kan bied.....

  Dit kom daarop neer dat die kerk eietyds sensitief moet wees vir die behoeftes van die mense, maar met behoud van sy eie karakter. Dit gaan om die ou boodskap op `n moderne manier aan die mense oor te dra....

  Die kerk sit dus met `n dilemma. Wat die NG kerk se posisie bemoeilik is dat hy die vorige regering gesteun het.

Dr J du Rand (1998:12) skryf die volgende Artikel:

- Gereformeerd is altyd vry en nuut

  Skielik is alles volop - oor kerke, musiek, liedere, sprekers. Ons

kan kies en keur na willekeur. Ons hou seminare....

Die sukses van die onafhanklike/kitskerke rus swaar op die "foute" van die hoofstroom kerke waar daar oënskynlik nooit iets gebeur nie.... Vergete is die belydenisskrifte, liedereskat, agtergelaat is die foute van die verlede.

....By ons huidige geslag het (soos telkens in die verlede) die waarheidsbron weer verskuif na die lewensgevoel van die (godsdienstige) mens. Ek kies alleen...

....Die Reformasie het juis weer probeer om die mens se oog "weg te buig van homself" (Luther).... *Hoekom wil ons weer voor begin en alle foute van voor maak?* (eie kursivering)....

**Van Rensburg (1998:12) skryf:**

- Die kerk moet in staat wees om die uitdagings wat die *wêreldvernuwing aan ons opdring* (eie kursivering), doeltreffend te kan ontmoet. Ons moet met geesdrif van `n vernuwende denke na nuwe uitdrukkingsvorme van die besondere ampte soek....

  **....**Die kerk kan die besondere ampte eietyds maak sonder om die karakter en doel daarvan in die praktyk van kerkwees geweld aan te doen.

**In Die Kerkbode van 24 April 1998 (:12) verskyn die volgende artikel:**

- Jaar 2000 dalk "Jaar vir Kategese"

  Krugersdorp - Die Algemene Jeugkommissie (AJK) van die NG Kerk beoog om die jaar 2000 as Jaar vir kategese te verklaar as deel van `n dinamiese strategie vir die nuwe millennium....

  ....Veranderde omstandighede....

### d) Kerkbodes van 2003

Die Kerkbodes van Februarie 2003 tot en met Desember 2003 is by die Universiteit van Stellenbosch se Teologiese Biblioteek nagegaan. Die gevolgtrekking wat gemaak is dat dieselfde sake steeds voorkom. Dit bevestig

dit wat in paragrawe a tot c aangehaal is. Daar kom moontlik `n paar dinge by, soos onder andere die grondkwessie en die aanspreek van geweld. Die oorhoofse tema bly egter dat daar veranderinge in die kerk is, en die vraag is altyd: “hoe gaan die kerk op hierdie veranderinge reageer?

Daar word dus volstaan by die punt wat in a tot c gemaak is, en die nuwere Kerkbodes word nie spesifiek aangehaal nie.

### 3.2.1.2 Boeke wat sedert 1991 verskyn het dui op die transformasieproses

### a) Suid-Afrikaanse Boeke

Die volgende boeke het verskyn wat deel is van die gesprek aangaande die transformasieproses:

1991
- Bosch, D J. *Transforming Mission - Paradigma Shifts in Theology of Mission.*
- Burger, C. *Die dinamika van `n Christelike geloofsgemeenskap - Nuut gedink oor gemeentes.*

1992
- Hendriks, J. *Strategiese Beplanning in die Gemeente - Die Beginsels & Praktyk van Gemeentevernuwing.*

1993
- Crafford, D & Gous, G. *Een liggaam - Baie lede, Die Kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-”frika.*

1994
- Kritzinger, J J, Meiring, P G J & Saayman, W A. *On being Witnesses*.
- Nel, M. *Gemeentebou.*

1995
- Buchanan, D & Hendriks, J. *Meeting the Future - Christian Leadership in South Africa*.
- Burger, C. *Gemeentes in Transito - Vernuwingsgeleenthede in `n*

*oorgangstyd.*
- Potgieter, M. *`n Nuwe Bybelse Lewenswyse - Die Selgemeente.*

1996
- Burger, C & Simpson, N. *Bybelstudiegroepe: Poorte vir die genade*.

2001
Van der Merwe, M en Marais, F. Draers van Hoop – *Werkbare planne vir gemeentes wat wil vernuwe*

2002
Burger, C & Nell, I red. *Draers van die waarheid, Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente.*

2003
Dreyer, D. *Lééf jou gemeente regtig? Nie ter wille van onsself nie.*

## b) Boeke vanuit die Oorsese mark

Aangesien daar soos `n geweldige boekontploffing is vanuit die oorsese mark oor die verandering in gemeentewees, word daar hier net `n paar kern boeke aangehaal as bewys en bevestiging van die transformasieproses wat besig is om te gebeur in die kerk van die Here Jesus Christus.

1990
- Callahan, K L. *Effective Church Leadership - Building on the Twelve Keys*.
- Hendriks, J. *Een vitale en aantrekkelijke gemeente - Model en methode van Gemeenteopbouw*.
- Neighbour, R W. *Where do we go from here? - " Guidebook for Cell Group Churches*.
- Towns, E L. *An inside look at 10 of Today's Most Innovative Churches - What they're doing, How they're doing it & How can you apply their ideas in your church*.

1991
- Mead, L B. *The Once and Future Church - Reinventing the Congregation for a new Mission Frontier.*
- Van Engen, C. *God's Missionary People - Rethinking the Purpose of the Local Church.*

1992
- George, C F. *Prepare your church for the future*.

1994

- George, C F. *The Coming Church Revolution - Empowering Leaders for the Future.*
- Icenogle, G W. *Biblical Foundations for Small Group Ministry*.
- Mead, L B. *Transforming Congregations for the Future*
- Wuthnow, R. *Sharing The Journey*: *Support Groups and America's New Quest for Community.*

1995

- Hybels, L & Hybels, B. *Rediscovering Church - The Story and Vision of Willow Creek Community Church*
- Warren, R. *The Purpose Driven Church - Growth Without Compromising Your Message & Mission.*

1996

- Woods, C J. *Congregational Megatrends*.

1998

- Halstead, K A. To Unstuck, overcoming congregational impasse.

1999

- Waldkoenig, G A C, & Avery, W O. *Cooperating Congregations*, *Portraits of Mission Strategies.*

2001

- Gaede, B A ed. *Size Transitions in Congregations*.

2002

- Man, A. *The In-Between Church,* Navigating Size Transitions in Congregations.
- Rendle, G. *The multigenerational congregation,* meeting the leadership challenge.

2003

- Hawn, C M. *One Bread, One Body,* Exploring Cultural Diversity in Worship.
- McMahill, D R. *Completing the Circle*, Reviewing Ministries in the Congregation.
- Regele, M. *Robust Church Development*, a vision for mobilizing regional bodies in support of missional congregations. Percept Group Inc, USA

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

### 3.2.2 Samevattende stellings ten opsigte van paragraaf 3.2

- Vir die opmerksame leser van Die Kerkbode word dit duidelik dat die verskillende advertensies wat die afgelope tydperk verskyn het, duidelik aandui dat daar 'n transformasieproses aan die gang is, waarvan die NG Kerk in Suidelike Afrika onvermydelik deel geword het.

- Vir die boekentoesias is dit ook duidelik dat daar `n “boekontploffing” was wat die transformasieproses bevestig en vanuit verskillende kante ondersteun en ook `n ander klem daarop lê.

Alhoewel die meerderheid van die boeke vanuit die oorsese markte kom, staan die Suid-Afrikaanse skrywers nie terug nie en spreek hulle ook die transformasieproses aan.

## 3.3 `N WÊRELDWYE TRANSFORMASIEPROSES IN *MISSIONÊRE GEMEENTEWEES* IS BESIG OM PLAAS TE VIND

Dit is belangrik om in die beskrywing van die transformasieproses wat aan die gang is, die “groot prentjie” van verandering in die wêreld te skilder.  Daar is `n gevaar is om spesifieke veranderinge van die kerk onafhanklik van ander kerke te beskryf.  Indien spesifieke aspekte van verandering alleen vanuit die oog van die NG Kerk beskrywe word, sal die perspektief van die geheel verloor word. Selfs al word daar klem gelê op die “Gereformeerde” karakter, kan die NG Kerk nie aanspraak maak om enigste bewaarder, beskermer en oordraer van die Gereformeerde erfenis te wees nie.

Elke aspek van kerkwees is in `n transformasieproses. Die baie veranderinge is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Daarom word daar in hierdie paragraaf `n beskrywing gegee van die “groot prentjie" van verandering.

### 3.3.1 `n Beskrywing van die transformasieproses binne die wêreldwye konteks

#### 3.3.1.1 Primêre faktore wat aanleiding tot die transformasieproses gegee het

#### a) `n Nuwe era van missionêre gemeentewees

Daar is baie skrywers wat aandui dat kerk besig is om in `n nuwe era in te beweeg. Die term era word gebruik om `n spesifieke tydperk met spesifieke kenmerke te beskryf. Daarom is dit so dat wanneer een era oorgaan na `n ander dit iets is wat aandag trek en die moeite werd is om te beskryf. Dit is natuurlik maklik om in die geskiedenis terug te kyk en sekere eras aan te dui, maar terwyl die skuif besig is om plaas te vind, is dit natuurlik moeiliker om dit raak te sien, te beskryf, of selfs om dit te herken.

Om die saak duideliker te maak, is dit waardevol om `n beskrywing te gee van die verskeie eras waarin die kerk hom in die afgelope 2000 jaar bevind het. Wanneer die eras beskrywe word, sal erken moet word dat `n duidelik onweerlegbare transformasieproses tans besig is om plaas te vind.

Mead (1991:9-29) stel voor dat daar deur die eeue twee eras was waarin die kerk geleef het, en dat die kerk op pad na `n derde era is. Dit word soos volg beskryf:

## i) Die Apostoliese Era (30 - 313nC)

Die eerste era wat beskrywe word, noem Mead (1991:9) “The Apostolic Paradigm”. Hierdie is die era direk na die Jesus tydperk. Aan die begin van hierdie tyd was die apostels die hoofrolspelers.

Die vroeë kerk was terdeë bewus van hulleself as die "getroue volk van God", omring deur die vyandige omgewing van die wêreld. Elkeen was geroep om teenoor die wêreld te getuig van God se liefde in Jesus Christus, en om die nuus van genesing, liefde en redding (die evangelie boodskap), uit te dra .

Hulle was:

- `n plaaslike gemeenskap wat ***geroep is uit*** (ekklesia) die wêreld;
- `n gemeenskap wat gelewe het vanuit die krag en die waardes van Jesus Christus;
- `n intieme gemeenskap waar binne die waardes behoue gebly het;
- `n gemeenskap waarvan jy alleenlik deel geword het wanneer jy dieselfde geloofsbelydenis gedeel het (vgl 1 Kor 15:1-4); en
- `n persoonlike en intense gemeenskap.

Om aan die gemeenskap te behoort:

- was om in onmiddellike kontak met God se Gees te wees.

Hierdie gemeenskap:

- was egter geen volmaakte gemeenskap nie, want daar was mense by betrokke. Die mense wat deel gevorm het van hierdie gemeenskap, het ook konflik, woede, skeuring sowel as blydskap, vrede en vreugde ervaar.

Teenoor hierdie gemeenskap was daar:

- `n wêreld wat vyandig was teenoor dit waarvan hulle as geloofsgemeenskap getuig het;
- `n wêreld wat nie neutraal en onbetrokke was nie, maar het stelling ingeneem direk teen die geloofsgemeenskap.

Die geloofsgemeenskap was geroep om:

- uit te reik na en te getuig teenoor hierdie vyandige omgewing, ten spyte van die reaksie en optrede van die vyandige omgewing (wêreld);
- om in die wêreld, maar nie van die wêreld te wees (Johannes 17).

Hierdie eerste gemeenskap was:

- gerig op die wêreld (missionêr);
- gekenmerk deur hulle getuienis en betrokkenheid in die wêreld;
- doelgerig besig om die gelowiges toe te rus, en op te bou om "God se Goeie Nuus" (Ef 4:11-16) in en aan die wêreld te kommunikeer; en
- bewus daarvan dat die krag vir gelowiges om hulle getuienis te deel, van die Heilige Gees kom (Hand 1:8)

Die Apostoliese Era het ongeveer die eerste drie eeue beslaan, en dit was die denkwyse waarop die vroeë kerk sy missie in hierdie wêreld verstaan en uitgeleef het.

## ii) Die Christendom Era (313nC - 1963)

Die tweede era wat Mead (1991: 13) beskrywe noem hy die “Christendom Paradigm.”

Daar het 'n groot verandering in die wêreld ingetree met die bekering van Konstantyn in 313 nC, maar daar was nog steeds nie `n duidelike oorgang van die een era na die ander nie, maar iets wat geleidelik met die tyd al hoe meer sigbaar geword het.

Die volgende is uitstaande kenmerke van hierdie era:

- Die Christelike godsdiens word in naam en volgens die wetgewing die offisiële staatsgodsdiens. Die kerk was dus met die ryk (staatsbestel) van daardie era geïdentifiseer. “The congregation was the church; the church was the empire” (Mead 1991:14);
- Daar was nou in `n sekere sin geen grense meer tussen die kerk en die wêreld nie.
- Die individuele lidmaat was daarom nie meer geroep om `n getuie

in `n vyandelike omgewing te wees nie.

Die skadelike gevolge van hierdie era:

- missionêre uitreiking het nou die verantwoordelikheid van die "leraar" geword;
- om siele vir die Here te wen was min of meer dieselfde as om nasies vir die "Empire" te wen;
- daar was `n vermenging tussen kerk en staat;
- missionêre uitreiking is gesien as iets "daar ver", want almal wat deel van die staat was, was deel van die geloofsgemeenskap;
- die gemeente van God wat geroep was om getuies in die wêreld te wees, het nou `n gemeente geword waar die pastor verantwoordelikheid vir die versorging van sy kudde moes aanvaar;
- die verantwoordelikhede en roeping van die gewone gelowige het vervaag. Die taak en funksie van die gewone gelowige was om maar net daar te wees. Hy moes net `n goeie landsburger wees, gereeld in die kerk wees, belastings betaal en sy dankoffer gee. Hierdie is die grootste negatiewe invloed van hierdie era.

Mead (1991:18) sê

> We are surrounded by the relics of the Christendom Paradigm, a paradigm that has largely ceased to work. But the relics hold us hostage to the past and make it difficult to create a new paradigm that can be as compelling for the next age as the Christendom Paradigm has been for the past age.

Dietterich (soos aangehaal in Woods 1996:18) verdeel die Christendom Era in twee eras. Hy noem dit:

The Imperial Church (A.D. 311 to 1789)

- Persecution directed at the church ceased.
- The persecuted became the persecutors.
- Entire communities were labeled as Christians.
- The church became a tool of the government.
- State churches developed.

The Establishment Church (A.D. 1789 to 1960)

- The church grew rapidly.
- Mainline denominations grew rapidly.
- “Christian” and “American” (lees Afrikaner) became synonymous.
- Educators and politicians came from churches.
- The “haves” gave to the “have-nots.”

### iii) Die tussentydse era (1963 ev)

Die derde tydperk beskryf Mead (1991:22) as "The Time between Paradigms". Die kerk van die Here Jesus Christus is vandag `n kerk tussen twee eras. Die nuwe era het nog nie heeltemal aangebreek nie, en terselfdertyd word die kerk nog teruggehou deur die ou manier van denke en kerkwees.

Vandag is dit byvoorbeeld algemeen om te praat van die bediening wat die gewone gelowige het. Dit was nie so algemeen onder die ou bedeling nie. Die verantwoordelikheid van die bediening was die betaalde leraar/pastor s'n. Indien die gewone gelowige `n bediening het, beteken dit dat die Christen dokter-, onderwyser-, ambagsman- of watter ander beroep ook al, iets spesiaals het om by te dra.

Indien daar dan van die bediening van die gewone gelowige gepraat word, dan is die kerk nie meer dieselfde as tydens die "Empire" nie. Die verandering wat taalgebruik aanbetref, lyk eenvoudig, "but its implications are vast (Mead 1991:25).

Die volgende is daarom belangrik om te weet:

- Ons kan vandag doodeenvoudig nie meer aanvaar dat almal Christene is nie. Daar sal moet aanvaar word dat baie in dieselfde geografiese area, dieselfde werkplekke, dieselfde taal en kultuur nie meer `n belangstelling in die kerk as sodanig het nie.
- Die totale gemeenskap is nie meer `n Christelike gemeenskap nie. Daar kan selfs nie meer van Christelike nasionale onderwys en opvoeding gepraat word nie; - indien dit ooit waar was.
- Die Christen wat in die gemeenskap leef, het nou hoe al meer `n verantwoordelikheid van getuienis teenoor die gemeenskap. Die Christelike gemeenskap kan nie meer verwag dat die regering van die dag iets moet doen vir die verbetering van die morele waardes van die gemeenskap nie. Die antwoord is ook nie om meer Christene in die regering te kry nie. Die antwoord is wel dat Christene sal leef dit wat hulle is en wat hulle sê hulle is.
- Die kerk van vandag toon baie ooreenkomste met die Apostoliese era in die sin dat:
    - die voordeur van die kerk `n deurgang is na missionêre verantwoordelikheid in die wêreld;

- o elkeen wat deur die voordeur van die gebou na buite gaan, besig is om die grens na die missionêre voorpos oor te steek;
- o mense raak weer deel van die geloofsgemeenskap deur bekering en nie net deur fisiese geboorte nie;
- o die klem op mense en verhoudings geplaas word en baie minder op strukture, vorme en tradisies;
- o die kerk vandag mense bedien in hulle onmiddellike gemeenskappe;
- o die kerk na die gemeenskap moet gaan om die mense te bereik en dat die mense nie meer na die kerk kom nie;
- o daar nou `n baie sterk behoefte na die kleingroepbediening (huiskerk) is, aangesien die mense in die massas van vandag verlore gaan;
- o die gemeenskap van vandag ook nie meer respek het vir die kerk soos wat dit in die "Christendom Paradigma" wel die geval was nie, en dat die gemeenskap al hoe meer vyandig teenoor die kerk word.

Krisis vir gemeentes en gemeentelede in Suid-Afrika vandag:

- Die nuwe paradigma se lyne is nog nie heeltemal duidelik nie.
- Ou standvastige bakens het verdwyn:
  - o Die verhouding van kerk en staat is nie meer dieselfde nie (veral nie die verhouding van die NG Kerk met die huidige regering nie).
  - o Daar word ook nie meer verwys na `n Christelike staat nie, maar wel van `n sekulêre staat met `n sekulêre grondwet waar geen godsdienstige groepering veronderstel is om bevoordeel te word nie.
  - o Die vryheid ontstaan om nie meer aan die kerk te behoort nie.
  - o Die wetenskap en tegnologie poog om antwoorde te gee en om `n oplossing vir al die menslike vrae te wees.
  - o Godsdienstige pluralisme het ontwikkel en die eksklusiewe van die Christelike godsdiens verdwyn.
  - o Godsdiens word `n persoonlike aangeleentheid wat nie meer in staatsbeheerde plekke so ooglopend beoefen mag word nie.
  - o "Church Shopping" word die norm, en lojaliteit teenoor die Hoofstroom kerke, verdwyn.
- `n Nuwe geslag word in die nuwe tydvak gebore. Hulle wil graag verandering en vernuwing in die kerk sien.
- Daar is egter ook nog diegene wat vashou aan die verlede, vir wie die kerk die laaste bastion is, `n plek waar verandering en vernuwing so lank as moontlik uitgestel moet word.

### 3.3.1.2 `n Periode van krimpende lidmaatgetalle

Daar is `n wêreldwye tendens dat daar `n daling is in die lidmaatgetalle van die hoofstroom denominasies. Woods (1996:20 ) sê dat elke hoofstroom denominasie in die afgelope dertig jaar verklein het. Die Kerkbode van 7 Februarie (1997:10) sluit daarby aan ten opsigte van die NG Kerk:

> Word die NG Kerk `n sterwende kerk?
>
> Die NG Kerk groei nie meer nie en `n kerk wat nie groei nie, is terminaal sterwend... `n situasie waarvoor die Bybel nie voorsiening maak nie....Wat selfs meer ontstellend is, is die gelatenheid, die byna traak-my-nie-agtigheid, die sorgeloosheid waarmee die dalende lidmaattal van die NG Kerk aanvaar word..... Wat die neiging des te meer ontstellender maak, is die feit dat die geskiedenis van die NG Kerk toon dat die kerk `n kerk was wat `n sterk sending-visie gehad het - `n kerk wat sending ernstig opgeneem het.

`n Jaar later verskyn die volgende in Die Kerkbode van 6 Februarie (1998:4) onder die volgende opskrif:`n Krimpende kerk?

- Daar is klaarblyklik `n beduidende afname in die aantal lidmate van die grootste Afrikaanse kerk... en daar behoort ernstig na die redes gesoek te word.
    - Die dalende geboortesyfer...
    - Emigrasie kan ook `n rede wees.
    - Die NG Kerk se standpunte oor apartheid en verwante sake....

Tydens die Algemene Sinode van 2004 word daar die samestellers van die nuwe Kerkspieël, wat in November 2004 sal verskyn, genoem dat die kerk nog steeds krimp.

Wat kan gedoen word? Gee bogenoemde twee artikels, en dit wat op die Algemene Sinode genoem is, saamgelees met die feit dat dit `n wêreldwye tendens in die hoofstroom kerke is, `n doodsvonnis vir die NG Kerk? Is die situasie onomkeerbaar?

Kerke moet die verkleining in lidmaatgetalle sien as `n "wake-up call - not to work harder, but to redefine the very core of what it means to be a church (Woods 1996:21)!"

Die transformasieproses se prentjie word verder geskets deur:

### 3.3.1.3 Wêreldwye tendense wat `n bevestiging is van die transformasieproses en behoefte daaraan noodsaaklik maak

Mead (1991:68) sê:

> We are at the front edges of the greatest transformation of the church that has occurred for 1,600 years. It is by far the greatest change...; it may eventually make the transformation of the Reformation like a ripple in a pond.

Dit is kragtige woorde. Die wêreldwye tendense gee aanleiding tot sulke woorde, wat sekerlik as profeties beskou kan word. Die volgende wêreldwye tendense word gevind:

### a) Uitbreiding van `n gesekulariseerde samelewing

Statistiek wys dat die meerderheid van die samelewing in Suider-Afrika aan een of ander Christelike kerk behoort. Die staatsbestel in Suid-Afrika en ook in Namibië is egter `n sekulêre bestel. Skole word al minder toegelaat om die Christelike godsdiens te bevoordeel.

Die kerk wat eens op `n tyd die middelpunt van die familie- en gemeenskapslewe was, is op die oomblik besig om te kompeteer vir aandag in `n sekulêre wêreld gevul met werk, sport, skool ontspanning, televisie, die Internet en talle ander gebeure van die dag. Die kerk is ook besig om met

ander godsdienste te kompeteer ten opsigte van uitsaairegte en kry al hoe meer die wind van voor in die sekulêre staatsbestel. Die persentasie van diegene wat kerklik onbetrokke raak en nie meer glo nie, is besig om te groei.

Dit alles wil veroorsaak dat die "kerkkultuur" wat daar altyd was, besig is om in duie te stort.

## b) Nuwe vorme van geordende leierskap

Die vestiging van `n gesekulariseerde samelewing, verkleining in lidmaatgetalle, veranderende sosiale en politieke omstandighede en selfs `n vermindering in bydraes het gemaak dat daar `n groter bewuswording onder geestelikes is "for a greater ownership and participation by lay persons in the purposes and tasks of the church" (Rehnborg:1994,1:7).

Die huidige leierskap van die kerk in die wêreld erken die behoefte aan `n baie groter leierskapsbasis. Dit is onmoontlik vir die geordende leierskap om verantwoordelikheid vir die groter wordende behoeftes te aanvaar as gevolg van die nuwe omstandighede in die huidige samelewing. Daarom word daar al hoe meer klem gelê op die gawes wat elke Christen ontvang het, aangesien hulle toegerus is met die Heilige Gees.

## c) Die "lay person" van die negentiger jare

Die lewe van die negentiger jare raak al hoe bedrywiger en daar is meer en meer aktiwiteite wat aandring op die aandag van die gewone gelowige. Die gewone gelowige van vandag staar juis as gevolg van hul besiger programme, selfs `n tweede deeltydse werk om alles aan die gang te hou, werk oorplasing, regstellende aksies, vroeë aftredes, egskeidings, enkelouerskap, kroniese siektes soos onder ander depressie, al hoe meer krisisse in die gesig. Daarom is hulle

> ....less willing to make open-ended commitments to serve without addressing their personal needs. Yet crisis and busy schedules actually present an opportunity for a well-run lay ministry system. If well cared for in crisis, people will respond by caring for others in their crisis. Motivated *to make a difference* (eie kursivering), members will commit deeply if they perceive their time will be used well (Rehnborg:1994,1:8).

Die tyd is vir altyd verby dat daar slegs van lidmate verwag word om `n goeie landsburger en getroue kerkganger te wees, belastings te betaal en sy dankoffer te gee, met ander woorde, om maar net daar te wees.

Die implikasie is duidelik. Lidmate wil ervaar daar word na hulle geluister en daar word vir hulle omgegee. Lidmate wil `n bediening hê wat `n verskil maak, en waarvoor hulle die verantwoordelikheid sowel as die mag het om dit uit te voer. Hierdie bediening moet aanpas by hulle gawes en aansluit by hulle behoeftes. Dan moet daar voortdurende kontak wees – in die vorm van `n ondersteuningsgroep – om lidmate by te staan, toe te rus en te motiveer in dit waarmee hulle besig is.

### d) Nuwe patrone van finansiële bydraes

In die huidige tydsgewrig is daar baie instansies wat om finansiële ondersteuning vra. Daar kan nie meer verwag word dat die staat in almal se finansiële behoeftes sal voorsien nie. Die gevolg is dat “vrywilligers" 'n al hoe groter verantwoordelikheid vir `n verskeidenheid van finansiële verpligtinge moet dra om skole, hospitale, kerke, gemeenskapsorganisasies, maatskaplike dienste, bejaarde- en siekesorg en nog baie meer aan die gang te hou.

Dit veroorsaak dat mense ingeënt word teen bydraes vir elke verdienstelike saak, want daar is te veel om op te noem. In die midde van hierdie tydsgewrig, waar materialisme natuurlik ook altyd `n groter wordende invloed uitoefen, is dit verblydend om te verneem: “The Independent Sector found that persons actively engaged in voluntary service consistently give an average of three to

four times the amount given by persons not engaged in voluntary service" (Rehnborg:1994,1:9).

Betrokkenheid by `n saak verdien beide die ondersteuners se eienaarskap, opgewondenheid en finansiële ondersteuning.  Dit raak al hoe duideliker dat mense nie meer net vir `n verdienstelike saak wil gee as hulle nie self ook met hulle tyd, gawes en finansiële ondersteuning betrokke kan raak nie.  Woods (1996:74) bevestig laasgenoemde wanneer hy sê:

> The church forgot that a person's growth as a Christian would never materialize until that person got involved in hands-on ministry, developed a responsibility for stewardship and giving, and practiced worship as an individual and not just corporately with others.

### e) `n Nuwe Missionêre dimensie

"Missions was viewed as something launched beyond the sights of a local church, bypassing the immediate neighborhood, and hitting its target in some foreign land" (Woods 1996:73).  Missionêre uitreiking wat beweeg na `n "hands-on ministry is a good trend..." (Woods 1996:74), maar dit is die een tendens wat sekerlik stadig geïmplementeer sal word.  Die lidmate se gesindheid van "ek wil nie betrokke raak nie", sal nie oornag verdwyn nie.  Die kerk in die vorige era het nie werklik "sendelinge" in die gemeenskap nodig gehad nie, en dit was verder ook voor die hand liggend dat daar `n duidelike verskil was tussen die "geestelikes" en die "gewone gelowiges".  "Hands-on ministry" is deur die betaalde "geestelike" gedoen, die een wat opgelei is en professioneel ten opsigte van hierdie bediening was.

Woods (1996:40) sluit hierby aan wanneer hy sê dat een van die "Megatrends" is:  "The church is moving from mass evangelism to relational Evangelism".

Die verskil tussen die twee verduidelik Woods soos volg:

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

| **Mass Evangelism** | **Relational Evangelism** |
|---|---|
| Takes place primarily outside the church | Take place primarily inside of the church |
| Is done by the pastor | Is done by the laity |
| Takes place at designated times | Takes place spontaneously |
| Occurs in an instant | Occurs over time |
| Appeals to a common denominator | Appeals to each person uniquely |

Die groei na die behoefte aan, en klem op ***verhoudings evangelisasie*** is belangrik, aangesien hierdie benadering die klem lê op persoonlike kontak en vriendskap.

Callahan (1990:86) sê:

> In order for the church to reach the grass roots and the unchurched, we need people with *more compassion* (eie kursivering), not more commitment... The text does not say, "We are committed to Jesus because Jesus was first committed to us". It reads, "We love Jesus because Jesus first loved us".

Juis die statistiese bevestig die hele tendens wanneer Oswald (soos aangehaal in Woods 1996:49) statistieke gee van mense wat geantwoord het op die vraag:

What brings you to church?

2 percent - an advertisement
6 percent - an invitation by the pastor
6 percent - an organized evangelistic outreach program
86 percent - an invitation by a friend or family member.

Dit is geweldig belangrik om raak te sien dat die uitnodigings in 86% van die gevalle van `n vriend was en nie maar net van sommer iemand nie. Sjogren (1993:30) beweer:

> It seems people don't necessarily remember what they are told of God, but they never forget what they have *experienced of God's love* (eie kursivering).

Die laasgenoemde aanhaling is juis in ooreenstemming met die Woord en die eerste Christelike kerk. Dit is tog ook duidelik, soos reeds bespreek, dat die transformasieproses wat aan die gang is die kerk meer in ooreenstemming bring met die kenmerke van die eerste eeuse kerk. Die fokus en die klem val nie op dit wat binne die kerk se mure gebeur nie, maar is na buite (gemeenskaps-) gerig. Juis wanneer die kerk op so `n wyse, gemeenskapsgerig, die mense bereik, is dit ook `n duidelike bevestiging dat hierdie kerk werklik omgee.

### f) `n Dringendheid om te vereenvoudig

Lidmate wil weet waar en hoe hulle betrokke kan raak. Daar is `n definitiewe behoefte aan `n werksomskrywing, sodat hulle presies weet wat van hulle verwag word. Die behoefte, in aansluiting hiermee, is om op minder aktiwiteite te konsentreer en meer tyd te gee vir verhoudings om te ontwikkel. Juis hier moet die belangrike rol van die kleingroep nie onderskat word nie.

### g) Die behoefte en soeke na gemeenskap

Families lewe ver uitmekaar, selfs tot in ander lande, as gevolg van werksgeleenthede en ander redes. In dieselfde omgewing is hulle vreemd vir mekaar, want verskeie kultuur -en taalgroepe leef in dieselfde omgewing, mense se veiligheid is nie meer gewaarborg nie, en hulle reik nie altyd uit na mekaar nie. Egskeidings, enkelouerskap, die emosionele gebrokenheid van die samelewing as gevolg van die mislukking van tegnologiese en ekonomiese voorspoed om ware geluk te koop en te voorsien, dit alles en die feit dat die mens geskape is as `n gemeenskapswese, maak die behoefte en honger na koinonia `n groter wordende werklikheid.

Juis daarom sien baie die kerk as die primêre bron waar gemeenskap voorsien, beleef en ervaar kan word. Die klem word al hoe meer gelê op: “Kom word deel van ons kerkfamilie”.

**Implikasie:**

Die implikasie van hierdie tendens is baie duidelik. Daar ontstaan `n behoefte aan die daarstelling van “a lay ministry system designed for people to serve in groups, providing a strong basis for friendships and community, a basis that surpasses teamwork needed to accomplish tasks” (Rehnborg:1994,1:10).

Baie kerke is daarom besig met die daarstelling en beklemtoning van `n kleingroep bediening met die fokus op die betrokkenheid van die gewone gelowige. Hierdie benadering het dan ook `n sterk missionêre komponent in die sin dat hulle oop is vir nuwe lede, voorsiening maak in die behoefte wat daar aan gemeenskap is, ook in die ongelowige se lewe.

In die hoë tegniese samelewing waarin ons leef, iets wat nog steeds sterker sal word, word beskryf met die term “high tech/high touch” (Naisbitt 1982:42). Hy gaan verder om te beweer:

> The more technology we introduce in society, the more people will aggregate, will want to be with other people: at movies, rock concerts, shopping. Shopping malls, for example, are now the third most frequented space in our lives, following home and workplace.


Die tendens in Amerika is dat die kerk nie in die top drie van die mees besoekte plekke in is nie. Daar is nie statistieke om dit te bevestig nie, maar in Suider-Afrika behoort dit onder `n gedeelte van die bevolking en inwoners dieselfde te wees. Die mense gaan nie na die filmteater net om `n film te sien nie, dit kan by die huis ook gedoen word. Mense wil saam met ander lag, huil en kyk.

Die behoefte aan en soeke na gemeenskap se implikasie is dus duidelik en dit is dat die kerk van vandag die geleentheid het en `n geleentheid aangebied word: “...to do evangelism the way it has been done in the first century, by demonstrating God’s love to our friends” (Woods 1996:55). Dit het Paulus alreeds aanvaar in 2 Korintiërs 3:2 deur te sê: “Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan”.

h) Nuwe patrone van lering en groei

Die skuif in die rigting van te leer en te groei is duidelik. Dit is `n verskuiwing van kognitiewe- na meer effektiewe metodes van onderrig. “Members want training to apply their faith in life situations and are looking to the church to help them examine their life experiences, set personal and spiritual growth goals, and establish career objectives” (Rehnborg:1994,1:11).

Vergelyk ook die “Christian Growth Cycle” (Rehnborg1994,1;11) wat aandui hoe hierdie “nuwe onderrig metode” verwesenlik kan word:



## 3.4 `N TRANSFORMASIEPROSES - MOONTLIKE REAKSIES OP SIGBARE VERANDERINGE

Die vorige paragraaf het dit ondubbelsinnig uitgelig dat daar `n onomkeerbare transformasieproses in missionêre gemeentewees aan die gang is.

> I believe there is also a lack of recognition of the magnitude of the paradigm shift. Those who have read a little and talked to others infrequently about the changes they are experiencing are tempted to think that only a few congregations have been affected by such changes. *Call it a wave. Call it a storm. Call it a shift. But it's here. When it fully capsizes us* (eie kursivering), it will probably be bigger than any of us could see with our prophetic telescopes (Woods 1996:13).

Is daar nog hoop vir die hoofstroom kerk van vandag oor? Moet die kerk nie maar aanvaar dat sy doodsklokke begin lui het nie, soos wat van sy kritici sou wou beweer.

In Die Kerkbode van 7 Februarie 1997 (:10) word die volgende gesê na aanleiding van stellings in 'n spesifieke artikel wat beweer het dat die NG Kerk nie meer groei nie.

> Die evangelie moet verkondig word.... die groot verlossingswaarhede is nog steeds `n boodskap waardeur mense aangegryp word en wat hulle lewens dramaties verander.... Dit is nou die ideale tyd om met nuwe geesdrif en varsheid die evangelie van Jesus Christus te verkondig!
>
> ... Terminaal sterwend hoef nie `n doodsvonnis vir die NG Kerk te wees nie. Dit is nie `n onomkeerbare situasie nie. Dit is wel `n alarm wat lui. Die NG Kerk kan weer groei. Die vraag is: gaan hy?

Ds Philip Botha (1998:5) skryf die volgende in reaksie op `n artikel wat in die Kerkbode van 6 Februarie1998 verskyn het:

> ....neerdrukkend om te lees van `n NG Kerk wat krimp....
>
> Tog is daar op meer as een plek in die land NG gemeentes wat van werklike groei kan getuig. Dit sou `n onreg wees om in die lig van baie negatiewe berigte oor die kerk hieroor te swyg. Die grootste onreg sou aan Hom, die Hoof van sy liggaam gedoen word, want uit Hom groei die hele liggaam.
>
> Ons gemeente het `n getuienis wat ons as `n wonderwerk beskou.....
>
> Dank die Here - daar is ook goeie nuus!

Die reaksies ten opsigte van die verandering kan op `n drieërlei wyse saamgevat word:

### 3.4.1 Herontdek die verlede

"As ons net weer kerk kan wees soos in die verlede...."

Daar is wanhopige pogings om verlore ondersteuning te herorganiseer, om die oue weer te laat herleef met nuwe visies, nuwe programme en groter projekte. Dietterich soos aangehaal in Woods (1996:21) sê dat die kerkleiers wat hierdie tydstip in die geskiedenis interpreteer as `n "time of decline...," sal beangs en bevrees rondskarrel met die bewuswording van lidmaatgetalle wat verminder, inkomstes wat verlaag en hulle invloed wat minder word. Hy sê verder:

> They will therefore attempt to *reclaim the past* (eie kursivering) by investing in crash programs to enlist more members, market themselves, build up finances, and improve management.

Iewers moet dit gesê word:

> *Dit is onmoontlik om weer die verlede te laat herleef, om weer kerk te wees soos `n paar jaar en meer gelede waar daar `n kerkkultuur was. Onomwonde moet dit gesê word dat die*

> *kerkkultuur wat daar was in duie gestort het en nie weer sal herleef op `n soortgelyke wyse nie.*

Die kultuur sê nie meer dat jy uit pas is indien jy nie kerk toe gaan nie. Die kultuur sê juis: “Dit is in om nie aan `n kerk te behoort nie”.

Die verkeerde vraag om te vra in die situasie waarin die kerk hom tans bevind, is: Hoe word verhoed dat die kerkkultuur in duie stort? Vrees motiveer en dryf hierdie vraag. Die moeilike, maar aangewese vraag om te vra is:

> How do we re-conceptualize a Christianity that is not tied to the church culture? Answering this tough question will return believers to the dynamics of the first century church. The church will move beyond the issues of programming and real estate to *engage people* (eie kursivering) on their turf, not on the church’s (Leadership Network 1993,93:1).

### 3.4.2 Hou vas aan die bestaande

Die uitgangspunt is algemeen: Hou vas aan die bestaande en hoop vir die beste, behalwe as daar `n "Goddelike" ingryping is. Hier is `n vae hoop dat iewers in die toekoms `n verbetering bewerkstellig kan word. Intussen moet daar nie te veel veranderinge intree nie, dit is te onseker en gevaarlik. Hier is ook `n sterk ontkenning dat daar wel fout is en dat verandering nodig is.

Die geneigdheid van diegene wat wil vashou aan die bestaande, met so min as moontlik verandering, is `n kritiese geneigdheid. Dié wat dit wel waag om deel van die transformasieproses te wees, word gewoonlik aangeval as “nie-gereformeerd, pinksteragtig, charismaties. Talle ander opmerkinge word ook gemaak.

Deur vas te hou aan die bestaande sonder dat daar enige pogings tot vernuwing aangepak word, is om agteruit te gaan. Die volle konsekwensies van die transformasieproses word nie erken nie of raakgesien nie.

Jy kan saamstem dat daar `n transformasieproses is en daarmee saamwerk, of jy kan dit ontken en vashou aan die bestaande. Die keuse wat gemaak word, gaan egter geen verandering maak aan die bestaan al dan nie van die transformasieproses nie. Die transformasieproses is iets wat gekom het om te bly, ongeag mense se reaksies daarop. Daarmee sal vrede gemaak moet word.

### 3.4.3 Die beweeg na die nuwe paradigma van missionêre gemeentewees

Die derde en `n meer aanvaarbare reaksie is om te beweeg na die nuwe paradigma van sending, waar daar erken word dat daar `n duidelike onvermydelike transformasieproses aan die gang is.

Woods (1996:145) moedig gemeentes, leraars en almal betrokke by die uitdra van die evangelie aan deur te sê: "Now that you have read about some of the changes that are taking shape in congregations, don't just sit here; *do something*" (eie kursivering)!

Die kerk van Jesus Christus moet opstaan en sê: "Ons leef in `n nuwe tyd, met `n nuwe paradigma en daarom nuwe uitdagings. Ons as kerk van die Here Jesus Christus gaan opstaan en `n verskil maak deur `n kerk vir ander in die wêreld te wees".

Dit moet bevestig word dat die tye onseker is, dat verandering al konstante is, maar wat wel met sekerheid gesê kan word is dat God wel *vir die kerk omgee*

en dat Hy die waarborg gee dat die kerk nie ten gronde sal gaan nie, die kerk wat aan Hom gehoorsaam is (Matt 16:18).

Die veranderinge het dus gekom om te bly. Die veranderinge en transformasieproses, met gepaardgaande negatiewe kenmerke, is nie `n doodsvonnis vir die kerk van die Here Jesus Christus nie, maar wel `n uitdaging, want die tye waarin gelewe word, is uitdagende tye.

## 3.5 DIE MISSIONÊRE GEMEENTE WAT IN DIE TRANSFORMASIEPROSES IS, ONTDEK OPNUUT: *“SOOS DIE VADER MY GESTUUR HET, STUUR EK JULLE OOK"*

### 3.5.1 God Die Vader as Die Een wat Stuur

#### 3.5.1.1 Die Vader is die Een wat ***liefhet***, wat ***gee***, en wat ***stuur***

Dit is belangrik om te besef dat Jesus as verteenwoordiger van die Vader na die aarde gekom het. As verteenwoordiger van die Vader het Hy gekom om die Vader te openbaar. Hy is die unieke openbaarder van die lewende God (Joh 1:18). Hierdie God moet aan almal openbaar word.

Die wêreld kon God nie ken nie, en daarom was daar net een manier waarop die mens inligting van God kon bekom: "Hy moes sy *'Inligting'*, naamlik sy Seun, na die wêreld stuur" (Du Rand 1982:7).

Juis aangesien Hy gekom het, kan daar verstaan word wat die gesindheid is van die Een wat Hom gestuur het, en dit is die Vader. Die menswording van Jesus Christus leer ons God, die Vader, op verskillende maniere ken:

In besonder leer ons God ken as `n ***God van liefde***. God se liefde is juis die motivering van die stuur van die Seun na die wêreld (Joh 3:16). In Christus leer ons God ken as die Een wat juis op grond van Sy liefde die Seun stuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, "maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word" (Joh 3:17).

In die openbaring van Jesus leer ons God verder ken as `n ***God wat gee.*** Hy het nie net `n ander leermeester gegee nie (Joh 3:2), maar Sy eie unieke eniggebore Seun (Joh 3:16). Vir Hom wat God gestuur het, het Hy Sy Gees gegee sonder enige beperking (Joh 3:34). Juis die Gees is die teken van die toerusting en die afsondering van Jesus as die Seun van die lewende God (Joh 1:32-34).

God het nie net die Seun en die Gees gegee nie, maar het in die hele proses ***ook Homself gegee.*** Du Rand (1982:32) sê: "Die Vader het Homself gegee deur die sending van Sy Enigste. Agter die Johannese Christologie van die menswording van Jesus staan die liefde van die Vader vir die kosmos (Joh 1:17; 3:16). Ons sou kon sê dat die Johannese Christologie die historiese beskrywing is van die liefde van God vir die wêreld (Joh 3:16). Agter die Christologie moet ons dus eers die teologie raaksien, en dit beskryf die rol van die Vader".

Deur die Seun se openbaring van die Vader, ***word die Vader sigbaar*** as die Een wat stuur. God as die Een wat stuur word alreeds bekend by die stuur van Johannes die Doper wat moes kom, om nie self die lig te wees nie, maar om van die lig wat sou kom, te getuig (Joh 1:6-8). Dit word pertinent in Johannes 3:34 gesê dat God vir Jesus gestuur het. Hy is dus van die Vader *(van Bo)* na die wêreld *(na onder)* gestuur.

## 3.5.2 Die Christologie van die Johannes Evangelie

### 3.5.2.1 Jesus as die gestuurde van die Vader

Die oorheersende saak van die evangelie van Johannes is die Christologie. Al die ander teologiese sake in die evangelie, soos die soteriologie, eskatologie, Heilige Gees, kerk en wêreld hou verband met hierdie alles oorheersende tema. Dunn soos aangehaal in Beasley-Murray (1991:15) sê: "The history of the Christological controversy is the history of the church's attempt to come to terms with John's Christology - first to accept it, then understand and re-express it. The latter task will never end".

`n Redelike nuwe benadering rondom die verstaan van die Christologie sluit aan by die gedagte van *die missionêre gerigtheid* van die Johannese evangelie. Dit gaan in besonder om die feit van die sending van die Seun van God na die wêreld en die daarmee gepaardgaande sending van dié wat glo. Dit word alreeds duidelik wanneer die opvallendheid van die woord *stuur* en ook *gestuur* in die evangelie nagegaan word. Daar is sewentien voorbeelde van "Hy wat my stuur", en ses voorbeelde van die uitdrukking "Die Vader wat my stuur." Dit stam van dieselfde woord af (*pempo*). Daar is ook vyftien gevalle van die werkwoord *apostellein* (om uit te stuur).

Geen ander Christologiese uitdrukking kom so gereeld in die vierde evangelie na vore nie. Die feit van Jesus se sending, wat ons hieruit aflei, kan dus nie anders as om `n sentrale en bepalende rol in die vierde evangelie te speel nie.

Du Rand (1982:7) sluit by die bogenoemde aan, deur op grond van die navorsing (JP Miranda 1971; E Haenchen 1963 en J Kuhl 1967) wat daar gedoen is, erkenning te verleen aan die feit dat Jesus as "gestuurde" van Sy Vader die *grondstruktuur van die vierde evangelie vorm*.

Die wêreld kan God nie ken nie, en daar was maar net een manier wat die mense van die wêreld inligting van die Vader kon bekom. Dit was daarom nodig dat die Vader die Seun na die wêreld toe sou stuur. Jesus gee dit duidelik te kenne in antwoord op die vraag van Filippus: "Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader?'" (Joh 14:9b). Hierdie wêreld kan dus nie uit sy eie kennis van die Vader kry nie, veral as hulle daarop aanspraak wil maak dat hulle wel die Vader ken (Joh 8:41).

Dit is daarom belangrik om raak te sien dat Jesus se openbaringsoptrede `n klinkklare bewys is dat Hy die gestuurde van die Vader is (Joh 5:19), want dit is Sy Vader se werke waarmee Hy besig is (Joh 5:36; 10:18, 32). Die feit dat Jesus die gestuurde is, bevestig dat Hy nie in isolasie op Sy eie gekom het nie. Sy grootheid lê nie in sy onafhanklikheid nie, maar in die gewillige afhanklikheid van sy Vader. Hy lewe dus gedurig onder die bewussyn dat Hy die gestuurde van die Vader is (Joh 12:45).

Die doel van Jesus se sending "word hoofsaaklik in terme van openbaringsaksies uitgedruk, met die spitspunt in die redding van diegene wat die Vader Hom gee (Joh 3:16-17; 4:34; 5:30, 36-37; 6:38-39; 12:49-50 ens; Meeks 1986:147). Daarvoor is Hy gestuur, en om dit te kon doen, moes Hy mens word" (Van der Watt 1991:109).

As openbaarder van die Vader moes daar `n besonder unieke verhouding tussen die Een wat stuur en die Een wat gestuur word, gewees het. Die openbaring deur Jesus is alleen moontlik vanweë die verbondenheid wat daar tussen die Vader en die Seun bestaan. Volgens Van der Watt (1991:109) word hierna as die sogenaamde "hoë Christologie" verwys. Hy alleen, as naaste aan die Vader, kan die Vader bekend maak (Joh 1:18). Op geen wyse kan iemand tot die Vader nader behalwe deur Jesus nie (Joh 14:6). Hy is ook die Een wat die Vader ken (Joh 8:55; 10:15; 17:25) en gesien het (Joh 6:46).

Die sogenaamde “lae Christologie” is die tweede sy van die verbondenheid wat daar tussen die Vader en die Seun is. Die Vader is die een wat Jesus alles wys (Joh 5:20), en ook alles in Sy hand gee (Joh 3:35). Hy doen niks uit Sy eie nie (Joh 5:19, 30; 8:28), en deel daarom net wat Hy by die Vader gehoor en gesien het (Joh 3:32, 34; 8:28; 17:8). Sy strewe is om die wil van God te doen (Joh 4:34; 5:30; 6:38-40; 8:29). Hy gaan selfs so ver om te erken dat dit nie Hy is nie maar God wat die werke doen (Joh 14:10). Hy kom nie uit Sy eie nie, maar is deur die Vader gestuur (Joh 8:42), omdat die Vader groter as Hy is (Joh 14:28).

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar van eenheid, maar tog ook van `n sterk onderskeid sprake is. "Indien egter besef word dat die Christologie in `n sendingraamwerk gegiet is, gaan `n ander perspektief ten opsigte van hierdie botsende 'visies' op Jesus oop. `n Gestuurde het in die antieke tyd dieselfde 'botsende identiteit' (hy was aan die een kant onbelangrik, maar aan die ander kant wel belangrik) in homself rondgedra" (Borgen, soos aangehaal in Van der Watt 1991:110).

Die gesant-motief van die antieke tyd is dus geweldig belangrik in die verstaan van die sogenaamde teenstrydighede in die vierde evangelie. Daar is drie basiese elemente waarmee ons die gesantskapsmotief kan saamvat:

- Die ***oordra van die boodskap*** van die persoon wat die boodskapper gestuur het.
- Die ***nakom van die verantwoordelikheid*** van die een wat gestuur is.
- Die boodskapper **keer terug na die een** wat hom gestuur het vir terugrapportering.

Uit die bogenoemde kan die volgende afgelei word:

- Die boodskapper word as die verteenwoordiger van die sender beskou.
- Daar word gehoorsaamheid vereis aan die kant van die een wat gestuur is.

Die bogenoemde twee sake is in noue samehang met mekaar. Alleenlik wanneer die gestuurde gehoorsaam is aan die een wat hom gestuur het, is dit

moontlik om die gestuurde as `n getroue boodskapper van die een wat stuur, te beskou. Die kombinasie van die twee beginsels voorsien die gestuurde met "credibility, legitimacy, and authority" (Beasely-Murray 1991:18).

Binne die gesantskapskonteks was daar dus "twee belangrike visies op die gestuurde wat identiteitsbeskrywend gefunksioneer het" (Van der Watt 1991:110). Daar was tussen die gesant en die sender:

- `n Ongelyke verhouding tot mekaar.

Die gesant ontvang sy opdragte van die een wat hom stuur. Indien die gesant nie optree volgens dit waarmee die sender hom gestuur het nie, verloor hy sy reg om gesant te wees. Jesus toon duidelik dat dit vir Hom as Gestuurde van die Vader gegaan het om ten volle gehoorsaam aan die Vader te wees (Joh 5:30).

- `n Identiteit.

In al die aspekte van Jesus se bediening handel Hy met die outoriteit wat Hy van die Vader ontvang het. In alles is Hy besig om in gehoorsaamheid die wil van Sy Vader na te jaag. Die evangelis maak dit duidelik by die afsluiting van Jesus se openbare optrede in Joh 12:44-50. Die wat in Jesus glo, glo eintlik in die Vader; wie Jesus sien, sien eintlik vir die Vader wat vir Jesus gestuur het (Joh 5:23; 10:37-38; 12:44,45; 14:9-11). Jesus trek dit selfs verder deur wanneer Hy in Joh 15:23 sê: "Wie My haat, haat ook my Vader".

Juis omdat die mense eintlik die Vader sien en in Hom glo as hulle Jesus sien en in Hom glo, is dit belangrik dat Jesus nie Sy eie wil sal doen nie, maar die wil van die Een wat vir Hom gestuur het. Anders sou Hy nie daarop kan aanspraak maak dat Hy die Ware Gesant is nie (5:19; 7:16-17; 8:26, 29, 38; 9:4). Wie dan die Seun ontvang, ontvang ook die Vader. "So 'word' die gesant die sender in daardie posisie" (Van der Watt 1991:111).

Uit die bogenoemde beskrywing van die gesantskaps-motief word dit dus duidelik hoe die sender-gesant-motief `n sinvolle verklaring bied vir die skynbare botsende aspekte van die Christologie. Dit word duidelik dat vir Jesus, om ten volle gehoorsaam te wees aan Sy Vader, Hy uit Homself niks moes wees nie, maar tog moes Hy een met die Vader wees.

Die implikasies van dit alles is duidelik. Jesus staan in geen aktiwiteit alleen nie. As die gestuurde van die Vader is Hy sy verteenwoordiger in die wêreld. Daarom het Jesus elke handeling uitgevoer onder die leiding van en in die krag van God. Jesus verklaar dit dan ook duidelik dat Hy nie alleen is in dit wat Hy doen nie: "Kyk, daar kom `n tyd, en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie koers in, en dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is" (Joh 16:32).

Senior (1983: 286) vat die laasgenoemde soos volg saam:

> While John focuses intensely on the figure of Jesus, it is ultimately the God question that haunts the gospel. The unseen God who utters the 'word' (Joh 1:2) is the one sought out by humanity. Because John's community is convinced that Jesus Christ is the authoritative revealer of God and the only sure access to him, the Christology and theology of the Gospel become inseparable (Joh 14:8-11).

Aan die einde is dit belangrik in die hele gesantskapsmotief dat die gestuurde ook terug sal gaan na die een wat hom gestuur het. Vroeg reeds in die evangelie is daar die verwysing dat Jesus nie vir altyd op die aarde sal wees nie (Joh 7:33-34). Duideliker kom dit by die Laaste Maaltyd na vore in Joh 13:1:

> Voor die viering van die Paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader toe oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad. Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.

Juis hierdie feit dat Jesus as die Gestuurde bewus was dat Hy moes terugkeer na die Een wat Hom gestuur het, dui op die ***voltooiing van die werk*** en die

taak en die openbaring waarvoor Hy gestuur is sodat Hy aan die einde van Sy lewe kon uitroep: "Dit is volbring" (Joh 19:30b).

Uit dit alles blyk dit duidelik dat Jesus die gestuurde van die Vader is wat die bo in die onder bekend wil kom maak. Die doel van Sy gestuurdheid is:

- Sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê (Joh 3:16, 30-36). Daar is dus `n besliste soteriologiese oogmerk met die koms van Jesus.
- Die gestuurde is die Een wat redding (Joh 4:42), die ewige lewe (Joh 3:16,36), reinheid (Joh 13:10; 15:3), vrede (Joh 14:27) en vryheid (Joh 8:36), bring. Die oordeel is ook deel van Sy koms, maar Hy het nie primêr daarvoor gekom nie. Die wat nie Sy woorde aanvaar nie, sal vanselfsprekend daardeur veroordeel word. (Joh 3:17-18; 5:22, 27; 12:47-48).
- Die Gestuurde is die Een wat vir ons die gesindheid leer van die Een wat Hom gestuur het. In die optrede van Jesus, Sy openbaring van liefde, diensbaarheid, omgee, volharding, kan ons nie anders as om daarin ook die gesindheid van die Vader raak te sien vir Wie Hy verteenwoordig en Wie Hy ook aan ons bekend wil maak nie (Joh 14:9-11).

Omdat Jesus is wie Hy is, kom waarvandaan Hy kom, doen waarvoor Hy gestuur is, verteenwoordiger is van die Een wat Hom gestuur het, kan Hy alleen die redding aan die kosmos kom openbaar en ook beskikbaar stel. Dit is dan ook die doel waarvoor die Johannes evangelie geskrywe is (Joh 20:31).

### 3.5.3 As Gestuurde is daar reaksie op Jesus se Sending

#### 3.5.3.1 Positiewe aanvaarding van Jesus se sending

In enige situasie waar daar sprake is van `n sender-gesant verhouding kan dit ook nie anders dat daar van reaksie sprake moet wees nie, hetsy positief of negatief.

Juis in Jesus se situasie as die gestuurde van die Vader kon dit dan ook nie anders gewees het nie. Sy openbarende teenwoordigheid en optrede skep "die ruimte, maar ook die noodsaaklikheid, vir aksie en interaksie. Die teenwoordigheid van die openbarende aksie van Jesus roep `n reaksie onder die mense op, hetsy positief of negatief" (Van der Watt 1991:111).

Daar is telkens verwysings na die gelowige aanvaarding van Jesus se openbaring. Jesus word duidelik deur die evangelie voorgehou as die Een wat die lewe bring. Die gesprek met die Samaritaanse vrou onderstreep die saak. Die vraag ontstaan natuurlik oor wie hierdie man is wat daarop aanspraak maak dat Hy die lewe kan gee en die water wat jou nooit weer dors sal laat word nie (Joh 4:11). Hier by die Samaritane, maar ook in ander gedeeltes in die evangelie (Joh 10:4; 17:6-8; 20:29), is daar `n gelowige aanvaarding van Jesus en sy openbaring. Uit hierdie gedeeltes word dit duidelik dat geloof alleen hierdie aanvaarding van Jesus se sending, en die openbaring van die Vader wat Hom gestuur het, moontlik maak.

Die aanvaarding van Jesus as die Gestuurde van die Vader is nie net om Jesus alleen in die proses te erken en te aanvaar nie, maar dit is juis ook `n aanvaarding van die Een wat Hom gestuur het. Dit is dus `n geloof in die Een wat Hom gestuur het deur die Een wat wel gestuur is. Dit is dus `n glo en `n sien van die Een wat vir Jesus gestuur het (Joh 12:44-45).

Die gelowige aanvaarding van Jesus as die Gestuurde van die Vader is juis moontlik omdat Jesus nie besig is om Homself te verheerlik nie, maar Sy "voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gestuur het, en om Sy werk te voltooi" (Joh 4:34). Juis hierdie feit maak van Jesus `n getroue gestuurde (getuie). Niks meer en niks minder is van Hom verwag nie. Hy wou die *bo* in die *onder* bekend maak (Joh 6:38), die wil van die Een wat Hom gestuur het.

### 3.5.3.2 Die verwerping van Jesus se sending

Die verwerping van Jesus se sending en die openbaring van dit waarvoor die Vader Hom gestuur het, het duidelik niks met Sy werk hier op aarde te doen gehad nie, maar met die ongehoorsaamheid van hulle wat Hom wel verwerp het.

Terwyl die Samaritane tot geloof gekom het (Joh 4:27-42), is dit juis die Jode wat Jesus se woorde nie verstaan en wou aanvaar nie (Joh 6:42-59). "Die Jode aanvaar nie die Goddelikheid van Jesus nie en daarom ook nie Sy identiteit as die Seun van God nie. Daarom verstaan hulle ook nie sy onderrig nie. Die Jode wil Jesus se lewe neem terwyl Hy juis gekom het om die lewe te bring" (Du Rand 1982:21).

Die verwerping van Jesus en Sy sending kom duidelik na vore wanneer die inwoners van Jerusalem vra of die Joodse leiers nie dalk tot die oortuiging gekom het dat Jesus die Christus is nie. Die Joodse leiers se reaksie was om Jesus gevange te wou neem, en sodoende wys hulle juis hulle verwerping van Hom as die Gestuurde van die Vader (Joh 7:25-31).

Hierdie verwerping intensifeer wanneer die Jode nog `n 'kans' gegun word om die gestuurdheid van Jesus deur die Vader raak te sien, wanneer Pilatus sy onskuld verklaar (Joh 18:38c; 19:6, 12). Hulle het egter net een wens: "Maar hulle skreeu: 'Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!' " (Joh 19:15a)... `n totale verwerping van die Een wat deur God gestuur is.

Hierdie was die begin van `n verwerping wat deur die eeue sou aanhou, deur elkeen wat Hom nie in die geloof wil erken as die Gestuurde van die Vader, die Een wat gekom het om die “bo” in die “onder” teenwoordig en sigbaar en verstaanbaar te maak. "Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!", sal

weerklink totdat Hy weer kom op die wolke om die Vader se kinders te kom haal vir wie Hy gegaan het om plek gereed te maak.

### 3.5.4 Die Voortsetting van Jesus se Sending deur die optrede van die Parakleet

#### 3.5.4.1 Die funksie van die Parakleet

Dwarsdeur die vierde evangelie is dit duidelik dat dit Christosentries afgestem is. Die funksie van die Parakleet in die evangelie moet daarom geheel en al binne die raamwerk van die openbaring van Jesus Christus as Gestuurde van die Vader, verstaan word.

Johannes, in sy weergawe van die funksie van die Heilige Gees, sluit in sekere opsigte aan by die res van die Sinoptiese evangelies, maar in ander opsigte verskil hy weer. Hy sluit in Joh 1:33 aan waar hy verwys na die Gees wat op die Een sal bly "wat met die Heilige Gees doop". As die Messias vir wie gewag is, lui die bediening van Jesus die era van die Heilige Gees in. In die gesprek met Nikodemus in Joh 3 " 'to be born from above' or 'to be born of water and Spirit' (3:5) is linked to Jesus mission as Son of Man who is sent into the world to save it (cf. 3:18ff). By implication, belief in Jesus as revealer of God's love is the authentic access to the life of the Spirit" (Senior 1983:287).

`n Ander konvensionele verwysing na die Heilige Gees is die feit dat Johannes ook na die opgestane Christus verwys as die gewer van die Heilige Gees. In die opstandingsgebeure in Joh 20:22, het die opgestane Christus oor Sy dissipels “geblaas” en sodoende aan hulle die Heilige Gees gegee.

Egter tipies van die Johannese evangelie is om af te wyk van die tradisionele kategorieë van die ander evangelies, soos wanneer hy in hoofstukke 14-16 die

term 'Parakleet' gebruik wanneer hy verwys na die funksie van die Gees in die gemeenskap. In hierdie afskeidsgesprekke fokus Jesus op sy terugkeer na die Vader en watter gevolge dit vir die geloofsgemeenskap inhou. "It is not surprising, then, that the motif of 'Spirit' and the community's mission should have a place here" (Senior 1983:287). Die bediening van die Heilige Gees is dus nodig, want deur Sy krag het Jesus God bekend gemaak in Sy bediening hier op aarde. Deur Sy inspirasie sal die volgelinge van die opgestane Christus ook God bekend maak in die voortgang en die verkondiging van die werke van Jesus Christus. Dit is dus duidelik dat die Heilige Gees as Parakleet nie die plek van Christus in die gemeenskap vervang nie, maar dat Hy Christus verteenwoordig en Sy teenwoordigheid in die gemeenskap intensifeer.

Dit is duidelik dat hierdie intensifering van die krag en die teenwoordigheid van die opgestane Christus in die gemeenskap, deur die teenwoordigheid van die Gees-Parakleet verbind word aan die kerk se missionêre ervaring. Die opdrag van die dissipels in Joh 20:21 word dadelik aangevul met die “gee” van die Gees in vers 22: "Ontvang die Heilige Gees".

Dieselfde sending vorm die agtergrond van die sending van die Parakleet in die afskeidsgesprekke. Die Parakleet wat van die Vader gestuur is deur Jesus (Joh 15:26,27), sal aangaande Jesus "getuig", en "julle moet ook getuig, want julle is van die begin af by My".

Dit is juis in die afskeidsgesprekke dat dit al hoe meer duidelik raak dat Jesus op pad terug is na Sy Vader wat hom gestuur het. Deel van die sendingmotief van die gestuurde is dat hy altyd sal terugrapporteer aan die een wat hom gestuur het. Jesus is daarom ook op pad terug (1 Joh 3:3; 16:28; 17:4). Dit lei natuurlik tot die ontsteltenis van Sy dissipels (Joh 16:19-22). Die wonder van alles is egter juis Jesus se versekering aan Sy dissipels dat Hy hulle nie alleen sal agterlaat nie (Joh 14:16-18; 16:7-8).

Johannes skets die Parakleet geheel en al afhanklik van Jesus Christus wat in Sy gemeente teenwoordig bly deur die Gees. Die Parakleet se werk is doodgewoon die voortgang en die voltooiing van Christus se werk. Hy is die Een wat die gelowiges moet toerus soos wat die Vader die Seun toegerus het (Joh 3:34). Hy sal die gelowiges van Jesus leer (Joh 14:26), en in die waarheid lei (Joh 15:26; 16:13). Hy sit die werk van Jesus as die gestuurde voort deur die gelowiges (Joh 16:14-15).

Die belofte van die Parakleet is daar soos Byrne (1985:91) dit stel:

> They receive the promised gift of the Spirit, which is to equip them to carry on the reconciling mission that Jesus has from the Father. From being fearful men who sit behind closed doors clinging to a lost companionship now wonderfully restored, they are transformed into the community that is to proclaim. 'We have seen the Lord' (20:25) and carry on the mission of Jesus now that he has returned to the Father".

### 3.5.5 Die voortsetting van Jesus se werk deur die wat gestuur word

Du Rand (1986:128) sê: "Deur die nadruk op die sending van die Seun en die sending van die Parakleet (Heilige Gees) gee die Johannese evangelie aan die uitsending van die gelowiges `n motivering en stuwing".

#### 3.5.5.1 Gestuur soos Jesus gestuur was

In hierdie totale Missionêre gerigtheid van die Johannes evangelie is dit belangrik om die spesifieke gedeeltes eksegeties te beskou waarin Jesus pertinent die dissipels uitstuur. Die twee gedeeltes kom na vore in:

Johannes 17:18

"Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het ek hulle ook na die wêreld toe gestuur."

En Johannes 20:21
"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het stuur ek julle ook".

## a) Johannes 17:18

In die breër konteks van Johannes 17 bid Jesus net vir die wat God vir Hom gegee het, en nie vir die wêreld nie. Die vraag ontstaan dan waarom hierdie partikularisme? Cardier (1957:170) wil dit verklaar volgens die metode wat Jesus te werk gegaan het en wat dan hier in Johannes 17 in besonder in vers 18 na vore kom. "When Christ comes in his glory, the world will see in full light the King coming to take possession of his Kingdom". In die tussentyd sal Christus voortgaan met Sy werk op aarde, nie deur propaganda of deur die massa bewegings van die wêreld nie, maar deur *die getuienis van die lewens* waarin Hy woning kom maak het.

Die manier waarop Jesus Sy werk wil voortsit in die lewens van Sy volgelinge is op dieselfde manier wat Hy deur die Vader gestuur is. Dit is juis daarom interessant om daarop te let dat Joh 17:18 kom na vers 17 waar die gebedsversoek om die heiliging van die dissipels gaan: "Heilig hulle in die waarheid; want U Woord is die waarheid". Heiligmaking beteken hier om in die sfeer van God ingesluit te word en "being penetrated with God's nature and being" (Schnackenburg 1982:185). "Heilig hulle in die waarheid" wil die dissipels dan bring tot `n ander manier van lewe as die wêreld se manier, sodat hulle in ooreenstemming met God se openbaring in Christus sal lewe, toegewy in Sy diens (Beasely-Murray 1987:300). Al ander parallel wat in die evangelie gevind word, is in Joh 10:36 waar daar sprake is dat Jesus deur God geheilig word, en vir Sy sending in die wêreld ingestuur word.

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

Die heiligmaking van die dissipels is vir niks anders nie as vir diens aan God in dissipelskap nie. Die idee van heiligmaking in vers 17 is juis ook verbind met stuur, in hierdie geval die stuur van die dissipels vir hulle sending in die wêreld in.  Dit is belangrik om daarop te let dat die afsondering of heiligmaking van Jesus en die dissipels nie vermyding of `n totale onttrekking uit die wêreld beteken nie.  Op daardie oomblik dat Jesus die Vader vra om die dissipels te heilig, stuur Hy hulle dan juis die wêreld in.

Die dissipels moet toegerus wees vir die taak waarvoor hulle in die wêreld ingestuur word, en hulle word toegerus deur die “waarheid”.  Dit is om die Woord as kosbaar te beskou, die Woord van God wat Jesus elke dag aan hulle oorgedra het.  Die waarheid kan ook verband hou met en verwys na die Parakleet, want Jesus sê juis:  "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.  Wat Hy sê sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig" (Joh 16:13).  Dit is die Gees wat sal kom om die dissipels toe te rus en in die volle waarheid te lei.

Die dissipels, as 'gemeenskap van heiliges', is dit nie op een of ander misterieuse wyse nie, "since they were sanctified not by dramatic or ostentatious means, but only by the word of the one sent by God, which was proclaimed to all men, but only accepted by them" (Schnackenburg 1982:185). Hierdie heiliging is op `n persoonlike wyse deur Jesus aan die dissipels bekend gemaak.  Vir die Jode het die heiliging deur die gebooie van God gekom en deur die rituele onderhouding daarvan.  Johannes sien egter dat die Torah vervang is deur Jesus se woorde.  Dit het die genesende en heiligende werk van die Torah oorgeneem deur lewe te gee (Joh 5:38vv; 8:51), reiniging (Joh 15:3), vry te maak (Joh 8:31vv), en liefde die nuwe gebod van liefde te maak (Joh 13:43v; 15:12, 17).

Jesus gebruik dus die Woord om die dissipels af te sonder en toe te rus vir hulle stuur die wêreld in; die woord wat die waarheid is. Belangrik is om te onthou dat Jesus in die Johannese teologie beide die Woord en die Waarheid is (Joh 1:1; 14:6). Die Gees sal hulle juis kom herinner aan alles wat Jesus vir hulle gesê het (Joh 16:13, 14).

Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat Jesus nie bid dat die dissipels uit die wêreld weggeneem moet word vanweë hulle heiliging en afsondering en toerusting deur Sy woorde nie. Joh 17:18 dra juis die idee van vers 15 voort en intensifeer dit ook dat die dissipels in die wêreld sal bly, want Jesus wil hulle nie daaruit wegneem nie, maar juis daarin terugstuur. Die 'andersheid' van die dissipels en hulle begeerte vir heiligmaking is nie genoegsame rede vir onttrekking uit die wêreld nie. Daar moet dus vanuit die kerk `n "missionêre solidariteit" met die wêreld wees, nie om deel van die wêreld te word en te verwêrelds nie, maar, sê Du Rand (1986:127), "om as eenheid God se groot bedoeling met sy skepping te lei tot waar dit hoort, naamlik die erkenning dat Jesus Christus deur die Vader gestuur is" (vgl Joh 17:21, 23).

Hoe sal die wêreld die boodskap hoor en tot geloof kom in Jesus Christus, as Gestuurde van die Vader, indien onttrekking uit die wêreld sou plaasvind?

Die “andersheid” en die strewe na heiligmaking is juis `n uitnodiging om Jesus se sending in hierdie wêreld te kontinueer. Die voorbeeld is natuurlik Jesus Christus (Joh 10:36).

Netsoos Jesus self toegerus en geheilig is, en deur die Vader die wêreld ingestuur is, netso ook word die dissipels voorberei en die wêreld ingestuur. Jesus se totale bediening was `n vervulling van die roeping en die stuur van die Vader die wêreld in, sodat die wêreld `n openbaring van die Vader en van Sy reddende genade sou ontvang. Nou, aan die einde van Sy bediening, in die finale oomblik van die bereiking van dit waarvoor Hy gekom het, gee Hy sy sending aan diegene oor wat deur Hom voorberei is vir die taak. Die

gemeenskap moet dus nou die taak van Jesus voortsit en oorneem. Die gemeenskap se bewus wees van hulle gestuurdheid word dus duidelik in die lig van Jesus se sending.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie gestuurdheid nie mag vervlak nie, soos Schnackenburg (1982:186) dit stel, tot woordelose protes teen die wêreld en sy vyandigheid teenoor God, of tot `n eksistensiële getuienis vir `n bevrydende vorm van de-sekularisasie nie. Dit kan ook nie gebruik word om die vlak van `n missionêre verbintenis en betrokkenheid te verhoog nie.

Jesus was wel in die wêreld gestuur om "oor die waarheid" getuienis af te lê (Joh 18:37), om openlik te getuig van dit wat Hy "gehoor en gesien" het by Sy Vader (Joh 3:11,32; 8:26). Dieselfde getuienis moet aanhou deur diegene in wie se lewe Hy woning kom maak het. Jesus sê vir Sy dissipels in Joh 13:16 en ook in Joh 15:20 dat hulle moet onthou: "`n Slaaf is nie belangriker as Sy eienaar nie, en `n gesant nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie." Dit wat Hy gedoen het en belewe het, moet hulle ook doen en ervaar. Hy lê dan verder daarop klem wanneer Hy in Joh 17:27 sê: "julle moet getuig, want julle is van die begin af by My." Die teken van gemeenskap wat daar tussen Jesus en Sy Vader is, tussen Jesus en Sy dissipels, en binne die gemeenskap onderling, sal juis `n teken wees dat "die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet" (Joh 17:23).

Die krag van hierdie sending lê in die feit dat Jesus hierdie getuienis in die geloof aan die dissipels en gemeenskap oordra om sodoende God se liefde `n realiteit in die mens se bestaan te maak in wedersydse liefde en harmonie.

### b) Johannes 20:21

Die vraag ontstaan natuurlik op grond van die Johannes evangelie, hoekom dit so is dat daar so baie na Jesus se sending in die wêreld verwys word, maar so min na die sending van die dissipels?

Die logiese is natuurlik dat die uitsending van die dissipels `n saak is wat nou ná die opstanding van Jesus eers werklik aan die orde kom. In Joh 4:38 is daarna verwys, ook in Joh 13:16, 20 word daar op `n indirekte manier na die sending van die dissipels verwys. In Joh 20:21 is dieselfde gedagte as in Joh 17:18, behalwe dat daar by Joh 17:18 "in die wêreld" bygevoeg is.

Die tyd het beslis nou aangebreek dat die Seun die dissipels kon stuur. Die feit dat Hy deur die Vader gestuur is, gaan nog steeds voort. "Soos die Vader My gestuur het" impliseer `n sending waarvoor die opdrag in die verlede gegee is, maar wat nog steeds in die teenswoordige tyd aangaan. Die vorm van Jesus se sending verander net deurdat dit voortgaan in en deur die geloofsgemeenskap.

Dit is belangrik om te onthou dat "One who is sent is as He who sends him" (Beasely-Murray 1987:379). In die persoon van Jesus, in Sy woorde en dade is die Vader self teenwoordig. Die tyd het dus nou aangebreek vir Sy dissipels om te deel in die kontinuering van Sy werk hier op aarde (Joh 14:12). Hulle verteenwoordig hom hier op aarde soos wat Hy sy Vader verteenwoordig het. Daardeur sal die woorde van Joh 13:20 bewaarheid word dat diegene wat die dissipels se sending aanvaar, terselfdertyd Christus ontvang, en daarom ook Hom Wie op die ou end die Een is wat eintlik stuur, nl. die Vader wat alles begin het deur die Seun te stuur omdat Hy daardeur Sy liefde en Sy plan van verlossing vir die wêreld wou toon (3:16).

Natuurlik kan hierdie sending nie anders as met die leiding van die Parakleet nie (14:16v, 26; 15:26v). Jesus se verskyning aan Sy dissipels het altyd gepaard gegaan met `n opdrag wat Hy gee, en ook met toerusting, alhoewel al die verskyningsgeleenthede nie dieselfde weergegee word nie.

Die sending word hier in Joh 20:21 nie meer spesifiek gedefinieer nie, veral in terme van die verkondiging van die evangelie sodat mense tot bekering kan kom. Ook die stuur in die wêreld in van Joh 17:18 kom nie hier na vore nie. Vir Johannes gaan dit hier om die oordra van Jesus se outoriteit, sy sending. Die gemeenskap moet Hom in die wêreld teenwoordig maak soos wat hy Sy Vader in die wêreld verteenwoordig het, om sodoende Sy bediening van verlossing in hierdie wêreld te kontinueer. Dit is belangrik om te besef dat dit nie die begin van `n nuwe taak is nie, maar slegs die kontinuering van die bestaande werk van die opgestane Here. Johannes beperk nie die opdrag deur hulle op enige stadium apostels te noem nie, maar hierdie groep verteenwoordig vir hom die totale gemeenskap van gelowiges.

### c) Algemene beginsels vanuit Johannes 17:18 & 20:21

- Jesus se gestuurdheid hou nie op nie, maar sal voortgaan, nie deur die propaganda of deur die massa bewegings van die wêreld nie, maar deur die getuienis van die lewens van mense waarin Hy woning kom maak het. "Soos die Vader My gestuur het" dui juis op die voortgang van die werk van Jesus, nou deur die wat Hy gestuur het.

- Die manier waarop Jesus Sy werk wil voortsit, is op dieselfde manier as wat Hy gestuur is. Dit sluit aan by Joh 10:36 waar daar juis sprake is van Jesus se heiliging vir Sy sending na die wêreld. In Joh 17:17, 19 is daar `n duidelike aansluiting by Joh 10:36, alhoewel juis die feit dat Joh 20:21 die stuurgedagte herhaal, dit dui op `n aansluiting by Joh 17:18 se konteks en boodskap.

- Die heiligmaking en die toewyding van die dissipels volgens die voorbeeld van Jesus mag egter nie lei tot `n onttrekking uit die wêreld of tot `n vermyding van die verantwoordelikhede nie. Die kerk word in die wêreld ingestuur volgens Jesus se voorbeeld om Sy getuienis uit te dra.

- Volgens die voorbeeld van Jesus kan die dissipels nie anders as om toegerus te word vir die taak wat Jesus aan hulle opgedra het nie. Hulle word toegerus deur die woorde van Jesus wat niks anders as die waarheid is nie. Die Parakleet sal hulle juis hieraan herinner (Joh 16:13). Hierdie heiliging geskied juis nie op `n misterieuse wyse nie, maar die Woord van Jesus vervang die Torah se werk en bewerk genesing en heiliging.

- Juis hierdie heiliging van die dissipels, wat `n andersheid in hulle meebring, lei nie tot onttrekking uit die wêreld nie, maar tot `n "missionêre solidariteit" met die wêreld.

- Die dissipels word juis gestuur sodat die wêreld `n openbaring van die Vader en van Sy reddende genade sal ontvang (Joh 3:16).

- Dit is belangrik om te onthou dat hierdie gestuurdheid nie maar net woordelose protes inhou nie, maar om soos Jesus oor die waarheid getuienis af te lê (Joh 18:37), om soos Jesus openlik te getuig van wat jy gehoor en gesien het (Joh 3:11, 32; 8:26), want die refrein kom telkens weer terug; "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook".

- Juis ná die opstanding, met die verskyning van Jesus aan Sy dissipels, raak dit duidelik dat die tyd toe aangebreek het om die dissipels te stuur (Joh 20:21). Netso belangrik is dit om hier op te merk dat hulle nooit as apostels aangespreek word nie, en daarom is hulle juis verteenwoordigers van die gemeenskap van gelowiges deur die eeue, wat nog steeds moet hoor: "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook".

## 3.5.6 Gestuur soos Jesus gestuur is - Motiveringe vir die kerk van vandag

### 3.5.6.1 Gestuur soos Jesus gestuur is

Dit impliseer:

- dieselfde Vader;
- dieselfde toerusting;
- dieselfde krag;
- dieselfde opdrag;
- dieselfde gesindheid.

Die Johannese gemeenskap het God leer ken deur die openbaring van Jesus as die Een wat:

- gee;
- liefhet en
- stuur.

Gestuur soos Jesus gestuur impliseer dat die wêreld God deur die leefwyse van die gemeente sal leer ken as die Een wat *gee*, *liefhet* en *stuur*. Die gemeente kan daarom nie onttrek vanuit die wêreld nie, maar is juis gestuurde gemeente (missionêre gemeente) binne in die wêreld. Indien die gemeente net met homself besig is, sal die wêreld God nooit leer ken soos wat Hy in Sy Woord Homself aan ons openbaar het nie. Die wêreld ervaar Hom dan as `n afsydige, onbetrokke en veroordelende God, Wie nie omgee vir die nood van die wêreld en sy mense nie. Die missionêre klem van die Johannes evangelie wil juis God se betrokkenheid in die wêreld deur `n gestuurde gemeenskap bevestig, wat ervaar word as `n gemeenskap wat gee, liefhet en stuur.

`n Onbetrokke gemeente, `n gemeente wat nie sy gestuurdheid uitleef nie, bestaan nie in die Johannese konteks nie.

God wil die kerk duidelik afsonder. Daar moet `n "andersheid" in die kerk wees juis omdat Jesus Homself aan die Vader toegewy het om ons ook sodoende te heilig. Sonder hierdie afsondering kan die kerk nie in die wêreld ingestuur word nie.

Hierdie "andersheid" moet juis nie lei tot `n onttrekking uit die wêreld, soos die kerk geneig is om te doen nie, maar die kerk word in die wêreld ingestuur om soos Jesus `n verskil in die wêreld te maak. Hierdie "andersheid" regverdig ook nie `n gesindheid van oordeel nie (Joh 3:17), maar die kerk moet juis getuig dat daar redding en verlossing moontlik is vir elkeen wat glo.

Die kerk as gestuurde gemeenskap moet juis altyd sy gestuurdheid onthou (met ander woorde, sy doel in hierdie wêreld), want dit sal verhoed dat die kerk

stagneer en `n lompe organisasie word. "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook" herinner die kerk altyd aan sy missionêre gerigtheid. Hierdie gestuurdheid is nie net om die evangelie te verkondig nie, maar `n veel omvattender betrokkenheid volgens die voorbeeld van Jesus wat vanuit die Johannese evangelie duidelik word (vgl Joh 4:1-42; 5:1-17; 6:1-15; 13:1-16; om maar enkele voorbeelde te noem).

Die gestuurde gemeenskap kan nie anders as om sy afhanklikheid te onthou van die Een wat Hom gestuur het nie. Jesus wat "stuur soos Hy gestuur is", wys in alles Sy afhanklikheid van die een wat Hom gestuur het en dat Hy niks uit Sy eie doen nie. Die "grootheid" en "sukses" van `n gestuurde gemeenskap lê daarom in sy gelowige erkenning van sy algehele afhanklikheid van die Een wat stuur.

In Johannes 17, in die breër konteks, bid Jesus net vir die wat God vir Hom gegee het, en nie vir die wêreld nie. Die vraag ontstaan dan waarom hierdie partikularisme? Cadier (1957:170) wil dit verklaar volgens die *metode waarvolgens Jesus te werk* gegaan het, en wat dan hier in Johannes 17, en dan ook in besonder in Joh 17:18 na vore kom. "When Christ comes in his glory, the world will see in full light the King coming to take possession of his Kingdom". In die tussentyd sal Christus voortgaan om Sy werk op aarde voort te sit, nie deur propaganda of deur die massa bewegings van die wêreld nie, maar deur die getuienis van die lewens waarin Hy woning kom maak het.

Die implikasie hier is duidelik. Jesus werk met mense en deur mense wat sy kerk vorm. Die kerk kan hieruit leer dat mense sy enigste bate is en nie `n las nie. Dit raak verder ook duidelik dat mense nie deur programme, groot veldtogte of massabyeenkomste die beste bereik gaan word nie, maar die die getuienis van dié mense in wie se lewe Hy `n verskil gemaak het. Die kerk kan juis hieruit die belangrikheid van die *kleingroep* leer om daarmee missionêr betrokke by die wêreld en sy mense te wees.

Dit is nie die begin van `n nuwe opdrag nie, maar altyd maar net weer die kontinuering van die opdrag wat Jesus al begin en voltooi het en deur die kerk wil voortsit en voltooi. Sy keuse om die werk voort te sit, is mense.

Johannes beperk nie die opdrag deur diegene wat die opdrag ontvang op enige stadium apostels te noem nie, maar hierdie groep *verteenwoordig vir hom die totale gemeenskap van gelowiges*. Almal wat in Christus glo en daarom kinders van die Vader is moet weet: “Ek is `n gestuurde”.

In hierdie afskeidsgesprekke fokus Jesus op Sy terugkeer na die Vader en watter gevolge dit vir die geloofsgemeenskap inhou. "It is not surprising, then, that the motif of 'Spirit' and the community's mission should have a place here" (Senior 1983:287).

Die bediening van die Heilige Gees is dus nodig, want deur Sy krag het Jesus God bekend gemaak in Sy bediening hier op aarde. Deur Sy inspirasie sal die volgelinge van die opgestane Christus ook God bekend maak in die voortgang en die verkondiging van die werke van Jesus Christus.

Dit is dus duidelik dat die Heilige Gees as Parakleet nie die plek van Christus in die gemeenskap vervang nie, maar dat Hy Christus verteenwoordig en Sy teenwoordigheid in die gemeenskap intensifeer.

Johannes skets die Parakleet geheel en al afhanklik van Jesus Christus, wat in Sy gemeente teenwoordig bly deur die Gees. Die Parakleet se werk is doodgewoon die voortgang en die voltooiing van Christus se werk. Hy is die Een wat die gelowiges moet toerus soos wat die Vader die Seun toegerus het (Joh 3:34). Hy sal die gelowiges van Jesus leer (Joh 14:26), en in die waarheid lei (Joh 15:26; 16:13). Hy sit die werk van Jesus as die gestuurde natuurlik voort deur die gelowiges (Joh 16:14-15). Gestuur soos Jesus gestuur is impliseer onomwonde: toegerus soos Jesus deur die Heilige Gees.

Die belofte van die Parakleet is daar, soos Byrne (1985:91) dit stel:

> They receive the promised gift of the Spirit, which is *to equip them to carry on the reconciling mission* (eie kursivering) that Jesus has from the Father.  From being fearful men who sit behind closed doors clinging to a lost companionship now wonderfully restored, they are transformed into the community that is to proclaim.  'We have seen the Lord' (20:25) and carry on the mission of Jesus now that he has returned to the Father.

## 3.6 SAMEVATTING – MISSIONÊRE GEMEENTE IN DIE PROSES VAN TRANSFORMASIE

AL wat permanent vandag permanent is, is veranderinge.  Dit kan so `n groot kopseer in die gemeente veroorsaak dat die gemeente ten alle koste nie wil verander nie.

Die dissipels het in dieselfde krisis gesit.  Veranderinge was hulle voorland die oomblik vandat hulle Jesus begin volg het.  Hulle kon na Jesus se hemelvaart in die bovertrek gebly het, maar Jesus het van beter geweet.  Daarom is die teenwoordigheid van die Parakleet vir die missionêre gemeenskap so ontsettend belangrik.  Dit word weereens onderstreep om sodoende die eerste en die tweede deel van hierdie hoofstuk te verenig.

Die belofte van die Parakleet is daar, soos Byrne (1985:91) dit stel:

> They receive the promised gift of the Spirit, which is *to equip them to carry on the reconciling mission* (eie kursivering) that Jesus has from the Father.  From being fearful men who sit behind closed doors clinging to a lost companionship now wonderfully restored, they are transformed into the community that is to proclaim.  'We have seen the Lord' (Joh 20:25) and carry on the mission of Jesus now that he has returned to the Father.

Die kerk wat leer wag op die belofte van Jesus is die kerk wat missionêr gerig sal word en daarmee saam dit kan doen midde-in ‘n transformasieproses wat

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

positiewe gevolge vir die kerk van Jesus Christus behoort in te hou. Die kerk het nie nodig om hierdie veranderinge te vrees nie, maar moet dit reg bestuur in die lig van die Woord, met die wysheid wat die Heilige Gees byvoeg.

Juis die gemeente wat vanuit die Belofte leef, is die gemeente wat balans kan handhaaf soos wat in die volgende hoofstuk beredeneer word.

# HOOFSTUK 4: MISSIONÊRE GEMEENTEWEES - DIE PLAASLIKE GEMEENTE AS 'N DOELGEDREWE GEBALANSEERDE GEMEENTE

## 4.1 INLEIDEND

Die bediening in die N G Kerk word bepaal vanuit die "Kerkorde, bepalinge en reglemente." Die volgende word hier duidelik omskrywe:

- Die Belydenis en orde van die kerk;
- Die verstaan en reglementering van die ampte en hulle verantwoordelikhede;
- Die vergaderinge van die kerk en hoe dit bestuur behoort te word;
- Die arbeid van die kerk op verskillende vlakke:
  - Die erediens;
  - Jeugwerk;
  - Sending/getuienis;
  - Gemeentebediening;
  - Herderlike sorg;
  - Diens van Barmhartigheid;
  - Leer en Aktuele sake;
  - Die bediening van die sakramente;
  - Die kerklike opsig en tug;
  - Daar word ook aandag gegee aan die betrekkinge van die kerk na buite. (Die Kerkorde van die NGKN 1995:i)

Die bogenoemde het betrekking op die kerk se werk op gemeente-, Ring-, Sinode- en Algemene Sinodale vlak. Hierdie werk konsentreer op die gemeentelike vlak.

Die doel van die Kerkorde en Bepalings is dat die bediening in plaaslike gemeentes volgens `n bepaalde gemeenskaplike struktuur bedryf sal word, sodat daar nie wanorde ontstaan en elke gemeente self besluite neem oor sake wat van gemeenskaplike belang is nie. Dit wil ook die Gereformeerde erfenis bewaar wat ons as N G Kerk gemeentes met mekaar deel.

Saam met die "Kerkorde" het die Algemene Sinode die Handboek vir die Erediens daargestel. Die Handboek vir die Erediens bevat die volgende sake:

- Die ordes van die eredienste, oggend, aand, Nagmaal en ander dienste.
- `n Verwysing en beskrywing van besondere dienste soos onder andere die Voorbereidings- en dankseggingsdiens, doopdiens, diens waar ampsdraers bevestig word, belydenis van geloof, huwelik- en begrafnisdiens.
- Dit sluit ook die liturgiese formuliere in wat by die verskillende dienste gebruik moet word.
- Dit wat die N G Kerk glo en bely, is ook ingesluit in die boek.

Die doel:

> Dit is vir die gesonde ontplooiing van die erediens baie belangrik dat die liturgiese ordes kerklik vasgestel en eerbiedig moet word.... Daarom besluit die Algemene Sinode op die volgende riglyne *vir vaste struktuur en variasie in die erediens*" (Handboek vir die Erediens 1988:5).

Alhoewel die uitgangspunt is dat daar gewaak moet "…. word teen formalisme en onbuigsaamheid in die liturgie…." (Handboek vir die Erediens 1988:5), is dit tog so dat die voorveronderstelling is dat *Die Handboek vir die Erediens* genoeg variasie bied, veral in die huidige vorm, sodat daar nie afgewyk sal word van die "goedgekeurde orde" nie. Daar moet gewaak word teen "….`n oppervlakkige gesoek na nuwighede in die erediens" (:5).

Die gevolg was dat die N G Kerk in Suider-Afrika se bedieningstyle in die plaaslike gemeentes tradisioneel soortgelyk was. Behalwe vir die verskil in omgewing, bv. plattelands, stedelik, ens, was die bediening in enige N G Kerk tradisioneel basies dieselfde ten opsigte van:

- liturgie;
- kerkraad- en kommissiestruktuur;
- `n ouderling en diaken vir elke wyk;
- `n BKJA, SKJA en JKJA;

- `n Vrouediens;
- `n Woensdagaandbiduur ens.

Die verhaal is intussen herskryf. Gemeentes verskil radikaal van mekaar. Die een lê meer klem op lofprysing, die ander op sending, nog 'n ander op kleingroep/selgroepe. Daar is dus gemeentes wat nie meer onder die tradisionele beskrywing volgens die "Kerkorde, bepalinge en reglemente" en die "Handboek vir die Erediens" as tradisioneel gereformeerde gemeentes beskou kan word nie. Iemand sou die erediens van so `n gemeente kon bywoon en wonder: "Is ek in `n gemeente van die N G Kerk?"

Reeds in hoofstuk 3 is die bogenoemde paragraaf bevestig deur aanhalings vanuit die Kerk se koerant. Die veranderinge is daar, dit is sigbaar, dit is onvermydelik en dit is nie net beperk tot die N G Kerk in Suider-Afrika nie. Die transformasieproses is wêreldwyd.

Die vraag wat gevra moet word: "Is die veranderinge van Sinodale/Algemene Sinodale kant geïnisieer, of het dit spontaan vanuit gemeentelike vernuwinge ontstaan?"

Die vraag word met die volgende verwysings beantwoord:

### 4.1.1 Sake wat aandag kry in die Agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk 1998

#### 4.1.1.1 Verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening:

- Ondersoek na die Nuwe-Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Agenda

1998:217)
- Die beoefening van gebed en vas in die Bybel (Agenda 1998:225)
- Rolverwagtinge ten opsigte van die predikantsvrou (Agenda 1998:236)
- Die noodsaaklikheid van huisbesoek (Agenda 1998:242)
- Herbevestiging van geloof (Agenda 1998:246)
- Kleingroep-Bediening (Agenda 1998:249)

#### 4.1.1.2 Verslag van die Algemene Sinodale Sending Kommissie

- Advies aan die Algemene Sinode word gegee ten opsigte van samewerking met die AD 2000 beweging (:176).
- Ook word daar verwys na samewerking met die Love Southern Africa (LSA) konferensies wat jaarliks gehou word (:176).
- Advies word ook aan die Algemene Sinode gegee oor samewerking en die gebruikmaking van World Thrust en dan veral hulle Winning Strategies kursus wat reeds deur Ned Geref predikante aangebied word (:177).
- Advies word ook gegee oor samewerking met ander Sendingorganisasies (:178).
- Die behoefte word ook genoem aan `n Formulier vir die uitstuur van sendelinge (:179).

#### 4.1.1.3 Verslag van die Algemene Kommissie vir Erediens

- Aandag word gegee aan `n nuwe Formulier vir die Bediening van die Nagmaal (:251).
- Daar word ook besinning gevra rondom die wenslikheid al dan nie van "....liggaamlike bewegings saam met gebed, sang en musiek in en rondom die erediens" (:253).
- Daar word ook besinning gevra ten opsigte van: "....die gebruik van sang in liturgiese momente met die oog op die dialogiese aard van die erediens" (:253).

#### 4.1.1.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van bogenoemde sake

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak om te antwoord op die vraag: "Is die veranderinge van Sinodale/Algemene Sinodale kant geïnisieer, of het dit spontaan vanuit gemeentelike vernuwinge ontstaan?"

- Die ondersoeke van die kommissies is geloods en aanbevelings is gemaak, nadat hierdie betrokke sake reeds in gemeentes en hulle manier van bediening aandag gekry het.
- Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening het in hulle studiestukke gereageer in opdrag van die Algemene Sinode, op grond van die veranderinge wat reeds in sekere gemeentes plaasgevind het.

Hierdie sake moes aandag geniet aangesien daar steeds die behoefte by sommige lede van die N G Kerk is dat alle gemeentes presies dieselfde moet funksioneer en vertoon. Enige afwykings word gesien as "Charismaties", "Pinkster" of "Amerikaans", maar in ieder geval nie Gereformeerd of Bybels nie.

### 4.1.2 Sake wat aandag kry in die Agenda Algemene Sinode van die NG Kerk 2004

Daar het geweldig baie transformasie plaasgevind vanaf die NG Kerk se Algemene Sinode van 1998 tot in 2004. (In hierdie studie word daar slegs na hierdie twee Algemene Sinodes verwys aangesien:

- Die navorser altwee hierdie Sinodes bygewoon het; en
- Die navorser bewus geraak het van die ontsettende transformasieproses wat positiewe implikasies vir die kerk behoort in te hou.

#### 4.1.2.1 Nuwe manier van vergader

Die hele formaat van Sinode is aangepas as gevolg van `n besluit wat reeds in 2002 geneem is, nl. dat die inkleding van die Sinode sal plaasvind rondom `n:

- Inligtingsfase...
- Besprekingsfase...
- Besluitnemingsfase... (Agenda 2004,3:237)

Om dit te realiseer moes die Ontwerpspan van die Algemene Sinode sekere riglyne daarstel soos:

- Die agenda word so saamgestel dat die vergadering fokus op die roeping van die kerk...
- Die vergadering word ingeruim om soveel moontlik ruimte te skep vir deelname deur alle sinodegangers... eienaarskap vir die werksaamhede aanvaar en onderlinge gemeenskap (koinonia) beoefen (Agenda 2004,3:237)

Daar het iets by die Algemene Sinode tuisgekom van die veranderinge wat besig is om plaas te vind op grondvlak, maar ook dat die Algemene Sinode moet fokus op die “draers van die roeping” in die Kerk. Die Algemene Sinode as "Beleidsinode" is nou ook anders verstaan "as: visie skryf – visie ontwikkel – dink oor aktiwiteite” (Agenda 2004,3:235).

Dit blyk dus dat die Algemene Sinode juis relevant, maar ook aan die spits van die bestuur van die veranderinge binne die NG Kerk verband wil wees. Dit was `n positiewe ontwikkeling in die lig van die Algemene Sinode van 1998. Dit kan juis gemeentes motiveer om te weet dat die Algemene Sinode in pas wil wees en bly met dit wat binne plaaslike gemeentes gebeur, en dat die Algemene Sinode ook rigting en veral visie vir die gemeentes wil gee.

Verandering/transformasie, het hoofstuk 3 geleer, het gekom om te bly. Belangrik in hierdie transformasieproses is dat daar `n oomblik stilgestaan word by die:

## 4.2 HERONTDEKKING VAN DIE PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENTE

Een van die mees positiewe elemente in die hele transformasieproses is die herontdekking van die plaaslike missionêre gemeente.

In die transformasieproses gaan die plaaslike gemeente `n ontsettende belangrike funksie vervul. Die gemeente was nog altyd, kragtens sy bestaan as liggaam van Christus, bedoel om missionêre gemeente te wees. Dit is so dat Sinodale werksaamhede al meer afgeskaal word en daarom "....word die verantwoordelikhede van hierdie plaaslike kommissies net groter. Die gemeentes sal begelei moet word tot `n ware betrokkenheid in eie omgewing" (Kritzinger 1997:4).

In die Transformasieproses en die gevolg daarvan, die herontdekking van die plaaslike missionêre gemeente, is die volgende belangrik:

### 4.2.1 Die vernuwing moet van "onder" kom en nie van "bo" nie

Waar moet die verandering en vernuwing in die kerk in hierdie uitdagende tye van transformasie begin? Sal die veranderinge begin wanneer daar sekere Sinodale besluite geneem word?

Die volgende stelling word hier gemaak:

> **Die verandering in die kerk moet van "onder" (plaaslike missionêre gemeente) kom, en nie van "bo" (Ring, Sinode en Algemene Sinode) nie.**

Van "onder" beteken `n herontdekking van die kerk op gemeentevlak:

> The fallacy of the past was thinking that true genius in an organization resided in the *upper echelons and in the executive suite* (eie kursivering). In truth, the best creativity and insight comes from the people "on the firing line" (Biles 1991:72).

Dit is duidelik ook in die N G Kerk dat die struktuur waarmee ons te doen het soms `n "organizational dinosaurus" is. Dit is die instandhouding van `n struktuur wat uit voeling is met dit wat in die gemeente aan die gang is, en wat gebruik is in die dae van die "kerkkultuur" toe daar baie geld in omloop was.

Die uitdaging om missionêre gemeente te wees in die tussentydse era sal vra dat die hernuwing en verandering begin op voetsoolvlak, in die gemeente. Dit is daar waar die mense is wat `n duidelike verskil in hulle gemeenskap kan maak, mense wat fisies en nie net geldelik betrokke is by dit wat hulle ondersteun nie, mense wat kan sien wat doen die geld wat hulle gee, en dat hierdie geld nie net duur, selfs onnodige strukture in stand hou nie. Arias (soos aangehaal in Biles 1991:73) praat van "....the reinvention of the Church from below: 'The church that is born from the people.'"

Die vernuwing van die kerk is afhanklik van "....what happens at *grass-roots level"* (eie kursivering). And renewal at this level awaits, it seems to me, on the conscious reclaiming of the gifts of the Spirit on the part of the laity. These gifts, which in the New Testament are always identified as signs of the coming of the Kingdom of God, are given to the whole people of God for ministry, for diakonia...." (Moltmann, soos aangehaal deur Biles 1991:63).

#### 4.2.1.1 Herontdek die missionêre wese van die gemeente

In die herontdekking van die plaaslike gemeente sal daar besef moet word dat

> ....the church is a marvelous, mysterious creation of God that takes concrete shape in the lives of *the disciples of Jesus as they gather in local congregations* **(**eie kursivering) and seek to

> contextualize the gospel in their time and place. My thesis is that as local congregations are built up to reach out in mission to the world, they will become in fact what they are by faith (Van Engen 1991:17).

In Artikel 53 van die Kerkorde word mooi uitgespel wat met hierdie siening van die plaaslike gemeente as missionêre volk van God bedoel word . Artikel 53, as samevatting van dit wat die Woord leer aangaande God se plan met die gemeente, vat saam wat in die transformasieproses na vore gekom het, naamlik die herontdekking van die missionêre wese van die plaaslike gemeente.

Die volgende kom duidelik na vore:

## a) Sending as Missio Dei

> Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom `n gemeente deur Sy Woord en Gees vergader....”(Kerkorde, bepalinge en reglemente 1995:44)

In die voorafgaande eeue was sending op `n verskeidenheid van maniere verstaan. Dit was onder andere verstaan as:

- Primêr in terme van die soteriologie en die daarmee gepaardgaande redding van die individu van die ewige verderf.
- Verder was dit verstaan in kulturele terme: die Christen Weste wat iets het om aan te bied vir donker Afrika en die Ooste.
- Sending is ook verstaan as die uitbreiding van die kerk.
- Soms is sending ook verstaan in reddings-historiese terme: die proses waarvolgens die wêreld verander sal word in die Koninkryk van God op `n ewolusionêre wyse.

Na Wêreldoorlog II het nuwe ontwikkelinge in Bybelse- en sistematiese teologie ingetree. Karl Barth was een van die eerste teoloë wat sending as `n aktiwiteit van God self beskryf het (Bosch 1991:389).

Wanneer sending as Missio Dei beskrywe word, dan word die klem nie meer op

die ekklesiologie of soteriologie gelê nie, maar dit word geplaas in "....the doctrine of the Trinity...." (Bosch 1991:490).

Die Drie-Enige God is in Sy wese `n missionêre God wat betrokke is by die wêreld en by sy mense. Sending is dus nie `n primêre aktiwiteit van die kerk nie, maar is vanuit die Wese van God gebore. "There is a church because there is mission, not vice versa" (Aagaard soos aangehaal in Bosch 1991:390). Bosch (1991:392) sê verder:

> Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people.

Daarom is daar `n kerk, want daar is sending wat vanuit die hart van God ontstaan, en nie vice versa nie. Wat `n ongelooflike stelling. Dit is iets, al het dit lank reeds op die voorgrond getree, wat onverskrokke, ondubbelsinnig en aanhoudend aan gemeente voorgehou moet word.

Die gemeente as missionêre gemeente moet herinner word aan die feit dat hul primêre doel is nie om gemeentes te plant of die redding van siele nie "....it has to be service to the missio Dei, representing God in and over against the world, pointing to God, holding up the God-child before the eyes of the world...." (Bosch 1991:391).

### b) Sending deur die gemeente (missionêre gemeente) na die wêreld

Deur die gemeente

- laat God sy Woord aan die wêreld verkondig,
- bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand en
- laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer.
- So laat Hy sy Koninkryk kom tot aan die einde van die wêreld (Kerkorde, bepalinge en reglemente 1995:44).

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

`n Gemeente wat nie `n missionêre gemeente is nie, is `n oksimoron. Dit is so dat niemand "....die Drie-enige God in waarheid...." (Crafford 1997:21) kan aanbid en dien sonder om ook betrokke te wees by *Sy sending in die wêreld nie*. Juis die feit dat die gemeente die "missio Dei" ontdek, bring dit `n gemeente tot die oortuiging dat dit "....gaan om die eer van God en om gehoorsame deelname aan Sy reddingsplan vir die wêreld" (Crafford 1997:21), en dat hulle geroep is om daaraan deel te neem.

Dit is so dat die veiligheid van die kerkkultuur (wat in hoofstuk 3 bespreek is) dit half "onnodig" gemaak het om sendingwerk in die omgewing van die plaaslike gemeente te doen. Die werk is in elke geval hanteer op Rings, Sinodale en Algemene Sinodale vlak, of so is geredeneer.

Die tussentydse era waarin die kerk nou beweeg, maak dit `n onontbeerlike vereiste dat elke gemeente opnuut ontdek dat die gemeente in wese nie anders kan as om `n missionêre gemeente te wees nie.

"Deur die gemeente na die wêreld", dit is die plan wat God nog altyd gehad het. Daarom kan gesê word: *Die plaaslike gemeente is die antwoord van God* op die noodroep wat daar in die wêreld is.

Die plaaslike gemeente moet besef dat hulle werklik die Hoop vir die wêreld verteenwoordig. Die plaaslike missionêre gemeente, wat in gehoorsaamheid die doel nastreef wat God vir die gemeente het, het meer mag as politici, meer invloed as besigheidsleiers, meer antwoorde vir die nood van die wêreld as sekulêre wêreldorganisasies, wetenskaplikes en groot geleerdes.
Telkens word die vraag vandag gevra: "Waar is God wanneer daar nood is?" Dit is `n legitieme vraag. Die vraag kan ook anders gevra word: "Waar is die kerk wanneer daar nood is?"

Die vraag is natuurlik of die plaaslike gemeente homself beskou as die

instrument waardeur God die wêreld wil bereik. Weet die kerk regtig dat hy die sigbare teenwoordigheid van God in hierdie wêreld is?

Vandag speel strategiese beplanning `n belangrike rol in gemeentewees. Daar word baie gemaak van die visie en die doel van die gemeente. Die doel agter die beplanningsproses lê baie keer verskuil, maar as dit na vore kom, word dit dikwels duidelik dat die eintlike doel maar net is: “Ons as gemeente moet net weer `n slag ‘mooi’ gemaak word.”

Die plaaslike gemeente sal hom daarop moet toelê om `n *Bybels funksionerende gemeenskap van gelowiges* deur die krag van die Heilige Gees te wees, wat groei na geestelike volwassenheid, sodat Christus se verlossende werking in die wêreld voortgesit kan word. Die plaaslike gemeente kan doodeenvoudig nie meer “....community of respectability....” wees, “....where the down-and-out...." nie meer langer welkom voel nie (Yancey 1995:156).

### c) Die plaaslike missionêre gemeenskap word deur die getuienis van die gewone gelowige gedra

Die eerste Reformasie het die Woord van God aan die mense, diegene vir wie dit oorspronklik bedoel was, teruggegee en nie net in die hand van die “geestelikes en geleerdes” gelos nie.

> A second Reformation, now underway, is *returning the work of God back to the people* (eie kursivering) as more and more believers come to understand and act on the belief that they are called, gifted, and empowered as ministers of the gospel (Leadership Network 1993,93:1).

Waarom moet die werk van God aan die mense, dit is die *gewone gelowiges* teruggegee word? Is die werk van die gewone gelowige dan iewers gesteel/geskaak? Is Jesus verkeerd verstaan? Wat was/is Sy bedoeling ten opsigte van die gewone gelowige?

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Die oplewing van die plaaslike gemeente loop hand aan hand met die herontdekking en vernuwing van dit wat essensieel is tot die Christelike geloof - dit is die *amp van die gewone gelowige*, die mense van God, of anders gestel die liggaam van Christus. Elke lid van die liggaam van Christus het `n gelyke toegang tot die Woord van God en tot die teenwoordigheid van God, daarom is daar nie onderskeiding in die belangrikheid van die dienswerk van die verskillende dele van die liggaam nie.

Die ontdekking en praktiese toepassing van die "amp van die gewone gelowige" bied `n groot geleentheid vir die herlewing van die bediening van die gewone gelowige, die geordendes en vir die plaaslike missionêre gemeente.

Die kerk van Jesus Christus is `n *vrywilliger gebaseerde organisasie.* Dit het ontstaan as stigting van Jesus Christus om Sy werk op aarde voort te sit deur gelowiges. Hy het besluit om die Koninkryk van God primêr deur die gebruik van vrywilligers te bevorder. Elke gelowige is `n bedienaar.

In Christus het daar `n einde gekom aan die onderskeiding tussen die priesters en die volk, geordendes en die gewone gelowiges.

> The ministry is an office, not an order, much less a threefold order of bishops, priests, deacons.... the church is a government of the people, by the people, and for the people, and all Christians are the people (Feucht 1974:14).

Die kerk bestaan uit "vrywilligers" (mense, gewone gelowiges, Christene). Vir die kerk om "suksesvol" in hierdie wêreld te wees en om besig te wees met die taak waarvoor God die kerk geroep het, sal daar meer en meer klem gelê moet word op die *belangrikheid van vrywillige dienswerkers* (gewone gelowige) en hulle insette. Sonder vrywilligers is die kerk niks, kan die kerk niks doen nie en beteken vergaderings en besluite (Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode) niks nie en sal hierdie vergaderings ook nie bestaan nie.

> .... the church is a marvelous, mysterious creation of God that takes concrete shape in the lives of the *disciples of Jesus as they gather in local congregations* (eie kursivering) and seek to contextualize the gospel in their time and place. My thesis is that as local congregations are built up to reach out in mission to the world, they will become in fact what they are by faith: *God's missionary people (*Feucht 1974:42*).*

Daar is al hoe meer gelowiges wat met die ontdekking van hulle gawes besig is om "Bedienaars van die Woord, VDM" te wees in `n geestelik honger wêreld. "This priesthood of all believers is the connecting link between the dying Christ and dying men" (Feucht 1974:42).

Die behoefte wat daar by die gewone gelowige bestaan om betrokke te raak moet raakgesien en erken word. Daar sal van die sogenaamde "domineeskerk" weg beweeg moet word na "`n Bybels-funksionerende gemeenskap van gelowiges," waar die leraar een van die gawes is wat God gegee het vir die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk in hierdie wêreld (Efesiërs 4:11, 12), en waar die bediening in en deur die gemeente deur die gewone gelowiges uitgevoer word.

`n Dinamiese en suiwere Bybels-funksionerende gemeenskap van gelowiges sal alleenlik realiseer wanneer almal, "....clergy and laity alike, understand and accept their common priesthood" (Hall 1996:25).

In hierdie herontdekking van die amp van die gewone gelowige behoort dit die prioriteit te wees van die "besondere ampte" om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk.

> En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos `n volgroeide mens wees, so

volmaak en volwasse soos Christus (Efesiërs 4:11-13).

Dit is belangrik dat die plaaslike leraar sal besef wat die prioriteit van sy werk is volgens die bogenoemde verse. Die leraar sal moet besef dat die gewone gelowiges hom betaal om hulle toe te rus vir hulle dienswerk. Dit is so dat baie dink die leraar word betaal om die dienswerk te doen, maar dit is geensins `n Bybelse beginsel nie.

Waarom is dit so dat die leraar in die meeste gemeentes die werk doen en die gewone gelowige doen op Sondag die sitwerk?

- Die verwagtinge van sommige gemeentes is dat die leraar die bediening behartig... hy is mos "in die bediening".
- Leraars het nie die gelowiges opgelei vir hulle dienswerk nie, want hulle opleiding het nie daarop klem gelê nie.
- Daar was vir jare, en daar is nog steeds, `n geweldige misverstand oor die rol van die leraar in die plaaslike gemeente.
- Leraars is "bang" hulle sal beheer verloor indien die gelowige die dienswerk oorneem.

Die plaaslike missionêre gemeente kom nie tot stand in die orde van vergaderings nie, maar waar die gewone gelowiges toegerus word vir *hulle dienswerk*. Daarom is die volgende belangrik:

### d) Onderrig

Daar sal in die onderrig klem gelê moet word op die Bybelse verstaan van die amp van die gelowige. Die leer van die priesterskap van elke gelowige is `n kognitiewe element, en daarom is dit belangrik om dit aan te hou verkondig totdat daar `n paradigma skuif by die lidmate gekom het oor hoe die God van die Bybel hulle sien.

Die eis van `n diensknegsgesindheid sal voortdurend aan elkeen voorgehou moet word. Die moeilikste gesindheid vir Jesus om te verander was en is die

"ek-eerste" gesindheid. Bugbee (1995:100) sê: "If we loved him more, we would serve him better." Jesus leer: "So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Matteus 20:28).

Die gemeente is die liggaam van Christus en daarom deel die gemeente in die gawes van die Gees, en is dit bedoel om in die geloofsgemeenskap uitgeleef te word.

Elke gelowige moet besef dat hulle die verantwoordelikheid dra om die wonderlike boodskap van verlossing uit te dra. Hulle moet weet dat hulle nodig is om hierdie boodskap uit te dra.

'n "Godsdiens" wat God tevrede stel is nie gefokus op vorm en rites nie, maar op gesindhede, verhoudings en die manier van lewe (Coates 1998:128)

### e) Belê tyd en geld in die plaaslike gemeente

Juis deur tyd en geld in die plaaslike gemeente te belê, die liggaam wat God se antwoord is op die geestelike nood van die wêreld, kan lidmate bydra dat God se bedoeling bereik word. Sulke bydraes moet nie wees om strukture in stand te hou nie, maar om die gemeente weer as plek daar te stel waar lewensverandering plaasvind. Die geld sluit nie die salarisse van leraars uit nie, maar dit is nie al waar die gemeente geld behoort te belê nie. Die begroting van baie gemeentes gee ongelukkig die indruk dat die jeug, sending, diens van barmhartigheid en ander uitwaartse aksies in die gemeente nie belangrik is nie.

Begrotings is `n "getuienis en `n stelling van geloof", en gemeentes sal dit moet begin toon in die manier hoe hulle begroting opgestel word.

Aan die ander kant is die struktuur wat die N G Kerk vir homself daargestel het,

`n geweldige duur struktuur. Baie van die fondse wat gegenereer word, word gebruik om die struktuur in stand te hou. Soms is `n gemeente weens begrekkige finansies nie meer in staat is om `n leraar te onderhou nie, maar word nie toegelaat om Sinodale verpligtinge minder te maak nie. Strukture "daarbo" moet nie so in stand gehou word dat dit ten koste van die plaaslike gemeente is nie.

Plaaslike gemeentes moenie egter nie altyd net agter die verskoning skuil dat die Sinodale struktuur vir hulle te veel geld kos nie, en daarom kan hulle nie op plaaslike vlak kop bo water hou nie. Sinodes het in die afgelope dekade heelwat gerasionaliseer en die kostes is in verhouding baie minder per gemeente. Gemeentes het nog steeds die verantwoordelikheid om werklik die geld wat die Here aan hulle toevertrou sinvol te bestuur. Dan behoort daar geld te wees vir die totale bediening van die gemeente, selfs die koste wat dit behels om deel te wees van die groter familiestruktuur.

Daar sal op `n kreatiewe en ‘n vars manier na die bestuur van finansies binne die plaaslike missionêre gemeente gekyk moet word. Die geld is in die meeste gevalle beskikbaar, gemeentes sal dit net moet ontgin.

### f) Moedig kreatiwiteit in die plaaslike gemeente aan

Die plaaslike gemeente is die beste geleë om die behoeftes en omstandighede van die plaaslike gemeenskap raak te sien en daaraan te voldoen. Die omstandighede van elke gemeente is uniek, en daarom is dit onmoontlik om werklik van "bo" `n duidelike riglyn te gee wat en hoe gemeentes moet optree.

Dit is in `n sekere sin "gevaarlik" om kreatiwiteit in die plaaslike gemeente aan te moedig, want dit kan gebeur dat die kreatiwiteit wat na vore kom nie noodwendig ooreenstem met dit wat die "bo" wou gehad het nie. Die lidmate van `n gemeente word meer as ooit te vore aan talle nuwighede blootgestel. Dit is duidelik dat die "global village" nie meer net iets is waaroor gepraat word nie,

maar dit is onbetwisbaar deel van die samelewing.

Deur kreatiwiteit in die plaaslike gemeente aan te moedig en tyd en geld in die plaaslike gemeente te belê, kan leraars en gemeentes toegerus word om die verandering op `n sinvolle wyse te hanteer, eerder as om dit doodgewoon af te maak.

Die visie van die belangrikheid van die amp van die gelowige in missionêre gemeentewees en in die hele transformasieproses sal voortdurend onbeskaamd verkondig moet word, sodat die belangrikheid daarvan besef kan word. Alhoewel die beginsel alreeds tydens die Reformasie beklemtoon is, het dit in die eeue daarna dikwels nie die aandag geniet nie.

## 4.3 WAT "DRYF" DIE PLAASLIKE GEMEENTE?

Verandering is `n onsekere proses. Verandering is nie altyd aangenaam nie. Juis in tye van verandering word dit duidelik wat dit is wat iemand "dryf". Die woord dryf beteken:

> Aanjaag, aanspoor om in `n sekere rigting te gaan.... beheer, in `n koers stuur.... iets laat draai, werk.... in `n bepaalde rigting laat beweeg.... Tot `n daad, handeling beweeg.... Onopsetlik in `n verkeerde rigting beweeg: Dinge dryf nou in die verkeerde rigting. Sommer net deur die lewe dryf.... (Odendal 1979:179).

In hierdie transformasieproses is dit daarom belangrik om te vra: Wat dryf die kerk?

Elke gemeente word deur iets gedryf. Daar is "....a guiding force, a controlling assumption, a directing conviction behind everything that happens" (Warren 1995:77). Dit wat die gemeente dryf, is dalk nog nooit oor gepraat nie, daar is moontlik nie offisieel daaroor gestem nie, maar tog beïnvloed dit elke aspek van

die gemeentelike lewe. Die volgende aspekte word genoem wat moontlik `n gemeente kan dryf:

### 4.3.1 Gemeentes gedryf deur tradisie

In gemeentes gedryf deur tradisie is die onderliggende tema in elke gesprek, vergadering, byeenkoms: "Dit is nog altyd op hierdie manier gedoen."

Die doel van hierdie gemeentes is om die verlede te laat herleef, "die glorieryke dae van gister." Verandering word hier gewoonlik beleef as negatief, en die status quo word gesien en beleef as stabiliteit.

Tradisie is nie verkeerd of onbybels nie, maar tradisie kan in sommige denominasies en plaaslike gemeentes so `n geweldige rol speel dat dit die dryfkrag agter alles is wat gebeur, en dat al die ander dinge, selfs God se wil, `n tweederangse plek ontvang.

Die vraag wat die N G Kerk met sy ryke en wonderlike tradisie en erfenis gedurig homself moet afvra, is of tradisie die primêre dryfkrag is agter dit wat ons doen, of is ons bereid om selfs die ryke tradisies ondergeskik aan God se wil te stel? Belangrik is wat Coates (1998:95) sê, en dit gee `n aanduiding van die geweldige rol wat tradisie speel:

> We may sing about taking the land for Jesus, we may pray for revival and a massive movement of God's Spirit, as long as it does not upset our traditional approach to worship, teaching and ministry.

Die tradisionele benadering is nie net aan die deur te lê van tradisionele hoofstroom kerke nie. Dit maak nie saak watter denominasie of agtergrond nie. Die mees tradisionele kerke is soms dié wat beweer hulle het geen liturgie nie

en tradisie speel geen rol nie.

### 4.3.2 Gemeentes gedryf deur 'n persoonlikheid

Die persoonlikheid van die leier in die gemeente kan die rigting bepaal waarheen die gemeente beweeg, veral as die leier `n sterk persoonlikheid het, en sterk voel oor `n sekere saak. In `n gemeente wat deur persoonlikheid gedryf word, word die agenda van die gemeente meer deur die agtergrond, behoeftes en onsekerhede van die leier gedryf... nie deur die wil van God nie.

Dit kan ook baie bepalend wees in Rings-, Sinode- en Algemene Sinodale vergaderings.  Indien iemand sterk leiding kan neem, homself goed kan verwoord, dan is dit so dat die vergadering selfs die rigting en denkwyse aanneem van die sterk persoonlikheidstipe, sonder dat dit noodwendig die begeerte van die vergadering is.

In die Afrikaner kultuur is dit bekend dat sterk leiers gevolg is.  Die vraag om te vra is: het dit altyd positiewe gevolge ingehou vir gemeentewees?  Dit is nie noodwendig dat net leraars sterk leiding in `n gemeente geneem het nie. Gemeentes het ook soms `n lidmaat gehad wat die vermoë besit het om `n sterk invloed teenoor andere uit te oefen.  So kon `n kerkraadsvergadering besluite neem wat nie regtig die gevoelens van die meerderheid weerspieël het nie.

Indien iemand wat so sterk leiding neem van die toneel af verdwyn, dan veroorsaak dit `n tydelike krisis in so `n gemeente.

### 4.3.3 Gemeentes gedryf deur finansies

Die vraag wat hier op die voorgrond is: "Hoeveel sal dit kos" (Warren 1995:78)? Die finale woord word gespreek deur die begroting. Rentmeesterskap en die geld is belangrik, maar dit mag nooit die fokus van `n gemeente verskuif nie en ook nie die beherende invloed uitoefen in `n gemeente nie.

Die groter vraag bly altyd: "Wat wil God hê moet hierdie gemeente doen?" `n Begroting is daarom `n geloofsverklaring, dit sê hoe `n gemeente God beleef en vertel ook wat hulle van God glo.

### 4.3.4 Gemeentes gedryf deur Programme

Wat is die kenmerke van `n gemeente wat deur programme gedryf word? Gewoonlik staan die volgende uit:

- Kategeseskool
- Vrouediens
- Koor en
- Jeuggroepe

Die gemeente se doel is die hele tyd net om hierdie programme in stand en aan die gang te hou. Die grootste probleem waarmee die program georiënteerde gemeente mee worstel is om al die posisies altyd gevul te kry wat nodig is om die programme in stand te hou.

As die posisies net gevul kan word.... Niemand wil dit waag om te vra of die program nog werk nie. Is die manier van doen nog die beste vir die tyd van vandag? Die vorm word die norm en dit word onverbreekbaar.

Dit is `n probleem wat ontstaan wanneer ons die "steiers" met die "permanente struktuur" verwar.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 4.3.5 Gemeentes gedryf deur geboue

Die meeste geld van die begroting gaan na die betaling van en die onderhoud aan die geboue. Die gebou kos baie, maar word onder benut. Daar is min gemeentes in die N G Kerk wat regtig geboue daargestel het wat meerdoelig is. Die tradisie maak ook nie altyd daarvoor ruimte nie, want die "heiligheid" van die gebou sal aangetas word, so asof die Heilige Gees oor geboue uitgestort is.

### 4.3.6 Gemeentes gedryf deur Geleenthede

Indien die almanak van die gemeente nagegaan word, wil dit voorkom asof die doel van die gemeente is: "Hou mense so veel as moontlik besig." Daar vind gedurig `n groot geleentheid plaas. Die een is skaars verby of die volgende klop weer aan die deur. Warren (1995:79) sê: "A church may be busy without having a clear purpose for what it does."

Iemand moet die vraag vra: "Waarom doen hierdie gemeente wat hy doen?" Byeenkomste mag nie die bediening van die gewone gelowige vervang nie.

### 4.3.7 Gemeentes gedryf deur mense wat soekend is

`n Besigheid kan gedryf word deur wat die "kliënt" se behoeftes is, maar `n gemeente moet versigtig wees om gedurig deur te vra: "Wat wil die mense daar buite hê?" Die gemeente is daar om God te verheerlik en Sy wil na te jaag, en nie die nuutste giere van die mens nie. Daarom is dit belangrik dat die

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

gemeente sensitief sal wees vir die behoeftes van die buite-kerklike mens, maar nie gedryf daardeur nie. `n Gemeente wat begeer om aan die wil van God gehoorsaam te wees, sal poog om sensitief te wees vir die behoeftes van buite-kerklike mense. “We must adapt our communication style to our culture without adopting the sinful elements of it or abdicating to it” (Warren 1995:80).

### 4.3.8 `n Gemeente gedryf deur `n skuldkompleks

Die afgelope jare was daar geweldige politieke veranderinge in Suider-Afrika en die kerk het nie onbetrokke daarby gestaan nie. Dit is so dat die N G Kerk deel was van die apartheids-era. Die kerk het deur sy stilswye bygedra tot die ongeregtigheid, en dikwels pyn en lyding vir ander kulturele groeperinge veroorsaak.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie het daar ook spanning en selfs verwydering ontstaan as gevolg van die besluite van die N G Kerk ten opsigte van “geslote deure” vir anderskleuriges en ook aparte gemeentes. Dit alles was natuurlik deel van die erfenis van vroeër wat latere geslagte ook mee moes worstel.

Die N G Kerk moes en het sy skuld bely aan die seer, ongeregtigheid en onregverdigheid wat daar bestaan het. Die situasie kan egter ook lei tot `n skuldkompleks. `n Skuldkompleks ontstaan wanneer die N G Kerk nog steeds aan sy sonde herinner word, deur homself, of deur ander. Dit veroorsaak dan dat die kerk gedryf word vanuit `n skuldkompleks in plaas van die liefde van Jesus Christus as die dryfveer van dit wat die kerk doen.

Die kerk en elke gemeente sal gedurig moet vra: “Is ons op grond van die liefde van Christus oortuig van dit wat ons nou doen en die besluite wat ons neem, of doen ons dit aangesien ons skuldig voel oor die verlede?”

## 4.4 DIE SLEUTEL VIR GEMEENTEWEES IN TRANSFORMASIETYE

Die doel vir gemeentewees in transformasietye kan in die volgende stelling saamgevat word: **"Om `n doelgedrewe, gebalanseerde, alternatiewe missionêre gemeente te wees."** Die kerk moet gedryf word deur iets, maar die "iets" moet wees wat in hierdie laasgenoemde stelling vervat is en nou bespreek word.

### 4.4.1 `n Doelgedrewe gemeenskap

> ...if you served in an existing church that has plateaued, is declining, or is simply discouraged, your most important task is to redefine your purpose. Forget everything else until you have established it in the minds of your members (Warren 1995:81).

Daar is niks belangrikers as om te besin oor die doel van die kerk nie. Die belangrikste vraag om te vra is: Waarom bestaan ons as gemeente/kerk? Indien jy nie weet waarvoor jy bestaan nie, het jy geen fondasie, geen motivering en geen rigting vir die bediening nie.

"Plans, programs, and personalities don't last. But God's purposes will last (Warren 1995:81). Dit is daarom belangrik om te ontdek dat dit nie die kerk se taak is om die doel van die gemeente daar te stel nie, maar om dit te ontdek vanuit die Woord van die Here.

God het nie die wêreld – en definitief nie Sy kerk nie – aan die verganklikheid oorgelaat nie. Sy verbintenis aan die wêreld en Sy kerk word duidelik bevestig in die koms en bediening van Jesus Christus (vgl Joh 3:17). Die visie en verbintenis is dat Sy Seun nie gekom het om "....die wêreld te veroordeel nie,

maar sodat die wêreld deur hom gered kan word." Hierdie visie

> ....rooted in Scripture and nourished by the Holy Spirit, must be held clearly.... we must ask God either to give us a fresh vision and help us embrace it, or to sharpen our vision, as it can be lost in the fog of the multitude of activities, pleasures, and appointments that invade us continually. If we want to be people with a future, then we must have vision for it (Coates 1998:141).

Hierdie visie is nie enkelvoudig nie, maar sluit aan by wat Kritzinger, Meiring en Saayman (1994:36) bedoel met die "....holistic approach." "We believe, therefore, that the goal of mission can only be accomplished through a holistic approach." Die holistiese benadering probeer wegkom van `n eensydige benadering. Dit sluit aan by Hoekendijk se "comprehensive approach":

> The various dimensions of this comprehensive approach were expressed in terms of the church's task of *kerugma* (proclamation), *diakonia* (ministry of service), and *koinonia* (communion or fellowship). Under these three rubrics, it was argued, the total missionary task of the church could be accommodated: preaching, witnessing, healing, teaching, developing, and the building up of the church (Hoekendijk, aangehaal in Kritzinger, Meiring en Saayman 1994:36).

Kritzinger, Meiring en Saayman voeg `n vierde by naamlik *leitourgia* (die openbare aanbiddingsdiens van God). Die holistiese benadering sluit volgens hulle ook aan by die (oud-Gereformeerde) drie-ledige doel van die sending naamlik: bekering, kerkplanting, en die verheerliking van God (Kritzinger, Meiring en Saayman 1994:1).

`n Doelgedrewe gemeente is `n gemeente waar daar klem gelê word op al hier bogenoemde elemente as `n omskrywing van die missionêre doel wat God vir elke gemeente het.

Meer omvattend word hierdie verskillende dimensies van die doelgedrewe gemeente, dit waarvoor die gemeente bestaan, soos volg bespreek:

### 4.4.1.1 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van kerugma

Die kerugmatiese doel kan verder omskrywe word, volgens Nel (1994:27), in die "prediking (kerugma), missionêre (marturia) en onderrig (didache)."

Warren (1995:104) verstaan die *prediking en die missionêre* doel van Malan Nel as die doel wat die Here vir die kerk het in terme van evangelisasie. Hy motiveer dit vanuit die opdrag "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ..." (Matt 28:19a).

Die *onderrig* verstaan Warren (1995:106) as die opdrag van Jesus: "....en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:20). Dit noem hy dissipelskap, die onderhouding en verkondiging van die suiwer leer.

Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van kerugma kan dus omskrywe word as: "....all the various forms of the ministry of the word in mission: preaching, witnessing, providing literature, theological education...."(Kritzinger, Meiring en Saayman 1994:36).

Die inhoud van hierdie bediening is die evangelieboodskap, die blye boodskap dat die Maker van alle dinge die mens liefhet en in `n verhouding met hom wil staan. Sy liefde en Sy omgee is sigbaar in die lewe van Sy Seun wat Hom op aarde kom verteenwoordig het en aan die kruis vir die mens se sonde gesterwe het. Hierdie is `n omvattende boodskap van hoop en nie van veroordeling nie.

Wanneer die gemeente dan `n gemeente is waar kerugma, die verkondiging, die aankondiging van die evangelie sentraal staan, dan kan die gemeente sekerlik as "evangelies" bekend staan.

> Evangelical doctrine goes back to the first century of the Christian era, when creeds were put together to help people understand through a series of simple statements what Christians believed (Coates 1998:118).

Diegene wat dan evangelies is bevestig die volgende:

- Die Bybel is die getroue openbaring van God, waardeur die lewend-gewende stem van God gehoor word.
- God is die Almagtige Skepper. Die mens is Sy skepping. Anders as ander lewende wesens, is dit net die mens wat na Sy beeld gemaak is.
- God het die aarde betree om die mensdom te verlos in die persoon van Jesus Christus.
- God bestaan as Drie-Enig (God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees).
- Jesus Christus was uit `n maagd gebore, is ten volle God en mens, maar sonder sonde. Hy het aan die kruis gesterf vir alle sondaars, is begrawe en fisies tot die lewe opgewek, en het na die hemel opgevaar.
- Die oordeel van die sonde is `n realiteit vir die hele mensdom. God neem egter die inisiatief deur Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees om aan die mensdom die goeie nuus van vergifnis en die ewige lewe te bring deur bekering en geloof in Christus.
- Jesus Christus sal sy kerk bou en sy volgelinge sal die Koninkryk van God soek.
- Die einde van die geskiedenis soos wat dit aan ons bekend is, sal realiseer in die tweede koms van die Here Jesus Christus, die algemene opstanding van die dooies, die finale oordeel en hemel en hel (eie vertaling van Coates 1998:119).

### 4.4.1.2 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van diakonia

Diakonia is om God se liefde aan ander te demonstreer deur hulle behoeftes en seer aan te spreek in die Naam en in diens van Jesus Christus. Dit is `n omvattende diens waar op geestelike-, emosionele-, verhoudings- en fisiese-terreine uitgereik word na die mense. Dit kan ook omskrywe word as `n sigbare demonstrasie van: “God gee om, jy maak vir God saak.”

Dit is nie `n minder belangrike deel van die doel van die gemeente nie, maar dit is juis `n toets van die gehoorsaamheid aan die Woord. Dit word gedoen in "....imitation of Jesus of Nazareth (who was among us as one who serves)...."(Coates 1998:37).

Daar is natuurlik ook verskille ten opsigte van die mate van die gemeente se betrokkenheid in terme van diensbaarheid. In die afgelope jare was dit dikwels in die N G Kerk beperk tot werksaamheid van die diakonie van gemeentes. Hierdie diensbaarheid was dan ook baie keer beperk tot die eie lidmate en het nie `n missionêre bedoeling en gerigtheid gehad nie. Die diakonia is ook afgeskuif op die maatskaplike dienste wat die kerk in die breë gebied het, en die gewone lidmaat het onbetrokke daarby gestaan.

### 4.4.1.3 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van leitourgia

Nel (1994:37) sê: "Diakonia in al sy vorms lei tot leitourgia - diens aan God." In die diens aan God (erediens) word die gemeente gelei tot aanbidding, lofprysing, danksegging (in woord maar ook in daad deur die dankoffers), skuld- en geloofsbelydenis en so meer.

Alhoewel die diakonia lei tot leitourgia, het die leitourgia (diens aan God), nie regtig betekenis as dit die mense nie weer lei tot diakonia nie (naastediens). "Hoe eerliker die *Gods*diens in die *ere*diens is, hoe meer logies vloei die *naaste*diens as deel van ons *Gods*diens daaruit voort" (Nel 1994:37). Die erediens, om te beantwoord aan die vereistes van die Woord, moet dus die "kweekplek" (Nel 1994:40) word en wees vir diens deur die missionêre gemeente in en aan die wêreld. Juis aangesien leitourgia die openbare, sigbare diens direk aan God is (in die erediens), en diakonia, of naastediens, `n indirekte diens aan God is, kan die twee nooit van mekaar geskei word nie. Juis vanuit die leitourgia moet die gemeente in diens aan God tot die besef kom

dat die voordeur van die gebou, `n ingang na die wêreld is waar die leitourgia uitgeleef en prakties toegepas moet word.

#### 4.4.1.4 Die missionêre gemeente se doel ten opsigte van koinonia

Die mens as beelddraer van God is `n gemeenskaplike wese en het daarom die behoefte om koinonia te ervaar. Die missionêre gemeente moet die plek wees waar die geleentheid aan die moeë lewensreisiger gebied word om die liefde en omgee van God deur mense op `n persoonlike vlak te ervaar en te beleef.

Die kerk het in die verlede te gevestig geraak. Sending en kolonialisme is met mekaar verwar. Die grense tussen die twee was nie meer duidelik getrek nie. Die missionêre gemeente moet daar wees as `n kerk-vir-andere and "must truly incarnate the essential koinonia of the body of Christ" (Kritzinger, Meiring en Saayman 1994:38).

Die eerste gemeente het iets hiervan verstaan. Dit word alreeds raakgesien in Handelinge. "Hulle het hulle heelhartig toegelê op....*die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd*....(Hand 2:42, eie kursivering). Hulle het dit gedoen, volgens Jesus se woorde "Ek gee julle `n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Joh 13:34-35).

Die vroeë Christene was "....renowned within the Roman Empire...." (Yancey 1995:156) vir hulle ondersteuning van mekaar en die gemeenskap wat hulle beleef en `n werklikheid gemaak het. Die historici wys duidelik daarop dat hierdie goeie werk aangehou het tot met die Konstantynse triomf.

> From that point on the church tended to spiritualize poverty and leave 'welfare' to the emperor. Over time the church itself became part of the wealthy establishment (Yancey 1995:156).

Dit was `n gemeenskap van die “up-and-about,” waar die "down-and-under” nie meer langer welkom gevoel het nie.

Die eerste gemeente as missionêre gemeente was `n plek waar koinonia vir hulle belangrik was. Hulle het ruimte gemaak om mekaar te ontvang, vir mekaar te sorg, mekaar te ondersteun, vir mekaar lief te wees, vir mekaar om te gee, ens. Daar is meer as 50 "mekaar"-tekste in die Nuwe Testament wat juis hierdie gesindheid weerspieël.

Die oproep wat vanuit die missionêre gemeente moet uitgaan is “om te behoort aan” en nie net om te “glo” nie. Dié wat glo is deel van die liggaam van Christus, deel van `n familie, want die mens was nog nooit bedoel om alleen te wees nie.

Die kerk van Christus is van *oorsprong* `n familie, en dit is in die realiteit van `n familieverhouding wat in liefde uitgedruk word. `n Familieverhouding is ook die plek waar liefde geleer word. Daarom is dit belangrik om die missionêre gemeente te sien as:

> ....a fellowship within which people learn how to be loved and how to love....a genuine capacity to love comes from our relationship with God....Our potential for loving is to be developed, by a conscious effort, to a deep love and care for each other (Richards & Martin 1981:197).

Wedersydse liefde tussen gelowiges is “....central to the nature of God....” (Richards & Martin 1981:191) en daarom ook `n kern deel van die missionêre gemeente. Hierdie liefde is egter nie net beperk tot lede van die geloofsgemeenskap nie, maar liefde vir die “buite” is ook

> ....part of the essential nature of God. He loved even while we were still enemies (Rom 5:8, 10). It is impossible to imagine a vital Christian community without visualizing a loving people who express that love in practical and meaningful ways (Richards &

> Martin 1981:191).

Indien die kerk al hoe meer verander en

> ....cooperating with the Holy Spirit in developing biblical communities.... that will cause a skeptical and unbelieving world to stop and say, "There must be a God; look at how those people love one another" (Bugbee 1995:9)!

Diegene buite die missionêre gemeente sal eerder na "binne" *getrek* word deur `n liefdevolle gemeenskap as wat hulle ingeskakel sou word deur `n veroordelende gemeenskap.

Burger (1991:99) lig die belangrikheid van koinonia uit wanneer hy sê:

> Die geloofsverbintenis aan Christus is van so aard dat dit baie moeilik effektief volgehou kan word en kan groei buite `n sorgende verhouding met ander lede van die geloofsgemeenskap.... Daar is `n onlosmaaklike *verband* tussen die twee dinamiese beginsels *gemeenskap* en *geloofsverbintenis*.

Die ervaring van liefde in en deur die werksaamhede van die geloofsgemeenskap kan lei tot `n geloofsverbintenis, juis aangesien dit so `n geweldige getuieniskrag het wat verwys na die Skepper van gemeenskap.

Koinonia kan natuurlik in die missionêre gemeente op verskillende vlakke beleef word. Die volgende vlakke van koinonia belewing is moontlik. Dit word weergegee van die oppervlakkigste na die mees intensiewe vorm van koinonia belewing. (In hakies word die getalle wat sinvol kan inskakel weergegee.)

- erediens aanbiddings geleentheid (151- )
- Bybelskool, kategese (16-150)
- kleingroepe, selgroepe, Bybelstudiegroepe, `n Span geörienteerde bedienings benadering (6-15)
- "accountability" vennote (2-3)

Daar bestaan `n waarskynlikheid dat iemand in die erediens kan sit en baie min

of selfs geen koinonia beleef. So `n persoon kan na die wonderlikste boodskap uit die erediens stap en sê: “Daar is niemand wat vir my omgee nie, niemand het my lief nie, niemand sien my raak nie”.

Hoe kleiner die groep is, hoe groter die moontlikheid van `n dieper en meer sinvolle belewing van koinonia. Die grootte van die groep waarborg egter nie outomaties die gehalte van koinonia nie. Dit is nog steeds `n doelbewuste keuse wat gemaak moet word, anders sal dit nog steeds as oppervlakkig beleef word (Die bespreking van die kleingroepbediening wat hierdie koinonia bevorder, sal in hoofstuk 5 hanteer word.).

In die strewe na koinonia “....the important missionary question about the church is therefore whether its very existence is an open invitation to fellow pilgrims to join it to find sustenance and fellowship on the journey to the eschatological destination” (Kritzinger, Meiring en Saayman 1994:36).

### 4.4.2 `n Gebalanseerde gemeenskap

Die doelgedrewe missionêre gemeente *is `n gemeente waar daar balans is tussen die bogenoemde missionêre doelwitte van die kerk*. Hoekom word hierdie stelling gemaak?

Die geskiedenis het dit oor en oor bewys dat daar maklik klem gelê kan word op net een van hierdie bogenoemde doelwitte, asof dit die enigste oplossing is vir die uitdra van die evangelie.

Wat egter belangrik is, en waarop Warren wys, is dat kerke deur die geskiedenis heen die vorm aangeneem het van een van hierdie doelwitte, afhangende van die een wat die meeste beklemtoon is. Daarom sê Warren (1995:122) was daar vyf tipes kerke deur die eeue gewees. Hulle kom vandag

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

nog voor. Die vyf tipes is:

#### 4.4.2.1 "The Soul Winning Church" (Warren 1995:122, 123)

Hier is die primêre rol van die leraar dié van "evangelis." Die klem word gedurig geplaas op die wen van siele, en getalle speel `n baie belangrike rol. Terme wat jy gedurigdeur in hierdie gemeente sal hoor is: getuig, evangelisasie, redding, keuses vir Christus, getalle (dopelinge, bekerings) en altaar oproepe. In hierdie tipe gemeente speel enige iets anders as evangelisasie en bekering `n sekondêre rol.

#### 4.4.2.2 "The Experiencing God Church" (Warren 1995:123)

Indien die passie van die leraar in die area van prediking en aanbidding lê, dan sal hy instinktief die gemeente lei om klem te lê op die "ervaring en belewenis van God." Die fokus van hierdie gemeente is om die teenwoordigheid en die krag van God in elke erediens te ervaar. Sleutel terme in hierdie gemeente is onder andere: prys die Here, gebed, aanbidding, musiek, geestelike gawes en dan veral klem op die buitengewone, die krag van die Heilige Gees en herlewing. Die erediens staan in die sentrum van hierdie gemeente se bediening en al die ander bedieninge speel `n ondergeskikte rol.

#### 4.4.2.3 "The Family Reunion Church"( Warren 1995:123)

Hierdie gemeente fokus primêr op koinonia. Hier is die leraar baie ingestel op

verhoudings, het `n groot liefde vir mense en spandeer die meeste van sy tyd om mense te besoek en vir hulle om te gee. Sleutel terme in hierdie gemeente is: liefde, behoort aan, omgee, verhoudings, kleingroepe, gesamentlike etes en plesier en ontspannings geleenthede. Die sosiale speel dus `n geweldige rol in hierdie gemeente.

#### 4.4.2.4 "The Classroom Church" (Warren 1995:123)

In hierdie gemeente sien die leraar sy primêre funksie as "teacher." Indien dit die leraar se primêre gawe is, dan word prediking en onderrig beklemtoon en die ander take van die gemeente onderbeklemtoon. Sleutelterme vir hierdie gemeente is uitleg, Bybelstudie, lering, waarheid en belydenis.

#### 4.4.2.5 "The Social Conscience Church" (Warren 1995:124)

Die leraar van die "social conscience" gemeente sien sy primêre rol as profeet en hervormer. Hierdie kerk is daarop uit om die gemeenskap te hervorm. "It is full of activists who are 'doers of the Word,' and comes both in liberal and conservative version"(:124). Die liberales lê meer klem op die ongeregtighede wat daar in die gemeenskap is, die strukture wat moet verander en tot "bekering" gebring word. Die konserwatiewes lê geweldig klem op die morele verval van die samelewing en wil die "morele waghond" van die samelewing wees. Beide hierdie groeperinge voel sterk dat die kerk `n aktiewe rol in die politiek van die dag moet speel. Die sleutel terme in hierdie kerke is: behoeftes, dien, deel, bedien, standpunt inname, en doen iets.

### 4.4.2.6 Meeste kerke is geneig om net op een doel te fokus

Indien paragrawe 4.4.2.1 tot 4.4.2.5 as maatstaf gebruik word, dan word dit duidelik waar `n kerk/gemeente die klem lê en wat vir hulle belangrik is. Dit word sigbaar of die spesifieke kerk gebalanseerd of ongebalanseerd is.

Indien die paragrawe as maatstaf gebruik word om die N G Kerk te beoordeel oor die afgelope jare, is dit wat uitstaan veral die "Classroom Church." Dit is geen geheim dat die N G Kerk baie klem gelê het, en nog steeds lê, op suiwere leer en op `n hoë standaard van akademiese opleiding vir sy predikante nie. Daar is wel ook klem op diakonia, koinonia, evangelisasie/sending en die erediens, maar dit was nie die primêre beklemtoning gewees nie.

Dit is deur die eeue heen bevestig dat bewegings wat ontstaan het (ook kerke/gemeentes), geneig was om te spesialiseer deur een van die vyf doelwitte van die kerk oor te beklemtoon. Elkeen van hierdie doelwitte is belangrik, maar dit is meer belangrik dat die groter perspektief van die hele kerk raakgesien moet word "....which recognizes the importance of balancing all five purposes" (Warren 1995:127) .

Die talle seminare wat vandag beskikbaar is, beklemtoon `n sekere aspek as die antwoord vir kerkwees in die Bybelse sin van die woord. Die een beklemtoon dat kleingroepe, die selkerk of selgroepe, die antwoord is. Dit kan wees dat `n leraar dan met baie moeite die hele struktuur van sy gemeente verander om by die "antwoord" aan te pas. `n Volgende seminaar sal weer klem lê op aanbidding as die antwoord. Die hele gemeente word dan weereens geherorganiseer om aan te pas by die "antwoord."

Evangelisasie, "Evangelism Explosion," "Service Evangelism, " dit is ongetwyfeld die antwoord. Herorganisasie en verandering word die wagwoord. Die gevolg, `n verwarde gemeente. Die vraag ontstaan dan: "Wat is volgende,

waarvoor moet daar nou gereed gemaak word?"

Elke keer wanneer iemand `n nuwe seminaar bywoon oor wat die veronderstelde "antwoord" van die kerk is, dan word `n gedeeltelike antwoord verskaf van dit waarmee die kerk besig moet wees. Hierdie gedeeltelike antwoord is die waarheid, maar onakkuraat as die enigste geheim in die transformasieproses wat daar in die kerk nodig is.

Daar is geen enkele sleutel tot Bybelse kerkwees nie. Die kerk word nie geroep om een ding te doen nie, maar is geroep om baie te doen. Die kerk as missionêre gemeenskap kan daarom nie anders as om op al die aspekte van `n doelgedrewe gemeentewees te konsentreer nie, want wanneer die een ten koste van die ander oorbeklemtoon word, dan ontstaan `n wanbalans, en as gevolg daarvan, swak gesondheid.

Dit is baie belangrik dat die doelgedrewe missionêre gemeente in transformasieproses, `n *gebalanseerde* gemeente sal wees. "A balanced church is a healthy church" (Warren 1995:128). Die volgende word met `n gebalanseerde gesonde gemeente bedoel:

### a) Daar is balans tussen die vyf doelwitte van die kerk

Dit is in **die eerste plek** belangrik om daarop te wys dat indien die kerk `n Bybels funksionerende gemeenskap wil wees en al meer wil word, mag nie *een* van die doelwitte van kerkwees oorbeklemtoon word ten koste van die ander nie. Die oomblik wanner koinonia byvoorbeeld oorbeklemtoon word, dan is daar `n onmiddellike wanbalans. Die ander doelwitte van kerkwees word verwaarloos, dit veroorsaak `n onderbeklemtoning van al die vereistes van die Woord vir kerkwees en het dan `n effek op kerkwees in totaliteit.

Dit is in **die tweede plek** belangrik om daarop te wys dat daar geen eenvoudige en eensydige antwoord op kerkwees in die 21ste eeu is nie.  Die oomblik wanneer iemand `n eenvoudige antwoord verskaf, moet daar dadelik vrae gevra word.

Warren (1997:24) sê duidelik: "if you don't have a strategy and a structure that intentionally balances the purposes of the church, the church tends to overemphasize the purpose the pastor feels most passionate about."

Dit is in **die derde plek** belangrik dat die groter prentjie van kerkwees behoue sal bly.  Die groter prentjie sluit aan by wat Warren (1995:102) noem: "A *Great Commitment* to the *Great Commandment* and the *Great Commission* will grow a *Great Church*."   Dit is om al die doelwitte van die kerk se bestaan te erken en te balanseer in die uitlewing daarvan.

Wanneer al die dele van die liggaam in balans met mekaar funksioneer, dan is daar sprake van 'n gesonde liggaam.  "Likewise, balancing the five new Testament purposes brings health to the body of Christ, the church" (Warren 1996:129).  Balans vind plaas wanneer daar `n strategie en struktuur is om die vyf doelwitte van die kerk – en gemeentewees volgens die Nuwe Testament – te vervul: aanbidding, evangelisasie, koinonia, dissipelskap en diens.

Dit is in **die vierde plek** belangrik om te bevestig dat "gesond wees" in `n kerk die gevolg is van gebalanseerd wees.  Die kerk moet daarom die verantwoordelikheid aanvaar om gebalanseerd te wees.  Dit is `n doelbewuste keuse wat die kerk sal moet maak om nie die passies van die leraar, Ringe, Sinodes en Algemene Sinode na te jaag nie, maar `n strewe is om God se doelwitte vir die kerk in totaliteit na te jaag.

Dit is in die **vyfde plek** belangrik dat die gedagte van `n kerk wat moet groei vervang sal word deur `n gebalanseerde gemeente wat as gevolg daarvan gesond is.  "You can be small and healthy, or small and wimpy.  Big isn't better;

small isn't better. Healthy is better" (Warren 1997:23). Indien `n gemeente gebalanseerd is (`n doelgedrewe gemeente), sal die gemeente gesond wees, wat dan nie anders kan as om groei te beteken nie.

Die gebalanseerde missionêre gemeente kan dan ook nie anders as om te besef dat dit ook `n rol te vervul het as `n alternatiewe missionêre gemeente nie. Dit word nou in die volgende paragraaf bespreek.

### 4.4.3 Die kerk as alternatiewe missionêre gemeente

Die volgende word met `n alternatiewe gemeenskap bedoel:
Daar is alreeds herhaalde kere in hierdie studie bevestig dat daar aanduidings is van `n totale negatiewe tendens in die belewing van gemeenskap - in die huis, die skool, die buurt, die werkplek en ook die kerk. Dit alles loop hand aan hand met die vordering op tegnologiese gebied, wat `n antwoord sou verskaf vir die nood van die mens, maar wat gehelp het dat die belewenis van gemeenskap in duie stort.

Hoe kan daar doelbewus te werk gegaan word om koinonia en die belewenis daarvan te ondermyn, om sodoende mense uitmekaar te dryf?

Die ***eerste*** is die fragmentering van die familie. Die ***tweede*** is, beweeg mense weg van die omgewing waarin hulle opgegroei het. Die ***derde*** is om televisie in die huise in te bring, en ***laastens***, sorg dat families kleiner word (The Church in Ministry Though Small Groups 1996:105).

Die rol van die visuele media, veral televisie, in die ondermyning van koinonia kan nie onderskat word nie. Indien die geleentheid wat die kerk tot koinonia het, vernietig word, kan dit katastrofiese gevolge inhou vir `n gesonde samelewing.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Dit is daarom belangrik dat die kerk nie gelykvormig aan die kultuur van die dag sal word nie. Daarmee word bedoel dat die kerk nie maar een van die dinge sal wees wat aangebied word nie. Die gemeenskap waarbinne gelewe was, was grootliks gevorm deur Christelike waardes, waar waarde geheg is aan die uniekheid van elke persoon, en daar respek vir die lewe was. Vandag verdwyn die respek vir die lewe, maar ook Christelike waardes. Dit veroorsaak `n toename in geweld en sinnelose misdaad, die aanvaarding van aborsie en genadelose en onverklaarbare moorde. Seksueel verwante siektes neem hand oor hand toe en daarmee saam `n onverskilligheid en onverdraagsaamheid teenoor die nood van ander.

Die kerk moet in hierdie omstandighede sy rol as `n doelgedrewe, gebalanseerde missionêre gemeenskap vervul deur te beweeg na *`n alternatiewe gemeenskap*.

> The church must therefore increasingly take seriously its true nature as a community that reinforces and perpetuates its own values. To do otherwise is simply to accommodate the culture (The Church in Ministry Though Small Groups 1996:106).

Die kerk sal dus daarna moet strewe om `n alternatiewe gemeenskap te wees en al hoe meer te word, met innerlike krag en sosiale vitaliteit en om waardes daar te stel wat selfs antagonisties en uitdagend is teenoor die wêreld rondom ons. Hierdie waardes sal op kritiese punte verskil van die algemeen aanvaarde waardes wat die wêreld besig is om na te jaag.

Geen groep met waardes wat werklik verskil van dié van die gemeenskap waarin dit lewe, kan vir `n onbeperkte tyd bly bestaan indien die groep nie `n alternatiewe gemeenskap is nie. “Christians cannot maintain Christian values in society unless they are part of a community that reinforces those values” (The Church in Ministry Though Small Groups 1996:106).

Die kruks van die saak is dat dit al hoe meer belangrik sal word, eintlik onmisbaar en ononderhandelbaar, dat die kerk as Christelike gemeenskap onder die vergrootglas sal staan in die uitlewing van hulle waardes. Dit is nie meer genoegsaam dat die leer van die kerk suiwer verkondig word nie. Ortodoksie alleen is geen verdediging nie. Indien Christene nie meer soos Christene optree nie, sal hulle ook nie later meer glo soos Christene nie.

AS die vroeë kerk onder `n vergrootglas geplaas word, val dit op dat daar `n belewenis van koinonia was wat vanuit die huise ontstaan en in klein byeenkomste van die gelowiges voortgesit is, waar daar gebid, aanbid, geleer, geëvangeliseer en die Nagmaal beleef en bedien is. Die kerk se belewenis van koinonia was gekomplementeer deur die sekere wete dat hulle `n "afgesonderde" groep mense was. Die Nuwe Testamentiese briewe openbaar dan ook `n geweldige sterk alternatiewe bewustheid. Die bewustheid het al meer ontwikkel soos wat die kerk in die destydse Romeinse ryk versprei het en die gelowiges toegeneem het. Die alternatiewe beweging van die vroeë kerk, wat al hoe meer bewus geword het van die feit dat God se plan nie net Jode ingesluit het nie, het al hoe meer `n "....people consciousness" (The Church in Ministry Though Small Groups 1996:107) ontwikkel.

Christene wat besef het dat die Heilige Gees op beide Jood en heiden uitgestort is, het hulleself gaandeweg begin sien "...as a third race: neither Jew nor Gentile, but something new transcending both" (The Church in Ministry Though Small Groups 1996:107). Hierdie verandering in denke was nie net *`n geestelike transformasie* en hernuwing nie, maar `n totale *sosiale rewolusie*.

Die tragedie in die moderne lewe is dat hierdie bewustheid omtrent geheel en al van die toneel verdwyn het as gevolg van die individualistiese denke van die Westerse samelewing. Die tragedie, sê Howard Snyder (soos aangehaal in The Church in Ministry Though Small Groups 1996:107) is die volgende:

> *A sad symptom of the loss of true community* (eie kursivering) is the way

> Christians easily accept massive gaps between rich and poor in the church as normal, or at least not as a pressing Christian concern. The early Christians took steps so that ‘there were no needy persons among them’ (Acts 4:34), but few Christians today are so moved.

### 4.4.3.1 Die kerk as alternatiewe gemeenskap - ja of nee?

Wanneer die term alternatiewe gemeenskap vir die kerk as missionêre gemeenskap gebruik word, dan het dit positiewe sowel as negatiewe konnotasies.

**Negatief** is dit in die sin dat die kerk lynreg staan teenoor die kultuur van die dag en die samelewing. Die Christelike gemeenskap is mos op kernpunte van die verstaan van menswees anders as die wêreld.

**Positief** is dit aangesien die kerk `n opreg bedoelde alternatief aanbiedvir die dominante kultuur. Juis as alternatiewe gemeenskap sê dit: Die kerk bied `n baie beter alternatief as dit wat die dominante kultuur aangebied word. Die doel daarmee is om die gemeenskap te bring tot self-ondersoek, self-kritiek en ook self-verdediging.

In watter sin moet die kerk `n alternatiewe beweging wees?

- **Die kerk is in wêreld, maar nie van die wêreld nie (vgl Joh 15:18-19 & 17:14-16**

Daar is `n kritiese balans wat deur die kerk van Jesus Christus in die wêreld gehandhaaf moet word: *in die wêreld, maar nie van die wêreld nie*. Die kerk en die Christene van die kerk moet nie uit die wêreld onttrek nie, sonder om, aan die ander kant, een met die wêreld te wees.

Die kerk is deur die Stigter van die kerk geplaas in `n plek van stryd, spanning. Die kerk ervaar heeltyd die spanning tussen die twee benaderings: deel wees van die wêreld, of om geheel en al te onttrek. Die kerk moet `n alternatiewe beweging wees.

- **Die kerk moet Christus gelykvormig word en nie wêreld gelykvormig nie**

Die kerk moet gedurigdeur tot Christus gelykvormigheid verander word deur die werking van die Heilige Gees. Hoe lyk hierdie Christus gelykvormigheid? Die kerk sal steeds die aardse lewe van Jesus moet bestudeer. Die aardse lewe van Jesus is God se vertoonvenster van hoe die kerk se God is, maar ook hoe Hy wil hê die kerk moet wees. Die kerk sal by die aardse omwandeling van Jesus moet gaan stilstaan en opnuut weer die vraag vra: hoe lyk die "Immanuel God" wat in die evangelies vir die kerk as voorbeeld, as beeld van die Onsienlike God weergegee is?

Aan hierdie beeld sal die kerk hom steeds moet meet, en bepaal of ons meer Christus of wêreld gelykvormig is.

- **`n Kudde van die Koninkryk (vgl Luk 12:29-32)**

Die beeld "Kudde van die Koninkryk" is eintlik `n baie kontrasterende beeld. Daaruit word swakheid sowel as krag afgelei. Die Stigter van die kerk wil daardeur kom sê: "Julle is `n klein, onaansienlike, dwase groep/kudde in die oë van die wêreld, maar in afhanklikheid van my, die Stigter, die Onderhouer, die Waarborg van hierdie kudde, sal julle as erfstuk die Koninkryk van God ontvang."

> "Having traded the values of the present world for the truth of the Kingdom, the church is a counterculture. It pledges its allegiance to a sovereign different from that of the citizens of this world kingdom" (Snyder: soos aangehaal in The Church in Ministry Though Small Groups 1996:108-109).

Die kerk as alternatiewe gemeenskap is nie maar net `n onderskeiding en `n andersheid van die wêreld nie. Dit gaan baie verder, dit is "oorlog", `n geestelike oorlog wat gevoer word tussen die Koninkryk van God en die magte van die duisternis. In hierdie stryd moet die kerk getrou wees aan die Stigter van die kerk, sy Heer en Koning, aangesien die kerk hom verbind het om volgens die waardes van die Koninkryk van God te lewe. Die wêreldse waardes en begeertes is in Christus deur die kerk afgesweer.

- **Gestuur in die wêreld ( vgl Joh 17:8 & 20:21)**

Die kerk as gestuurde in die wêreld het die taak om aggressief besig te wees om mense vir die Koninkryk van God te wen. Die kerk as gestuurde gemeenskap moet dissipels maak, nie van die kerk nie, maar is geroep en gestuur om dissipels van die Koninkryk van God te maak.

- **Dra by tot die kultuur**

Die kerk as alternatiewe gemeenskap kan juis bydrae tot die kultuur. Die kerk as alternatiewe gemeenskap is nie net daar om krities teenoor die kultuur van die dag te staan nie, maar om juis aktief besig te wees om `n verskil te maak in die leefwêreld van die mens en kultuur van die dag. Die kerk moet nie net vertel van `n alternatief nie, maar `n alternatief leef, wees en daarstel.

### 4.4.3.2 Gevare vir die kerk om as alternatiewe missionêre gemeenskap te leef

Die volgende gevare kan geopper word:

- Die kerk as alternatiewe gemeenskap kan `n gerigtheid na binne beleef,

instede van betrokkenheid in en met die wêreld.

- Die kerk kan hom so deel van die wêreld voel, veral wanneer die kerk sterk sosiaal bewus is, dat dit onmoontlik raak om krities teenoor die wêreld te staan.
- Die kerk se koinonia kan so skokkend oppervlakkig wees, dat die kerk die Nuwe Testamentiese, sosiale, politiese en ekonomiese koinonia in die proses mis.
- Die kerk se sekuriteit lê nie in die Koninkryk nie, maar in materiële en ekonomiese bronne.

## 4.5 SAMEVATTENDE OPMERKINGE TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 4

- Vanuit die besluite van die laaste drie Algemene Sinodes is dit duidelik dat veranderinge al meer van "onder" (op gemeente vlak) en nie van "bo" (Sinode vlak) geïnisieer word nie;
- Dit sluit aan by die feit dat daar `n wêreldwye herontdekking is van die plaaslike gemeente en die rol wat die gewone gelowige daarin speel;
- Hierdie herontdekking lê veral klem op die missionêre verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente;
- Binne hierdie veranderinge is dit belangrik om te onthou dat die plaaslike gemeente sal strewe na balans in al vyf die doelwitte wat God vir die gemeente het;
- Die kleingroepbediening, wat in die volgende hoofstuk bespreek word, kan juis die gemeente help in sy missionêre gerigtheid, en ook in balans.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

# HOOFSTUK 5: DIE KLEINGROEP, `N PRIORITEIT BINNE TRANSFORMERENDE GEMEENTES

## 5.1 INLEIDEND

***Gemeenskap*** (hoofstuk 2) is `n Godgegewenheid, en daarom iets waarsonder die mens van vandag, selfs met sy postmodernistiese neiginge, nie kan klaarkom nie. Die ***Transformasie proses*** (hoofstuk 3) wat in die kerk regdeur die wêreld plaasvind, is onvermydelik, want dit is reeds aan die gang. Die belangrikheid van die ***plaaslike missionêre gemeente*** (hoofstuk 4) as doelgedrewe, gebalanseerde, alternatiewe vreemdeling/bywoner beweging is ook duidelik uitgestippel.

Al die bogenoemde spel eintlik maar net een ding uit: ***TRANSFORMASIE.***

### 5.1.1 Transformasie is nie iets nuuts nie

Hierdie transformasie beteken nie noodwendig `n beweging na `n heel nuwe vorm van bediening nie, maar `n terugkeer na `n "ou" vorm van bediening (in nuwe gedaante) wat met die tyd verlore geraak het. Reeds in hoofstuk 3 (paragraaf 3.1.1.1, c) is op die ***Tussentydse Era*** gewys wat juis `n terugbeweeg na die ***Apostoliese Era*** is.

Chesterton (soos aangehaal deur Garlington 1999:24) sê:

> Conservatism is based upon the idea that if you leave things alone, you leave them as they are. But you do not. If you leave a thing alone, you leave it to a torrent of changes. If you leave a white (fence) post alone, it will soon be a black post. If you particularly

> want it to be white, you must always paint it again. Briefly, if you want the old white post, you must have a new white post.

Uit hierdie aanhaling kan die volgende afgelei word:

- Dit wat as tradisie gevier en daarom as belangrik voorgehou word, is gewoonlik iets wat deur die tyd verduister is, sodat die oorspronklike bedoeling nie altyd meer sigbaar is nie. Garlington (1999:24) sê: “The tradition must be repristinated if it is to be worth following.”
- Dit wat baie keer as iets nuuts voorgehou word, is niks anders as tradisie wat gerepristineer is nie, met ander woorde, tradisie wat weer herstel is tot die oorspronklike bedoeling of toestand.

In hierdie hoofstuk, waar daar meer klem gelê gaan word op die rol wat die kleingroepbediening kan speel, word daar juis nie op die kleingroepbediening klem gelê asof dit op hierdie stadium nodig is om as iets nuuts voorgehou te word nie. Daarom is die opskrif van hierdie spesifieke paragraaf: “Transformasie is nie noodwendig iets nuuts” nie.”

Die oortuiging word gehandhaaf - alhoewel die kleingroepbediening as sodanig nie iets nuuts is nie, en daar ook nie `n nuwe model weergegee word in hierdie studie nie - dit belangrik is om die tradisie te repristineer. Dit wat vroeër belangrik en onontbeerlik was vir die kerk van Jesus Christus moet weer tot die oorspronklike bedoeling herstel word.

Die repristinering van die kleingroepbediening is belangrik, want alhoewel die omstandighede waarbinne die mens verkeer, gedurigdeur verander, bly die mens in alle omstandighede tog dieselfde, met dieselfde behoeftes.

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

### 5.1.2 Die behoefte na liefde en verhoudings in `n kleingroep verband is ook nie iets nuuts nie

#### 5.1.2.1 Die mens is `n kleingroep wese

Die belangrikheid van kleingroepe word nie net deur die kerk erken nie, maar ook deur die sosiale wetenskappe:

> Humans are small group beings. We always have been and we always will be. As John Donne said, `no man is an island, entire of itself. Throughout the history of our species we have lived in small groups.... It is only recently, in the past hundred years or so, that large cities have become the rule rather than the exception (Johnson & Johnson 1994:5).

Die hele dag lank is die mens besig om in verskillende groepe verhoudings te bou. Die mens is gebore in `n groep, lewe die meeste van die tyd in `n groep, ontwikkel in groepe, spandeer tyd met familie en vriende as deel van groepe en ook die ontspannings tyd van die mens word die meeste van die tyd in groepe deurgebring.

Die Johnsons (1994:6) sê dat indien daar iemand in die buitenste ruimte sou leef en hulle die mens op planeet aarde objektief sou bestudeer, "....group membership would probably be the dominant characteristic noted."

Die mens wat as deel van `n groep gebore is, sal nie die eerste paar jaar, weke, of selfs die eerste paar minute, sonder deelname aan hierdie groepsverbande oorleef nie nie. Dit is juis binne ons familie en "peer" groepe

> ....that we are socialized into ways of behaving and thinking, educated, and taught to have certain perspectives on ourselves and the world. Our personal identity is derived from the way in

> which we are perceived and treated by other members of our groups. We learn, work, worship, and plan in groups. As humans we have an inherent social nature: Our life is filled with groups from the moment of our birth to the moment of our death (:6).

Hoekom is dit so? Reeds in hoofstuk 2 is daarop gewys dat God gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke" (Genesis 2:18). Dit was nie net die totstandkoming van die huwelik nie, maar ook die totstandkoming van verhoudings en die mens as groepswese. God kies met ander woorde om die mens as groepswese te skep. Die sosiale wetenskap, die industrie en die samelewing van vandag besef die onontbeerlikheid van groepe en groepsdinamika. Die kerk erken die feit dat dit deel van die skeppingsdoel van die mens was.

Waarom gee die kerk dan soms so min erkenning aan die geweldig belangrike en onontbeerlike rol wat die kleingroepbediening binne die realisering van God se doel met die kerk en elke plaaslike missionêre gemeente kan speel?

Juis in die situasie waarin die kerk van die Here Jesus Christus hom vandag bevind, kan die vraag gevra word: Watter ander keuse as die benutting van die kleingroep het die leraars van vandag (en eintlik nog altyd), indien ons werklik die lidmate van die gemeentes wil bedien, ondersteun, opbou, motiveer en uitstuur om `n verskil vir Christus in die wêreld te maak?

> Imagine a church of three hundred members. If you see all the people you can, spending a hour with five different people every day, that's only twenty-five people a week. There's no way you can tend to all their marriages and job changes and kids and... (Larson 1994:22).

Die gesegde is waar: "Die leraar hoor altyd laaste van die probleem en dan is dit te laat om die huwelik te red of om die ander probleme te hanteer."

### 5.1.2.2 Die "kaalvoet" dokter

Die situasie waarin die kerk verkeer, is te vergelyk met die situasie waarin Sjina was onder die heerskappy van Mao. Dit het nodig geraak dat die regering van die dag moes erken dat hulle nie voldoende gesondheidsorg kon bied vir die miljoene mense nie. Die volk het swaar gekry, en die regering het nie die tyd of die geld gehad om genoeg dokters op te lei nie.

Was daar `n alternatief? Die alternatief wat hulle wel daargestel het, was die sogenaamde "kaalvoet" dokter. Hulle het beweer dat hierdie metode daartoe gelei het dat negentig persent van die mense se probleme op hierdie wyse voldoende opgelos is. Die oorblywende tien persent van die probleme is na die hospitale in die stad verwys en sodoende sinvol hanteer.

Was dit die beste manier? Moontlik nie, maar daar was geen ander alternatief nie.

> I believe with Paul Tournier that 90 percent of people's problems are best dealt with by fellow strugglers, not psychiatrists, doctors or clergy. Only about ten percent need professional help. So we train people and turn them loose to pastor each other, saying, 'If you hit a real stickler, come to one of the pastoral staff. Otherwise, you're the barefoot doctor' (Larson 1994:23).

### 5.1.2.3 Die Jetro-beginsel

Die "barefoot doctor" is niks anders as die ***Jetro-beginsel*** waarvan Carl George in sy boek ***Prepare Your Church for the Future*** (1991:121 ev) praat nie.

Die belangrike vraag wat Jetro vir Moses gevra het was: "….***Waarom doen jy die volk dit aan*** (eie kursivering)? Waarom tree net jy op as regter, en al die

mense moet van die môre af tot die aand toe vir jou staan en wag" (Eksodus 18:14)?

Die ***Jetro-beginsel*** wat Jetro, die skoonvader van Moses aan hom voorgestel het, het begin by die familie as basis en dan groepe huishoudings van tien onder `n plaaslike leier. Hierdie beginsel het elke groep in staat gestel om konflik hantering en probleem oplossing te doen binne dit wat hanteerbaar was vir die groep.

Die meeste van die probleme kon dus op die eerste vlak hanteer word, en indien nie sou dit na die volgende vlak vir hantering deurgegee word. Hierdie bestuurstelsel het daartoe gelei dat, "....Die belangrike sake is na Moses verwys, en die geringes is deur die leiers verhoor" (Eksodus 18:26).

### 5.1.2.4 Die leraar alleen is nie die oplossing nie

Juis vanweë die feit dat mense dit weet, deur dit fisies te ervaar dat die leraar nie in staat is om al die verskillende probleme te hanteer nie, word die bogenoemde gesegde dat die leraar die laaste van die probleem hoor, al meer as waar bevestig. Die antwoord lê ook nie daarin dat die leraar meer huisbesoek doen, of sy oor meer op die grond hou sodat hy vinnig al die probleme kan optel nie.

Die oplossing lê in die beweeg na `n kleingroepbediening binne die plaaslike missionêre gemeente waar die sorg vir mekaar aanvaar en toegepas kan word om sodoende `n Bybelse realiteit te wees.

Die grootste behoefte in die moderne samelewing is:

> ....the development of communities - true communities where the heart of God is home, where the humble and wise learn to shepherd those on the path behind them, where trusting strugglers lock arms with others as together they journey on (Crabb 1997:xvii).

### 5.1.3 `n Definisie van ware kleingroep gemeenskappe

Indien die grootste behoefte in die moderne samelewing die ontwikkeling is van hierdie ***ware gemeenskappe, waar God se hart tuis*** is dan is dit sekerlik belangrik om te definieer wat met die term kleingroepe bedoel word.

Kleingroepe is:

Keith Brown se definisie:

> A Koinonia Group is a community of persons who are practicing Christlike love toward one another, producing an environment in which it is increasingly safe for people to share their struggles as well as their victories, their sorrows as well as their joys, their doubts as well as their convictions, without fear of condemnation, criticism, receiving too much advice, or experiencing a breach of confidence (Brown soos aangehaal in The Church in Ministry Through Small Groups 1996:115).

Roberta Hestenes se definisie:

> A Christian small group is an intentional face-to-face gathering of 3 to 12 people on a regular time schedule with the common purpose of discovering and growing in the possibilities of the abundant life in Christ (Hestenes soos aangehaal in The Church in Ministry Through Small Groups 1996:116).

Gareth Icenogle se definisie:

> The small group is a face-tot-face gathering of a few (three to twenty) persons to be, to share and to act for the betterment of one

another and the wider good of others (Icenogle 1994:14).

Vir die doel van hierdie studie, en met die bogenoemde drie definisies ingedagte, maar ook die hele studie, word die volgende definisie vir `n kleingroep en die dan ook die kleingroepbediening weergegee:

Die Kleingroep is:

`n Doelbewuste byeenbring van 3-12 individue op `n gereelde grondslag met die doel om:

- mekaar effektief toe te rus en te bemagtig tot groei in Christus gelykvormigheid (om soos Jesus te wees) met die volgende gevolge:
    - omgee (koinonia) word gedeel en ervaar;
    - gesonde verhoudings word met mekaar en nog-nie-gelowige vriende en kennisse gebou;
    - God word hier aanbid;
    - mense groei tot geestelike volwassenheid;
    - groeplede dien mekaar en as groep die gemeente, gemeenskap en wyer wêreld;
    - groeplede word aangemoedig tot diens en sending (om wêreld Christene) te wees.
  - o In dit alles bly die kleingroep deel van die funksionering van `n Bybelse, doelgedrewe, missionêre gemeenskap van gelowiges (soos reeds in hoofstuk 4 bespreek is).

Kernpunte wat aangespreek word vanuit die bogenoemde definisie:

### 5.1.3.1 `n Doelbewuste byeenbring op `n gereelde grondslag

Agter die hele bestaan van `n gebalanseerde kleingroepbediening binne `n plaaslike gemeente moet daar `n doelbewuste strategiese poging wees om dit te realiseer. Die hele kleingroepbediening is nie iets wat net sommer sal ontstaan nie, maar moet deeglik beplan, geïmplemeteer en bestuur word.

Die groep moet ten minste een maal `n week, elke tweede week of een maal `n maand byeenkom. Elke groep behoort self oor die gereeldheid van sy

samekoms te besluit. Dit is egter belangrik dat groeplede sal weet dat vir die ervaring van koinonia dit belangrik is om meer gereeld bymekaar te kom.
Die gejaagde lewe van vandag maak nie altyd ruimte vir gereelde byeenkomste nie. Die ideaal behoort te wees om ten minste elke tweede week te vergader.

Koinonia en daarmee saam die bou van verhoudinge binne die gemeente gebeur nie net vanself nie, maar word juis moontlik gemaak wanneer daarvoor doelgerig beplan en ruimte geskep word.

#### 5.1.3.2 Van aangesig-tot-aangesig

Geskep vir die realisering van interpersoonlike verhoudings.

#### 5.1.3.3 Drie tot twaalf mense

Dit is die minimum, maar ook maksimum getal persone wat daar in elke groep behoort te wees. Indien die groep groter raak, behoort dit te verdeel.

#### 5.1.3.4 `n Gemeenskaplike doel

Die groep behoort self te besluit wat hulle rede vir bestaan as groep is. Hulle moet begelei word om dit te doen binne die vyf doelwitte wat daar vir elke groep is.

### 5.1.3.5 Die sleutel elemente van kerkwees moet hier na vore kom

Die elemente is “aanbidding, evangelisasie, koinonia, leer/dissipelskap en diens”.

### 5.1.3.6 Hierdie groep is deel van die groter doel van plaaslike gemeentewees in totaliteit

Die kleingroepbediening kan nie as `n aparte bediening, eenkant op sy eie voortbestaan nie.  Die kleingroepbediening is juis daar om die oorhoofse behoefte na koinonia wat daar in elke gemeente bestaan aan te vul.  Die bediening moet juis ook daartoe aanleiding gee dat die groot prentjie wat daar in die gemeente is, bevorder word en ook beter gerealiseer word.

### 5.1.3.7 Christus-gelykvormigheid is die eindproduk (om soos Jesus te wees)

Groeplede is juis vir mekaar beskikbaar, kontraktueel verbind, om mekaar aan te moedig en te bemagtig om soos Jesus te wees.

Om die bogenoemde definisie van wat `n kleingroep is in `n gemeente met `n visie van `n gebalanseerde kleingroepbediening te realiseer, is `n denkverskuiwing in die plaaslike gemeente onontbeerlik.

## 5.2 DIE VERSKUIWING VAN 'N TRADISIONELE GEMEENTE NA 'N KLEINGROEP GEMEENTE

Die definisie wat in die vorige paragraaf bespreek is, vereis `n radikale klemverskuiwing. Dit is radikaal aangesien dit van `n gemeente vra (indien die definisie as belangrik beskou word), om van `n ***Tradisionele kerk*** te beweeg na `n ***Oorgangskerk*** na `n ***Transformerendekerk***.

Kleingroepe het nie altyd dieselfde betekenis waarde in alle kerke en gemeentes nie. Daar is gemeentes wat die kleingroep as onlosmaaklik deel sien van hulle definisie van kerkwees. Ander beskou dit as een van die verskillende moontlikhede van die bestaande programme van die gemeente. McBride (1995:46) klassifiseer kerke/gemeentes op grond van hulle kleingroep oriëntasie. Die volgende word aangedui:

### 5.2.1 Tradisionele Kerk

Die tradisionele kerk het `n konvensionele uitkyk op die kleingroepbediening. Hierdie is gewoonlik ouer gevestigde gemeentes, deel van die "hoofstroom" kerke, met `n ryke tradisie en erfenis, "....they maintain a programmatic 'canon' just as fixed and unchanging as the biblical canon" (McBride 1995:45).

Kleingroepe, wanneer dit wel in die mengsel van programme ingesluit word, is nie sentraal en onlosmaaklik deel van die kerk se identiteit of funksie nie. Dit is gewoonlik wyksbyeenkomste wat deur `n ouderling, of selfs in baie gevalle die leraar gelei moet word.

Hierdie groepe word gewoonlik geografies saamgestel, en lidmate is verplig om by hierdie geografiese groepe in te skakel. Dit gebeur wel dat vroue, veral waar

daar vroue Bybelstudie groepe is, baie meer getrou inskakel in die groepe van die tradisionele kerk.

Daar sal op sy beste ongeveer tien tot vyftien persent van die lidmate betrokke wees, want daar word nie regtig vir lidmate gesê dat hulle bywoning by hierdie groepe belangrik is vir hulle eie geestelike groei nie. Daar word ook geen poging aangewend om kleingroepe deel van die kerk se essensiële identiteit te maak nie. Dit is maar een van die baie programme wat aangebied word. Die senior leierskap neem ook nie vanselfsprekend deel aan die kleingroepbediening nie en hulle is ook nie noodwendig hart en siel daaraan toegewyd nie.

### 5.2.2 Oorgangs kerk/gemeente

Die ***Oorgangskerk/gemeente*** se karaktertrekke en bedienings-filosofie stem baie ooreen met die program-gebaseerde bediening van die tradisionele kerk. Die grootste verskil tussen die twee is die verskil in siening ten opsigte van die kleingroepbediening.

Kerke in hierdie kategorie "....embrace groups as a vital , integral part of how they view an operate their church" (McBride 1995:46). Dit is kerke met kleingroepe as `n onlosmaaklike deel van hulle bediening, maar dit word nie noodwendig van lidmate vereis om deel van `n kleingroep te wees nie.

Tog word lidmate sterk en positief aangemoedig om deel van die kleingroepbediening van die kerk te wees. Daar is ook sterk ondersteuning vir die kleingroepbediening vanaf die senior leierskap in die kerk. Hulle promoveer die bediening en neem ook aktief daaraan deel.

### 5.2.3 Transformerende kerk/gemeente

Die ***Transformerende kerk/gemeente*** is radikaal en rewolusionêr anders in vergelyking met die "hoofstroom" en "tradisionele" kerke van vandag, maar nie radikaal en rewolusionêr in vergelyking met Bybelse standaarde nie.

Kleingroepe is nie maar net deel van die kerk se bediening nie; kleingroepe ***is*** die kerk. Niks in die kerke gebeur sonder dat kleingroepe `n rol speel nie. "In fact, group membership equates to church membership, not the other way round" (McBride 1995:46).

Indien iemand byvoorbeeld `n lidmaat van die Willow Creek Community Church in Chicago wil word, kan dit nie anders geskied as deur eers deel van `n kleingroep van die gemeente te word nie. Die lidmaatskap voorbereiding geskied dan ook deur die kleingroep waarvan iemand lid is. Dit is die kleingroep wat uiteindelik die aanbeveling maak dat iemand as lidmaat van die gemeente aanvaar word.

Juis wanneer die lidmaat die viering van sy lidmaatskap in die openbaar in die gemeente beleef, en aan die res van die gemeente voorgestel word, is hulle, "....with their small groups present...." (Willow Creek Community Church 1995:9).

"Willow Creek Community Church" is `n uitstekende voorbeeld van `n gemeente wat ***Transformerende kerk/gemeente*** is, waar die kleingroep eintlik niks anders as die kerk is nie. Alles wat daar gebeur, al die bedieninge, word as deel van kleingroepe uitgevoer.

Moreletapark-gemeente van die NG Kerk het ook die volgende vereiste: "Betrokkenheid by `n Moreletapark-omgeegroep is daarom as voorvereiste

gestel vir iemand wat buite die gemeente grense woon en lidmaat van die gemeente wil word" (Van der Spuy 1998:46).

Om die belangrikheid van die kleingroepbediening binne die plaaslike missionêre gemeente raak te sien, en die noodsaaklikheid te motiveer om `n Transformerende kerk (die kerk wat bestaan as kleingroep) te word, is dit verder nodig om te besef wat die voordele en waardes van `n kleingroepbediening vir die plaaslike gemeente is.

## 5.3 DIE VOORDELE EN WAARDES VAN DIE KLEINGROEPBEDIENING

`n Groot gevaar is dat die kleingroepbediening maar net as nog `n program binne die plaaslike gemeente gesien word. Wanneer dit gebeur, sal die kleingroepbediening nie die maksimale potensiaal bereik waartoe dit in staat is nie.

Gemeentes word soms gestoomroller met die belangrikheid van `n kleingroepbediening. Die fokus val dan op die tegniek, die hoe van implementering, en die resultate van kleingroepe. Dit is nie `n oproep terug na hoe God die mens oorspronklik geskep het nie, naamlik om ***in gemeenskap te lewe***.

Die Voordele en Waardes van `n kleingroepbediening binne `n plaaslike Missionêre Gemeente moet opnuut "gerepristineer" word. Juis dan sal Christelike gemeenskap, soos gerealiseer in die kleingroepbediening, beleef en raakgesien word as deel van die ***ware karakter*** van God Drie-Enig.

Dit word juis gedoen deur die volgende voordele en waardes voor te hou:

### 5.3.1 `n Kleingroep voorsien die ideale omgewing vir optimale lewensverandering

Betekenisvolle verhoudings (insluitende een-tot-een) vind die beste plaas in die konteks van `n kleingroep. Die begeerte en doel om mense met mekaar in klein groepe te verbind behoort nie opsioneel in die bediening van die plaaslike gemeente te wees nie - dit is die kerk in die kleinste vorm. Lidmate kan sonder die kleingroepbediening, al woon hulle by al die ander geleenthede wat die gemeente bied, nie regtig deelneem aan gemeentewees nie. Hulle is op papier wel lidmate, maar papier lidmate ervaar nie gemeenskap met ander gelowiges nie.

`n Kleingroep van gelowiges wat mekaar met God se liefde liefhet, sal die lewe ervaar op die vlak wat Christus belowe het. Hierdie liefde sal hulle radikaal verander en aan hulle Sy krag demonstreer. `n Groep wat nie vorder tot geestelike volwassenheid nie, kan wel `n groep Christene wees, maar ***is nie `n suksesvolle kleingroep nie.***

Gemeentes wat nie `n kleingroepbediening as deel van hulle struktuur het nie, ***kan in die algemeen nie optimale lewensverandering daarstel*** vir mense wat op soek is na groei- en bedienings moontlikhede nie (Donahue 1996:23)

Die verbintenis met die Here Jesus was lewensveranderend in Sy kleingroep. Hy was daar en Hy was saam. Waarom moet die kerk dan probeer om innoverend te wees indien die kleingroep vir sy Meester genoegsaam was? “Jesus did it, why innovate” (outeur onbekend).

### 5.3.2 Die kleingroepbediening is gevestig op outentieke verhoudings

Verhoudings ontstaan slegs waar daar twee of meer persone saam is, en waar daar dus kommunikasie is. Die lidmaat wat Sondag na Sondag in die erediens sit, kan mank gaan aan enige verhoudings in die gemeente. Dit kan soms hoogstens `n "goeie môre" en weer "totsiens" wees met `n paar woorde wat tussendeur gewissel word.

Erediensgangers stap Sondag vir Sondag onbevredig uit die erediens. Hulle het met `n verwagting na die samekoms van die gemeente opgekom met die hoop dat iewers `n oplossing vir hulle probleme sal wees. Elkeen wat in die erediens sit, is daar met `n bepaalde verwagting. Die een ervaar vreugde, want hy/sy kind presteer, of het een of ander prestasie behaal. `n Ander een ervaar pyn en seer en stukkendheid waarvoor daar baie verskillende redes kan wees. Die een worstel dalk met pornografie verslawing of `n buite egtelike verhouding. Die ander een weer se huwelik is op die rotse. Nog een ervaar geweldige spanning oor die probleem kinders waarmee sy worstel, en sy het niemand om haar by te staan nie, want haar man is so besig om sy eie stukkie koninkryk op aarde te bou dat hy nie in staat is om sy vrou emosioneel te ondersteun nie.

Die kleingroep is egter ***die plek*** waar outentieke verhoudings ontwikkel, gebou en ervaar word. Hierdie verhoudings word gebou op die genade van God wat die gelowige in Jesus Christus beleef, en daarom ook wil betoon teenoor andere. Hierdie genade is moeilik om in groter groepe soos die erediens uit te leef en te toon, want die erediens as groot groep is nie ingerig om verhoudings te bou nie.

Outentieke verhoudings vra ook tyd en `n ***intieme vertrouensatmosfeer.*** Dit kan in `n kleiner groep. `n Intieme vertrouensatmosfeer is natuurlik ook nie iets wat vanself ontstaan nie, maar wat doelbewus ontwikkel moet word.

Outentieke verhoudings word gebou wanneer ***mense mekaar leer ken*** en iets van hulleself, hul pyn, vreugdes, worstelinge en begeertes vir die lewe met mekaar begin deel onder leiding van en deur middel van die fasilitering van `n toegeruste groepleier.

Outentieke verhoudings ontstaan wanneer ***mense ontdek dat hulle in Christus onvoorwaardelik vergewe*** is en daarom nie nodig het om te presteer om aanvaar te word nie.  Dan word ontdek dat die "ander persoon" ook onvoorwaardelik God se liefde in sy/haar lewe ervaar.  Hierdie liefde van God word juis ervaar wanneer ek die keuse maak om onvoorwaardelik lief te hê, want God, wat onvoorwaardelik liefhet, wil hê dat mense mekaar moet liefhê, sodat die ander sal weet van en God se liefde beleef.

Outentieke verhoudings beteken nie ***perfekte verhoudings*** nie.  Dit is juis verhoudings waar daar erken kan word "ek het fouteer, ek het gesondig, ek kon dit anders gedoen het" (Jak 5:16).  So `n erkenning het natuurlik altyd die risiko van verwerping, want,

> Sin is the failure and destruction of human community. Sin is the disability of human beings to connect with each other. Sin is the inability of humanity to enter into community with the God of community. Sin is the poverty of relationship we experience when we try to become intimate with another person. Sin is the brokenness of community between God and humanity. Small groups are trapped in the '"paradox" of hunger for intimacy ("it's not good to be alone") and fear of intimacy ("they sewed fig leaves to cover themselves") (Icenogle 1994:27).

Juis die sondeval maak perfekte verhoudings onmoontlik, maar deur outentieke verhoudings word daarna gestrewe om "mekaar te aanvaar soos Christus hulle aanvaar het."

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 5.3.3 Die kleingroep is die plek waar die Waarheid die lewe ontmoet

In die gesekulariseerde samelewing van vandag het dit die spreekwoord geword: "You're okay, I'm okay." Waarom verander? Die beginsel hieragter is dat die mens die reg het om te doen wat hy/sy dink reg is, ongeag wat die norm is. Eintlik verdwyn alle norme en waardes en word dit deur die mens in sy situasie self gevorm.

Die kerklidmaat word ook deur die samelewing en die algemene aanvaarbare kultuur gevorm - dalk net meer onbewustelik as die persoon wat voluit vir die wêreld lewe. Alhoewel die Woord iemand aanspreek, gaan dit in die groot groep maklik by die luisteraar verby. Daar is nie altyd voldoende wedersydse kontrole (accountability) aanwesig nie.

Die kleingroep se waarde lê verder daarin dat dit juis die plek is waar die ***Waarheid die lewe*** ontmoet. Kleingroepe moet Woord-gerig wees en die Woord is die Waarheid. Die Waarheid moet juis aan die lig gebring word in die individu se lewe deur mede-gelowiges wat saam op reis is. Die Waarheid het nodig om by geleentheid duidelik te spreek deur vir iemand te sê: "Jy het in hierdie situasie nodig om te verander."

Hierdie Waarheid kan ook in `n huisbesoek situasie aangehoor word, maar die resultate is gewoonlik heeltemal anders. Die verskil tussen huisbesoek en die situasie in die kleingroep is duidelik:

- In die kleingroep het groeplede mekaar al oor `n tydperk leer ken deur almeer van hulleself te openbaar.
- In `n kleingroep het die lede juis deur hulle groepsverbintenis mekaar ook die reg gegee om mekaar op grond van hulle verstaan van die Waarheid aan te spreek, indien een van die groeplede se lewe nie is wat dit behoort te wees nie.
- Groeplede is juis vanweë hulle onderlinge verbintenis meer eerlik met

mekaar as in `n huisbesoek situasie en kan mekaar daarom ook mede aanspreeklik hou vir dit wat bespreek is.

### 5.3.4 Die kleingroep is `n Matteus 18 koinonia

Een van die vrae wat altyd tydens visitasie by gemeentes deur die Ring aan kerkrade gevra word is: "Realiseer die onderlinge tug in hierdie gemeente?" en "Hoeveel tuggevalle is daar in die afgelope jaar aangemeld?"

Watter leraar en kerkraad vrees nie tog in `n mate hierdie vrae nie, want wie is regtig besig om tug volgens die kerkorde toe te pas?

Indien die tug nie toegepas word nie, dan is die gemeente volgens Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, nie ware kerk nie. Die kenmerke van die ware kerk is: "....wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om sondes te straf" (Die Kerkboek 1988:175).

Volgens hierdie standaard, en die Reglement van die Tug in die onderskeie Kerkordes van die Sinodes, is die meerderheid van gemeentes in die NG Kerk dus nie ware kerk nie.

Is die uitvoering van die tug soos wat dit in die Tugreglement van die NG Kerk weergegee word en soos wat gemeentes dan veronderstel is om toe te pas, in lyn met dit wat die Bybel, veral dan deur middel van Jesus se woorde in Matteus 18, oor die tug verstaan?

Tug is ***een van die ware kenme***rke van die kerk van die Here Jesus Christus, `n onlosmaaklike deel daarvan, en dit moet ononderhandelbaar verkondig en voorgehou word. Die probleem lê nie by tug as sodanig nie, maar by die kerk se verstaan van die toepassing van die tug.

Die stelling word hier gemaak dat die kleingroep die plek is wat bekend behoort te staan as ***`n Matteus 18 koinonia*** wat in noue kontak met mekaar lewe en in `n besondere verhouding tot mekaar staan. Die Matteus 18 koinonia het dan die verantwoordelikheid om onderlinge tug toe te pas.

Paulus sluit hierby aan wanneer hy sê:

> Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in `n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus (Galasiërs 6:1,2).

Tug staan of val natuurlik in die mate waarin dit plaasvind in `n liefdevolle, omgee verhouding. Indien dit `n oppervlakkige verhouding is, sal dit onmoontlik wees vir iemand om na aan die hart van `n persoon te kom wat in een of ander sonde geval het, veral in `n tug situasie.

Groeplede moet met hulle betrokkenheid bymekaar die reg verdien om mekaar, indien nodig, te tug. Tug as sodanig is baie meer omvattend as sensuur wat weerhouding van die sakramente en lidmaat voorregte is.

John Powell (1969:50-62) noem die volgende vlakke van interpersoonlike kommunikasie wat tog juis `n invloed het op die tugproses:

***Vlak 1: Cliché Kommunikasie*** - Dit verteenwoordig die laagste vlak van gewilligheid om te kommunikeer en iets van onsself met ander te deel. Dit vra nie `n in diepte reaksie van iemand anders nie, amper net `n versekering dat die ander persoon daar teenwoordig is.

***Vlak 2 - Weergee van die Feite -*** Dié vlak vereis nie veel self-openbaring nie. Al wat weergegee word is feite sonder `n persoonlike refleksie.

***Vlak 3 - Deel van my idees en opinies*** - Hierdie vlak verteenwoordig iets meer van my unieke self. Ek is die enigste een met hierdie spesifieke idees en opinies. Dit hou `n groter risiko in, want dit vra meer van myself, wat kan lei tot makliker verwerping, veral indien iemand nie met my idees en opinies saamstem nie. Baie kommunikasie eindig hier en gaan nooit verder nie en dit veroorsaak ook geweldig baie konflik.

***Vlak 4 - Mededeling van my gevoelens, waardes en emosies -*** Hierdie vlak verteenwoordig iets meer van my persoonlike self. Ek deel nou iets meer van my verborge self. Hier hoor die ontvanger iets dieper as die oppervlakte, iets van dit wat agter die masker van menswees aangaan.

***Vlak 5 - Skuldbelydenis:*** Hierdie vlak verteenwoordig die diepste van alle kommunikasie. Hier deel ek gevoelens en ervaringe wat ek dalk nooit met iemand anders sal deel nie. Hierdie kan dinge wees wat ek amper nie eers vir myself sê nie. Ek is selfs amper te te bang om dit met God te deel. Dit is diep wonde wat dalk met die tyd as deel van my lewe ontstaan het.

> Here is where my childhood damages are hidden or repressed. Here is the stuff I share only when there is a gracious, compassionate and merciful listener facing me. Here is my most intimate self released only when I am in the face of a loving, forgiving, and compassionate person (Icenogle 1994:77).

Die kerk van die Here Jesus Christus moet besef dat wanneer daar van tug sprake is dat die persoon/e wat daarby betrokke is iets van hulle self op `n baie persoonlike vlak moet weergee. Die sonde is dalk net die simptoom van iets diep binne waarmee die persoon/e nog nie eers met die ***self*** eerlik was nie.

Die tug, soos wat dit in die Kerkorde voorgestel word, vorm deel van `n vlak van kommunikasie waar daar nie altyd `n diepe vertrouensverhouding met `n persoon bestaan nie. Die persoon kommunikeer dan nie dit wat regtig nodig is soos in "konfessionele mededeling" nie. Die persoon sal eerder veg of vlug, maar nie sy hart oopmaak nie.

Die toepassing van die tug in `n onpersoonlike situasie soos `n kerkraadsvergadering wat die saak moet hanteer is dus nie moontlik nie. Die kleingroep is:

- die plek waar outentieke verhoudings ontwikkel is;
- die plek waar die Waarheid die lewe ontmoet en ook;
- die beste plek om die tug toe te pas.

Die kleingroep is veronderstel om `n Matteus 18 Koinonia te wees, want sonder tug kan selfs Christene nie deur die lewe gaan nie, want dit is deel van die lewe wat deur God daargestel is. In `n kleingroep, waar daar oop en eerlike verhoudinge gehandhaaf word, en waar daar `n groepsverbintenis tot omgee en eerlikheid is, is daar ruimte om op `n dieper wyse te kommunikeer en op so `n wyse konflik, maar ook onderlinge tug te hanteer.

Die kleingroep bly deel van die bediening van die plaaslike gemeente. Dit val daarom nog steeds onder die opsig en toesig van die plaaslike kerkraad, waar die saak van onderlinge tug saam as kerkraad en kleingroepe verder hanteer kan word. Daar moet dus nog altyd `n sisteem wees wanneer die groep nie die situasie sinvol alleen kan hanteer nie.

Die vraag is nie of daar iets soos tug en daarom ook positiewe konflik gaan wees nie, die vraag is eerder, wanneer? Hierdie element behoort duidelik in elke kleingroepbediening aangespreek en geïmplementeer te word.

### 5.3.5 Die kleingroep is die plek waar "herderskap" hanteer behoort te word

In die herder-kudde model waarin die NG Kerk oor die jare heen gewoond geraak het, is die leraar primêr verantwoordelik vir die pastorale versorging van die lidmate. Hierdie eise saam met al die ander word dan ook duidelik omskrywe in die Kerkorde Artikel 9: "....die doen van ***behoorlike huisbesoek*** en behartiging van ***die herderlike sorg*** (eie kursivering) van die gemeente" (Die Kerkboek 1988:123). Die leraar is die een wat die besoeke moet bring en wat in die eerste geval verantwoordelik is vir die herderlike sorg in die gemeente volgens die voorbeeld van Christus die Groot en Eerste Herder.

Een van die eerste klagtes wat in `n gemeente geopper word, is die feit dat die leraar nie genoegsame huisbesoek doen nie. Dit word gewoonlik verstaan so wyd as die besoek van siekes, nuwe intrekkers, oues van dae, probleem gevalle en selfs ook doen van evangelisasie deur middel van besoeke. Die leraar word "gehuur" om die bediening van omgee deur herderskap in die gemeente te behartig. Hy is verantwoordelik vir die werk en moet aan die gemeente "rapporteer" of hy suksesvol is of nie in die uitvoering van die bediening.

Is dit realisties dat een persoon die verantwoordelikheid tot herderskap aanvaar van tweehonderd (kan minder of selfs meer wees) besoekpunte?

`n Gevaarlike alternatief is om te sê dat die leraar, indien die kleingroepbediening geïmplementeer word, geen huisbesoek meer gaan doen nie. Sodanige besluit lei gewoonlik tot spanning tussen die "oue" en die "nuwe" wat geheel en al onnodig is.

Die ***alternatief*** is daarin geleë dat die leraar vir die eerste jaar van die kleingroepbediening twintig persent van sy huisbesoek tyd afstaan aan die

opleiding van leiers en aan die implementering van die kleingroepbediening. Indien die kleingroepbediening die volgende jaar uitbrei, kan die leraar die tyd wat daaraan spandeer word, vermeerder en huisbesoek tyd verminder. Die behoefte aan huisbesoek sal al hoe meer verminder namate daar `n sinvolle kleingroepbediening in plek kom, maar dit gebeur nie oornag nie.

Donahue (1998:3) noem dat hulle by Carl George geleer het dat een persoon se "span of care" nie te groot moet wees nie. Hy gaan verder om te sê:

> That ***has revolutionized*** (eie kursivering) the way Willow Creek does ministry! Everyone is cared for, and no one cares for more than 10 people. That basic principle starts with Bill Hybels and the management team, the elders and the board of directors, and works its way down through the entire church. It has ***allowed us to shepherd and develop people in healthy pro-active ways*** (eie kursivering) instead if just doing 'damage control' because we had too many people to worry about or to try to keep up with.

Die kleingroep is die plek waar "***herderskap"*** hanteer behoort te word. Die versorging van die "kudde" is nodig, maar is dit nodig, sinvol en verantwoordelik indien daar net een herder verantwoordelik vir die kudde is, terwyl die kudde groot en onhanteerbaar begin raak? Is dit nie juis die rede waarom sommige in die kudde so afvallig raak en verstrooi raak in die proses nie, want dit is onmoontlik vir een herder om sy oog oor die hele groot kudde te hou?

Met een besoek per jaar is dit nie moontlik om iemand in diepte te leer ken nie. Die leraar se program wat uit meer as net huisbesoek bestaan, maak dit ook in vandag se lewe onmoontlik om genoeg tyd aan huisbesoek en die pastorale versorging van lidmate in die gemeente af te staan.

Daar is `n alternatief wat nagevolg kan word en dit is die kleingroepbediening binne `n gebalanseerde gemeente. Die kleingroep is die beste toegerus om verantwoordelikheid ten opsigte van herderskap en omgee te aanvaar. Binne

die kleingroepbediening is dit moontlik om op `n baie meer persoonlike en intieme manier met mekaar kontak te maak.

Die evangelie is `n persoonlike boodskap van God. Hy het in Sy Seun Jesus Christus mens geword en onder die mense kom woon. Hy het die stofpaaie van die aarde bewandel en by mense op `n persoonlike vlak betrokke geraak. Indien Sy lewe op aarde bestudeer word, dan word dit duidelik dat Hy baie meer tyd met die kleingroep, Sy dissipels, spandeer het as met die groot groep mense. Sy keuse van bediening was om by mense betrokke te wees, en netso wil Hy deur mense ander bereik.

Alhoewel groot evangelisasie byeenkomste soos die van Billy Graham en ander groot getalle mense bereik, word dit oor en oor bewys dat een op een besoeke en kleingroepe die "beste" resultate lewer wanneer dit by evangelisasie kom.

Dirkie van der Spuy (1998:42) toon aan: "Baie predikante met die tradisionele opvatting dat die leraar die enigste herder is van wie almal in die gemeente afhanklik is, beland dikwels in die krisis van uitbranding. Die gevolg is dat hulle op die ou end faal in hulle roeping in die koninkryksdiens van God."

Die navorser het self al by tye na huisbesoek oorweldig geraak vanweë die nood van mense wat tydens huisbesoeke aan die lig gekom het. Dit lei jou natuurlik tot gebed, maar ook tot die besef dat daar `n alternatief moet wees, iets beter, iets wat die geestelike versorging van die gemeente sinvol en tot eer van God kan hanteer.

Die alternatief is op die tafel en is oop vir bespreking en verbetering, maar nie vir vervanging nie, want dit is iets wat in ***die hart van God gebore is.***

> As iemand siek is of `n krisis beleef, staan die omgeegroepleier daardie persoon by. Waar daar hartseer en probleme is, betrek die omgeegroepleier die hele groep om die betrokkenes te ondersteun en te begelei. Slegs waar die omgeegroepleier voel

> dat `n bepaalde behoefte nie toereikend vanuit sy omgeegroep hanteer kan word nie, word die leraar betrek (Van der Spuy 1998:43).

In plaas van een of dalk twee persone is daar nou `n hele groep betrokke om die nood te help hanteer en verlig. Dit maak `n verskil!

### 5.3.6 Die kleingroep is die plek waar gawes ontdek, bevestig en uitgeleef word

Die NG Kerk het in sy bediening nie baie van die persoonlike gawes van sy lidmate gemaak nie. Soms was dit weens `n gebrek aan `n kursus rondom die ontdekking van iemand se gawes, maar aan die ander kant ook as `n oorreaksie teenoor sekere groeperings wie se sieninge van die gawes van die Gees radikaal verskil het met dié van die NG Kerk se eie Gereformeerde tradisie.

Verskillende groeperings het vervulling met die Heilige Gees as `n "second blessing" verstaan en die teken daarvan "spreek in tale" of ander buitengewone gawes. Daar is dan ook te veel aandag aan die "....meer opspraakwekkende *charismata* (gawes) gegee (tongespraak en genesing byvoorbeeld), soveel so dat sommige hierdie hele lering van die Skrif vermy.... tot groot verarming van jouself en die kerk" (Kritzinger 1979:169).

In die Gereformeerde tradisie is die "streepteologie" in sommige gevalle dan gehandhaaf. Dit het daartoe gelei dat gesê is hierdie buitengewone gawes soos onder andere "spreek in tale" het opgehou nadat die Woord van die Here in sy finale geskrewe vorm tot stand gekom het.

Die herder-kudde model het natuurlik ook `n bydrae gelewer tot die verskraalde sien oor die gawes. In die herder-kudde model was die klem, dalk onbewustelik

in baie gevalle, dat die herder die een is met die gawes. In sommige gemeentes het dit daartoe gelei dat daar nie eers Bybelstudie groepe toegelaat is, indien die leraar dit nie gelei het nie, want dit kon tot allerlei kettery aanleiding gegee het. So is geglo.

Dit alles het gelei tot `n verskraling van die verstaan van gawes van die Gees soos wat die Woord dit wil deurgee. Die Woord bely net: "Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik `n gawe uitdeel soos Hy wil" (1 Korintiërs 12:11).

In die afgelope jare, met die klemverskuiwing vanaf die herder-kudde model na die liggaamsmodel, het dit daartoe gelei dat daar opnuut `n behoefte ontstaan het na die ontdekking van die gawes van die Gees. Dit het "....geestelike leiers in Moreletapark-gemeente opnuut oortuig dat elke lidmaat gelei moet word om sy gawes effektief uit te leef" (Van der Spuy 1998:35).

Daar is natuurlik `n verskeidenheid van maniere om jou gawes te ontdek:

- Met behulp van `n verskeidenheid van kursusse wat in die mark beskikbaar is.
- Met behulp van eksperimentering, met ander woorde deur by verskillende bedieninge in `n gemeente betrokke te raak en dan met die tyd agter te kom waar jou gawes lê.
- Deurdat `n volwasse mede-gelowige aan `n persoon noem dat hy/sy `n sekere gawe, of self gawes, by jou opmerk. Hulle help die persoon dan om dit raak te sien, te ontwikkel en te gebruik tot opbou van die gemeente.

Die laaste manier wat genoem is, word die beste in `n kleingroep situasie, of een tot een ontdek. Dit is so dat die leraar in `n gemeente, wanneer hy by lidmate betrokke is, ook by geleenthede die gawes wat daar in hulle na vore kom raaksien. Dit is net makliker wanneer mense wat op `n meer gereelde basis bymekaar is, mekaar persoonlik op `n dieper vlak leer ken het, in staat sal wees om die gawes wat sigbaar word in hulle bediening, saam te identifiseer.

Moreletapark-gemeente het die probleem ervaar nadat hulle die "Ontdek jou gawes" kursus gereeld in die gemeente aangebied het, dat daar mense was wat hulle aangemeld het vir diens op verskillende terreine, maar dat die kommissies, soos onder andere "Diens van Barmhartigheid" nie geweet het wat om met al hierdie vrywilligers te maak nie. `n Inspuiting teen betrokkenheid is om mense op te roep om hulle gawes te ontdek, maar om dit dan in inwerking te stel nie. Lidmate raak op so `n wyse gefrustreerd en ook onbetrokke.

Die oplossing vir Moreletapark-gemeente het in die omgeegroep stelsel gelê. Hier kon elke lid "....sy gawe tot nut en diens van die ander in die groep aanwend. So kon hy uiteindelik sy volle potensiaal ontwikkel deur sy geestelike gawes te laat *ontvries* en dit tot eer van God aan te wend" (Van der Spuy 1998::35-36).

Waar kan `n gemeente met `n belydende lidmaattal van 715 (N G Kerk Swakopmund as voorbeeld) al die lidmate met hulle gawes betrokke maak, indien almal hulle gawes ontdek en daarmee diensbaar wil word? Daar is net twee leraarsposte, net `n Saakgelastigde, net een koster en een tuinwerker. Daar is net `n beperkte aantal kommissies en `n sekere hoeveelheid aksies en bedieninge per jaar.

Die kleingroep bied die geleentheid vir lidmate, nie net om hulle gawes te ontdek nie, maar ook om dit uit te leef en mekaar daarmee te bedien tot opbou en uitbou van die gemeente. In die kleingroep, in `n liefdevolle atmosfeer, waar daar vertroue heers, is daar ruimte om al die gawes van die Gees wat die Here tot beskikking stel, uit te leef.

Juis binne die kleingroep is daar ook die ruimte om mekaar tot die verantwoordelike Bybelse gebruik van die gawes van die Gees op te roep, te motiveer en aan te moedig. Wanneer groeplede mekaar ken en mekaar vertrou, kan hulle mekaar ook onderling aanspreek indien iemand sy gawe vir

selfsugtige redes aanwend en nie tot opbou van die gemeente en tot voordeel van ander nie.

### 5.3.7 Die kleingroep is die plek waar toekomstige leiers geïdentifiseer en opgelei word

Daar is altyd `n tekort aan leiers in `n gemeente. Daar is geen moontlikheid van `n suksesvolle kleingroepbediening in enige gemeente sonder die nodige leiers nie. Daarom is dit belangrik wanneer daar met `n kleingroepbediening begin word dat seker gemaak sal word dat daar in elke groep `n leier en ook `n assistent-leier is. `n Assistent-leier is iemand wat onder die leiding van die leier van die groep, en soos wat hy meer daarmee vertroud raak, al hoe meer leiding in die groep kan begin neem.

Indien die bestaande kleingroepleier oortuig is dat die assistent-leier volwasse genoeg is, en die vermoë ontwikkel het om op sy eie leiding te neem, dan is dit tyd vir die assistent-leier om of die bestaande groep oor te neem, of `n nuwe groep te begin. Indien die assistent-leier die bestaande groep sou oorneem, dan sal die oorspronklike leier van die groep met `n nuwe groep begin.

Altwee hierdie leiers sal dan natuurlik weer assistent-leiers onder hulle vlerk neem. Indien leierskap ontwikkeling nie `n doelbewuste keuse in die kleingroepbediening is nie, sal dit nie spontaan ontstaan nie. Elke leier van elke groep en ook die assistent-leiers moet gedurigdeur daarvan bewus gemaak word dat daar geen groepe moontlik is sonder leierskap nie.

Kleingroepleiers moet juis met hulle opregte belangstelling in die groeplede en betrokkenheid by hulle, moontlike leiers identifiseer. Die kleingroepleier tree met hulle in gesprek oor die moontlikhede van kleingroep leierskap, en verleen aanmoediging sodat die persone wat hulle as moontlike kleingroep leiers

geïdentifiseer het ook verdere opleiding sal ondergaan wat hulle in staat kan stel om bekwame groepleiers te word.

Die leiers wat op so `n wyse geïdentifiseer word, word natuurlik nie net beperk tot kleingroep leierskap nie. Kleingroepleiers is ook bewus van die breër bediening van hulle plaaslike gemeente en weet daarom ook waar daar behoeftes aan persone is wat op ander terreine leiding moet kan neem. Daarom is hulle ook doelbewus op die uitkyk vir persone wat op ander plekke in die missionêre bediening van die plaaslike gemeente gebruik kan word met hulle besondere gawes.

### 5.3.8 Die kleingroep is die plek waar nuwe lidmate toegelaat behoort te word

Indien 3.1 tot 3.7 in ag geneem word, kan dit nie anders as om die stelling te maak dat die kleingroepe die plek behoort te wees waar nuwe lidmate aanbeveel word tot lidmaatskap van die plaaslike gemeente. In die bestaande tradisionele situasie is die kerkraad/kommissie verantwoordelik vir toelating tot belydenis van geloof. Die hele kategese stelsel gaan ook van die veronderstelling uit dat kinders in die omgewing van Graad 12 belydenis behoort af te lê.

Dit kan wees dat sommige reeds vroeër vir `n `n belydenis gereed is en ander weer later. In sommige gemeentes is daar alreeds `n buigbaarheid ten opsigte van die bogenoemde.

Indien die kleingroepbediening reg funksioneer binne die plaaslike gemeente, dan behoort persone wat die begeerte het om belydenis af te lê deur sy kleingroep aanbeveel te word.

## 5.4 BASIESE SAKE WAT DEURDINK MOET WORD VIR DIE FASILITERING VAN 'N GESONDE, GEBALANSEERDE KLEINGROEPBEDIENING

### 5.4.1 Sleutel leierskap binne die hele kleingroepbediening

Indien `n gemeente `n suksesvolle kleingroepbediening binne die gemeente wil implementeer is die volgende van kardinale belang:

> The small group ministry is something that requires strategic leadership by someone who owns and champions the value of small groups throughout the church. If you really believe in this, then you're going to have a leader for it (Donahue1998: 3).

Die vraag wat elke gemeente behoort te vra is:

Wie gaan die verantwoordelikheid neem (sleutel leier) vir die oorhoofse beplanning en implementering van die hele nuwe kleingroepbediening?

Hierdie leier behoort die visie vir die kleingroepbediening daar te stel en aan die kerkraad of ander bestuursliggaam in die gemeente voor te lê vir goedkeuring. Hy moet verder sorg dra dat die leiers van die kleingroepe gelei, aangemoedig, gemotiveer, bygestaan en in die algemeen gehelp word om met onderskeiding en sukses hulle kleingroepe self te lei.

In die kleiner gemeente, veral die plattelandse gemeente, sal die leraar self verantwoordelikheid aanvaar, maar sodra `n kleingroepbediening groei, en die groepe meer as tien tot vyftien word, is dit noodsaaklik dat iemand bekwaam gevind en verder opgelei sal word om die verantwoordelikheid vir die hele kleingroepbediening in die gemeente te aanvaar. Hierdie verantwoordelikheid geskied altyd in samewerking met die senior leierskap in die gemeente.

### 5.4.2 `n Span benadering

Wat is `n span-georiënteerde benadering?

> Very simply stated, a team is people doing ministry activities together. In most churches, we find ministry being done in groups that fit this definition-worship teams, prayer groups, outreach teams.... (Reeves 1998:1).

Hy noem dit die "mega-shifting to a team ministry approach."

`n Aanhaling (outeur onbekend in Williams (1997:5) bevestig die waarde van `n span-georiënteerde benadering:

> Teamwork is the ability to work together toward a common vision, the ability to direct individual accomplishments toward organizational objectives. It's the fuel that allows common people to attain uncommon results.

In die bediening van die plaaslike gemeente kan `n span-georiënteerde benadering `n geweldige verskil maak in die bereiking van die doelwitte van die gemeentewees. Met `n bietjie individuele briljantheid en `n individualistiese poging kan `n leraar baie bereik in `n gemeente ten opsigte van die doelwitte. Saam met sy gemeente as span, saam op weg om die doel van die Here vir die gemeente te bereik, kan nog soveel meer bereik word.

Reeds in die eerste hoofstukke van die Bybel leer ons die "spanbenadering" wat die Skepper gevolg het wanneer daar staan: "Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld....'" (Genesis 1:26). Dwarsdeur Jesus se bediening op aarde word die "spanbenadering" beleef. `n Spanbenadering bestaan binne God Drie-Enig, maar ook in die manier van Jesus se bediening saam met Sy dissipels.

Reeves (1998:3) sê juis dat die hele beweging na `n span-georiënteerde bedienings benadering in die negentigs niks anders as die taalgebruik is "....for implementing the simple plan for church leaders in Ef 4:11...." Dit is `n poging om terug te keer na die Nuwe Testamentiese patroon en om weg te breek van die hiërargiese struktuur van kerkwees wat in vandag se kerk ervaar kan word, wat sekerlik as die era van die dominees-kerk bekend sal bly staan.

Die keuse om die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente te implementeer, is niks anders as `n keuse vir `n spanbenadering nie. In die implementering van `n gebalanseerde kleingroepbediening is dit die eerste basiese saak wat deurdink sal moet word sodat `n gemeente kan verskuif van die dominees-kerk na `n Bybelse gebalanseerde doelgedrewe plaaslike gemeente, - `n transformerende gemeente.

Dit sal ook nie sommer net gebeur in die plaaslike gemeente nie. Daar sal tyd aan spandeer moet word om daadwerklik oor hierdie keuse te besin.

Is dit die pad wat ons as gemeente wil volg?

Dit sal `n radikale, maar sinvolle en betekenisvolle verandering in bediening vereis van die hele gemeente. Dit is `n wegbreek van die piramiede struktuur wat `n kenmerk was van die industriële rewolusie, waar hiërargie nodig was vir produktiwiteit deur die daarstelling van opdragte van bo na onder (`n hele kettingreaksie). Die hooftemas van die besigheidswêreld en die kerk was "bestuur" en "beheer."

> We are beginning to catch a glimpse of an emerging new world, "a new paradigm," where power is shared and work is accomplished through partnerships and networks of colleagues and co-workers…. People are becoming just as, if not more, important as productivity. We have discovered that persons honored as feeling and thinking members of a group are more productive and creative. Small groups, hands-on, human connections and communications are the order of business, education, government

> and the church. We are moving quickly into an age of small group empowerment. We have moved from the pyramid to the circle, from power down to power around, from bureaucracy to organic structures that enable a group to serve one another as well as the world (Icenogle 1994:10)

Juis in die kerk van Jesus Christus behoort dit makliker te wees om `n spanbenadering te volg, want "…all of us who know Christ are on equal footing. We're equally forgiven, equally loved, equally His son or daughter" (Kallam 2003:89).

Elkeen in die gemeente het die ander een nodig, behoort aanmekaar op grond van die verdienste van Een Verlosser, Jesus Christus.

### 5.4.3 Waarom die kleingroepbediening?

Die aanhaling van Icenogle hierbo sê: "Small groups….are the order of business, education, government and the church. We are moving quickly into an age of small group empowerment" (1994:10).

Gee dit die antwoord oor die waarom vraag van die kleingroepbediening?

Die waarom is `n belangrike vraag om te vra, want die antwoord daarop kan belangrike redes verskaf vir die implementering al dan nie van die kleingroepbediening. Indien die aanhaling gebruik word as antwoord, kan daar beweer word, "dit werk, daarom gaan hierdie gemeente dit ook probeer."

Dit is `n legitieme antwoord, want dwarsoor die wêreld is die kleingroepbediening besig om geweldig pos te vat. Dit werk regtig, van die Verenigde State na Korea na Europa en ook dwarsoor Afrika. Dit werk in tradisionele gemeentes, vernuwingsgemeentes, Rooms Katolieke gemeentes en ook charismatiese gemeentes.

> The best estimate of how widespread the small-group movement has become in American society is that about four adults in ten appear to be involved in some kind of group.... this means that about 80 million people are currently participating in small groups (Wuthnow R 1994,a:369).

Geen denominasie of nie-denominasionele gemeente word uitgesluit in die vrugbare inwerkingstelling van die kleingroepbediening nie. Daarom?

Daar is miskien `n ander antwoord wat dalk te eenvoudig klink, maar wat tog sin maak indien daaroor nagedink word. Dit is `n onfeilbare manier:

> Begin `n kleingroep aangesien jy dit self nodig het (Olivier 1997:97).

Die kleingroepbediening moet nooit gesien word as die antwoord vir die probleme wat daar vandag in tradisionele hoofstroom gemeentes ervaar word nie. Dit moet ook nie gesien word as die medium wat die plaaslike gemeente gaan help om te groei en finansieel gesond te word nie. Dit word ook nie in `n gemeente begin as `n vinnige oplossing vir die gebrek aan omgee, liefde en ondersteuning wat daar in `n gemeente aanwesig kan wees nie.

Indien sulke argumente die redes is waarom die senior leierskap in die plaaslike gemeente `n kleingroepbediening begin, dan is dit duidelik `n onvoldoende fondament vir die suksesvolle implementering van `n gebalanseerde kleingroepbediening.

Daar moet eerder besef word:

### 5.4.3.1 Die mens het dit nodig

Die gemiddelde mens is elke dag ingedruk tussen talle ander mense in

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

hysbakke, in besige strate, oorvol winkel sentrums, saam in vergaderings en betrokke by talle en talle projekte. Tog te midde van hierdie groepe en groeperings met wie mens te doen kry, bly die mens soms `n eensame individualis.

Die mens van vandag het ongelukkig twee waardes aanvaar wat hulle verarm.

Die twee waardes is:

- "Persoonlike vrede" – Ek wil nie deur die probleme van ander gesteur en gepla word nie.
- "Voorspoed" – Die bymekaarmaak van `n klomp "speelgoed" wat my gelukkig en tevrede sal maak.

Hierdie gejaag na "persoonlike vrede" en "voorspoed" is `n simptoom van die ***mens wat honger*** na kommunikasie en intimiteit. Selfs in hierdie perverse wêreld met geen respek vir die seksuele nie, is daar `n behoefte aan intimiteit wat nader is selfs as die seksuele.

Wat is meer intiem as die seksuele? Die diepste persoonlike geheime en worstelinge wat mense in hulleself ronddra. Dit is moeiliker om met iemand anders hierdie "geheime" te deel as om seksueel te verkeer. Tog honger mense daarna, maar hulle ervaar nie verhoudings wat vir hulle veilig genoeg is om met ander te deel nie.

Kallam (2003:1) sê: "...we all want to know and be known by others... to relate as real persons, to share our lives, our hopes and fears, and to reveal what makes us unique creations of God. ***That's community***" (eie kursivering).

Alhoewel daar hierdie honger na kommunikasie en intimiteit is, is daar ook ***`n vrees aanwesig***. Die vrees dat kommunikasie en intimiteit die mens sal beroof van sy individualisme, want in die gemeenskap van vandag is dit `n reg, en word dit tot in die grondwet van elke land beskerm. Die vrees kan oorbrug

word wanneer die mens begin verstaan dat hy die omgee/koinonia wat daar in `n gesonde kleingroep te bied is, nodig het.

Wat is hierdie koinonia?

Die Bybelse woord vir koinonia behels `n baie dieper intimiteit as doodgewoon net saamwees. Die basiese betekenis van koinonia is “vennootskap” of “om te deel.” Dit beteken letterlik om “iets in gemeen te hê.” Diegene wat Jesus Christus aanvaar het as Verlosser word vennote met Hom en met al die ander gelowiges.

> Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, ***sodat julle*** (eie kursivering) aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus (1 Johannes 1:3)

Hierdie is `n permanente koinonia, aangesien die gedeelde lewe van die gelowiges plaasvind op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, en dit is vir ewig.

Koinonia kan nie anders as om ***Christologies*** gefundeer te word nie. Daarmee word bedoel dat die getuienis wat in 1 Johannes aangaande Christus weergegee word, gerig is op die lewe (ewige lewe) met die oog op gemeenskap. Vanuit die “....Christologiese bron van sekerheid groei die etiese gestaltegewing of verwerkliking daarvan in die gemeenskap, kindskap en liefde. Die sekerheid word dus beleef in die gestaltes van gemeenskap....” (Du Rand 1983:8).

Die ***fundering*** van die gemeenskap is in God wat die lig is (1 Johannes 1:5-7a) en in Jesus Christus wat die versoening is (1 Johannes 1:7b-2:2). Die ***kriterium*** vir gemeenskap is die gehoorsaming van die gebooie van die Here, saamgevat in broederliefde (1 Johannes 2:3-11). Die ***fundering van gemeenskap*** word sigbaar in iemand wat in die lig wandel. Die ***toets*** wat vir

gemeenskap geld is die onderskeid tussen dié wat God ken en dié wat vir die wêreld leef. Die toets lê in liefde vir die wêreld of liefde vir God (1 Johannes 2:12-17) (Du Rand 1983:6).

Koinonia kan dus nie realiseer indien dit nie Christus-gefundeerd is nie, want dit is die interpersoonlike verbintenis tussen twee of meer persone op grond van die verlossende werk van Jesus Christus.

Dit kan ook nie anders nie, want

> ....God's great creation desire is to be in community with humanity. The search for community is a very important reason for the existence of the Bible. Community is the reason for creation. Community is the purpose for Jesus Christ, the Son of God, being born, living among us, dying and being raised from the dead (Icenogle 1994:10).

God het dus iets radikaal gedoen in Christus wat voor Christus nie daar was nie, en sonder Hom ook nie moontlik is nie. Hy het ons voorsien met `n nuwe manier van lewe en vir ons iets aangebied wat uit die mens self nooit moontlik sou wees nie. Dit is "...forgiveness of sins and a relationship with Him. His gift places before us three distinct challenges: (1) drawing near to God, (2) holding fast to our hope, and (3) spurring one another on to live life's of, good deeds, and mutual encouragement" (Kallam 2003:18).

Samevattend word daar in kort die volgende ten opsigte van die Bybelse fundering van koinonia uitgelig:

- In die Ou Testament word die belange van die individu konsekwent ondergeskik gemaak aan die van die groep. Dit is nie dat daar geen plek vir die belange van die individu is nie, maar "....die punt is dat die saak van die individu aan die orde kom *binne die groter saak* van God se verhouding met die volk en die wêreld" (Burger 1991:100).

- Dit is soms beweer dat die Nuwe Testament baie meer individualistiese denke toon, tog kan die volgende uitgelig word:

- Die Heilige Gees word in die Nuwe Testament nie in die eerste plek aan individue gegee nie, maar word uitgestort op die geloofsgemeenskap wat in gebed eendragtig saam was.
- In die Handelinge van die Apostels word daar deurentyd sterk klem geplaas op koinonia of "onderlinge verbondenheid" (Hand 2:42).
- Die huis het ook `n geweldige rol gespeel veral as die plek waar die gelowiges bymekaar gekom het en ook "Hy en al sy mense is daar en dan gedoop" (Handelinge 16:33b).
- Die meeste Nuwe Testamentiese boeke is op een of ander manier aan gemeentes gerig.
- In die Nuwe Testament speel die onderlinge verbondenheid `n geweldige groot rol veral deur die "mekaar" tekste wat 54 keer in die Nuwe Testament na vore kom. Daardeur word die gelowiges juis aangemoedig tot onderlinge sorg, liefde en omgee.

Koinonia/gemeenskap is die ***geestelike plig*** van elke gelowige om daardeur mekaar te stimuleer en aan te moedig tot heiligheid en getrouheid.

> Community, then, is the common life between God and humanity, and small groups are the most visible and frequent form of this community (Icenogle 1994:11).

### 5.4.3.2 Koinonia realiseer die beste in die kleingroep

Daar is `n geweldige behoefte aan vernuwing en verandering in die N G Kerk in totaliteit. In die poging om dit te bereik is daar talle moontlikhede wat nagejaag kan word. Ware Christelike gemeenskap, wat die beste in die kleingroep funksioneer, bring weer lewe in die plaaslike gemeente waar dit die nodigste is.

Die manier waarop Christene mekaar hanteer en die kwaliteit van Christene se lewe saam as geloofsgemeenskap, is van kardinale belang vir die getuienis van die kerk en die volharding van gelowiges in die wêreld van vandag.

In die Christelike gemeenskap, soos die kerk, maar veral dan die kleingroep, kan `n persoon verhoudings ontwikkel wat kan help om enige krisis te weerstaan.

In so `n gemeenskap kan:

- Mense wat deur egskeiding gaan uitvind dat daar iemand is wat help en bystaan.
- Mense wat hul werk verloor het of finansieel swaarkry, voorbereide etes voor hulle deur kry.
- Ouers in pyn en hartseer kan ander vind met wie hulle hul seer en pyn kan deel.
- Die twyfelende soekende nog-nie-gelowige kan liefde, omgee en `n geestelike tuiste ervaar.

Hierdie tipe gemeenskap wat Christus bedoel het is `n gemeenskap wat insluit:

- `n **Gevoel van behoort aan -** `n plek waar ek weet ek maak vir God en vir mense saak (waar almal my naam ken).
- **Eerlikheid -** Waar ek "swak" kan wees sonder om veroordeling te ervaar of skinder te beleef, want ek kan my diepste behoeftes na my **kleingroep** bring.
- **Vertroue -** `n vertrouensverhouding word deurentyd gehandhaaf.
- M**ede-verantwoordelikheid -** Daar word omgegee vir mekaar, soveel so dat daar ook gekonfronteer word.
- **Verantwoordelikheid -** `n Plek waar ek nodig is, want ek is verantwoordelik om hier met my gawes ander te bedien.

Die waarom van die kleingroepbediening en die begin daarvan is duidelik, want dit is "....God created (ontological) and God-directed (teleological)...."(Icenogle 1994:13), ***gebore uit die hart van God***. Die natuurlike en eenvoudige demonstrasie van God se hart ten opsigte van koinonia is die byeenkoms van die kleingroep. "Want waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle" (Matt 18:20).

### 5.4.4 Die gevare van die kleingroepbediening

Alhoewel koinonia die beste in die kleingroepbediening ervaar word, is dit belangrik in die implementering van die hele kleingroepbediening om nie onbewus te wees van die struikelblokke op die pad nie.

Daar is bestaande gevare wat `n kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente kan kelder. Al die gevare wat onder hierdie paragraaf genoem en bespreek sal word, is nie noodwendig op elke gemeente van toepassing nie. Tog is dit belangrik dat dit deeglik oordink sal word wanneer die kleingroepbediening implementeer word.

Indien die bediening reeds `n geruime tyd deel van die gemeente is, kan dit sinvol wees om te evalueer of van hierdie gevare nie kop uitgesteek het in die gemeente nie.

### 5.4.4.1 `n Klaar verpakte model

Die ***eerste gevaar*** is dat die kleingroepbediening as `n klaar verpakte model bemark en verkoop word aan plaaslike gemeentes. "Hier is die nuutste plan wat werk op die 'kerklike mark.' Hier is die strategieë wat nodig is om dit te implementeer, klaar volledig uitgewerk. Pas hierdie model in jou gemeente toe, want dit laat groei en vernuwing plaasvind."

Kleingroepe is so eintlik maar net `n modegier, `n truuk. Koinonia wat gelowiges ervaar, wat in die teenwoordigheid van die Here Jesus Christus vergader, is egter nie `n truuk nie. Larson (1994:21) sê hy hoop dat die hele kleingroepbediening uitsterf, maar dat die kerk `n plek sal word "....for God to heal people, to bind their wounds and to set them free. This requires a shared ministry, which requires intimacy, confession, openness and the calling forth of gifts."

Natuurlik is die kleingroepbediening `n middel, `n voertuig om koinonia binne die gemeente te laat realiseer. Dan sal dit nie gesien moet word as die nuutste modegier, en `n klaar verpakte model, wat sonder aanpassings in enige gemeente toegepas kan word nie.

Elke gemeente bly uniek, met unieke behoeftes, omstandighede en mense potensiaal. Elke gemeente moet die beginsels van die kleingroepbediening, en die feit dat God die mens geskape het om na koinonia te honger, gebruik, en hulle eie unieke kleingroepbediening implementeer.

### 5.4.4.2 Die ontkenning van bestaande groepe

Die ***tweede gevaar*** is om alles wat reeds in die gemeente gebeur ten opsigte van kleingroepe, soos onder andere Bybelstudie groepe, wyksbyeenkomste, en ander kleingroep byeenkomste, selfs kommissies, oor boord te gooi asof dit geen doel meer dien nie.

`n Goeie en deeglike ***ontleding van bestaande groepe*** in die gemeente sal lei tot die ontdekking dat baie van hulle reeds inpas in die struktuur van die kleingroepbediening. Deur die groepe te ontken, of af te maak as van `n vorige bedeling wat nie gewerk het nie, is `n resep vir onmin oor die nuwe kleingroepbediening wat begin ontstaan.

In die implementering van die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente ***moet begin word met bestaande groepe wat reeds daargestel*** is. Dit voorkom onnodige struikelblokke en negatiwiteit in gemeentes tydens die implementering.

### 5.4.4.3 Die oorgangsproses word nie bestuur nie

Die ***derde gevaar*** is dat die belangrikheid van die oorgangsproses van Tradisionele Gemeente na `n Transformerende Gemeente nie genoeg in aanmerking geneem word nie.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Kleingroepe word gesien as ***die beloofde land*** en lidmate word nie genoeg voorberei vir hierdie oorgangsproses wat moet plaasvind nie. Lidmate moet voorberei, gemotiveer en toegerus word vir hierdie nuwe implementering.

Bridges (1991:3) sê: "It isn't the changes that do you in, it is the transitions." Indien die kleingroepbediening met sukses geïmplementeer wil word, sal gemeentes sinvol en deeglik voorberei moet word vir die oorgangsproses.

Daar is `n duidelike verskil tussen die oorgangsproses en die uiteindelike mikpunt van verandering. "Transitions is different. The starting point for transitions is not the outcome ***but the ending*** (eie kursivering) that you will have to make to leave the old situation behind" (Bridges 1991:4).

Talle gemeentes word gekniehalter deur die feit dat die leraar en die senior leierskap in die gemeente moontlik al die oorgangsproses verwerk het, en gereed is vir die veranderinge wat moet plaasvind, maar die lidmate het nog nie die nodige inligting en tyd gehad om alles te verwerk nie.

Die lidmate moet eers besluit om `n einde te maak aan die ou manier van bediening voordat die nuwe met sukses geïmplementeer sal kan word. Die bestuur van die oorgangsproses is daarom van kardinale belang om die kleingroepbediening te vestig as deel van die bediening van die plaaslike gemeente.

#### 5.4.4.4 Swak kontrole

Die ***vierde gevaar*** bestaan daarin dat daar te min of geen kontrole is oor die kleingroepbediening nie. Die kleingroepe skakel nie by `n struktuur in die plaaslike gemeente in, waar daar beheer, toerusting en ook kontrole is nie.

Indien daar nie een of ander stelsel van kontrole is nie, ontstaan daar `n "enigiets is aanvaarbaar" spiritualiteit, want daar is geen rekenpligtigheid aanwesig nie.

Elke kerkraad behoort `n duidelik besluit te neem wie vir die kontrole van die kleingroepbediening verantwoordelik is. Dit is onrealisties en gevaarlik om `n kleingroepbediening op die been te bring en die implementering en voortgang daarvan nie te bestuur nie.

`n Balans is natuurlik van belang, want te veel kontrole kan netso gevaarlik wees vir `n sinvolle en betekenisvolle kleingroepbediening. Die kontrole behels nie `n militaristiese presiesheid nie. In hierdie kontrole is daar ruimte vir verskille, want elke kleingroep is uniek en kan nie presies soos die vorige- of die volgende een bestuur word nie.

### 5.4.4.5 Geografiese groepering van groepe

Die ***vyfde gevaar*** is geleë in groepe wat verplig word om volgens geografiese grense saamgestel te word en te funksioneer. Lidmate word volgens die grense van `n wyk of `n blok ingedeel en daaruit moet die groep gevorm word.

Gemeentes moet weet dat lidmate reeds onderling assosieer en dit is nie noodwendig met hulle buurman nie. Dit kan wees met iemand wat aan die anderkant van die dorp woon.

Gemeentes moet die vryheid aan die dag lê om genoeg ruimte vir vrye assosiasie te voorsien. Juis die belangrikheid aan kontrole wat in die vorige paragraaf bespreek is, sal gevare uit die weg ruim dat sekere lidmate nooit betrek word nie.

Die plattelandse situasie kan hiervan verskil in die sin dat die groepe wel geografies gegroepeer word. Veral op die plase in die distrik, sal dit sinvol wees om dit so te bestuur. Die navorser het dit in die NG Kerk Grootfontein gevind dat groepe selfs in die platteland nie noodwendig geografies gefunksioneer het nie. Groepe het ontstaan van lidmate wat in die dorp, en op plase weerskante van die dorp, ver uitmekaar gebly het. Dit verhinder egter nie die groepe om op `n gereelde basis koinonia te ervaar nie. Hulle het die afstand oorbrug.

Alhoewel dit `n gevaar is om groepe geografies in te rig, kan groepe wel spontaan, volgens eie behoefte, op `n geografiese wyse saamgestel word. Die een moet nooit bo die ander verhef word as die Alfa en Omega nie.

### 5.4.4.6 Onbuigsame programinhoude

Die ***sesde gevaar*** is onbuigsaamheid van programme of materiaal wat gebruik mag word. Die boodskap kan deurkom van die senior leierskap dat daar net een spesifieke manier is om kleingroepe te doen en daar is nie ruimte vir `n ander manier van doen nie.

Die kleingroepe word verplig om binne `n bepaalde ruimte te beweeg, veral om van bepaalde studiemateriaal gebruik te maak. Gewoonlik gebeur dit wanneer `n gemeente onbuigsaam is, dat elke groep verplig word om van dieselfde studie materiaal te gebruik, ongeag die behoeftes van unieke groepe.

In aansluiting by die verpligting aan eenvormige studiemateriaal, is die verpligting om net een soort groep toe te laat. Al die groepe word byvoorbeeld verplig om missionêre-, of Bybelstudie-, of diens-, of omgee-, of aanbiddings-groepe te wees.

Daar is `n verskil tussen kontrole, toerusting en ondersteuning en onbuigsaamheid. Die een is nodig, die ander breek af.

### 5.4.4.7 `n Terapeutiese groep

Die ***sewende gevaar*** ontstaan wanneer `n groep onder die illusie verkeer dat hulle eintlik `n terapeutiese groep is wat al die probleme (sielkundig en emosioneel) van groeplede kan oplos. Hulle sien hulleself as die antwoord op al die probleme, selfs probleme wat dalk meer gespesialiseerde behandeling en selfs medikasie nodig het. `n Groep kan wel baie ondersteuning bied, waarsonder mense nie kan klaarkom nie.

Hierdie ondersteuning is veral ook nodig indien iemand gespesialiseerde behandeling moet ondergaan, maar mag nooit in die plek en die pad van sodanige behandeling staan nie. Die senior leierskap in die gemeente moet dit van die begin van die groepe se bestaan duidelik maak dat hulle nie terapeutiese groepe in die tegniese sin van die woord is nie, want dit kan meer skade as goed in iemand se lewe veroorsaak.

### 5.4.4.8 Die kleingroepbediening is te groot begin

Die ***agste gevaar*** is om te groot te wil begin. Wanneer die voordele en waardes van die kleingroepbediening ontdek word, dan is almal opgewonde daaroor. Die senior leierskap wil dadelik soveel as moontlik groepe begin sodat die meerderheid van die gemeente die voordele daarvan sal beleef.

`n Betekenisvolle kleingroepbediening is baie afhanklik van geestelike volwasse leiers wat in staat is om kleingroepe te lei. Indien `n gemeente te groot begin, is die gevaar duidelik: groepe sal ontstaan wat nie bekwame en toegewyde leiers beskikbaar het nie. Sulke groepe sal nie lank bestaan nie.

Die gevaar is nie net die opbreek van so `n groep nie, maar groeplede, wat in so `n opgebreekte groep sonder `n bekwame leier ingeskakel het, sal getuig dat die kleingroepbediening nie werk nie. Dit werk negatief in op die totale poging om dit in die plaaslike gemeente te vestig as deel van sy bediening.

### 5.4.5 Vrae wat oordink behoort te word in die implementering van die kleingroepbediening

#### 5.4.5.1 Gaan hierdie `n gemeente met groepe of `n kleingroep gemeente wees?

Wil hierdie gemeente beweeg van `n Tradisionele gemeente, via `n Oorgangsgemeente na `n Transformerende gemeente (verskil in paragraaf 2 bespreek)?

Hierdie vraag behoort nie met `n eenvoudige antwoord afgehandel te word nie. Die persone wat die kleingroepbediening aan die kerkraad voorstel, moet ook nie die hele proses stoomroller nie. Daar is lidmate wat dalk al iewers `n negatiewe ervaring met kleingroepe, selgroepe, omgeegroepe, of ander soortgelyke bedieninge gehad het. Hulle gereserveerdheid oor hierdie “nuwe bediening,” wat eintlik `n twee duisend jaar oue bediening is, moet in ag geneem word.

Gemeentes het soms die ervaring dat die leierskap klaar oor `n nuwe bediening besluit het, en dat hulle doodgewoon moet inval. Die lidmate van elke gemeente, veral `n tradisionele gemeente waar die kleingroep nie onlosmaaklik deel van die bediening was nie, behoort ook genoeg tyd te kry om die “nuwe bediening” emosioneel te verwerk en daarvoor gereed te word.

Indien die keuse gemaak word om byvoorbeeld met `n vyf jaar plan te beweeg na `n Transformerende gemeente (`n kleingroep gemeente), sal daar in die

gemeente ruimte gebied moet word vir lidmate wat dalk nie op die oomblik in `n groep wil inskakel nie. Daar is selfs lidmate wat nooit in `n groep sal inskakel nie, selfs al is dit `n goeie gebalanseerde bediening.

#### 5.4.5.2 Hoe sal die hele kleingroepbediening inpas by dit wat reeds in die gemeente bestaan en gebeur?

Juis in die beplanningsproses van die oorgangsproses na `n Transformerende gemeente, is dit van kardinale belang om te verstaan ***hoe die kleingroepbediening sal inpas by dit wat reeds in die gemeente bestaan en gebeur.***

Daar bestaan twee moontlikhede:

> ....competition or cooperation. These two contrary positions exist at opposite ends of the continuum. To one far side is *total competition.* This extreme represents a situation where all adult programs in a church are separate, unrelated structures or organizations (McBride 1995:48).

Die kleingroepbediening en die ander bestaande bedieninge funksioneer op hul eie, kompeteer met mekaar vir erkenning, finansiële bronne en selfs deelnemers vanuit die volwasse lidmate. Geen of min organisasie en koördinering tussen die verskillende bedieninge vind plaas en die gevolg is onvermydelik: ***ongesonde kompetisie***.

Lidmate word dan voor die keuse gestel om te kies tussen twee alternatiewe, of dalk nie een van die twee nie.

Instede hiervan moet gekies word vir samewerking, waar daar `n balans gevind word tussen die kleingroepbediening en bedieninge wat reeds in die gemeente bestaan. Die bestaande bedieninge kan ook en behoort wel te funksioneer as kleingroepe, veral dan diensgroepe. Dit is `n samewerkingsdoel waarna enige kleingroepbediening moet streef.

### a) Die belangrike eerste stap om samewerking te bewerkstellig

Die ***eerste stap*** is om die senior leierskap in die plaaslike gemeente te begelei om in te koop in die belangrikheid van die kleingroepbediening as deel van gebalanseerde gemeentewees. Dit is veral belangrik indien die inisiatief van hierdie bediening nie vanuit die leierskap ontstaan het nie.

Die NG Kerk Swakopmund is `n duidelike voorbeeld hiervan deurdat altwee leraars eers in die kleingroepbediening moes inkoop. Dit het `n hele paar jaar geneem. Die finale deurslag is bewerk tydens `n seminaar wat Ds Dirkie van der Spuy by die Rock Lodge te Okahandja (Maart 1999) aangebied het. By hierdie seminaar is daar getuig van die verskil wat die kleingroepbediening in die NG Kerk Moreletta Park gedoen het. Nou kon die senior leierskap finaal oortuig word van die voordele en waardes van die kleingroepbediening.

Daarna is deur die kerkraad besluit: “Kom ons begin.” Dit het `n groot verskil te weeg gebring in die gesindheid van die gemeente. Tydens die eerste toerusting sessie (20 Oktober 1999) was sewentig lidmate teenwoordig, wat ongeveer tien persent van die hele gemeente verteenwoordig.

Die basis van die implementering van die kleingroepbediening in hierdie gemeente was dus korrek gevestig en daarvan getuig die positiewe groei van die kleingroepbediening vanaf 2000 en verder.

### b) Die volgende stap in die oorgangsproses

### i) Implementering van die kleingroepbediening

In hierdie navorsing word beginsels deurgegee oor die kleingroepbediening, die voordele en waarde daarvan, en oor die verskil wat dit in die bediening en missionêre gerigtheid van `n plaaslike gemeente kan doen. Dit is nie

onmoontlik om `n model weer te gee van presies hoe, wat, waar en wanneer nie, maar `n model is nie regtig oordraagbaar van een gemeente na `n ander nie. Daar word dus nie in hierdie studie aanspraak gemaak dat hier `n model is wat oordraagbaar van een gemeente na `n ander is nie.

Verskillende fases kom wel na vore in gemeentes in die oorgangsproses na Transformerende gemeente wees. Dit sal sinvol wees indien ander gemeentes wat die kleingroepbediening wil implementeer, let op watter fases daar wel aanwesig behoort te wees.

Hierdie fases is belangrik, want daar word baie foute gemaak "....by moving into the small group model too quickly" (Donahue:1996:179). Die foute word gemaak wanneer kerkrade/gemeentes net besluit om die kleingroepbediening te begin "....instead of *grow* into them" (:179).

Wanneer die implementering van die kleingroepbediening te vroegtydig op die afkondigings geplaas word, te veel groepe te gou begin word, nie beplan word vir sukses nie, en nie genoeg tyd toelaat om vir die opleiding en toerusting van leiers nie, is dit `n hindernis vir die sukses van die kleingroepbediening.

Die hele bediening het groter kans op sukses en om vir jare `n betekenisvolle bydrae in die bediening van die plaaslike gemeente te lewer, indien die implementering daarvan in fases plaasvind.

### a) Die Modellerings-fase

Die harde grondwerk vir die vaslegging van die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente begin by hierdie fase.

In hierdie fase is dit belangrik dat die senior leierskap, veral die leraars, sal begin om een of meer kleingroepe te lei.  Hierdie kleingroepe moet gevul wees met ander potensiële leiers, maar ook mense wat nog nooit `n gesonde, lewenskragtige, lewens-veranderende kleingroep ervaar het nie.  Lidmate wat al `n negatiewe ervaring van `n kleingroep gehad het, behoort ook hier betrek te word.

Almal wat in hierdie model-groep inskakel is nie noodwendig potensiële leiers van `n groep nie, maar belangrike sleutel persone in die gemeente wanneer daar oor die voortgang en implementering van die kleingroepbediening besluit moet word.

Hierdie is seker die belangrikste geleentheid vir die leraar en senior leierskap van `n gemeente om die model, visie, voordele en waardes wat hulle gevestig wil sien binne die kleingroepbediening, aan die deelnemers van hierdie groep oor te dra.  Dit is onder ander dinge soos:

- missionêre gerigtheid (die oop stoel);
- in diens opleiding van assistent-leiers;
- uitreiking na nog-nie-gelowiges;
- die hantering van onvermydelike, noodsaaklike konflik;
- die geboorte van `n nuwe groep;
- viering van spesiale geleenthede (soos onder andere prestasie van groeplede of kinders;
- pret geleenthede;
- `n verskeidenheid tydens samekomste;
- dien saam en
- reik saam uit na buite.

Die groeplede moet bewus wees van die feit dat dit `n begin, `n eksperimenteringsfase is.  Daarom gaan daar geëksperimenteer word, risiko’s

geneem word, terugvoeringsgeleenthede wees en ook aanpassings gemaak word.

`n Wonderlike geleentheid word deur hierdie fase gebied vir `n kerkraad en die senior leierskap in `n plaaslike gemeente om die groei- en veranderingsgeleentheid aan te gryp. Tydens hierdie fases kan misverstande oor wat `n kleingroep is, uit die weg geruim word.

## b) Die Turbo-fase

Die turbo-groep is `n model-groep wat gevul is net met potensiële leiers, eintlik is almal in hierdie groep assistent-leiers. Die doel van so `n turbo-groep is om die kleingroepbediening vinniger af te skop in die gemeente met `n klomp potensiële leiers wat in groepwerk opgelei word. Hierdie opleiding geskied deur dit prakties saam met `n leier, wat daarin toegerus is, te ervaar.

Hierdie groepe is ook goed om die hele proses te verhaas, want al is daar is `n groot behoefte aan kleingroepe, moet daar met versigtigheid daarmee omgegaan word sodat ***leier-ontwikkeling*** nie afgeskeep word nie.

Die gevolg van hierdie groep behoort te wees dat daar verskeie groepe hieruit gebore sal word. Dit is wel so dat nie alle potensiële leiers wat in so `n turbo-groep inskakel noodwendig goeie groepleiers sal wees nie. Die leraar of persoon wat hierdie groep begin, moet die geleentheid gebruik om hierdie potensiële leiers na die beste van sy/haar vermoë te ontwikkel en om hulle die nodige praktiese ervaring te gee. Hierdie ervaring sal hulle in staat stel om groepe met onderskeiding te lei. Wanneer hierdie proses te haastig afgehandel word, dan kan daar groot probleme in `n gemeente ontstaan, veral sodra hierdie leiers op hulle eie begin om `n groep te lei.

Hierdie begin fases van `n kleingroepbediening is baie belangrik aangesien dit die sinvolle, langdurige en suksesvolle implementering daarvan verseker. Daar is mense wat in die verlede seergekry het, en mense kan in die toekoms ook seerkry, deur `n leier wat nie goed opgelei is nie. Dit sal veral gebeur wanneer die leier buite die toegelate grense van `n kleingroep leier beweeg en dink dit is `n terapie groep, of hy het al die antwoorde (op `n outokratiese manier), wat al die oplossings bied vir mense se probleme.

### c) Die Eksperimenterings-Fase

Tydens die eksperimenterings-fase weet almal wat in groepe inskakel dat hulle in groepe is, met leiers wat aan die begin van hulle kleingroepbediening is, en dat almal saam eksperimenteer.

Die vorige twee fases is ook eksperimenterings-fases, maar die verskil lê in die leierskap. Die leiers wat in die eerste twee groepe opgelei is, word nou gebruik om die nuwe groepe te lei in hierdie volgende fase.

Die leiers tydens hierdie fases moet nog steeds die waardes van die kleingroepbediening oordra, sodat dit wat deel van `n gebalanseerde kleingroep byeenkoms is duidelik oorgedra word aan al die groepe. Leiers moet met hulle groepe veral die vyf doelwitte van enige kleingroep behandel sodat elkeen daarvolgens doelwitte vir hulle eie groep bepaal. Eksperimentele leiers moet ook bewus wees van die feit dat daar in elke groep potensiële leiers is, wat hulle moet identifiseer, ontwikkel en tot verdere opleiding aanmoedig.

## d) Die Begin-fase

Sodra die eerste fases afgehandel is, het `n gemeente eintlik maar net die fondasie gelê om die kleingroepbediening te begin en verder op te bou. Nou is die tyd om die kleingroepbediening `n bietjie wyer oop te stel, maar nog dit beteken nie dat dit aan almal oop gestel word nie. Donahue (1996:181) sê: "A premature announcement inviting everyone to join a small group is not a good idea."

Hoekom is dit nie `n goeie idee nie?

Die hele kleingroepbediening se struktuur sal nou nog nie in plek wees nie, en daar sal ook nog nie genoeg groepe en veral leiers wees om almal wat in `n groep wil inskakel te akkommodeer nie. Groepe groei net indien daar geestelike volwasse en bekwame leiers beskikbaar is om die groepe te lei.

Tydens hierdie fase word die uitdagings na kleingroepe nog mondelings oorgedra deur die leiers en assistent-leiers (wat by die turbo-groep, of in `n loods-groep ingeskakel het) wat self verantwoordelik is om lede te werf om in hulle groepe in te skakel. Hierdie span (leier en assistent-leier) moet saam ten minste vier mense werf om `n groep te begin.

Die leierskapsopleidingsproses, en hoe dit hanteer sal word, moet in plek wees voordat hierdie fase van die grond af kom. Dit is die plek waar leiers en assistent-leiers van hierdie groepe voortdurende opleiding sal ontvang wat hulle in staat sal stel om hulle groepe met bekwaamheid en onderskeiding te lei. Indien hierdie proses nie in plek is nie, en die leiers se voortdurende opleiding en toerusting aan toeval oorgelaat word, is die hele bediening gedoem tot mislukking.

## e) Publieke-Fase

Indien die vorige fases suksesvol voltooi is, en daar `n struktuur en klimaat van leierstoerusting is, dan is die bediening in die gemeente gereed om openbaar gemaak te word. Gemeentelede wat op hierdie stadium nog nie in een van die eksperimentele groepe ingeskakel het nie, sal wel teen hierdie tyd op een of ander manier al daarvan gehoor het.

Die kleingroepbediening leierskap moet van die volgende seker maak:

- Is daar genoeg “oop stoele” in die bestaande groepe om nuwe lede te akkommodeer?
- Is daar `n omgee stelsel in plek vir kleingroep leiers en assistent-leiers waar hulle voortdurende ondersteuning kan ervaar saam met `n leier van leiers? “Remember.... you need one coach for every five small groups” (Donahue 1996:182).
- Is jy voorbereid om nuwe leiers te identifiseer tussen die nuwe lede? Daar is baie goeie leiers wat traag is om na vore te kom, of wat selfs dink dat hulle nie goed genoeg is om `n kleingroep te lei nie. Iemand moet hulle identifiseer en aanmoedig om hulle potensiaal te ontwikkel.
- Wat kan `n gemeente doen ten spyte van al die voorbereiding indien dit tydens hierdie fase duidelik word dat daar te veel mense na vore gekom het om in bestaande en nuwe kleingroepe te akkommodeer? Die gemeente kan gebruik maak van `n klassituasie, waar `n Bybelstudie, of toerustings kursus gebruik word. In hierdie groot groep word die betrokkenes nog steeds die geleentheid gebied om koinonia in `n kleiner groep te ervaar. Hieruit kan ook leiers geïdentifiseer word, wat na hierdie kursus verby is, begin met `n kleingroep/e vanuit die aanwesiges.
- Is die senior leierskap en die gemeente bereid om die prys te betaal? Die gemeente sal nooit weer dieselfde wees nie en die fokus van gemeentewees sal oorskuif na `n verhoudings gerigte bediening in plaas van program gebaseerd. Veral is dit belangrik dat die hele ***senior leierskapspan eensgesind*** sal wees ten opsigte van hierdie bediening, anders kan dit `n negatiewe boodskap uitdra na potensiële lede.

Evaluering met die leiers van eksperimentele groepe is baie belangrik, en daar

moet op `n gereelde basis saam met die kleingroepbediening se leiers saamgekom word om te evalueer en te beplan. Terugvoer word nie alleenlik deur die groepleiers gedoen nie, maar ook deur die groeplede.

### 5.4.5.3 Wat is die oorhoofse doel en doelwitte van die kleingroepbediening in hierdie gemeente?

#### a) Oorhoofse doel vir die kleingroepbediening

Die waarom vraag van die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente bly ontsettend belangrik.

Juis wanneer die Bybelse basis van die kleingroepbediening verstaan word, en watter tipe mense bereik moet word deur die groepe, sal die visie, die oorhoofse doel vir die kleingroepbediening binne elke plaaslike gemeente duidelik word.

Die kerk is en behoort `n gemeenskap van gelowiges te wees wat koinonia beleef met God en met mekaar.

> I want the church to be a safe place where we envision what His Spirit is up to in our lives and discover the wisdom to release the power to move us from where we are to where we could be (Kallam 2003:36).

In die gemeente as geheel word dit wat in die aanhaling geïmpliseer word, nie sommer maar net gerealiseer nie. Die kleingroepbediening kan hierin `n geweldige rol speel wanneer dit juis as deel van die oorhoofse doel van die kleingroepbediening gesien word.

Daar is iets misterieus aan koinonia, veral ook in die skep van iets wat reeds bestaan as gevolg van `n God ingeskape behoefte.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

In die oorhoofse doel van die kleingroepbediening sal die persoon/e wat die hele bediening beplan, ingedagte moet hou wat gerealiseer wil word deur die hele bediening. Waarna word gestreef? Wat moet gebeur?

Die hele bediening behoort daarna te streef om die plaaslike gemeenskap van gelowiges te begelei, nie om koinonia te skep nie, want dit bestaan reeds in elke gemeente, maar om koinonia aan te moedig, ruimte te skep en te ervaar op `n vlak dieper as wat in die meeste gemeentes ervaar word. Koinonia is daar, maar is ook nog nie wat dit behoort te wees nie.

### b) Doelwitte vir die kleingroepbediening

Die oplewing wat daar is in die gebruikmaking van kleingroepe in die plaaslike gemeente, het verreikende implikasies vir die bediening in die plaaslike gemeente. Die realisering van die vyf doelwitte van die kerk wat in Hoofstuk 4 bespreek is, vind die beste plaas deur middel van kleingroepe.

Die omskrywing van hierdie vyf doelwitte (evangelisasie, aanbidding, koinonia, dissipelskap en diens) kan met `n verskeidenheid van woorde gedoen word, maar dit is diep gewortel in die Bybel en in die teologie. Hierdie bly die ***ononderhandelbare*** doel vir die bestaan van die kerk van die Here Jesus Christus.

Die kleingroepbediening kan `n positiewe bydrae maak in die realisering van die vyf doelwitte wat in hoofstuk 4 bespreek is. Die doelwitte van gebalanseerde gemeentewees is ook die doelwitte van `n gebalanseerde kleingroep.

Donahue (1996:82) bespreek vier komponente of doelwitte van `n kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente. Die doelwitte is volgens

hom: om lief te hê, om te leer, om te dien, en om uit te reik (vrye vertaling). Hierdie studie sluit aanbidding in as die vyfde doelwit.

`n Kleingroepbediening is meer as net om aan die behoefte aan koinonia in `n gemeente te beantwoord. Indien dit as al rede gesien word vir `n kleingroepbediening, sal dit `n verarming wees van dit wat moontlik is om deur die kleingroepbediening te bereik.

Die volgende doelwitte word algemeen gesien as die doelwitte waaraan die bediening in `n plaaslike gemeente behoort te voldoen:

### i) Vyf doelstellings van enige kleingroepbediening

### 1) Die bou van koinonia

- Wat het julle groep gedoen om julle saamwees in Christus (koinonia) te bevorder?
- Hoe het julle koinonia gebou buite die normale groep tyd?
- In watter mate het julle koinonia met ander groepe en die res van die gemeente gesoek en hoe het julle dit gerealiseer?

### 2) Aanbidding

- Watter maniere gebruik julle om julle aanbidding van God te verryk?
- Hoe is julle gebedsgeleenthede ingerig en bevorder?

### 3) Leer God se Woord vir vandag se lewe

- Hoe het julle die afgelope tyd geestelike groei bevorder in julle kleingroep?
- Watter Bybelstudie materiaal/boeke gebruik die groep?
- Watter ander kursusse het van jou groeplede deurloop wat hulle aangemoedig het op die pad na geestelike volwassenheid?

### 4) Sending en Uitreik

- Hoe word die “oop stoel” kreatief gebruik in jou groep?
- Watter pogings het julle aangewend om doelbewus aan die Groot Opdrag gehoorsaam te wees?
- Hoe bevorder julle groep vriendskap met die nog-nie-gelowiges?
- Hoe verhoed julle dat julle `n geslote groep raak wat aan “koinonitis” lei?
- Hoe skakel julle as groep in by die gemeente se missionêre betrokkenheid?
- Hoe moedig julle as groep die gemeente aan vir meer missionêre betrokkenheid?

### 5) Diensbaarheid

- In watter mate is julle groep diensbaar in julle plaaslike gemeente?
- Wat beplan julle op die terrein van diens in die volgende maand/e?

Indien die totale kleingroepbediening van die gemeente onder die vergrootglas beskou word, sal dit duidelik wees dat al die doelwitte in die verskillende groepe gedek word.

**Kleingroepe streef dus na balans in al vyf die doelwitte wat God het vir die gemeente.**

### 5.4.5.4 Watter tipe groepe sal gebruik word?

Met die vyf doelwitte van enige kleingroepbediening in gedagte is dit logies dat daar van verskillende groepe gepraat kan word soos onder andere:

- omgeegroepe;
- diensgroepe;
- aanbiddingsgroepe;
- evangelisasie- en sendinggroepe/getuienisgroepe;
- dissipelskapsgroepe en
- Bybelstudiegroepe.

Skematies kan dit as volg saamgestel word soos wat Donahue (1996:28) dit sien:

a) Vyf Hoof Tipes Groepe

| **Groepe** | **Dissipelskap** | **Koinonia** | **Diens** | **Soeker** | **Ondersteuning** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Lede** | **Gelowiges wat `n gestruktureerde** Dissipelskap/evangelisasie proses soek | Gelowiges en nie-gelowiges. | Gelowiges en nie-gelowiges | Hoofsaaklik nie-gelowiges. | Gelowiges en nie-gelowiges. |
| **Kurrikulum** | `n Vaste kurrikulum | Leiers werk saam met "coaches" | Leiers werk saam met "coaches" | Bepaal deur vrae van die groeplede. | Bepaal deur bedieningsleiers. |
| **Oop Stoel** | Nuwe lede is eers welkom wanneer `n nuwe kurrikulum behandel word. | Dit word gereeld gebruik om nuwe lede by te voeg. | Dit word gereeld gebruik om nuwe lede by te voeg. | Hier is altyd `n oop stoel. | Primêr gebruik om nuwe groepe te begin. |
| **Klem** | Ontwikkel geestelike dissipline, memoriseer die Woord en evangeliseer en dissipel ander. | Bou koinonia en nooi nuwe lede. | Voltooi take en nooi nuwe lede. | Lei mense na Christus en dissipel nuwe bekeerlinge. | Om lede te ondersteun soos wat hulle worstel met persoonlike krisisse. |
| **Vermeerdering** | Nuwe groepe word gevorm deur nuwe leiers (`n vorige assistent-leier). | Groepe groei en nuwe groepe ontstaan na 25-36 byeenkomste. | Groepe groei en ontstaan op verskillende tye afhangende van die taak. | Assistent-leiers begin nuwe soeker groepe of nuwe-gelowige groepe. | Assistent-leiers word opgelei om nuwe groepe te begin. |
| **Duur** | 18-24 maande | Hou aan om te groei en te vermeerder. | Hou aan om te groei en te vermeerder. | Gemiddelde lengte is ongeveer een jaar. | Verskil van persoonlike behoeftes en die doel van die groep. |

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

Die begin van enige kleingroepbediening behoort gepaard te gaan met `n fokus ***op `n meer eenvormige groep stelsel*** waar die verskeidenheid van groepe nie te groot is nie.  Meeste gemeentes kan begin om op omgee (koinonia groepe) te konsentreer en soos die kleingroepbediening uitbrei en leierskap ontwikkel kan die behoefte aan ander tipes groepe ook ontstaan.

Die ligging van `n gemeente speel ook `n rol, veral in die tipe mense wat bereik word en die manier waarop die kleingroepbediening ingerig sal word.  `n Gemeente wat klem lê op die bereiking van alkoholiste, dwelmverslaafdes en ander mense met spesiale probleme, kan spesifiek klem lê op ondersteuningsgroepe.  Die platteland met sy uitgestrektheid sal anders lyk as die stad met sy opeenhoping van mense.

### 5.4.5.5 Hoe gaan die opleiding van leiers gedoen word?

Hierdie vraag en 5.4.5.6 sal spesifiek in punt 5.5ev van hierdie hoofstuk hanteer word.

### 5.4.5.6 Watter tipe toerekening sal van die leiers vereis word?

### 5.4.5.7 Hoe sal hierdie groepe met mense gevul word?

Hierdie vraag is basies tot die sukses van die hele kleingroepbediening, want mense gaan net na groepe waar daar aan hulle behoeftes voldoen word.  Dit mag gebeur dat die leierskap kan besluit op Bybelstudie groepe en dit ook

uitvoer. Dan mag dit blyk dat die lidmate se grootste en eerste behoefte dalk ondersteuning en omgee is.

Die behoeftes van mense in die gemeente sal ontleed moet word deur `n vraelys wat elke gemeente volgens plaaslike behoefte kan opstel. Groepe word nie oornag met mense gevul wat self na vore kom en aanbied om in `n groep te wees nie. Die vraelys se inhoud behoort bepaal te word volgens die vyf doelwitte wat elke kleingroep behoort te hê.

### 5.4.5.8 Hoe sal die groei van hierdie bediening verseker word?

Indien groei nie plaasvind nie, kan `n groep en die kleingroepbediening nie voortgaan nie. Elke groep het `n lewenssiklus en indien daar nie gedurigdeur vernuwing is nie, sal die groep en die kleingroepbediening stagneer en uitsterf. Dit is `n vernuwing wat ook plaasvind wanneer daar nuwe lede bykom, want hulle bring `n nuwe dimensie en visie na `n ou groep wat dalk al ietwat stagneer het.

Daarom is dit sinvol dat groepe voortdurend die doelwitte saam met die leiers hersien. Dit geld ook vir die kleingroepbediening in totaliteit.

Dit is veral belangrik wanneer `n groep te groot raak om sinvol te funksioneer, dat die groep sal begin dink om te verdeel, anders kan daar nie werklik verdieping en kommunikasie in die groep wees nie.

Dit word `n groot krisis indien groepe hulle nie vroegtydig, vanaf die begin van die ontstaan van die groep, voorberei word, en selfs ook `n verbintenis maak, om wel `n nuwe groep te begin sodra die bestaande groep te groot groei.

#### 5.4.5.9 Hoe gaan die unieke potensiaal van hierdie bediening met potensiële leiers en lede gekommunikeer word?

Kommunikasie in enige bediening en gemeente is onontbeerlik, veral in die ***vestiging en voortgang*** van die implementering van die kleingroepbediening. Dit behoort te lei tot die opstel van `n dokument, wat die filosofie van bediening, die visie en Bybelse grondslag van die groepe insluit. Hierdie dokument word gebruik in die kommunikering en bemarking van die voordele en waardes van die kleingroepbediening vir elke lidmaat en nog-nie-gelowige in die omtrek van die gemeente.

Gedurige terugvoer oor die kleingroepe is onlosmaaklik deel van die sukses van die bediening. Tydens erediens geleenthede is dit die ideale tyd om terugvoer te gee deur gebruik te maak van getuienisse van lede van die groepe.

Die kommunikasie behoort ook te verhoed dat die bediening as `n eksklusiewe bediening vir “geestelik volwassenes” beskou word. Daar moet nooit die indruk gewek word dat diegene wat wel inskakel meer geestelik volwasse is as diegene wat nog nie die stap geneem het nie.

Die kommunikasie met die gemeente moet wel deeglik klem lê daarop dat niemand eintlik sonder `n groep kan wees nie. Jy kan daarvoor of daarteen, maar nie daarsonder wees nie, veral in die druk waaronder huwelike-, verhoudings en gesinne in die algemeen verkeer.

## 5.5 ‘N SUKSESVOLLE KLEINGROEPBEDIENING EN LEIERSKAP IS INTERAFHANKLIK

Die volgende stelling word gemaak:

> ***Leierskap en die ontwikkeling daarvan is die hartaar vir `n suksesvolle implementering en ook van die voortgang van die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente.***

Leierskap is eintlik nie net die hartaar van `n suksesvolle kleingroepbediening nie, maar ook die hartaar van die sukses van `n gemeente se bestaan. Leierskap is nie belangriker as die rol van die Heilige Gees en gebed in die kleingroepbediening nie. Daardie is ***die fondament van leierskap,*** en daarsonder is leierskap niks werd nie. Die rol van die Heilige Gees en gebed ***word ten sterkste onderstreep***.

### 5.5.1 Die Kleingroepbediening vereis dat Leierskap- en die ontwikkeling daarvan `n prioriteit is

Leierskap as sodanig, die ontwikkeling daarvan en ook die opleiding van leiers, is iets wat nie die nodige erkenning en plek kry binne die plaaslike gemeente nie. Daar kan selfs sover gegaan word as om te noem dat dit nie die nodige plek kry binne die opleiding van Bedienaars van die Woord nie.

> Turning fully devoted followers into fully developed leaders is both difficult and rewarding. It is difficult because it requires focus, energy, and persistence. Leadership development will never cry out, “This must have your undivided attention today” (Donahue 1996:14)!

In die bediening binne die plaaslike gemeente is daar vele ander eise wat aandag vra van die leraar, soos onder andere preek voorbereiding, vergaderings, bou projekte, pastorale versorging/huisbesoek, onderhoude, begrafnisse, huwelike en ook werk in die breër kerklike verband van Ring, Sinode en Algemene Sinode. Is daar tyd vir opleiding van gekwalifiseerde,

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

opgeleide geestelike volwasse leiers? "....but leadership development can always wait until.... In other words, never" (Donahue 1996:14).

Die kleingroep en die kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente gedy wanneer bekwame, geestelik volwasse leiers geïdentifiseer, ontwikkel en opgelei word om hulle geloofsgemeenskappe (die kleingroep) as deel van `n gebalanseerde plaaslike gemeente, te dien en te lei, ***om sodoende uit te reik na dié wat Christus nodig het***.

Burger en Simpson (1996:29-30) sluit hierby aan wanneer hulle getuig:

> Leiers - die deurslaggewende menslike faktor... Sonder leiers wat werklik `n visie het vir hulle werk en wat glo dat die Here hulle wil en kan gebruik, sal ons nie ver kom nie. As ons egter hierdie leiers het, gaan daar *min dinge wees wat ons keer om geseënde groepe te hê* (eie kursivering).

Leiers binne die kleingroepbediening moet mense begelei om te ontdek dat Christus hulle lief het en aanvaar. Hulle moet hierdie aanvaarding aanvaar en in versoening met God lewe (McLaren 2001:130). Hierdie God met Wie ons in versoening lewe het aan ons elkeen die bediening van versoening toevertrou (vgl 2 Kor 5:19), en ons, as individue, maar ook saam as span in die kleingroepbediening, is verantwoordelik om die versoeningsboodskap uit te dra (m.a.w. missionêr gerig te lewe).

Die plaaslike gemeente kan nie sonder die bediening van leierskapsontwikkeling nie, veral soos wat dit ontwikkel word in die kleingroepbediening. Die kerk van Jesus Christus kan nie werklik funksioneer sonder bekwame, getroue en gewillige leiers nie.

Die kleingroep skep `n positiewe klimaat waar leiers geïdentifiseer, gemotiveer en ook opgelei word. Hierdie nuut ontdekte leiers, raak nie net binne kleingroep verband betrokke en maak `n verskil nie, maar speel `n rol ook in die totale bediening van die gemeente, in die gemeenskap en in die wêreld.

Binne gemeenteverband kan hierdie potensiële leiers, wat reeds in diens opleiding binne die kleingroep ervaar het, verder opgelei, toegerus en uitgestuur word.

Indien leierskap dan die hartaar van `n suksesvolle kleingroepbediening en ook plaaslike gemeente is, kan die vraag gevra word:

### 5.5.2 Wat is leierskap?

Leierskap is so oud soos die bestaan van die mens. Leierskap is eintlik ouer as die bestaan van die mens. Iemand moes leiding neem toe die aarde geskep is en die mens daarmee saam. Leierskap is ewig, geen begin of einde, soos God, want God Drie-Enig is ***die*** "Leier" na Wie almal behoort op te sien. Die Leier wat na almal in die wêreld omsien en wil omsien op `n persoonlike- en interpersoonlike verhoudings vlak.

Dit sou moontlik wees om `n hele verhandeling net oor die verskillende definisies van wat leierskap nou eintlik is, te gee. Is jy gebore met leierskaps kwaliteite? Ontwikkel jy dit? Is dit net uit en uit `n gawe van die Heilige Gees? Is ons almal nie maar in `n meerdere of mindere mate leiers nie?

Hersey, Blanchard and Johnson (1996:91) sê: "A review of other writers reveals that most management writers agree that leadership is ***the process of influencing*** (eie kursivering) the activities of an individual or a group in efforts

toward goal achievement in a given situation."

Leierskap het ten doel om mense te neem van waar hulle is, na die plek waar hulle moet wees. `n Plek wat hulle nie noodwendig op hulle eie stoom sou bereik nie.

Daarom kan die bogenoemde definisie verkort word deur saam met Maxwell (1993a:1) te sê: "....I have come to this conclusion: *Leadership is influence."*

### 5.5.2.1 Leierskap is nie gelyk aan `n persoon se posisie nie

Die persoon se vermoë om `n sekere posisie in die samelewing te behaal, maak nie van hom `n leier nie. In die geval van `n leraar verseker ses jaar (sewe) van studie, die beroeping na `n gemeente, die bevestiging daarin, nie leierskap nie. Leierskap is volgens bogenoemde definisies nie afhanklik van posisie of status nie.

Indien leierskap in posisie en in status gegrond is, veroorsaak dit twee algemene probleme: "Those who posses the 'status' of a leader often experience the frustration of a few followers, and those who lack the proper titles may not see themselves as leaders and therefore don't develop their leadership skills" (Maxwell 1993a:2).

Hierdie bogenoemde gevare laat `n leierskapsvakuum ontstaan, wanneer daar leiers is, op grond van hulle posisie, maar wat nie regtig leiers is nie. Aan die ander kant is daar leiers wat wel leiers is, maar wat dit nie erken, raaksien en ontwikkel nie. Hulle dink hulle is nie leiers nie aangesien hulle nie die posisie

en aansien in die samelewing het nie.

### 5.5.2.2 Wie kwalifiseer dan as leiers?

Leiers is diegene wat die vermoë ***ontwikkel het*** en daarom ***in staat is om volgelinge*** te kry. Hierdie vermoë is soms self onbewustelik aan die gang in `n persoon se lewe. Dit vra iemand anders om dit in sy/haar lewe raak te sien.

In enige situasie waar iemand besig is om `n ander persoon of `n groep te beïnvloed, is leierskap besig om plaas te vind, "....whether activities are centered on a business, educational institution, political organization, or family" (Hersey, Blanchard and Johnson 1996:91).

Wanneer enige individu probeer om `n ander persoon te beïnvloed, is daardie individu `n potensiële leier. Die persoon wat subjek van beïnvloeding is, is `n potensiële volgeling "....no matter whether that person is the boss, a colleague (associate), a subordinate, a friend, a relative, or a group" (Hersey, Blanchard and Johnson:91).

Hierdie twee bogenoemde definisies wat op dieselfde neerkom veronderstel dus `n verhouding van `n leier en `n volgeling. Die verhouding tussen hierdie leier en volgeling is nie noodwendig die verhouding wat daar in `n hiërargiese struktuur veronderstel word van baas teenoor `n werker nie. Die verhouding is ook nie daar op grond van `n "meerdere" posisie nie.

Daar is mense in posisies, in die kerk heelwat predikante, ouderlinge, diakens en ander bedieningsleiers, wat geensins leiers is nie, en ook nie die vaardighede daartoe besit nie, maar nog steeds in die posisie van leierskap verkeer. Dit veroorsaak baie frustrasie, vir die leraars en leiers self, maar ook

vir die gemeente.

Behoort dit nie anders in die kerk te wees nie? Is leiers wat beïnvloed, as dit dan die definisie is wat vir leierskap in die algemeen aanvaar word, werklik nodig in die kerk van Christus? Kan leierskap in die kerk vergelyk word met leierskap in die wêreld en wêreldse organisasies? Is dit nie gevaarlik om in die kerk leiers te hê wat beïnvloed nie?

### 5.5.2.3 Watter tipe leiers wil die kerk gebruik en ontwikkel?

Die twee definisies wat in paragraaf 5.5.2 gebruik is maak dit altwee duidelik dat leierskap ***invloed*** is. `n Leier is dus iemand wat `n ander individue of groep beïnvloed om `n sekere doel na te jaag.

Die probleem ontstaan natuurlik dat hierdie beïnvloeding ook negatief betekenis kan wees in die lewens van mense, die gemeenskap en die wêreld. Indien die beïnvloeding van leiers in die twintigste eeu nagevors sal word, is dit ooglopend dat daar baie leiers was wat die definisie van leierskap toekom, maar wat individue, groepe en lande sodanig beïnvloed het dat dit `n negatiewe impak op die hele wêreld gehad het. Dink maar aan die volgende: Stalin, Hitler, Mao, Idi Amin & Saddam Hussein. Dit is om maar net `n paar uit te lig wat geweldige invloed uitgeoefen het, of dit nou positief of negatief is.

“Leierskap is invloed,” dit kan daartoe lei dat hierdie invloed misbruik word en mense dan “leierskap as invloed” afskiet. Die invloed wat bogenoemde leiers gehad het, hang nie noodwendig alleenlik van hulle leierskaps vaardighede af nie, maar ook van tegnieke waarvan hulle gebruik maak om vrees by hulle volgelinge in te boesem.

Negatiewe invloed is definitief nie `n teken van Bybelse leierskap nie. Bybelse leierskap is egter niks anders nie as invloed in die lewe van individue en groepe. Hierdie invloed moet egter beter omskrywe word, want Bybelse leierskap kan ook misbruik word vir eie gewin. Veral in `n gemeente opset, of as kleingroep leier, is dit moontlik om met verkeerde motiewe te lei.

Daarom is dit nodig dat leierskap in die lig van die Woord gedefinieer en geëvalueer word.

### a) Leierskap en die lig wat die Woord daarop laat val

Daar is nie `n teks wat `n presiese beskrywing van Bybelse Missionêre Leierskap gee nie. Dit is ook nie nodig om tydens hierdie definiëring Biblisisties te wees nie. Daar kan, tog in die Lig van die Woord, duidelike riglyne gegee word. Hierdie riglyne kan lei tot `n definiëring van Bybelse Leierskap wat ***gebalanseerd, geïntegreerd*** en ***missionêr*** is.

In die definiëring van Bybelse Leierskap kan die sekulêre definisie van leierskap ("Leierskap is invloed") in gedagte gehou word. Dit bly een van die sinvolste definisies van leierskap . Die definisie as sodanig is nie negatief nie. Dit is wat die leiers maak met hulle invloed.

In aansluiting by die sekulêre definisie gee Van Engen (1991:165) die volgende definisie van leierskap binne `n missionêre plaaslike gemeente:

> Leadership is a corporate event. The people of God move forward in mission in the world as they live out their vision of God's call and will for them, stimulated by a number of leader-catalysts, and mobilized by the Holy Spirit in response to what God is doing in their midst and in their context of mission in the world.

Hierdie definisie definieer leierskap nie as `n struktuur of as interpersoonlike dinamiek nie, maar primêr as `n ***gemeenskaplike missionêre gebeure,*** totaal anders as die gewone introvertiese beskrywing van leierskap. Die klem val op die gemeenskaplike interpersoonlike verhouding tussen leiers en volgelinge en lei tot `n doelbewuste beweging van God se mense na "....mission in the world" (Van Engen 1991:165).

Leierskap is primêr deel van die ***bemagtigende aktiwiteit*** van die Heilige Gees, wanneer die geloofsgemeenskap sekere lede toelaat "....to act as leader-catalysts, inspiring it toward greater exercise of a whole range of spiritual gifts distributed throughout the members" (Van Engen 1991:165).

Icenogle (1994:165) sluit hierby aan wanneer hy sê elke leier van `n groep moet weet: "….there are things that only the Spirit can lead a group to accomplish and individual members to understand. Such ultimate leadership influence is primarily a spiritual reality, not just a matter of good modeling, great training and perfect planning."

Wanneer leierskap nie net as `n menslike aktiwiteit gesien word nie, maar primêr `n werking van die Heilige Gees, neem dit groot druk weg van leierskap in die gemeente. Die leierskap weet dan hulle is nie primêr verantwoordelik vir die lewensverandering van mense nie.

Die werking van die Gees en die keuse wat God gemaak het, om mense in Sy diens te gebruik, noodsaak hulle betrokkenheid by die mense in hulle groep. Die mens kan dus nie sy verantwoordelikheid as leier ontduik wanneer hy die roeping daartoe ontvang nie.

Die lig wat die Woord bied, wys telkens daarop dat wanneer God beplan om iets te doen, dan begin Hy deur `n leier te roep, `n leier wat nie altyd in die oë van die wêreld leiers eienskappe toon nie. God begin met hierdie individue om sodoende ander individue en groepe positief met die evangelie boodskap te beïnvloed ("Leierskap is invloed"). Alreeds by die roeping van Noag, Abraham, Moses, Dawid & Nehemia word dit ervaar. Hulle is uitstekende voorbeelde vanuit die Ou Testament van God wat individue roep, hulle toerus met Sy Gees (die Heilige Gees is primêr verantwoordelik vir die oortuiging tot verandering in menselewens), en hulle uitstuur om betrokke te raak in menselewens, gelowiges en nog-nie-gelowiges.

Die Nuwe Testament begin met Johannes die Doper, sy geboorte, roeping en toerusting met die Gees. `n Duideliker voorbeeld van God se keuse en manier van werk word gevind in Sy Seun wat Hy stuur. Die werking van die Heilige Gees speel ook hier `n kenmerkende rol. Die uitstorting van die Gees dui die begin aan van Sy openbare bediening.

Jesus die volmaakte voorbeeld van God se wyse van handel, kies Sy twaalf dissipels uit, rus hulle toe, leef saam met hulle. Hy laat hulle dan wag op die uitstorting van Sy Gees, sodat hulle vir die taak toegerus kan wees wat hy aan hulle opgelê het.

**Die bogenoemde maak dit duidelik:** God se keuse is om die visie wat Hy vir die wêreld het, te laat posvat by een persoon, wat bewus raak van die roeping van God en die toerustende werking van die Heilige Gees vir die taak wat op hande is.

Indien al die bogenoemde in ag geneem word, kan die volgende definisie gewaag word:

> God kies, roep en rus die leiers toe deur die Heilige Gees om mense te beïnvloed, deur tot diens van hulle te wees, sodat hulle Sy doel vir die lewe raak sal ontdek en uitleef om sodoende ***`n*** ewigheids verskil in die lewens van mense in God se wêreld te maak.

## b) Kenmerke van hierdie Bybelse leierskap

### i) Dienskneg leierskap

Jesus se dissipels het die sekulêre vorm van leierskap nagejaag toe Jakobus en Johannes duidelik Jesus se bedoeling misverstaan het deur te vra: "....Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand" (Mark 10:37).

Hulle wou `n hiërargiese sisteem van leierskap daargestel het, selfs onder die twaalf dissipels. Die versoek bied vir Jesus die geleentheid om die bedoeling van leierskap in die Koninkryk van God te verduidelik sodat daar geen misverstand moontlik sal wees nie.

Leierskap in die koninkryk van God is gekoppel aan die begeerte om te dien en diensbaar te wees. ***Leierskap in die Koninkryk van God is nie Heerskap nie maar Dienaarskap,*** en dit is `n onontbeerlike kwaliteit wat nodig is in kleingroep leierskap. Sodoende sal die gesindheid na al die fasette van die gemeente se leierskap deursuur.

Elke groep staan voor die versoeking om `n koning aan te stel, of om `n koning toe te laat. In elke groep (soos duidelik ook in Jesus se groep van twaalf) is daar lede wat voor die versoeking te staan kom om ***koning en heer*** te wees en

is "....being seduced into an abuse of the first and second commandments" (Icenogle 1994:79).

Die boodskap moet in elke groep en aan elke groepleier gedurigdeur weerklink dat leierskap nie heerskap is nie. Die groep behoort gereeld die keuse te maak teen die behoefte om `n koning en `n heer in die groep te verwelkom wat besluite neem en handel namens die groep.

"Every group has to ask itself the question, Who or what is lord of our group" (Icenogle 1994:80)? Die Bybelse antwoord op hierdie vraag aan die groep en groepleier, is dat God ons deur Sy Seun geroep het om te bestaan met die oog daarop om ander in die Koninkryk ***in te dien***.

Van Engen (1991:168) werp as volg lig op die bogenoemde: "The leader serves other leaders to help them serve the membership, in order that ***they in turn may be able to serve the world*** (eie kursivering en beklemtoning)."

Die mees belangrike groep persone in die hele diensproses, is nie die leier nie, nie die groeplede of gemeentelede nie, ***maar die wêreld, die nog-nie-gelowige.*** Die kerk van die Here Jesus Christus misluk in die algemeen wanneer die kerk nie regtig daarby uitkom om die wêreld te dien nie, dit wat Jesus in die Woord van ons eis nie.

Jesus se idee is iets radikaal teen dit waarvoor wêreldse leierskap staan, en wat daagliks in die kerk van die Here Jesus gebeur. Woorde soos "diens" en "slaafskap" is nie deel van die sekulêre kultuur van die dag nie. Die kerk neem nie die boodskap ten volle ter harte en leef dit prakties uit nie ten opsigte van iets wat die kerk al lankal van weet - en dit is diensbaarheid.

Die leier in die kerk, en in die kleingroep as fabriek van toekomstige gemeenteleiers, moet die dienaar van almal wees. "When leaders rule rather than serve they loose their right to lead" (Van Engen 1991:170).

Die begeerte "....to serve others must be stronger than the desire to lead - so that leadership becomes a means of serving" (Shawchuck & Heuser 1993:35).

Elke leier behoort te weet dat altwee die begeertes in die lewe aanwesig is - die begeerte ***om te lei*** sowel as die begeerte ***om te dien***. Die klem moet egter daarop lê om dienskneg-leier te wees, wat lei deur te dien en dien deur te lei.


Die leier kan dus nie anders wees as om te lei met die doel om tot diens te wees van die diepste behoeftes en nood van sy gemeenskap nie. Die keuse om `n dienskneg leier te wees binne die materialistiese en magsugtige gemeenskap is moeilik. Hierdie soort leierskap bots teen die waardes van leierskap ter wille van die posisie. Tog is dit onontbeerlik vir die kleingroep leier en leier in die gemeente in die algemeen.

Binne die omskrywing van dienskneg-leierskap is daar dus ruimte vir `n leier om te lei, om voor te loop, om die pad aan te wys, om `n visie vir die bediening van die groep te hê.

Dit bly iets anders as die tradisionele hiërargiese struktuur, `n van bo na onder struktuur waar al die opdragte en idees vanuit die leierskap kom. In hierdie struktuur is die mees belangrike persoon die een wat die opdragte gee en die lede wat die opdragte uitvoer. Die wêreld en die behoeftes daarvan is nie in die prentjie nie, behalwe in die mate wat die leier daaroor beheer uitoefen.

Van Engen (1991:169) gee dit grafies weer met wat hy noem: "Three Concepts

of Leadership." Die ***eerste*** noem hy "The Rulers of the Gentiles, die ***tweede*** "The Disciples of Jesus" en die ***derde*** "The Servant-Messiah."




Die ***eerste voorstelling***, dienskneg leierskap, is reeds bespreek.

Die ***tweede voorstelling*** is net die teendeel van die eerste. Die prentjie is duidelik, die leiers in gemeente verband (leraars) dien die ander leiers, wat die lidmate dien om ***sodoende die wêreld te dien***, die nog-nie-gelowiges.

Indien die eerste twee grafiese voorstellings met Jesus se lewe en leierskap vergelyk word "....we begin to realize that the model Jesus left his disciples actually includes both perspectives" (Van Engen 1991:168).

Jesus is die Koning wat op die donkie ry, die Koning wat aan die kruis hang en wat ook gehoorsaamheid vereis van sy volgelinge, die dissipels. Hy is ook die lydende Verlosser, die Messias. Hy verpersoonlik beide die dienskneg, maar ook die heerser gestalte. “He rules the universe through sacrifice” (Van Engen 1991:168) en diens.

Die bogenoemde is die essensie van die boodskap wat Paulus vanuit Filippense 2 wil uitlig. Dit is die boodskap dat Jesus, die Seun van God, Sy troon gelos het om die lewe van `n mens aan te neem, `n dienskneg gestalte tot in Sy dood, “sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken” ‘Jesus Christus is die Here!’ tot eer van God die Vader” (Fil 2:10-11).

> This is all one process in which *diakonia* becomes, in and of itself, a *kingly ministry* (eie kursivering). Jesus Christ is both at the top of the pyramid and at the base of the pyramid (Van Engen 1991:170).

Hy is die Een wat nou aan die regterhand van die Vader is, maar ook nog steeds “Immanuel God, God met ons.”

Die perspektief wat in die verduideliking hierbo gegee is, help leiers in die kerk om die aard en outoriteit van dienskneg-leierskap te verstaan.

Implikasies vir die kleingroepbediening

- Kleingroep leierskap is dienskneg leierskap. Die klem val op die leier wat die ander lede van die groep dien aangesien Hy in diens van die Groot Dienaar (Jesus Christus) is.
- Die kleingroep leier dien die ander potensiële leiers wat op hulle beurt

mekaar dien om sodoende in die gemeente, gemeenskap, maar ook die wyer wêreld diensbaar te wees.

- Die kleingroep leier, as dienskneg leier, bring die groep altyd weer terug, indien die groep dwaal, om die fokus te plaas op Jesus Christus wat die middelpunt van enige gesonde groepslewe is. Die groep moet hulleself gereeld afvra: "Wie is die Here van ons groep?"
- Kleingroep leiers as dienskneg leiers help die groep om tot die besef te kom dat in hulle doel van bestaan, hulle behoeftes nie die belangrikste is nie, maar die behoeftes van die nog-nie-gelowiges.
- Die kleingroep leiers bring die groep tot die besef dat diens `n ***koninklike*** bediening is.

### ii) Bybelse leierskap vermenigvuldig die bediening in die lewe van ander

Daar is ***ontsettende potensiaal*** in die lewe van die Bybelse leiers in die wêreld indien dit ten volle benut word. Die oortuiging word gehuldig dat die oorgrote meerderheid van leraars wat in die bediening staan, ernstig is met hulle bediening, dat hulle deur middel van hulle bediening aan God gehoorsaam wil wees en Sy gemeente en die wêreld dien.

Die gevaar bestaan tog dat leraars vir jare getrou, met ywer en oorgawe hulle werk in `n plaaslike gemeente doen, sonder dat daar die nodige vrug op hulle arbeid is. Dit is nie dat daar geen vrug is nie. Die vrug op die arbeid kan ook nie altyd hier op aarde bereken word nie.

Al sou dit vir enige leraar moontlik wees om vier en twintig uur van die dag, sewe dae per week vir twaalf maande `n jaar te werk, sal sodanige leraar nog steeds nie so effektief wees as wat hy wel kan wees nie.

Waar lê die oplossing dan? Die oplossing lê nie daarin om harder te werk, beter te preek, meer huisbesoek en pastorale versorging te doen nie. Die

oplossing lê ook nie altyd daarin om meer of beter te bid nie (alhoewel die noodsaaklikheid daarvan nie onderskat moet word nie). Deel van die oplossing vir die leraar en ander leiers in die bediening lê in die vermenigvuldiging van jou lewe in die lewe van ander. “The leader sees the big picture, but he needs other leaders to help make his mental picture a reality” (Maxwell 1995:2)

Die meeste leiers het volgelinge wat saam met hulle werk en dien. Die volgelinge is nodig. Die belangrikste wat misgekyk word, is dat die leier homself moet omring deur ander leiers wat saam met hom/haar die visie van die bediening in die plaaslike gemeente help dra en uitdra. `n Leraar moet homself gereeld die volgende vraag afvra: “Indien ek nou sal weggaan, sal my bediening voortgaan, of platval?”

Elke leier sal goed doen deur Jesus se voorbeeld na te volg: Jesus was oortuig dat die werk wat Hy begin het, sou voortgaan in die lewe van sy dissipels. Hy was meer by hulle betrokke as by die groot skares wat om Sy aandag gevra het. Juis in Sy betrokkenheid by hulle, om Sy bediening in hulle lewe voort te sit, het Hy sy dissipels (opvolgers) op drie maniere ontwikkel.

- Hy was by hulle betrokke met voortdurende mentorskap.
- Hy het dit wat hulle moes doen voortdurend geëvalueer.
- Hy het hoë verwagtings van sy dissipels gehad, veral dat hulle bediening sou vrug dra.

Die dissipels se taak was om op dieselfde wyse die volgende geslag leiers voor te berei, deur hulle lewe te vermenigvuldig in die lewe van ander. “The key to surrounding yourself with other leaders is to find the best people you can, then develop them into the best leaders they can be” (Maxwell 1995:3)

Jesus het dit nooit ten doel gehad om alles te doen vir die skares mense wat

Hom gevolg het nie. Hy het geweet dit is maklik om die skares te trek, want hulle volgelingskap is nie altyd vir die regte redes nie, maar vir die tydelike bevrediging wat Hy kon bied (vgl Joh 6:26).

Jesus se doel met Sy dissipels w**as *om die beweging wat hy begin*** het (die kerk, die plaaslike gemeente) te kon voortsit in hulle lewe.

> The signs of outstanding leadership appear primarily among the followers. Are the followers reaching their potential? Are they learning? Serving? Do they achieve the required results? Do they change with grace? Manage conflict (De Pree 1989:12) ?

Met Sy weggaan kon Jesus die vrae in die vorige paragraaf antwoord. Die dissipels was nie net volgelinge nie, maar toegerus deur `n Meester om leiding te neem in Sy afwesigheid.

Hierdie is vrae wat elke leraar en leier in `n gemeente moet kan antwoord. Indien dit positief beantwoord kan word, is die bediening in die plaaslike gemeente nie afhanklik van die leraar/s nie. Sodoende is daar talle leiers wat besig is om hulle Godgegewe roeping na te jaag en hulle potensiaal te bereik.

Leiers in die plaaslike gemeente kan dus nie anders as om verantwoordelikheid te aanvaar vir die huidige behoefte aan en toekomstige leierskap in die gemeente nie. Hulle is verantwoordelik om leiers te identifiseer, te ontwikkel, vir hulle om te gee en te versorg.

Maxwell (1995:6) sluit daarby aan wanneer hy sê:

> The strength of any organization is a direct result of the strength of its leaders. Weak leaders equal weak organizations. Strong

> leaders equal strong organizations. Everything ***rises and falls on leadership*** (eie kursivering).

Daar kan nie van sukses in `n leraar se bediening sprake wees, indien daar nie opvolgers is wat kan voortgaan met die bediening nie. “The more people you develop, the greater the extent of your dreams” (Maxwell 1993a:113). Paulus moedig juis Timoteus aan in 2 Timoteus 2:2:

> Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

Implikasies vir die kleingroepbediening

- Effektiewe kleingroep leiers besef dat `n suksesvolle kleingroepbediening afhanklik is van leiers en daarom is hulle begeerte en visie om dienskneg leiers na die voorbeeld van Jesus Christus te ontwikkel.
- Effektiewe kleingroep leiers gee ander potensiële leiers die ruimte om leiding te neem tydens byeenkomste, ruimte om foute te maak en dan weer te probeer.
- Effektiewe kleingroep leiers besef dat hulle hul droom (om mense tot volwassenheid in Jesus Christus te bring), gerealiseer word deur meer en meer leiers te ontwikkel.
- Effektiewe kleingroep leiers aanvaar verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van toekomstige leiers, nie net van die kleingroepbediening nie, maar ook op ander terreine van `n gebalanseerde missionêre plaaslike gemeente.

### iii) Bybelse leierskap bepaal prioriteite

Die lewe en bediening van Jesus het daaruit bestaan om strategiese prioriteite daar te stel en om dit te hou en na te volg. Toe Hy gesê het “....Volg My, en laat die dooies hulle eie dooies begrawe” (Matt 8:22), is Jesus se doel daarmee om aan mense te bevestig om nie toe te laat dat hulle hul fokus van die mees

belangrike doel verloor nie. Noodsituasies kan die aandag aftrek van dit wat werklik belangrik is en prioriteit behoort te wees.

Jesus was suksesvol in die hantering van dit wat sy aandag kon aftrek en wanneer Hy sê: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" (Matt 6:33). Dit som Sy boodskap, maar ook Sy lewenswyse op.

Petrus besef nie hy is eintlik maar net `n instrument in die hand van die duiwel nie, wanneer hy Jesus berispe en `n stelling maak oor Jesus se dood "'....Dit sal beslis nie met U gebeur nie'" (Matt 16:22). Uit Jesus se antwoord in vers drie en twintig is dit duidelik - Hy weet wat Sy prioriteite is en Hy sal nie toelaat dat iets, of iemand Hom daarvan weer hou nie (Matt 16:23), "....omdat dit nie my wil is wat ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het" (Joh 5:30).

Wanneer Jesus dan aan die einde van Sy lewe uitroep "....Dit is volbring" (Joh 19:30), dan is dit `n getuienis van Sy lewe. Hy het Sy skedule behou en nooit Sy agenda uit die oog verloor nie. Hy het geweet wat Sy prioriteite was en het nie toegelaat dat die nood Hom weglei vir dit waarvoor Hy gekom het nie.

Covey (1989:151) sluit hierby aan wanneer hy sê dat daar "urgent" en "important" sake is waaraan `n leier en enige ander persoon aandag moet gee. Dan sê hy verder:

> We *react* to urgent matters. Important matters that are not urgent require more initiative, more proactivity. We must *act* to seize opportunity, to make things happen....if we don't have a clear idea of what is important, of the results we desire in our lives (bediening – eie invoeging), we are easily diverted into responding to the urgent.

Indien die leier nie self `n duidelike onderskeiding kan maak tussen dit wat belangrik is en dit wat dringend is nie, kan hy nie ander lei om dieselfde te doen nie. Shawchuck & Heuser (1993:87) gebruik "The Time Management Matrix" van Covey waar hulle die verskil tussen dit wat dringend en dit wat belangrik is behandel (aangepas vir geestelike leierskap). Indien die verskillende kwadrante in oënskou geneem word, kan Kwadrant II uitgelig word as die naaste aan Jesus en Bybelse leierskap, dit is die kwadrant wat hulle in elk geval voorhou vir iemand wat sy lewe inrig volgens strategiese prioriteite.

Die klem van leierskap volgens Kwadrant II lê op die volgende terreine:

- Die bou van verhoudings tussen die pastorale leierskap, en gewone ("lay") leiers;
- Beplanningstyd en tyd vir evaluering en refleksie;
- Voortgaande toerusting/opleiding;
- `n Sabbat.

Die sake wat aandag geniet in hierdie kwadrant, is alles sake wat in die lewe van Jesus Christus aandag geniet het en dit is werklik strategiese prioriteite vir enige leier. Die sake wat in bogenoemde paragraaf genoem is van kardinale belang vir die effektiwiteit van `n leier binne die plaaslike gemeente, aangesien dit handel oor die bou van sinvolle verhoudings, om die nodige tyd af te staan om persoonlike evaluering te doen, om belangrike sake te deurdink, om na jouself om te sien, en om tyd met God te spandeer.

Wat kan belangriker wees as hierdie sake?

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Implikasies vir die kleingroepbediening

- Kleingroep leiers help groeplede om te fokus op dit wat werklik belangrik is – Dit is om hulle te begelei om die volgende vraag daagliks te beantwoord: ***Nie*** "wat is die prioriteite van my lewe nie", maar "***Wie*** is die prioriteit van my lewe?"
- Juis daarom word Jesus se lewe deur die kleingroep leier voorgehou as die Volmaakte Voorbeeld om na te volg. Hy het geweet wat Sy prioriteite was.
- Die kleingroepleier wat prioriteitsgerig is:
  - help sy groep om positiewe verhoudings tussen mekaar, ander groepe, lidmate wat nog nie inskakel by groepe nie, met die senior leierskap in die gemeente, maar ook met die nog-nie-gelowiges te bou;
  - help groeplede om te beplan en oor hulle prioriteite en lewe na te dink;
  - moedig groeplede aan vir voortdurende toerusting;
  - moedig groeplede aan om tye van stilte in hulle lewens in te bou.

### 5.5.3 Karaktertrekke van suksesvolle leierskap

Stanley & Clinton (1992:215) het na baie navorsing oor verskillende leiers wat hulle bestudeer het, diegene wat die leiersrol met sukses voltooi het, en diegene wat die leiersrol nie suksesvol voltooi het nie, agtergekom dat dié wat wel suksesvol was, almal die volgende gemeenskaplike karaktertrekke gedeel het:

1. They had perspective which enabled them to focus.
2. The enjoyed intimacy with Christ and experienced repeated times of inner renewal.
3. They where disciplined in important areas of life.
4. They maintained a positive learning attitude all their lives.
5. They had a network of meaningful relationships and several

important mentors during their lifetime.

Die bogenoemde sluit aan by die ***kwalifikasies van enige kleingroepleier*** volgens McBride (1995:111): Leiers moet volgens hom "Faithful (reliable and consistent), Available (willing and with adequate time) and Teachable (eager to learn)" wees.

### 5.5.4 Effektiewe Kleingroep Leierskap

Die paragraaf oor leierskap word samevattend afgesluit met die volgende opmerkinge oor effektiewe kleingroep leierskap:

`n Effektiewe Kleingroep Leier…

#### 5.5.4.1 Handhaaf `n persoonlike verhouding met Jesus Christus

- `n Persoonlike verhouding met Jesus Christus
- Modelleer die liefde van Christus
- Modelleer die krag van God in die alledaagse lewe

***Voordat jy ander bestuur moet jy eers jouself kan bestuur.***

`n Effektiewe Kleingroep Leier het...

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

#### 5.5.4.2 Die vermoë om mense vir Christus te beïnvloed.

Christelike kleingroep leiers erken egter dat hierdie vermoë God-gegewe is en moet daarom met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid beoefen word.

Hierdie leierskap is dus:

- onder die outoriteit van Christus;
- onder die outoriteit van sy kerkleiers.

\`n Effektiewe Kleingroep Leier...

#### 5.5.4.3 Is verbind tot persoonlike groei

Effektiewe kleingroep leiers gebruik die geleenthede wat die kerk bied ten opsigte van:

- Opleiding vir nuwe leiers;
- Kleingroepbediening leiers konferensies;
- Voortgaande kleingroep leiers byeenkomste en opleiding;
- Opleidings geleenthede wat deur die plaaslike Sinode of opleidings instansies aangebied word.

\`n Effektiewe Kleingroep Leier...

### 5.5.4.4 Lewe onder die beherende invloed van die Heilige Gees

**Die Heilige Gees…**

- Stel ons instaat om die waarheid te onderskei (Joh 14:26; 15:26)
- Bewerk die vrug van die Gees in ons (Gal 5:22 vv)
- Voorsien ons met sekere geestelike gawes vir die bediening (Rom. 12, 1 Kor. 12).

Dit sal nogal tot jou voordeel wees indien jy een van die volgende gawes het:

- Lerende gawes;
- Leierskap gawe ;
- Administrasie;
- Bemoediging.

Die groot voordeel van die kleingroep is die verskeidenheid van geestelike gawes teenwoordig. Die rol van die effektiewe kleingroep leier is om op so `n wyse te lei en te organiseer dat ***ALLE GELOWIGES*** aanmoedig en die geleentheid gebied word om hulle gawes te ontdek en te gebruik.

`n Effektiewe Kleingroep Leier...

### 5.5.4.5 Bereken die koste van sy verbintenis en is gewillig om die prys te betaal

Die effektiewe kleingroep leier is bereid om die volgende vrae te vra:

- Het ek die **geestelike volwassenheid** om `n kleingroep te lei?
- Het ek die **vermoë** om `n kleingroep te lei?
- Sal ek **my verbind** om tyd opsy te sit om...
    - vir elke byeenkoms voor te berei?
    - elke byeenkoms by te woon?
    - die leierskaps byeenkomste by te woon?
- Is my **eggenoot gewillig** om saam met my die verbintenis te maak?

### 5.5.5 Motiewe vir Kleingroep Leierskap

#### 5.5.5.1 Die regte motiewe

a) Om God te verheerlik;
b) Om vrugte te dra;
c) Om wag te hou (herderskap) oor andere;
d) om `n voorbeeld te wees;
e) Om jou gawes te gebruik om ander te dien;
f) Om God se boodskap van versoening oor te dra.

#### 5.5.5.2 Verkeerde motiewe

a) Self-verheerliking;
b) Om belangrik te voel;
c) Aangesien iemand druk op jou geplaas het;
d) Onbelyde sonde

## 5.6 JESUS, DIE TWAALF DISSIPLES, EN DIE KLEINGROEPBEDIENING - 'N PATROON OM NA TE VOLG

Iemand het die vraag gevra: "Waarom moet ons in `n kleingroep inskakel?" Die antwoord uit die gehoor: "Jesus did it why innovate" (outeur onbekend). Die twaalf dissipels het saam met Jesus beweeg, hom dopgehou, na Hom geluister, Hom bevraagteken, met Hom geredeneer en ook nagevolg.

Hieruit het daar inligting na vore gekom wat van waarde is vir elke groep wat na Jesus ontstaan het en wat nog sal ontstaan. Dit is sleutel elemente vir elke groep wat "in die Naam van Jesus" (Icenogle 1994:205) bymekaar kom. Die dissipelskap patroon van Jesus met die Twaalf is die fundamentele dissipelskapsmodel vir elke groep wat ***in Jesus se Naam*** vergader.

Gemeentes en leraars wat hierdie patroon van Jesus in oënskou neem en dit bestudeer voordat kleingroepe as deel van die bediening geïmplementeer word, kan verseker word van `n sinvolle kleingroepbediening.

Icenogle (1994:203-212) noem die volgende tien sleutel kenmerke van Jesus se saamwees met Sy dissipels, wat `n patroon is om na te volg:

> (1) Die sentraliteit van Jesus in die groep. (2) Heterogene aard en kultuur van die groep. (3) Die uitnodiging aan die groep tot `n bediening en sending. (4) Die deel van lewensruimte met die groep. (5) Die groep as `n positiewe gemeenskap vir ander. (6) Die groep as `n bolwerk teen die strukture/sisteme van die wêreld. (7) Die groep as uitnodiging vir gesonde seksualiteit. (8) Die groep as nuwe en ewige familie (9) Die groep as nuwe model vir die bemagtiging van mense. (10) Die groep as mislukte en herstelde mensheid (eie vertaling).

In die volgende paragrawe word hierdie punte saamgevat en ook bespreek:

### 5.6.1 Jesus – die middelpunt van alles wat in `n groep gebeur

Jesus het die twaalf geroep om Hom te volg (Mark 1:17). Deur dit te doen moes die twaalf fokus op die sentraliteit van Jesus se verhouding met die Vader. Elke groep, wat as `n Christelike groep bekend staan "....must be formed with Jesus, and Abba God through the Spirit as center of community" (Icenogle 1994:203).

Jesus alleen maak `n kleingroep van dissipels en later apostels moontlik. Sonder Jesus is potensiële vergaderings van die volk van God en `n lewende verhouding met Sy Vader nie moontlik nie (Joh 14:6).

Juis die feit dat Hy die middelpunt van die groep is, ***vereis*** ook die heterogene aard en kultuur van `n groep. Alhoewel `n groep die keuse tot vrye assosiasie het en nie meer geografies gebonde soos met die ou wyk stelsel is nie, beteken dit nie dat die groep net bestaan uit enersdenkendes nie. Indien dit so was, sou konflik nie deel van `n groep se lewe gewees het nie.

Elke persoon bring sy eie persoonlikheid en persoonlike kultuur na die groep. Daarom sê Icenogle (1994:204): "Any common values in the small group except Jesus are of secondary importance and can become idolatrous blocks to the centrality of Jesus as the common bond."

Jesus se eie groep dissipels is `n duidelike voorbeeld van `n verskeidenheid van persoonlikhede met Hom as die samebindende faktor.

Die apartheids verlede waarvan die NG Kerk in Suider Afrika met alle eerlikheid probeer omdraai, maak hierdie najaag van eenheid (Jesus as saambindende faktor) in `n verskeidenheid van kulture en omstandighede moeilik. Alhoewel dit moeilik is, is dit nie onmoontlik nie, want wat moeilik is, mag nie as die Alfa en Omega van groepswerk voorgehou word nie. Juis die groep, waar Jesus die

samebindende faktor is, mag nie toelaat dat verskeidenheid lei tot verdeeldheid nie.

### 5.6.2 Missionêre bemiddeling van die kleingroepbediening

Jesus se roeping van die twaalf dissipels deur Jesus was van die begin af ***`n uitnodiging tot diens en sending.*** Die twaalf dissipels was vanaf die begin van hulle verhouding met Jesus geroep om missionêr gerig, en met `n bediening in die wêreld besig te wees. Wanneer hulle Jesus gevolg het, het hulle Hom in Sy bediening en ook in Sy sending gevolg.

`n Kleingroep is nie in Christus as hulle nie in `n bediening en sending is nie. Indien die kleingroepbediening net na binne gerig bly, heerlike koinonia ervaar word, het dit geensins sy doel in die plaaslike gemeente bereik nie, veral wanneer ons die definisie van die kleingroepbediening wat in hierdie hoofstuk reeds bespreek is, in gedagte hou.

In Hoofstuk 4 is die saak uitgemaak dat die gemeente nie anders kan as om `n missionêre gemeente te wees nie, `n instrument waardeur God die wêreld wil bereik. Die kleingroepbediening is onwillekeurig deel van hierdie missionêre gemeente wees.

Daar is gemeentes en voorstanders van kleingroepe wat totaal en al op hulle eie funksioneer as huiskerk, selgemeentes of doodgewoon sommer net onafhanklike groepe. Die standpunt van hierdie studie word duidelik in die definisie weergegee en is alreeds deeglik beredeneer, en dit is dat die kleingroep deel van `n gebalanseerde gemeente is.

Die kleingroepbediening moet dus ***missionêre gemeentewees komplementeer*** deur die voertuig te wees hoe lidmate missionêr betrokke raak. Wanneer die gemeente `n kommissie het wat verantwoordelik is om die

gemeente missionêr te motiveer, is die gevolg dat die kommissie op die ou end die enigste is wat daarby betrokke is.

Die fundamentele doel van die hele kleingroepbediening is: ***Lewensverandering***! Lewensverandering met `n spesifieke gerigtheid en dit kan so saamgevat word: Om groeplede binne `n missionêre plaaslike gemeente te help om te groei tot geestelike volwassenheid (om soos Jesus te wees), deur God lief te hê, diensbaar te wees, die Goeie Nuus uit te dra en `n bydra te maak deur die gee van hulleself en alles tot hulle beskikking.

> Getting together just to have sweet fellowship is no good....A group is where we are loved and forgiven and encouraged and affirmed and ***set forth into the world*** (eie kursivering). We have spelled out three kinds of mission very clearly: ministry, evangelism and prophecy (Larson 1994:19).

***"Ministry"*** - Christen-tot-Christen. Almal is bedienaars "....we unbind our brothers and sisters, listening, caring and loving" (19). Hierdeur bedien ons mekaar met die Godgewe gawes wat ons ontvang het.

***"Evangelism"*** - Christen na nie- of nog-nie-gelowige. Hier word iemand op `n persoonlike wyse aan `n Persoon bekend gestel. Dit kan oorkant die straat of selfs aan die anderkant van die wêreld wees.

***"Prophecy"*** - spreek namens God oor/teen die sondige strukture van die wêreld. Elke lidmaat is geroepe om `n profeet te wees in die omgewing waar hy/sy werk, skoolgaan, ontspan, inkopies doen ens. "We are to be God's creative agent in that situation, letting the Spirit of God say through us, 'This isn't good enough; we can do better. Here's a new way....'"(:19).

Die kleingroep is die plek waar mense aanmoedig word om meer belang te stel in:

- "....Helping than being helped.
- ....in loving than being loved.
- ....in giving than in getting" (Callahan 1983:9).

Die kleingroep is dus die plek wat mense help om weg te beweeg van die self (sekularisme) na ander (om soos Jesus te wees). `n Missionêre gerigtheid beteken nie noodwendig dat mense aangemoedig moet word om gedurigdeur oor hulle geloof te praat nie en om ander voortdurend te probeer oortuig dat hulle verlore, op pad hel toe is en dat hulle die verlossing wat daar in Jesus Christus is, nodig het.


Dit is alles waar, maar daar is iets wat belangriker is, en wat die kleingroep `n uitstekende voertuig maak om te realiseer en dit is: Die kleingroep, om regtig missionêr gerig te wees moet mense help om te te groei na wat Dale Carnegie (1936:65) mense aanmoedig om te doen en wat `n tydlose waarheid is: "***Become genuinely interested in other people"*** (eie kursivering).

Die gevaar lê daarin wanneer kleingroepe dink, om missionêr gerig te wees beteken uit en uit die bekering van mense. Mense ervaar Christene as mense wat net in my siel belang stel en nie in my as volkome mens nie. Groepe moet mekaar juis daarin help om regtig `n opregte belangstelling in mekaar te toon en mekaar ook aanmoedig om hierdie opregte belangstelling na buite uit te leef.

Adler (soos aangehaal in Carnegie 1936: 55) sê: "It is the individual who is not interested in his fellow men who has the greatest difficulties in life and provides the greatest injury to others. It is from among such individuals that all human failures spring."

Indien `n kleingroep suksesvol wil wees, ook in hulle missionêre gerigtheid, en wil hê mense moet aangetrokke voel tot die boodskap wat hulle het, dan sal daar `n duidelike, daadwerklike en `n opregte belangstelling in die totale mens moet wees. Daarom is die volgende strategie nodig en belangrik:

5.6.3 `n Strategie om kleingroepe missionêr gerig te hou




(Aangepas uit Warren 1995:130)

Hierdie strategie, wat hierbo grafies voorgestel word, is daarop gemik om die nog-nie-gelowige te bring tot binne die gemeente deur middel van inskakeling by kleingroepe deur ***koinonia*** te ervaar; hulle te begelei tot geestelike ***volwassenheid*** (dissipelskap), wat nie sommer maar net gebeur nie); hulle te help om hulle ***geestelike gawes*** te ontdek (dit lei tot diensbaarheid binne die gemeente); hulle aan te moedig en te help ***wêreld-Christene*** te wees. (**getuienis =** wêreld-Christene). Dit alles moet elke keer lei ***tot aanbidding van God***, veral wanneer ek deur hierdie hele proses God se doel en plan vir my lewe ontdek (**Aanbidding**).

Hierdie strategie behoort elke kleingroep leier ingedagte te hou wanneer hy/sy besig is om oor hulle kleingroep na te dink, te lei of vir hulle te bid. Dit stel `n strategie voor, wat `n voortgaande proses is, en nie net `n eenmalige of toevallige gebeure nie.

Die strategie se voortgang is afhanklik van nuwe lede wat by die groep gevoeg word,. Hierdie nuwe lede word doelbewus begelei om te groei tot geestelike volwassenheid, en sodoende tot `n getuienis-lewe.

Hierdie beweging en groei van mense is in die verlede te maklik aan toeval oorgelaat en die proses is nie doelbewus bestuur nie. Vir `n lidmaat, om `n getuie te wees, gebeur nie vanself nie, veral wanneer so `n persoon geen ondersteuning en positiewe kontrole ervaar nie. Elke kleingroep moet van die geboorte daarvan weet wat verwag word ten opsigte van hierdie hele strategie en om deel te wees van die missionêre bemiddeling in elke plaaslike gemeente.

Die strategie in die kleingroep is duidelik: bring mense in om koinonia te ervaar en om dan binne hierdie ondersteunings-gemeenskap, liefde, aanmoediging, toerusting en leiding te ontvang om te beweeg van `n onvolwasse Christus-volgeling na `n getuie van die Goeie Nuus.

Die meeste bekende evangelisasie kursusse moedig mense aan om in pare betrokke te wees by sodanige werk. Die kleingroep wat hierdie bogenoemde strategie najaag bied die veilige hawe waar mense saam met ander, getuienis van die lewens veranderende Boodskap waarin hulle glo, weer kan gee. Die kleingroep bied `n plek waar lede weekliks, twee-weekliks of selfs maandeliks terugvoering kan gee oor hulle vordering as getuies vir Christus in die wêreld. By sodanige byeenkoms ontvang hulle weer toerusting, aanmoediging (veral indien daar terugslae was), ondersteuning en gebed om die werk weer met ywer aan te pak.

Kan enige gemeente dit dan nog bekostig om te dink dat die kleingroepbediening nie belangrik is nie?

Gemeentes is meer onder die invloed van die sekularisme en gepaardgaande individualisme as wat hulle graag sou wou erken. Dit veroorsaak dat

gemeentes nie die volle krag tot hulle beskikking gebruik vir die uitdra van die wonderlike boodskap van verlossing nie. Die getuienis van die Woord en die voorbeeld van die Here Jesus Christus is oorweldigend ten gunste van `n groter spanbenadering:

> Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. `n Driedubbele tou breek nie maklik nie. (Prediker 4:9-12)

In die navolg van Christus se bediening en sending

> ....the small group will encounter intimidating, frightening and disillusioning events and experiences….The events along the way are both binding and threatening to the group’s life. The small group will always discover that their humanity together is inadequate to these confrontations and crises. But Jesus is more than adequate. Through confrontation with trouble, Jesus trains a group to come together, speak the truth in love to each other, and move on together as a more cohesive community (Icenogle 1995: 204).

Hoe kan kleingroepe beplan om missionêr betrokke ter raak?

### 5.6.4 `n Beplanningstrategie vir missionêre betrokkenheid

`n Gemeente wat missionêr gerig is, sal ook hierdie boodskap duidelik aan die kleingroepbediening van die gemeente oordra. Groepe moet van die begin van hulle ontstaan weet dat hulle nie daar is ter wille van hulleself nie, maar om draers en verkondigers van die Goeie Nuus te wees.

Die ***oop stoel*** moet altyd deel van enige byeenkoms wees en kan elke keer gebruik word. Gebruik die oop stoel deur in voorbidding God te vertrou om

daardie stoel met iemand te vul. Indien die stoel gevul word, moet daar natuurlik outomaties nog `n stoel beskikbaar word. Dit hou aan totdat die groep verdeel en dan begin die groei weer van vooraf.

Die volgende strategie wat Icenogle (1996:377-378) voorhou kan sinvol gebruik word om enige groep te begelei tot `n bediening en sending:

Phase 1: Reflect Frequently
Phase II: Plan Patiently
Phase III: Act Carefully
Phase IV: Evaluate Quickly

### 5.6.4.1 Fase I: Voortdurende Reflektering

Leiers van kleingroepe moet in hul beplanning van die groep byeenkomste, gereeld tyd in hulle byeenkomste beplan waartydens hulle "gonssessies" kan hou oor moontlike bedienings- en missionêre projekte. Hierdie sessies kan aangehelp word met `n toer deur die gemeenskap, nie net in die formele behuising sektore nie, maar ook in die informele gebiede.

Skole en ouetehuise en ander gemeenskapsprojekte kan besoek word. Dit is nie nodig dat `n groep op die eerste die beste projek besluit en dan later agtergekom dit nie hulle roeping is nie.

Tydens die "gonssessies," veral nà besoeke aan die gemeenskap, sal daar heelwat moontlikhede na vore kom, almal natuurlik prioriteite wat skreeu om hulp, finansies en aandag. Verskillende lede in die groep sal ook verskillende behoeftes op die hart dra, en dit wil voorhou as die belangrikste. Daarom is die volgende punt van geduldige beplanning so noodsaaklik om deeglik deur te voer.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 5.6.4.2 Fase II: Geduldige Beplanning

`n Kleingroep is net `n kleingroep binne die plaaslike gemeente en hul beplanning en uitvoer van missionêre projekte moet dit in ag neem. Planne wat te onrealisties is vir die grootte van `n kleingroep met die ondersteunings bronne tot hulle beskikking, kan die lede verhinder om weer te probeer.

Die beplanning moet juis ook dit in ag neem waarby die gemeente reeds betrokke is, en daarby inskakel om dit te bevorder.

### 5.6.4.3 Fase III: Versigtige Handelinge

Missionêre handelinge, afhangende van die aard daarvan en manier hoe dit uitgevoer word (bv konfronterende gesprekke met nog-nie-gelowiges), kan `n bedreiging inhou vir sommige groeplede.

Begin met missionêre uitreikings aksie wat nie te groot bedreiginge vir groeplede inhou nie Geleidelik word daar beweeg na geleenthede wat `n groter risiko inhou.

### 5.6.4.4 Fase IV: Gereelde en vinnige evaluering

Die kleingroep leier moet daarvan seker maak dat daar na elke aksie `n deeglike en vinnige evaluering is. Die evalueringsfase gaan weer oor in die reflekteringsfase en die hele proses begin weer van voor af.

Die hele groep wat betrokke was en is by die uitreikaksie moet saam die evaluering doen. Tyd is altyd `n belangrike faktor en so `n geleentheid moet ook nie afgejaag word nie. Elke groep kan van verskillende metodes gebruik maak om te evalueer, maar die volgende kan ingedagte gehou word:

- Getuienis geleentheid van wat hierdie aksie vir lede persoonlik beteken het.
- Wat kan ons volgende keer beter doen?
- Wat kan ons anders doen?
- Wat hoef ons nie weer te doen nie?
- Gebed om die hele geleentheid mee af te sluit.

### 5.6.5 Die bediening van gebed is onontbeerlik in die missionêre bemiddeling

Die bediening en sending van die kleingroep word gefokus en gevoed deur die dissipline van gebed. Gebed was die sentrale bediening van Jesus en ook die primêre bediening waartoe Hy die groep roep, om te leer, maar ook te beoefen. Doelbewuste gebed is nodig binne die kleingroep, anders sal daar nooit effektief geleer word om die Goeie Nuus te deel nie.

### 5.6.6 Die groep as `n alternatiewe lewenstyl teen die strukture van die wêreld

Die twaalf was geroep om `n lewe anders, maar tog tussen ander te lewe met Christus as die middelpunt. Die ander menslike gemeenskappe en kleingroepe "….are full of negative and abusive patterns" (Icenogle 1994:205). Jesus was die voorbeeld van `n stabiele gesonde leier wat `n gesonde gemeenskap ontwikkel het in die teenwoordigheid en te midde van ongesonde menslike sisteme en groeperings.

Die voorbeeld was nie net met die twaalf nie, maar ook in die verhouding met die vrou wat geen plek in daardie tyd in die openbare gemeenskap gehad het nie. Jesus het dus mense, beide die man en die vrou, aan `n nuwe lewenswyse voorgestel, `n model vir die wyer gemeenskap en dan vir die kleingroep van vandag, om na te volg. `n Plek wat `n uitnodiging was vir manne en vroue om saam te leef as God se nuwe en ewige familie.

# HOOFSTUK 6: DIE REPRISTINERING[2] VAN DIE PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENSKAP – SAMEVATTENDE OPMERKINGE EN RIGLYNE

Die plaaslike missionêre gemeenskap in transformasie proses, en nou….

## 6.1 INLEIDEND

Du Rand (1985:55), soos aangehaal in hoofstuk 2, sê:

> Gelowiges moet ***mekaar herontdek*** *(eie kursivering)* in die lig van die heilswerk van God in Jesus Christus. Ons ontdek mekaar ***in Hom*** wat die konstituerende waarborg vir die gemeenskap is. Die gelowiges het deel aan mekaar omdat hulle deel het aan Christus en daarom deel in die een geloof, een hoop, een liefde, een belydenis en een tafelgemeenskap met mekaar.

Hierdie aanhaling getuig van dit waaroor missionêre gemeentewees handel. Dit bevestig die ***konstituering*** van missionêre gemeentewees in die oë van die Skepper van die kerk. Dit klink of dit nie waar kan wees nie. Die aanhaling handel maar net oor die gelowiges wat in Christus "mekaar herontdek," na mekaar met God se oë kyk. Hoe kan ***dit*** die ***konstituering*** van missionêre gemeentewees onderstreep en selfs bevestig?

Wanneer gelowiges mekaar in Christus, geïnspireer deur die Heilige Gees, herontdek, is die gevolg daarvan aangeteken in Handeling 2:47:

> Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

[2] Repristineer: Tradisie wat weer herstel is tot die oorspronklike bedoeling of toestand. Die kerk was `n missionêre gemeenskap, die kerk moet dit net weer opnuut ontdek. Dit is nie nou iets nuut nie.

Hierdie herontdekking van mekaar in Christus getuig van `n wonderlike inspirerende missionêre karakter.  Die aanhaling van Du Rand ***versinnebeeld*** verder ook dit waaroor hierdie studie handel.  Dit handel nie oor die ontdekking van iets nuuts nie.  “Daar is niks nuuts onder die son nie,” sal die Prediker digter beaam.  Die hele studie handel oor dit wat reeds in die Begin, ***begin*** is, en in die eerste gemeente in Handelinge, maar net weer herbevestig is.

God, `n God van gemeenskap, is die gemeenskapskeppende, -soekende en  -daarstellende God.  Die God wat bevestig, soos in hoofstuk 2 duidelik uitgelig is:

> Verder het die Here God gesê:  “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.  Ek sal vir hom iemand maak....” (Gen 2:18).

In die verwerkliking van die ingeskape menslike behoefte na gemeenskap, word dit ***net herontdek***, en speel die kleingroep soos in hoofstuk 5 duidelik uitgelig, net die rol van `n “voertuig” waarmee gemeenskap die beste geskep word binne die plaaslike gemeente.

Dit is dus nie die ontwikkeling van `n nuwe model, nuwe mode, nuwe gier en nuwe metode nie, maar ***die repristinering van die oue***, die ou bekende.  Die ou wit paal, wat wit gehou word, deur dit oor en oor weer wit te verf  (Hoofstuk 5:paragraaf).

Waarom is hierdie studie belangrik?  Hoe nou verder?  Wat maak `n gemeente/kerk (die NG Kerk),  met al die inligting wat in die eerste vyf hoofstukke vervat is?

In antwoord op die bogenoemde vrae word begin by:

## 6.2 WAAROM IS DAAR `N DRINGENDE BEHOEFTE AAN GEMEENSKAP IN `N PLAASLIKE MISSIONÊRE GEMEENSKAP?

### 6.2.1 Begin by die BEGIN

In die antwoord op die vraag in die opskrif word daar in hoofstuk 2 van hierdie studie teruggekeer na ***die Begin.*** Dit is eintlik `n terugkeer na vóór die Begin, want dit is `n poging om te probeer verstaan, ***Wie God*** is. Om te verstaan Wie God is moet bely word dat God ewig is. Wanneer daar oor gemeenskap, en God as `n God van gemeenskap, `n gemeenskapskeppende en –soekende God gepraat word, moet altyd onthou word dat God ***ewig is***. Enigiets wat dus sy ontstaan by God het, het ook nie ***`n begin*** of ***`n einde*** nie.

Die studie kan egter nie iets navors wat bestaan, maar waarvan daar nie `n duidelike ***rekord*** is nie. Hoe vors jy iets na wat soos God ewig is? Daarom begin die verstaan van gemeenskap by ***die Begin***, soos wat dit opgeteken is in die eerste hoofstukke van die boek Genesis.

#### 6.2.1.1 God is `n God van gemeenskap

Daar is duidelik aangetoon dat God `n God van gemeenskap is. Hy het nie die mens nodig om gemeenskap te ervaar nie. Daar was van alle ewigheid af liefde, gemeenskap en kommunikasie tussen die Persone van die Drie-eenheid. Sonder kommunikasie tussen twee of meer persone kan daar nie sprake wees van gemeenskap nie.

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

### 6.2.1.2 Die mens is geskape met die ingebore behoefte aan gemeenskap

Dat die mens geskape is na die beeld van God bevestig juis die gemeenskapskarakter van die mens. Die Here het by die skepping van die mens gesê:

> God het die mens as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep (Gen 1:27).

Vanaf die ontstaan van die mens het hulle in kommunaal gelewe, waar hulle gemeenskap met mekaar en met ander ervaar het. Dit is maar eers in die vorige eeu dat groot stede die reël eerder as die uitsondering geword het (Johnson & Johnson 1994:5)

### 6.2.1.3 Die donker tyd van gemeenskap

Die mens se behoefte aan gemeenskap het nie verdwyn ná die sondeval nie, maar dit is wel versteur. In Genesis 4-11 word `n duidelike prentjie geteken van die donker tyd van die gemeenskap. Dit wys hoe die mens dan poog om sonder God te lewe deur sy eie gemeenskap daar te stel (Die stede wat gebou word en Babel). Die sondeval het `n negatiewe gemeenskap tot stand gebring wat konflik, haat en verskeuring veroorsaak. `n Mislukking van gemeenskap.

Die behoefte aan gemeenskap is nie weggeneem of verloor as gevolg van die sondeval nie.

### 6.2.1.4 Die tydelike herstel van gemeenskap in die Ou Testament

***Die menslike poging om gemeenskap te herstel is onsuksesvol!***

Die mense kan strukture daarstel (stede bou soos in Genesis 4-11), maar nie gemeenskap nie, en daarom is dit belangrik om daarop te wys:

***Gemeenskap is nie natuurlik vir die mens ná die sondeval nie.***

Gemeenskap tussen God en mens, is nie iets wat die mens van sy kant af kan begin nie. Gemeenskap, soos God dit bedoel het, kan ook nie werklik plaasvind waar Hy nie teenwoordig is nie.

***God antwoord deur die roeping van Abraham tot voordeel van almal.***

Dit word regdeur die Ou Testament duidelik dat die gemeenskap wat God in die Ou Testament moontlik gemaak het, net `n tydelike herstel was. Die tydelik herstel waarvan die Ou Testament praat word in Hebreërs 10:11 duidelik beklemtoon:

> Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie.

Indien ***sonde*** nie weggeneem kan word nie, is dit ***onmoontlik*** om in gemeenskap met die Skepper God te lewe. Dit is juis die keuse tot die sonde wat in die begin die verhouding tussen God en die mens verbreek het. Indien daar nie `n volkome en permanente betaling vir die sondes van die mense sou kom nie, sou permanente herstel van gemeenskap tussen God en mens, en ook tussen die mense onderling ***net nie*** moontlik gewees het nie.

#### 6.2.1.5 Christus is die konstituerende waarborg vir die herstel van gemeenskap

Die oomblik wanneer die gelowige se pad kruis met `n ander gelowige of selfs `n nog-nie-gelowige, moet onthou word dat Christus alleen die ***konstituerende waarborg*** van gemeenskap met die Vader is, en ook met die ander wat sy pad kruis. Die gelowige kan dit weet aangesien hy in Christus alleen vrygemaak word tot `n nuwe lewe. Dit maak die nuwe herstelde gemeenskap moontlik. In Christus word die mag van die sonde en die dood vernietig wat juis die struikelblok vir gemeenskap tussen God en mens en die mens onderling is.

Die herstel van gemeenskap in Christus is egter nog nie die gemeenskap soos wat dit oorspronklik bedoel was nie. Die oorspronklike gemeenskap met God was `n ***sondelose een***. Christus kom betaal wel die volle prys vir die sonde, sodat mense wel ten volle verlos en in Christus vrygespreek is. Daar is egter nog steeds die uitsien na die finale verlossing (vgl Rom 8:19vv); `n sugting na iets beter, na dit wat God werklik bedoel het.

Die kerk wat die ***verlossingsboodskap*** verkondig, wat poog om gemeenskap te herstel tussen God en mens, en mense onderling, bied maar net `n venster op die Koninkryk van God, `n kykie, `n baie gebrekkige een van hoe dit eendag werklik gaan wees.

## 6.3 DIE GEMEENTE AS MISSIONÊRE GEMEENSKAP IS MIDDE-IN `N TRANSFORMASIEPROSES

Gemeenskap en die behoefte daaraan is deur God daargestel, deur die sonde verbreek en in die Ou Testament tydelik herstel. In Christus is gemeenskap met die Vader en mekaar in beginsel herstel.

***Hoe en waar word hierdie herskepping van gemeenskap gerealiseer?***

Die gemeente is die plek waar gemeenskap op verskillende vlakke moet en kan realiseer.  Die gemeente is egter besig om deur `n transformasieproses te gaan.

## 6.3.1 Veranderinge in die NG Kerk as missionêre gemeenskap is sigbaar en onomkeerbaar

### 6.3.1.1 `n Transformasieproses vind plaas

In hoofstuk 3 (paragraaf 3) is op die volgende maniere prakties gewys hoe die veranderinge besig is om deur te suur in die gemeente:

#### a) Advertensies in die amptelike koerant van die kerk, Die Kerkbode

Deur verskillende advertensies in die Kerkbode aan te haal lees ons van die ***verskillende spiritualiteite*** wat daar vandag in gemeentes van die NG Kerk aanwesig is.  Daar is nog steeds die tradisionele gemeentes, daar is gemeentes wat beweeg na `n meer mistiese belewenis van lidmate.  Verder is daar gemeentes wat weer oorbeweeg na `n emosionele gevoelsbelewenis, en dan *is daar* gemeentes waar daar `n balans van al hierdie bogenoemde elemente teenwoordig is.

b) Nuwe boeke dui ook daarop

Die boeke wat die afgelope jare verskyn het, soos wat in hoofstuk 3 aangedui

University of Pretoria etd – Olivier, H B  (2005)

is, maak dit duidelik dat die transformasieproses besig is om plaas te vind. Dit is nie eers nodig om die boeke te lees nie, net die titels alleen is al voldoende om die bogenoemde waarheid te bevestig.

### c) Daar is `n wêreldwye transformasieproses

Die invloed van die wêreldwye transformasie maak ook sy merk op die plaaslike kerk.

Al is hierdie beweging nie net noodwendig vanuit die hoofstroom kerke nie, kan nie ontken word nie. Daar word algemeen gebruik gemaak van kursusse, boeke en seminare om die verandering wêreldwyd sinvol te bestudeer en te beleef.

Al hoe meer leraars in die kerk maak van geleenthede gebruik om toegerus te word in terme van die hantering van die veranderinge. Hulle doen dit deurdat gemeentes hulle leraars stuur om op navorsings- en studietoere oorsee te gaan om die veranderings, en die nuwe styl van bediening in gemeentes soos Willow Creek Community Church van Chicago, eerstehands te beleef. Daar is `n algemene honger na verandering, want die ou manier werk nie meer altyd nie.

Indien hierdie veranderinge net vanuit die perspektief van die NG Kerk beskrywe word, "...sal die perspektief van die geheel verloor word" (Hoofstuk 3 paragraaf 3). Die NG Kerk kan doodgewoon nie daarop aanspraak maak dat hy/sy die enigste bewaarder is van die "Gereformeerde" erfenis nie. Hierdie besondere en ryke erfenis word in perspektief gestel, en verryk met `n ander klem wat sigbaar is in onafhanklike gemeentes regdeur die wêreld.

In Hoofstuk 3 paragraaf 3.3.1.1 word daar dan verwys na `n aantal eras (of fases) wat aangedui kan word as kerklike ontwikkelinge oor die eeue geanaliseer word. Die eras word hier net genoem, naamlik:

Die Apostoliese Era (30-313nC);
Die Christendom Era (313nC-1963);
Die Tussentydse Era (1963 ev).

Mead (1991:68) sê:

> We are at the front edges of the greatest transformation of the church that has occurred for 1,600 years.  It is by far the greatest change...; it may eventually make the transformation of the Reformation like a ripple in a pond.

Gaan die kerk regtig die geleentheid aangryp om deel te wees van die hierdie transformasieproses, of gaan die kerk die geleentheid laat verbygaan deur besig te wees met sake wat nie die transformasie aanhelp nie, maar verhinder?

Die wêreldwye tendense wat aangewys word in hoofstuk 3 paragraaf 3.3.1.3 onderstreep die bogenoemde en bevestig die geleentheid wat die kerk het om te transformeer, maar altyd aan die hand van die Woord soos verstaan in die Gereformeerde erfenis van hierdie kerk, die NG Kerk.

Die kerk sal egter alleen hierdie transformering as `n geleentheid kan aangryp indien hulle weet:

### 6.3.2 Die kerk ***is*** soos Jesus ***gestuur***

In Hoofstuk 3 paragraaf 3.5 word dit duidelik gewys met `n studie van gestuur-wees in die Johannes evangelie dat die kerk van vandag ook `n gestuurde gemeenskap is, en al hoe meer behoort te wees.

Die hele Christologie van die Johannes evangelie dui op die gestuur-wees van Jesus.  Geen ander ***Christologiese uitdrukking*** kom so gereeld in die Johannes evangelie voor nie.

> Daar is sewentien voorbeelde van "Hy wat my stuur," en ses voorbeelde van die uitdrukking "Die Vader wat my stuur."  Dit stam van dieselfde woord af (pempo).  Daar is ook vyftien uitdrukkings van die werkwoord apostellein (om uit te stuur) (Hoofstuk 3 paragraaf 3.5).

Vir Johannes gaan dit dus om die oordra van ***Jesus se outoriteit en sending***. Die gemeente, as missionêre gemeenskap, moet Hom in die wêreld teenwoordig maak en verteenwoordig, soos wat hy Sy Vader in die wêreld verteenwoordig het.  Dit sal ***Sy bediening*** van verlossing in hierdie wêreld kontinueer.  Dit is belangrik om te besef dat dit nie die begin van `n nuwe taak is nie, maar slegs die kontinuering van die bestaande werk van die opgestane Here.

Johannes beperk nie die opdrag aan die dissipels deur hulle op ***enige stadium apostels*** te noem nie, want ***hierdie groep*** verteenwoordig vir hom die totale gemeenskap van gelowiges.

## 6.4 `N GEBALANSEERDE MISSIONÊRE GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

Dit is so dat gemeentes vandag beskrywe word as:  “Tradisionele” of “Vernuwings” gemeentes.  Daar word gepraat van “tradisionele-” en ook “vernuwings” -eredienste.  Daar word selfs al hoe meer klem gelê op die mistieke, wat verloor is vanweë die Reformasie se reaksie teen die Roomse tradisie.

Die tyd is ook verby dat `n gemeente in die Kaap en een in Namibië se formaat van eredienste en aanbiddingstyle dieselfde is en lyk. Veranderinge het gekom om te bly, maar...

### 6.4.1 Verandering "van onder" en nie "van bo"

Die vraag het in Hoofstuk 4 paragraaf 4.2.1 ontstaan of hierdie veranderinge "van bo" (Ring, Sinode of Algemene Sinode), of "van onder" (gemeentelike vlak) geïnisieer is.

Die gegewens onderstreep die feit dat veranderinge nie regtig meer "van bo" plaasvind" nie, maar "van onder." Dit moet nie as negatief beskou word nie, maar as `n positiewe ontwikkeling in die "herontdekking van die plaaslike missionêre gemeente."

Daar is in die hoofstroom kerke opnuut:

### 6.4.2 `n Herontdekking van die waarde van die ***plaaslike gemeente*** as missionêre gemeenskap

In Hoofstuk 4 paragraaf 4.2 is hierdie herontdekking beklemtoon. Dit wat uitgestaan het, kan met die volgende saamgevat word:

- Die plaaslike gemeente se roeping om `n missionêre gemeenskap van gelowiges te wees ontstaan uit die hart van God.

Bosch (1991:392) sê:

> Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of

> sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people.

Die Drie-Enige God is in Sy wese `n missionêre God wat betrokke is by die wêreld en by sy mense. Sending is dus nie primêre `n aktiwiteit van die kerk nie, maar is vanuit die Wese van God gebore. “There is a church because there is mission, not vice versa” (Aagaard soos aangehaal in Bosch 1991:390).

Wanneer sending as missio Dei beskrywe word, dan word die klem nie meer op die ekklesiologie of soteriologie gelê nie, maar dit word geplaas in “....the doctrine of the Trinity....” (Bosch 1991:490).

- Dit is sending deur die plaaslike gemeente (missionêre gemeenskap) na die wêreld.

- Die plaaslike missionêre gemeenskap word deur die getuienis van die gewone gelowige gedra.

In hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.1.1) kom ook die volgende duidelik na vore:

> Die oplewing van die plaaslike gemeente loop hand aan hand met die herontdekking en vernuwing van dit wat essensieel is tot die Christelike geloof - dit is die ***amp van die gewone gelowige***, die mense van God, of anders gestel die liggaam van Christus. Elke lid van die liggaam van Christus het `n gelyke toegang tot die Woord van God en tot die teenwoordigheid van God, daarom is daar nie onderskeiding in die belangrikheid van die dienswerk van die verskillende dele van die liggaam nie.

Die kerk van Jesus Christus is `n ***vrywillig intensionele organisasie.*** Dit het ontstaan as gevolg van die roeping deur Jesus Christus. Sy werk op aarde moet voortgesit word deur die gelowiges. Hy het die keuse gemaak om die Koninkryk van God primêr deur die dienswerk van vrywilligers te bevorder. Met Christus as die hoof van die kerk is `n nuwe dispensasie gebore waar elke

gelowige `n bedienaar is.

Die plaaslike missionêre gemeenskap ***sal nie langer alleen sinvol funksioneer*** in die loop van vergaderinge nie, maar wanneer die gewone gelowiges ***bemagtig*** en ***uitgestuur*** word vir die taak waarvoor Christus hulle gekies het.

### 6.4.3 Gemeentes gedryf of doelgedrewe

Die plaaslike gemeente as missionêre gemeenskap moet die keuse maak om nie gedryf te word nie, maar om doelgedrewe te wees. Wat is die verskil?

In Hoofstuk 4 (paragrawe 4.3 en 4.4) word die onderskeid duidelik getrek. In kort lê die onderskeid in balans. Wat word daardeur bedoel?

Wanneer `n gemeente gedryf word deur iets, dan is daar gewoonlik `n keuse om `n sekere aspek as prioriteit bo die ander te sien. So kan "Gereformeerdes" `n keuse maak, om vas te hou aan die oorgelewerde leer en gebruike, as bewaarders van die waarheid van die Reformasie. Sodoende word vergeet dat die keuse van Gereformeerd wees eintlik die ***voortdurende Reformasie*** is, natuurlik aan die hand van die Skrif as enigste onfeilbare, onveranderbare en ononderhandelbare rigsnoer vir transformasie.

So kan gemeentes gedryf word deur:

- Tradisie;
- Persoonlikhede;
- Finansies;
- Programme;
- Geboue;

- Geleenthede;
- Nog-nie-gelowiges;
- Skuld;
- Of selfs `n skuldkompleks.

Die keuse wat die plaaslike missionêre gemeenskap egter behoort te maak is om ***doelgedrewe*** te wees. Doelgedrewe gemeentes lê die klem op:

- Kerugma (Verkondiging);
- Diakonia (bediening, diens);
- Koinonia (Gemeenskap);
- Leitourgia (die openbare aanbidding van God).

Kerugma kan verder onderskei word in die getuienis (evangelisering) en onderrig (Didache) verantwoordelikheid van die plaaslike missionêre gemeenskap.

Die bogenoemde vyf terreine word dus ***die doelwitte*** wat die plaaslike missionêre gemeenskap nastreef.

Die plaaslike missionêre gemeenskap moet nie net doelgedrewe wees nie, maar moet `n ***gebalanseerde doelgedrewe*** gemeenskap wees. Dit word gerealiseer deur balans na te jaag in al vyf die bogenoemde doelwitte (Vgl paragraaf 4.4.1 ev in Hoofstuk 4 vir `n volledige bespreking van die belangrikheid van gebalanseerd wees in die plaaslike missionêre gemeenskap).

Die geskiedenis het dit oor en oor bewys dat kerke wat een doel ten koste van die ander oorbeklemtoon, ongebalanseerd is. Hulle is sterk wat een terrein aanbetref, maar verwaarloos die ander. Om `n gesonde, gelukkige gemeente te wees, is dit nodig dat daar balans sal wees tussen al vyf doelwitte wat daar vir die kerk is. Alleen wanneer `n gemeente gebalanseerd is (`n doelgedrewe

missionêre gemeenskap), sal die gemeente gesond wees. Die gevolg sal ***groei*** in die gemeente wees, geestelike, sowel as numeriese groei.

## 6.5 DIE KLEINGROEPBEDIENING IS DIE BESTE VOERTUIG VIR DIE REALISERING VAN KOINONIA EN DIE BEVORDERING VAN BALANS

Om die koinonia te realiseer (wat in hoofstuk 2 gefundeer is); die veranderinge wat besig is om plaas te vind te bestuur (sien Hoofstuk 3); om `n plaaslike missionêre gemeenskap te word wat gebalanseerd is (Hoofstuk 4); is `n voertuig nodig (en dit is in Hoofstuk 5 bespreek).

> ***`n Missionêre gemeente kan nie sonder gemeenskap nie, en die kleingroepe is die voertuig om dit te implementeer.***

### 6.5.1 Wat is die praktiese implikasie van bogenoemde argument?

#### 6.5.1.1 Verandering

Indien die resultate van die navorsing wat in hierdie studie gedoen is, prakties toegepas moet word in die plaaslike missionêre gemeenskap, is die ***eerste stap*** om te besef:

***Verandering is nie noodwendig iets nuuts nie!***

Hoekom is dit belangrik om hier te begin?

- Hierdie "verandering" is eintlik maar `n herontdekking van die volgende:
  - Die mens is geskape met die behoefte na gemeenskap;
  - Die mens is nog altyd `n kleingroepwese;
  - Die mens funksioneer die beste in kleiner groepe;
  - Kleingroepe is `n goeie voertuig om die ingeskape behoefte aan koinonia binne die plaaslike missionêre gemeenskap te bestuur en te laat gebeur.
- Hierdie "verandering" is die respristinering van die oorspronklike bedoeling van die mens as gemeenskapswese.

Die leraar en die gemeente wat die kleingroepbediening binne hulle gemeente wil implementeer, en sodoende wil help met die realisering van koinonia, en bydrae tot die herontdekking van die gemeente se missionêre karakter, sal baie wys wees om dit nie as ***iets nuuts*** voor te hou nie. Hulle kan dit wel op `n ***vars, kreatiewe,*** wyse aanbied binne gemeente verband.

Dit is nie veranderinge in die gemeente wat weerstand en negatiwiteit ontmoet nie, maar die ***bestuur van die veranderingsproses***.

### 6.5.1.2 Die verstaan van koinonia

Indien die ***eerste stap*** in die praktiese implementering van hierdie studie die besef is dat dit belangrik is om veranderinge te bestuur, dan is die ***tweede stap:*** om koinonia te verstaan.

Hoe kan elke leraar en gemeente hulle lidmate help om koinonia te verstaan?

### a) Bestudeer en implementeer die Ou en Nuwe Testamentiese gegewens oor koinonia (Hoofstuk 2)

- So `n ***in diepte studie*** van die Ou en Nuwe Testamentiese perspektiewe op koinonia begin by:
    - God-Drie-Enig, die Skepper van koinonia;
    - Die skepping;
    - Die sondeval;
    - Die donkertyd van koinonia (Gen 4-11);
    - God se tydelike herstel in die roeping van Abram (Gen 12 ev);
    - Die wonderlike herstel in Christus;
    - Die uitsien na die volkome herstel met die wederkoms van Christus.
- ***Preek*** en ***bespreek*** herhaaldelik hierdie beginsels, totdat die lidmate verstaan dat elkeen gemaak is met `n ingeskape behoefte na koinonia.
- Help die senior leierskap binne gemeenteverband om self te besef dat dit nie ***iets nuuts*** is nie, maar `n ruimte skep vir ***die Godgegewe behoefte*** wat daar in elkeen is wat na die beeld van die Lewende God gemaak is.
- Die hele doel is om saam met die herontdekking en bestuur van koinonia nooit die ***missionêre karakter*** van die plaaslike gemeente uit die oog te verloor nie.

## b) Begin met wat daar is

Hierdie waarheid kan nie genoeg ***onderstreep*** word nie.

Telkens is daar leraars en lidmate wat beweer: "Ons sukkel om ons kleingroepe aan die gang te kry. Die mense wil nie inskakel nie, dit werk nie en ons weet nie of dit ooit sal werk nie."

Die belangrike vraag is: hoeveel groepe is daar in julle gemeente? Hierop is daar gewoonlik die reaksie dat daar twee tot vyf, miskien selfs meer is, maar dat dit net nie wil groei soos dit behoort te groei nie. Sommige sê selfs dat hulle op `n stadium meer groepe gehad het, maar dat dit nie groei soos wat daar in die literatuur en op seminare beweer word nie.

Een van die belangrikste vrae wat iemand kan vra wat met `n kleingroepbediening wil begin, is:

### i) Wat het ons alreeds?

Die antwoord op die vraag skakel `n hele klomp misverstande uit aangaande die kleingroepbediening. Dit is `n misverstand om net sekere groepe te erken as deel van `n gemeente se kleingroepbediening.

Elke gemeente behoort navorsing te doen oor watter groepe reeds in die gemeente aanwesig is. Daar is gewoonlik:

- Die kerkraad (`n groep, of dalk selfs meer groepe indien van `n nuwe werkswyse gebruik word);
- Die Bestuurskommissie (dagbestuur, dit word verskillend benaam);
- Bestaande Bybelstudie groepe;
- Die kategese (Graad 1-12);
- Kommissies (of met nuwe benaminge);
- Diensgroepe (voorbeeld: musiekbediening);
- Bidure of bidgroepe;
- Taakspanne (wat daar is vir `n spesifieke tydsduur, en saak, om `n spesifieke projek af te handel);
- Belangegroepe;
- Groepe wat voortgaande toerusting deurloop.

Indien die bogenoemde ingedagte gehou word, dan het die gemiddelde gemeente alreeds ongeveer tien of selfs meer groepe tot sy wat funksioneer. Hierdie groepe se leiers kan toegerus word om:

- te verstaan dat die kleingroepe daar is om die klimaat van koinonia in die gemeente te help realiseer en te skep;
- te verstaan dat koinonia geskep is, en in ons ingeplant is, aangesien ons ***Beelddraers*** van die Lewende God is, wat ons gemaak het;
- beginsels aan te leer wat ons kan help in sinvolle, koinonia-skeppende en missionêr gerigte kleingroepe te help vestig en lei;
- kleingroepe te sien as die voertuig wat ***koinonia*** kan help skep en nie as die einddoel vir koinonia nie; om met ander woorde `n visie vir koinonia te ontwikkel en nie vir groepe nie;
- te verstaan dat ander byeenkomste ook koinonia kan skep, maar nie so sinvol soos die kleingroepbediening nie;
- ruimte te gee vir lidmate wat nie by die kleingroepbediening wil inskakel nie;
- om altyd te onthou die voorbeeld wat ons najaag is die Een van die Drie-Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat van ewigheid af onderlinge koinonia ervaar het en altyd sal ervaar.

### c) Begin die bediening aangesien elkeen dit self nodig het

Waarom die kleingroepbediening?

Daar is baie motiveringe wat as antwoord op die vraag gegee kan word, almal sekerlik legitiem. Die belangrikste rede is nie;

- Omdat almal dit doen nie;
- Omdat dit werk nie;
- Aangesien dit die nuutste metode vir bediening is nie.

Die belangrikste rede is doodgewoon:

***Begin die kleingroepbediening aangesien jy dit self nodig het!***

## 6.6 DIE SKEP VAN GESELLIGHEID

In die Afrikaanse taal word deesdae gebruik gemaak van woorde in Engels wat iets sê van wat ons in Afrikaans verstaan, maar net (nog) nie die woorde gevind het om dit so duidelik te beskrywe nie. Een so `n woord is “commitment.” Daar is ook ander.

Tydens `n gesprek met `n Engelssprekende persoon maak hy die volgende opmerking: “There is one word in Afrikaans that we don’t have, and that is the word ‘geselligheid....”

Eintlik sê “geselligheid,” alles wat gesê wil word aangaande `n plaaslike missionêre gemeenskap van gelowiges ***wat koinonia*** wil skep. Dit breek vir die verstaan van koinonia op `n besondere wyse oop.

Geselligheid vertel van:

- Warmte wat teenwoordig is en behoort te wees in `n plaaslike missionêre gemeenskap;
- `n klimaat van omgee wat teenwoordig is en behoort te wees;
- die tekort aan geselligheid binne gemeentes - en dan ***gaan soek*** lidmate dit soms op `n ander plek;
- preke wat soms negatief beleef word, nie omdat die preke swak is nie, maar aangesien `n atmosfeer van geselligheid ontbreek;
- `n verwelkomende atmosfeer, selfs vir vreemdelinge en nog-nie-gelowiges;
- `n inklusiewe gesindheid en nie `n uitsluitende, kliekvormige een nie;

Dalk is hierdie die belangrikste riglyn wat onthou moet word:

> **Skep `n gesellige atmosfeer in die plaaslike missionêre gemeenskap van gelowiges.**

## 6.7 `N LAASTE WOORD

Hierdie studie het my laat droom. Droom oor die NG Kerk teenoor wie ek geweldig baie krities geraak het as gevolg van die studies, maar aan die einde weer leer liefkry en opnuut leer waardeer het.

Daarom wil ek as navorser afsluit met my droom vir die kerk, die NG Kerk. Die droom begin ek met my definisie en terselfdertyd ook my visie vir die kleingroepbediening.

Ek droom van `n plek, `n gemeente:

- waar die hart (die gesindheid van God) tuis is;
- waar nog-nie-gelowiges hulle kritiese vra oor God, die kerk en die wêreld kan vra, sonder om veroordeling te ervaar;
- waar mense sal leer om agter hulle vyeblare[3] uit te kruip en te leer om mekaar onvoorwaardelik lief te hê en te vertrou;
- waar Jesus se liefde aan die wêreld sigbaar sal word deur ons liefde vir mekaar en vir die res van God se skepping;
- waar lidmate en nog-nie-gelowiges saam in kleingroepe sal vergader en vir mekaar, hulle gemeenskap, land en res van die wêreld omgee;

My droom is `n groter droom, `n droom van `n kerk, die NG Kerk wat saam met ander kerke `n verskil maak in Suider Afrika, Afrika en die res van die wêreld.

[3] Vyeblare (klere) steek nie ons liggame weg nie. Ons kruip ook met ons diepste geheime en seer weg agter ons vyeblare.

## BIBLIOGRAFIE


Arnold, J 1992. *The big book on small groups.* Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Baker, J 1994. Celebrate Recovery, Steps 5,6,7,8, & 9 Getting right with God, yourself, and others. California: Mission Viejo. (Unpublished)

Balswick, J O & Balswick, J K 1994. *The family, A Christian perspective on the contempory home.* 4th ed. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Banks, R 1994. *Paul's Idea of Community*. 2nd ed. Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc.

Biles, D V 1991. *Pursuing Excellence in Ministry*. Washington, DC**:** The Alban Institute

Blackaby, H T & King, C V 1990. *Experiencing God, Knowing and doing the will of God.* Nashville, Tennessee: Lifeway Press.

Bonhoeffer, D 1954. *Life together*, tr by J W Doberstein. New York: Harper & Row Publishers.

Bosch, D J 1991. *Transforming Mission - Paradigms Shifts in Theology of Mission*. Maryknoll, New York: Orbis Books.

Botha, P 1998. Ook goeie nuus oor die groei in die Ned Geref Kerk. *Die Kerkbode*, Deel 160-Nommer 4, p5.

Bridges, W 1991. *Managing transitions*. *Making the most of change.* Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.

Brown, C (ed) 1992. *The new international dictionary of New Testament Theology.* Vol 1. Rev ed. Grand Rapids, Michigan: Partnoster Press, Ltd.

Buchanan, D & Hendriks, J (ed) 1995. *Meeting the Future - Christian Leadership in South Africa.* Randburg. Knowledge Resources (Pty) Ltd.

Bugbee, B 1995. *What You Do Best In The Body of Christ - Discover your Spiritual Gifts, Personal Style, and God-Given Passion*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House

Burger, C 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap - Nuut gedink oor gemeentes*. Kaapstad: Lux Verbi

Burger, C 1995. *Gemeentes in transito*. Kaapstad: Lux Verbi

Burger, C & Simpson, N 1996. *Bybelstudiegroepe: Poorte vir die Genade. Kaapstad:* Lux Verbi.

Callahan, K L 1983. *Twelve Keys to an Effective Church* - *Strategic Planning for Mission.* Haper, SanFrancisco.

Callahan, K L 1990. *Effective church leadership, Building on the Twelve keys*. San Francisco: Harper & Row, Publishers.

Carnegie, D 1936. *How to win friends & influence people.* New York: Pocket Books.

Cloud, H & Townsend, J 1992. *Boundaries.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House

Coates, G 1998. *Non-Religious Christianity*. Shippensburg, PA: Revival Press.

Coleman, R E 1963. *The master plan of evangelism.* New York: Fleming H. Revell Company

Covey, S R 1989. *The Seven Habits of Highly Effective People, Restoring the Character Ethic.* New York: Simon & Schuster.

Crabb, L 1997. *Connecting – Healing Ourselves and our Relationships.* Nashville: Word Publishing.

Crafford, D 1997. Suid Afrika 2000: Nuwe Uitdagings vir Gemeentelike betrokkenheid. *Iswen-Kommunikasie* 19,1, 20-33.

Crafford, D & Gous, G 1993. *Een liggaam - Baie lede, Die Kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika*. Pretoria: Verba Vitae.

De Pree, M 1989. *Leadership is an Art.* New York: Dell Publishing

Donahue, B 1996. *Leading Life-Changing Small Groups.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House

Donahue, B 1998. Growing Small. *WCA News.* 6,6:1-6.

Dudley, S & Hilgert, E 1987. *New Testament tensions and the contemporary church.* Philadelphia: Fortress Press.

Du Plessis, J 1997. Kerk sit met dilemma. *Die Kerbode*, Deel 158-Nommer 1, 1

Du Rand, J 1998. Gereformeerd is altyd vry en nuut. *Die Kerkbode*, Deel 160-Nommer 7, p12

Du Rand, J A 1983. *Beleef julle sekerheid – 'n Verkenning van die Briewe van Johannes.* Transvaal, Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Du Rand, J A 1985. Die dinamiek van Christenskap. *Fax Theologica* 5, 1: 55-76

Du Toit, D 1995. Moreel-etiese opmerkings oor die Sekulêre staat. *Handelinge van die Tiende vergadering van die Sinode van die Ned Geref Kerk in Namibië 7 tot 13 Oktober 1995*, 475-479.

Feucht, O E 1974. *Everyone a Minister.* St Louis: Concordia Publishing.

Garlington, J 1999. Finding The "Grace Gates." *Leadership* XX, 22-28.

George, C F 1992. *Prepare your church for the future*. Grand Rapids, Michigan: Flemming H Revell.

George, C F 1994. *The Coming Church Revolution - Empowering Leaders for the Future.* Grand Rapids, Michigan: Flemming H Revell.

Gerstenberger, E S 2002. *Theologies in the Old testament.* London . New York: T & T Clark.

Goppelt, L 1981. *Theology of the New Testament,* tr by J E Alsup. Vol 1. William B Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Goppelt, L 1982. *Theology of the New Testament,* tr by J E Alsup. Vol 2. William B Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Gorman, J A 1993. *Community that is Christian*. Wheaton, Illinois: Victor Books.

Grudem, W 1994. *Systematic Theology, An introduction to Biblical doctrine*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Guthrie, D 1981. *New Testament Theology*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Hall, G L 1996. The Middle-Sized Church and Lay Ministry. (Course Paper) *Fuller Theological Doctor of Ministry Program*: Pasadena.

*Handboek vir die Erediens* 1988. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Hendriks, J 1990. *Een vitale en aantrekkelijke gemeente - Model en methode van Gemeenteopbouw*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

Hendriks, J 1992. *Strategiese Beplanning in die Gemeente - Die Beginsels & Paktyk van Gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

Hendriks, H J 1996. Kerkspieël IV en NGK statistiek in die wyer perspektief van die Suid-Afrikaanse Bevolkingsensusse 1991-1991. *NGTT* xxxvii, 1, 138-145.

Hersey, P, Blanchard, K H and Johnson D E 1996. *Management of Organizational Behavior*. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Heyns, J A 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N G Kerkboekhandel Transvaal.

Hybels, L & Hybels, B 1995. *Rediscovering Church - The Story and Vision of Willow Creek Community Church.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Icenogle, G W 1994. *Biblical Foundations for Small Group Ministry*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Icenogle, G W 1996. The Church in Ministry Through Small Groups: *Seminar Fuller Theological Seminary*. 4-15 November 1996, Atlanta, USA.

Johnson, D W & Johnson F P 1994. *Joining Together: Group Theory and Group Skills*. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

Kaiser, W C 1978. *Toward an Old Testament Theology.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Kallam Jr, J 2003. *Risking Church*, *Creating a Place Where Your Heart Feels at Home*. Colorado Springs: WaterBrook Press.

NG Kerk in Namibië Kerkorde, bepalinge en reglemente, 1995.
Windhoek

Kirkpatrick, T G 1995. *Small groups in the church, A handbook for creating community.* Washington, DC**:** The Alban Institute.

Kritzinger, J J 1979. *'n Missionêre Bediening - op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: N. G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kritzinger, J J 1997. Suid Afrika 2000: Nuwe Uitdagings vir Gemeentelike betrokkenheid. *Iswen-Kommunikasie* 19,1, 4-5.

Kritzinger, J J, Meiring, P G J & Saayman, W A, 1994. *On being Witnesses*. Halfway House: Orion Publishers.

Larson, B 1994. Are Sinners Emeritus? *Leadership.* Fall Quarter, 13-23.

Leadership Network. Helping Leaders Make the Transition From The Present To The Future. *NetFax,* March 1993,93.

Maxwell, J C 1993a. *Developing the Leader Within You*. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

--- 1993b. *The Winning Attitude.* Nashville: Thomas Nelson Publishers.

---1995. *Developing the Leaders Around You*. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

---1996. *Breaking Through Parenting*. Colorado Springs: Focus on The Family Publishing.

McBride, N F 1995. *How to Build a Small Group Ministry.* Colorado Springs, Colorado: NAVPRESS.

McGee, R S 1985. *The search for significance*. Houston, Texas: Rapha Publishing.

McLaren, B D 2001. *A New Kind of Christian – A Tale of Two Friends on a Spiritual Journey.* San Francisco: Jossey Bass

Mead, L B 1991. *The Once and Future Church* - *Reinventing the Congregation for a new Mission Frontier*. Washington, D.C.**:** The Alban Institute.

Mead, L B 1994. *Transforming Congregations for the Future.* Washington, D.C.**:** The Alban Institute.

Naisbitt, J 1982. *Megatrends.* New York: Warner

University of Pretoria etd – Olivier, H B (2005)

Neighbour, R W 1990. *Where do we go from here? - A Guidebook for Cell Group Churches.* Houston, Texas: Touch Publications, Inc.

Nel, M 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion Publishers.

Noordegraaf, A 1980. *Gods bouwerk, Aspecten van het gemeente-zijn in bijbels-theologisch licht.* 's-Gravenhage: Uitggeverij Boekencentrum B.V.

Nouwen, H 1989. *In the Name of Jesus, Reflections on Christian Leadership.* London: Darton, Longman and Todd.

Odendal, F F 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Olivier, H B 1997. Die voordele en gevare tydens die implementering van ‘n Kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente. *UV Teologieses Studies no.9*, 84-91.

Potgieter, M 1995. *‘n Nuwe Bybelse Lewenswyse - Die Selgemeente* George: Lewensvreugde.

Potgieter, P C 1990. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.

Powell, J 1969. *Why Am I Afraid to Tell You Who I Am?* Allen, Texas: Argus.

Reeves, R D 1998. Mega-shifting to a Team Ministry Approach. *Ministry Advantage* 8, 1-2.

Rehnborg, S J (ed) 1994. *The Starter Kit for Mobilizing Ministry*. Tyler, Texas: Leadership Network.

Richards, L O & Martin, G R 1981. *Lay Ministry.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House

Shawchuck, N & Heuser, R 1993. *Leading the Congregation: Caring for Yourself While Serving Others.* Nashville: Abingdom Press.

Shawchuck, N & Rath, G 1994. *Benchmarks of quality in the church, 21 Ways to continuously improve the content of your ministry*. Nashville: Abingdom Press.

Stanley, P D & Clinton, J R 1992. *Connecting – The Mentoring Relationships you need to succeed in life.* Colorado Springs, Colorado: Navpress.

Sjogren, S 1993. *Conspiracy of Kindness*. Ann Arbor, Michigan: Servant Publications.

Stott, J 1984. *Issues facing Christians today*. Southhampton: Camelot Press Ltd.

The Church in Ministry Through Small Groups, CF 711. Fuller Theological Seminary Doctor of Ministry Program. November 4-15 1996. Atlanta, Georgia.

Towns, E L 1990. *10 of Today's Most Innovative Churches*. Ventura, California: Regal Books.

Van der Merwe, D G 1995. *Discipleship in the Fourth Gospel DD Thesis,* Universiteit van Pretoria.

Van der Spuy, D 1998. *Herlewing deur Omgeegroepe*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Van Engen, C 1991. *God's Missionary People - Rethinking the Purpose of the Local Church.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Van Niekerk, P. Hergeboorte van `n kerk? *Die Burger* 20 Okotber 2004, p13.

Van Rensburg, J 1998. Eietydse antwoorde vir die amp op pad an 2000. *Die Kerkbode,* Deel 160-Nommer 8, p12

Van Selms, A 1984. *Genesis*, Deel 1. Nijkerk: Uitgeverij G F Callenbach

Vriezen, C 1974. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*. 4de druk met addenda. Wageningen: H. Veenman en Zonen b.v.

Von Rad, G 1972. *Genesis.* 9th ed. Norwich, Great Britain: Fletcher & Son, Ltd.

Warren, R 1995. *The Purpose Driven Church - Growth Without Compromising Your Message & Mission.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Westermann, C 1981. *Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament. Kampen:* Uitgeversmaatschappij J H Kok

Weidlich, D 1997. *Small Group Leaders Manual - Web Edition*. California, Fair Oaks: The Presbyterian Church of Fair Oaks.

Williams, P 1997. *The Magic of Team Work.* Nashville: Thomas Nelson Publishers.

Willow Creek Community Church 1995. *Participating Membership Manual.* Chicago: Willow Creek.

Woods, C J 1996. *Congregational Megatrends*. Washington, DC**:** The Alban Institute
Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House

Wuthnow, R (ed) 1994a. *I Come Away Stronger,* How Small Groups are Shaping American Religion. Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.

Wuthnow, R 1994b. *Sharing The Journey*: *Support Groups and America's* New Quest for Community. New York: The Free Press, A Division of Macmillan, Inc.

Yancey, P 1995. *The Jesus I never knew*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

**AGENDAS VAN DIE ALGEMENE SINODE**

Agenda vir die Elfde Sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Sondag 13 Oktober tot Saterdag 19 Oktober 1998.

Agenda vir die Twaalfde Sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hartenbos Sondag 10 Oktober tot Vrydag 15 Oktober 2004.

**KERKBODE ADVERTENSIES**

*Die Kerkbode,* Deel 160 - Nommer 6. 6 Februarie 1998. Afrikaanse Nasionale Selkerkkonferensie 25 tot 28 Maart 1998. p13.

*Die Kerkbode,* Deel 160-Nommer 6. 6 Februarie 1998. Leraarsklinieke in Suid-Kaap aangebied. p2.

*Die Kerkbode,* Deel 160-Nommer 6. 6 Februarie 1998. Die Buro vir Gemeenteontwikkeling. p7.

*Die Kerkbode*, Deel 160-Nommer 6. 6 Februarie 1998. Afrikaanse nasionale Selkerkkonferensie 25 tot 28 Maart 1998. p13.

*Die Kerkbode*, 6 Deel 160-Nommer 6. 6 Februarie 1998. 'n Krimpende kerk? p14.

*Die Kerkbode*, Deel160-Nommer 4. 20 Februarie 1998. Vakature: Medeleraar NG Gemeente Malelane. , p17.

*Die Kerkbode*, Deel160-Nommer 4. 20 Februarie 1998. Ned Geref Gemeente Ermelo (Vakature: Medeleraar). p17.

*Die Kerkbode*, Deel 160-Nommer 8. 3 April 1998. NG Gemeente Rant en Dal bied, Krugersdorp bied aan. p16.

*Die Kerbode*, Deel 160-Nommer 10. 24 April 1998. Jaar 2000 dalk "Jaar vir Kategese". p12.

*Die Kerbode,* Deel 160-Nommer 10. 24 April 1998. Weet jy wat jou gemeente verwag? p2.

*Die Kerbode*, Deel 160-Nommer 10. 24 April 1998. Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg-Gauteng: Vakature Mede-Leraar. p8.

*Die Kerbode*, Deel 160-Nommer 10. 24 April 1998. Vakature Leraarspos NG Gemeente Rynfield. p12.

*Die Kerkbode*, Deel 160-Nommer 13. 15 Mei 1998. Oos-Tvl se NG Sinode verander struktuur. p12.

# The local missionary congregation in transformation –

With specific reference to the small group as vehicle of koinonia promotion

We live in a world that is broken by sin, where the only permanent thing is change. The cause of man's sin was that the koinonia relationship between man and God had been severed. After Adam and Eve feel into sin, a spiritual darkness in the history of man began. Man was unable to rebuild the communication and relationship that he had with God.

God came through the calling of Abram (Abraham) to restore some of the koinonia relationship we need. In the New Testament, Jesus came and restored the way to God, but something is still missing. This koinonia relationship will only be totally fulfilled when Jesus comes again to take us home.

God's instrument to experience true koinonia is the church. The koinonia that was lost and restored in Jesus. The church of today has lost some of the koinonia that the first church experienced, by becoming program orientated. The church is at this moment in a transformation process, where it is rediscovering the importance of being a mission-minded balanced loving community that is experiencing koinonia in relationships.

The small group is thé vehicle that could help the church rediscover the koinonia, which people and the world need. This will only become true when we have a broader insight of the small group ministry in a local missionary-minded community (congregation). The small groups ministry is not a tool to use. You start a small group ministry in your local congregation because this is the way you were created.

To truly understand the local church and the way we were created, we need to look back. We need to look back to creation, and how God created us, and to remind us of the Triune God's, Father, Son and Spirit's functioning in community. Only when the church realizes again that we are created in God's image, will we look at our mission responsibilities and not-yet-believers in a new way. ***Namely, God's way.***

## Key Terms

Transformation process
Missionary congregation
Repristinated
Small groups
Small group ministry
Local missionary congregation/community
Not-yet-believers
Koinonia/community
Rediscovery
Small group as Vehicle